

MANUALIA COMPOSITA 1
UNISA 1988





Cicero

*Keur uit die redevoerings
van*

MARCUS TULLIUS CICERO

Uit die oorspronklike Latyn vertaal en van 'n
inleiding en notas voorsien deur

J.T. Benade

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
PRETORIA

© 1988 Universiteit van Suid-Afrika
Alle regte voorbehou

ISBN 0 86981 526 1

Geset deur
Pretoria Setters, Pretoria

Gedruk deur
Sigma Press, Koedoespoort

Uitgee deur die
Universiteit van Suid-Afrika
Muckleneuk, Pretoria

Dankbare erkenning word verleen aan Joseph Gatteschi en Old Vicarage Publications, Congleton vir die gebruik van die illustrasies op pp. 63, 90 en 100.

Opgedra aan my leermeester en vriend, prof.dr. H.L. Gonin

Inhoud

Voorwoord ix

Inleiding 1

- A. Marcus Tullius Cicero: Sy lewe en werke 3
- B. Romeinse kriminele regspraak deur die *Quaestiones Perpetuae* 21

Vertalings 25

- 1. Pleitrede vir Sextus Roscius van Ameria 27
- 2. Die eerste redevoering teen Catilina 83
- 3. Die vierde redevoering teen Catilina 99
- 4. Pleitrede vir die digter Archias 113
- 5. Ter ondersteuning van Manilius se Wet 129
- 6. Die tweede redevoering teen Antonius 159

Notas 207

- Inleiding 209
- 1. Pleitrede vir Sextus Roscius van Ameria 210
- 2. Die eerste redevoering teen Catilina 214
- 3. Die vierde redevoering teen Catilina 217
- 4. Pleitrede vir die digter Archias 220
- 5. Ter ondersteuning van Manilius se Wet 222
- 6. Die tweede redevoering teen Antonius 227

2. Teks met kommentaar:

M. Tulli Ciceronis Pro Sexto Roscio Amerino, ed. J.C. Nicol, Cambridge Univ. Press, 1954.
M. Tulli Ciceronis Pro Sex. Roscio Amerino Oratio, met inleiding en van aantekeninge voorzien door Dr. J.W. Van Rooyen, 3e herziene druk door Prof. Dr. P.J. Enk, Brill, Leiden, 1957.
M. Tulli Ciceronis Pro A. Licinio Archia Poeta Oratio ad Iudices, ed. James S. Reid, Cambridge Univ. Press, 1951.
M. Tulli Ciceronis De Imperio Cn. Pompei ad Quirites Oratio (Pro Lege Manilia), ed. C. MacDonald, MacMillan, London, 1971.
Cicero. Philippic II, ed. A.H. Allcroft, Univ. Tutorial Press, London.
Cicero's Catiline Orations, ed. C.H. Keene, Blackie & Son Ltd., London/Glasgow.

3. Teks met vertaling:

Marcus Tullius Cicero. Pro Archia Poeta, herausgegeben, übersetzt und erläutert von Helmuth und Karl Vretska, Wissenschaftliche Buchgesellschaft, Darmstadt, 1979.
Cicero. Staatsreden, Erste Teil, Lateinisch und Deutsch von Helmut Kasten, Akademie-Verlag, Berlin, 1969. (Band 26 in die reeks Schriften und Quellen der alten Welt.)

4. Kommentare:

M. Tullius Cicero. In Catilinam, Wörterverzeichnis mit Erläuterungen von Prof. Dr. Karl Preisendanz, F.H. Kerle Verlag, Heidelberg, 1967.
Kommentar zu Ciceros Rede Pro Sex. Roscio Amerino, bearbeitet von Dr. Gustav Landgraf, zweite Auflage, Druck und Verlag von B.G. Teubner, Leipzig/Berlin, 1914.

5. Vertalings met inleidings:

Marcus Tullius Cicero. Een Moordzaak te Rome, Pleitrede voor Sextus Roscius van Ameria, vertaald en ingeleid door Prof. Dr. A. Van den Daele S.J., Desclee De Brouwer, Brugge/Utrecht, 1964.
Marcus Tullius Cicero. Sämtliche Reden, eingeleitet, übersetzt und erläutert von Manfred Fuhrmann, Artemis Verlag, Zürich/Stuttgart. (Bande I, II, V en VII in die reeks Die Bibliothek der alten Welt.)

Graag betuig ek my opregte dank aan die volgende persone verbonde aan die Departement Klassieke van Unisa: Mev. Henriette Bothma vir haar geduldige en bekwame tik van die manuskrip; prof. Ursula Vogel vir haar noukeurige kontroliering van sowel die vertaling as die notas, as gevolg waarvan hierdie werk veel gewen het aan korrektheid van historiese gegewens en taalgebruik.

Ten slotte bied ek ook my dank aan Unisa vir hulle bereidwilligheid om hierdie werk te publiseer, en veral aan die Departement Uitgewersdienste vir hul onvermoeide ywer om hierdie publikasie aantreklik te maak. In hierdie verband verdien mev. L. Visser spesiale vermelding vir die kunstige illustrasies.

J.T. Benade
Pretoria

Voorwoord

Die sterk behoefte aan Afrikaanse vertalings van die werke van antieke Rome se bekendste redenaar, het my tot hierdie taak aangespoor. Cicero se skryfstyl is eeue lank in die westerse wêreld as dié navolgenswaardige voorbeeld beskou, en die leser moet dus nie verwag om daardie Ciceroniaanse styl in 'n vertaling van sy werke terug te vind nie. Om sy lang, soms kunsmatig opgeboude periodes in vlot Afrikaans weer te gee, is nogal 'n uitdaging. Waar Afrikaans nie wou saamwerk nie, het ek die periodes in kleiner eenhede opgebreek. Waar Afrikaans hom egter as 'n waardige ontvangstaal bewys het, is die langer sinne behou – net om die leser te laat proe aan die regte Cicero.

Die vertaling is bedoel vir alle belangstellende lesers. Lesers wat nie 'n klassieke agtergrond het nie, word aangeraai om tog die “Agtergrond” en die “Notas” by elke rede te lees – dit sal beslis bydra tot 'n beter begrip van die rede. Hoewel Cicero geen ligte ontspanningslektuur geskryf het nie, vertrou ek dat die belangstellende leser net soveel genot sal put uit die lees van die volgende ses redevoerings as wat ek met die vertaling daarvan ervaar het.

Die ses gekose redevoerings strek oor 'n periode van 37 jaar (80 v.C. – 43 v.C.), d.w.s. van feitlik die begin tot die einde van sy loopbaan as redenaar, en ons leer vir Cicero daarin ken as 'n advokaat vir die verdediging in die hof, as konsul en leidende oud-konsul in die senaat, en as 'n politikus wat sy volk toespreek.

Vir my vertaling het ek die volgende werke benut:

1. As basiese teks:

M. Tulli Ciceronis Orationes, recognovit brevique adnotatione critica instruxit Albertus Curtis Clark, Oxford Clarendon Press. (Bande I, II en VI in die reeks Oxford Classical Texts.) Waar ek 'n ander lesing volg, word dit in 'n nota aangedui.

INLEIDING

Inleiding

A. MARCUS TULLIUS CICERO: Sy lewe en werke

Geen persoonlikheid uit die antieke het soveel inligting oor homself en die epog waarin hy gelewe het, nagelaat nie. Uit die inligting tot ons beskikking verskyn hy nie alleen as die ywerigste korrespondent van sy tyd nie, maar ook as toonaangewende skrywer, literator, filosoof, redenaar, staatsman, juris en advokaat. Meer nog, ons leer Cicero die mens ken, een wat naas sy groot deugde ook swakhede en gebreke gehad het. Daarom is dit moeilik om 'n geheelbeeld van sy ryk geskakeerde lewe en werk binne die bestek van enkele bladsye te bied, en gevolglik sal ons slegs die belangrikste aspekte aanraak.

Cicero se lewe val in Rome se oorgangstydperk van 'n republiek na 'n monargie. Hy is gebore op 3 Januarie 106 v.C. — dieselfde jaar waarin Cn. Pompeius, later die groot teenstander van Julius Caesar, gebore is — te Arpinum, 'n dorp in die Volsciese berge, en op 7 Desember 43 v.C. is hy tydens die proskripsies deur Marcus Antonius se soldate vermoor. Sy vader het tot die ridderstand (*equites*) behoort, d.w.s. Rome se middelstand wat hulle meer op finansies en ekonomie toegelê het as op politieke mag en aansien. Tog het hierdie vader juis 'n groter aansien as sy eie vir sy twee seuns, Marcus en Quintus, voor oë gehad.

Vir 'n jong Romein was die aangewese weg tot bekendheid 'n deeglike opleiding in die redenaarskuns en die regte, sodat hy effektief kon optree as advokaat in die geregshowe. As hy dáár bekendheid verwerf het, kon hy ding na die agtereenvolgende magistratskappe of ereampte¹ in die senatoriese loopbaan (*cursus honorum*) en deur die bekleding daarvan sy eie aansien en invloed, asook sy eie politieke inspraak verseker.

Ter wille van die opvoeding van die seuns het die Cicero-gesin dus in Rome gaan woon. Daar het Quintus en Marcus die allerbeste opleiding ontvang, en van meet af aan was die jong Marcus 'n knap student met groot belangstelling in die redenaarskuns, die regte, die

letterkunde en die Griekse filosofie. In 91 v.C. begin hy die manstoga (*toga virilis*) dra, en twee jaar daarna word sy studies onderbreek terwyl hy militêre diens verrig onder Cn. Pompeius Strabo (vader van die reeds genoemde Cn. Pompeius) in die Bondgenote-Oorlog teen die opstandige Italiese bondgenote.

Na sy militêre diens studeer Cicero weer in Rome. Opleiding in die ongekodifiseerde grondwet, die regte en die politiek, het die jong Romein nouliks deur boeke en teoretiese onderrig bekom. Sy kennis daarvan moes hy veeleer opdoen deur volksvergaderings by te woon, by senaatsittings te hospiteer, hofverrigtinge by te woon, en te luister na die uiteensetting van die reg deur toonaangewende juriste. Dit het Cicero dan ook gedoen. Hy woon die regsbesprekinge by van die augur Q. Mucius Scaevola, die beroemdste regsgeleerde van sy dag, en na sy dood in 87 v.C., dié van Scaevola se neef en naamgenoot, die *pontifex maximus*². Waardevolle praktiese leiding in die redenaarskuns het hy ontvang van die beroemdste redenaars van daardie tyd, naamlik M. Antonius en L. Crassus, met wie sy vader op vriendskaplike voet verkeer het. Sy leermeester in die redenaarstechniek was Molo van Rhodos, terwyl die Akademikus Philo en die Stoïsyn Diodotos sy opleiding in die filosofie waargeneem het.

Ongeveer hierdie selfde tyd (87 v.C.) begin Cicero se literêre bedrywighede: Latynse vertalings van Griekse outeurs soos Plato, Homeros, Xenophon en Aratos, enkele kort gedigte en 'n handboek oor die redenaar se vindingskrag (*De inventione*). Terselfdertyd belewe hy die gewelddadige botsing tussen die senaatsaristokrasie onder leiding van Sulla, en die rewolusionêre regime van Marius en Cinna. Terwyl Sulla gedurende die jare 88–85 v.C. besig was om die Pontiese koning Mithridates uit Klein-Asië en Griekeland te verdryf, word die *optimates*³ in Rome gruwelik vermoor en verdruk, maar na sy terugkeer in 83 en sy oorwinning oor die rewolusionêre party in 82 word die *populares*³ op hulle beurt genadeloos vervolgt en gedood. In 81 het Sulla die senaat se heerskappy oor Rome herstel deur aan die volkstribune hulle wetgewende inisiatiewe en die moontlikheid van die besetting van 'n hoër amp te ontnem, die juries van die kriminele howe (*quaestiones perpetuae*) uitsluitlik uit senatore saam te stel en die amp van sensor af te skaf. Hierdie toestand sou tot 70 voortduur.

Die jaar 81 v.C. vorm die beginpunt van Cicero se opgang in die openbare lewe: hy lewer sy eerste toespraak in die hof ter verdediging van Quinctius (*Pro Quinctio*) – 'n toespraak wat ons vandag nog besit. Die volgende jaar (80 v.C.) lê Cicero groot moed aan die dag met die verdediging van Sextus Roscius van Ameria (*Pro Sex. Roscio Amerino*) vir wie Chrysogonos, een van Sulla se invloedryke vrygelate slawe, van vadermoord laat aankla het. Enersyds was die verdediging uiters geslaagd, maar andersyds het Cicero sy politieke kleur daarin vertoon deur sy openlike aanvalle op Sulla se gunsteling, gepaard met bedekte aanvalle op die diktator se despotisme.

Vanaf 79–77 v.C. onderbreek Cicero sy openbare optrede as advokaat. Hierdie twee jaar bring hy in Klein-Asië en Athene deur. As rede vir die onderbreking voer Cicero uitputting en 'n keelaandoening aan, maar ons kan aanneem dat dit ook vir hom veiliger was om uit Rome pad te gee vanweë die vyandigheid wat sy toesprake teen hom gaande gemaak het. Die hoofdoel van sy onderneming was egter om 'n minder uitputtende spreektegniek onder leiding van Molo op die eiland Rhodos aan te leer. Hierdie doel het hy bereik, maar op Rho-

dos het hy ook kennis gemaak met, en onderrig ontvang van die groot Stoïsynse wysgeer Poseidonios. Daarbenewens het hy ses maande lank in Athene die filosofie bestudeer onder leiding van Antiochos van Plato se Akademie. In volle gesondheid keer hy in 77 na Rome terug en tree weer as advokaat op. Hierdie selfde jaar trou hy met Terentia ('n dame uit 'n gesiene en welgestelde familie) wat waarskynlik in die daaropvolgende jaar geboorte geskenk het aan Cicero se geliefde dogter, Tullia.

Die jaar 76 v.C. was ook die begin van Cicero se amptelike loopbaan deurdat hy as *quaestor*⁴ vir 75 verkies is. In 75 dien hy sy *quaestorstermyn* uit in Lilybaeum onder die *pro-praetor*⁵ vir Sicilië, Sex. Peducaeus. Sy eerlikheid en verdraagsaamheid as *quaestor* het vir Cicero die blywende dank en vertroue van die Siciliane besorg. Juis vanweë hierdie vertroue versoek die Siciliane hom in 70 v.C. om as hulle advokaat op te tree in hul aanklag van afpersing teen C. Verres, die goewerneur van Sicilië van 73 tot 71 v.C.. Cicero het die opdrag aangeneem en die proses, in weerwil van hindernisse wat die senatoriale kliek van Verres hom in die weg gelê het, met soveel vaardigheid, energie en moed deurgevoer, dat die aangeklaagde uit vrye wil in ballingskap gegaan het eerder as om op die uitspraak van die hof te wag. Met hierdie saak het Cicero waarskynlik sy grootste forensiese sukses behaal, want hiermee het hy die advokaat vir die verdediging, Q. Hortensius, wat tot dusver sy enigste teenstander om voorrang as redenaar was, finaal die loef afgesteek.

Cicero se striemende aanval op die senatoriale juries gedurende die Verres-saak het ongetwyfeld baie bygedra tot die deurvoering van die *lex Aurelia* in 70 v.C., waardeur die kriminele howe (*quaestiones perpetuae*) hervorm is en in die vervolg saamgestel sou word uit sowel senatore as *equites* en *tribuni aerarii*.⁶ Hierdie maatreël het die korrupsie en afpersing deur senatoriale amptenare in die provinsies hokgeslaan. Nog twee ander belangrike maatreëls is in hierdie selfde jaar deur die konsuls, Pompeius en Crassus, deurgevoer: die beperkings op die magte van die volkstribune is afgeskaf en die verkiesing van *sensore* is hervat. Die gevolg van laasgenoemde maatreël was dat vier-en-sestig van Sulla se trawante uit die senaat geskop is. In die geheel gesien, is die belangrikste politieke hervormings van Sulla waardeur die oligargiese senaat bevoordeel is, in die jaar 70 v.C. tot niet gemaak. Dit het meegebring dat die *populares*-faksie aansienlik meer invloed in die Romeinse politieke bestel verkry het.

In 69 v.C. beklee Cicero die amp van *aedilis curulis*⁷ (die tweede sport in die rangorde van ereampe) waartoe hy die vorige jaar verkies is. Hy neem egter nog nie aktief deel aan die politiek nie. In 68 begin die korrespondensie met sy lewenslange vriend Titus Pomponius Atticus. Die versameling briewe *Ad Atticum* in sestien boeke, dek die periode 68–44 en vorm die beste bron vir Cicero se lewe en persoonlikheid. In 67 word hy vir die jaar 66 verkies tot *praetor*,⁸ die derde sport in sy amptelike opgang. Hoewel die *comitia* (die volksvergaderings vir die verkiesing van amptenare) by hierdie verkiesing twee maal verdaag is, het Cicero soveel gewildheid geniet dat hy ál drie kere die meeste stemme op hom verenig het. Nog in dieselfde jaar word die *lex Roscia* deur die tribuun L. Roscius Otho deurgevoer waardeur spesiale sitplekke in die teater aan die *equites* toegewys is. Daar Cicero 'n lid en voorvegter van hierdie orde was, het hy die maatreël sterk gesteun. Hy het ook 'n ander

baie belangriker wet van hierdie jaar voorgestaan, die *lex Gabinia*, waardeur Pompeius as opperbevelhebber met buitengewone magte aangestel is vir die oorlog teen die seerowers.

In die jaar 66 v.C. beklee Cicero die praetorsamp, en kry hy die geleentheid om vir die eerste keer direk in die politiek in te gryp: hy spreek die volksvergadering toe vanaf die *rostra* (die amptelike sprekersverhoog in die *forum*) ter ondersteuning van die *lex Manilia* waardeur die opperbevel (weer eens met buitengewone magte) in die derde Mithridatiese oorlog aan Pompeius toevertrou sou word. Ofskoon die senaatsaristokrasie daarteen gekant was, het Cicero se argumente en welsprekendheid weer eens die deurslag gegee en die *lex Manilia* is met 'n groot meerderheid aangeneem. Hier, soos telkens, later, het hy hom die kampvegter bewys vir die *equites* en vir Pompeius. Moontlik het hy ook gemeen om met hierdie toespraak Pompeius se ondersteuning te verkry vir sy kandidatuur vir die konsulskap van 63 v.C. Hoe dit ook al sy, al het Pompeius en die *equites* hom later teleurgestel, het sy simpatie tot by sy dood by hulle gelê.

As *quaestor* was Cicero die voorsittende regter by die verhoor van gevalle van afpersing (*quaestio repetundarum*) waar hy hom 'n uiters streng regter betoon het. By die beëindiging van sy praetorsamp het hy die beheer van 'n provinsie as *pro-praetor* in 65 van die hand gewys om sy volle aandag aan die veldtog vir sy verkiesing tot konsul te wy, en in 64 is sy enigste seun, Marcus, gebore. Die enigste belangrike toespraak gedurende sy verkiesingsveldtog (*In toga candida*) in 64 was 'n heftige aanval in die senaat op sy mededingers vir die amp, nl. L. Sergius Catilina en C. Antonius wat, hoewel van adellike afkoms, as *populares* die ondersteuning van Caesar en Crassus geniet het. Bekleding van die konsulaat was 'n persoonlike onderskeiding wat tradisioneel 'n persoon van senatoriese afkoms toegeval het, op voorwaarde dat hy oor die nodige talente en karaktereienskappe beskik het. Maar op grond van buitengewone meriete en persoonlike gewildheid kon die seun van 'n *eques* ook tot hierdie hoogste ereamp verhef word, maar dan is hy deur die *nobiles* as 'n *homo novus*, 'n man van nuutgebakte adel beskou – nie heeltemal iemand van dieselfde stoffasie as die adel van senatoriese afstamming nie. As *homo novus* kon Cicero dus nie op die vrywillige steun van die senaatsoligargie reken nie, maar omstandighede het hulle daartoe gedwing: sinistere gerugte oor die planne van Catilina (wat veral as 'n gevaarlike rewolusionêr beskou is) en Antonius en hulle aanhangers het hulle verplig om in Cicero hulle enigste hoop op wet en orde te sien. Daarom is hy in 64 dan ook met 'n groot meerderheid tot *consul*⁹ (vir 63) verkies, met Antonius as sy mede-konsul.

Cicero se konsulaatsjaar, 63 v.C., was waarskynlik die belangrikste draaipunt in sy lewe. Die doel van sy jarelange strewe was bereik – in ieder geval die uiterlike rang. Onmiddellik na sy ampsaanvaarding word hy egter gekonfronteer met ernstige probleme: herhaalde pogings van die *populares* onder aanvoering van Julius Caesar en M. Licinius Crassus om die heerskappy van die senaat te ondermyn en Pompeius se mag te verminder. Hy slaag egter daarin om al die aanslae af te weer, en veral moet sy ontmaskering van die hoogverraderlike sameswering van L. Sergius Catilina en sy trawante vermeld word. Toe Catilina hierdie jaar weer nie daarin slaag om tot konsul (vir 62) verkies te word nie, het hy 'n sameswering gesmee wat, volgens bewering, o.a. die afbrand van Rome en die vermoording van die hele senaat beplan het. Cicero is deur 'n spioen in die geledere van die samesweerders op die

hoogte gehou van die verwickelinge. 'n Noodtoestand is afgekondig en troepemagte is deur die regering op die been gebring. Twee maal slaag Cicero daarin om 'n beplande moord op homself te fruik. Hoewel alle senatore kennis dra van die sameswering, maak Catilina asof niks gebeur het nie en toon boonop die vermetelheid om sy verskyning in die senaat te maak. In 'n beroemde smaadrede (*In Catilinam I*) val die verontwaardigde Cicero hom aan. Daardie aand vertrek Catilina uit Rome om hom aan die hoof te gaan stel van sy rebelleleër in Etrurië. Vyf van die samesweerders bly egter in die stad agter. Hulle konkel met die gesante van die Allobroge, om hierdie Galliese stam se hulp vir die sameswering te verkry. Die gesante verklap hulle aan Cicero en die vyf word gearresteer. Na 'n lang debat in die senaat waarin Cicero 'n leidende rol gespeel het (*In Catilinam IV*), word hulle ter dood veroordeel en in die tronk onder die Capitolium verwurg. Vroeg in die volgende jaar is Catilina ook dood toe sy hele rebelleleër naby Pistoria verpletter is.

Cicero se konsulaatsjaar het die kollig helder laat val op die twee staatsskadelike politieke groeperings in Rome: daardie magte wat die bestaande orde om eie redes wou verander, en die radikale konserwatiewe kringe van die senaatsaristokrasie wat die bestaande orde tesame met hul bevoorregte posisie ten alle koste wou behou. Sy eie politieke beskouing het neergekom op 'n konserwatisme wat die republikeinse grondwet wou handhaaf, maar gepaard met 'n bereidwilligheid tot hervorming. As sodanig het hy met sy optrede in die openbaar eers die een kant, en dan weer die ander kant bevoordeel, met die gevolg dat hy van politieke draadsittery beskuldig is. Hierdie beskuldiging was onverdiend. Die sukses wat teen die Catilinarie se sameswering behaal is deur die eendragtige optrede van die ridderstand, die senaat en die gematigde element onder die volk, het vir Cicero besiel om 'n beleid van eensgesindheid onder die stande na te streef. Slegs deur die samewerking van die gesonde kragte in die staat, het hy gemeen, kon die ekstreme oligarge en die radikale *populares* teengewerk word om 'n omwenteling te voorkom. Daarom het hy hom geroepe gevoel om hartlike verhoudings tussen die senaat te Rome en veral die groot middelklas (die ridderstand) dwarsdeur Italië te bestendig en uit te bou. Só moet ons sy twee politieke slagspreuke, *concordia ordinum* en *consensus Italiae* verstaan. Aan hierdie hoë ideaal het hy getrou gebly hoewel hy later deur omstandighede gedwing is om voor oorweldigende magte te swig.

Cicero se sukses as politieke leier was van korte duur, want hy het hom misreken met sowel die oligarge as die *populares*. Daarbenewens het hy sy persoonlike sukses en invloed oor skat, en nie die werklike bepalende faktor, nl. die leërmagte en hul aanvoerders, in die regte perspektief beoordeel nie.

Aan die einde van 62 vind daar 'n skandaal plaas wat rampspoedige gevolge vir Cicero sou hê. Vermom as 'n slavin word P. Clodius betrap in Julius Caesar se huis waar die misteries ter ere van *Bona Dea* deur uitsluitlik vroue gevier is. By Clodius se verhoor in Mei 61 lewer Cicero getuienis wat die beskuldigde se pleidooi van alibi weerspreek. Desnietemin word Clodius onskuldig bevind, maar hy sweer wraak teen Cicero.

Intussen het Julius Caesar as leier van die *populares* snelle opgang gemaak: in 63 is hy verkies tot *pontifex maximus*, in 62 was hy *praetor*, en in 61 goewerneur van Verder-Spanje. Toe Pompeius in 61 as privaat burger van die Ooste af in Rome terugkeer nadat hy sy leër

aan die einde van 62 ontbind het, het hierdie twee toekomstige teenstanders oor ewe min mag beskik. Maar tog was mag albei se einddoel. Werklike mag vir 'n individu het egter bestaan uit die rugsteun van 'n leër wat aan hom as aanvoerder trou gesweer het – dit het die geskiedenis van die jare sedert 133 immers bewys. Pompeius het verwag dat hy sodanige mag op konstitusionele wyse van die senaat sou ontvang. Maar hy is in hierdie verwagting ontgogel deur 'n halsstarrige senaat wat nie eers sy reëlins in die Ooste wou bekragtig nie. Caesar, daarenteen, het besef dat sy enigste hoop om konstitusioneel bevel te kry oor 'n leër daarin geleë was om tot konsul verkies te word. Daarom span hy al sy kragte in om konsul te word. Kort voor sy verkiesing in 60 tot konsul vir die jaar 59, vorm hy 'n geheime bondgenootskap met Pompeius en M. Licinius Crassus – 'n bondgenootskap wat later bekend sou staan as *Die Eerste Triumviraat*. Caesar het vir Cicero genooi om die vierde lid van hierdie bondgenootskap te word, maar Cicero het dit van die hand gewys.

Die bondgenootskap het natuurlik nie lank geheim gebly nie, maar dit was so sterk dat die regering van Rome effektief onder die beheer van die driemanskap beland het. In die loop van die jaar 59 het elkeen van die drie gekry waarna hy gestreef het niteenstaande heftige verset en kritiek van die senaat. Om hierdie verset nog minder effektief te maak, besluit hulle om die twee invloedrykste senatore, Cato en Cicero, van die toneel te verwyder. Vir hierdie doelgebruik hulle die man, bekend om die *Bona Dea*-skandaal van 62, en aartsvyand van Cicero, nl. P. Clodius, wat aan die einde van 59 volkstribuun (*tribunus plebis*) geword het. In hierdie hoedanigheid laat Clodius vroeg in 58 'n maatreël aanneem wat Cato verplig om Cyprus vir Rome te gaan annekseer, en ook 'n tweede maatreël wat bepaal het “dat enigeen wat Romeinse burgers sonder 'n verhoor om die lewe gebring het, vuur en water ontsê moet word”. Laasgenoemde maatreël, eintlik die gebruikelike verbanningsdekreet, was duidelik teen Cicero gemik. Hy is immers daarvan beskuldig dat hy die Catilinarie se same-sweerders in 63 sonder verhoor om die lewe laat bring het. Geen rougebaar van senatore en ridders, geen beroep op Pompeius of Caesar kon Cicero help nie. In Maart 58 vertrek hy uit Rome as balling na Thessalonica. Op die dag van sy vertrek kondig Clodius 'n verdere maatreël af wat Cicero voëlvry verklaar, en op grond daarvan word sy huis in Rome en sy villas op die platteland gekonfiskeer en daarna geplunder en verwoes.

Die briewe wat Cicero gedurende sy ballingskap in 58 geskryf het, toon aan ons sy menslike tekortkominge en swakhede. Ons word veral getref deur sy gebrek aan manlike verduring van sy ongeluk. Moeg van die ballingskap en geïrriteerd oor die onsekere vooruitsigte van sy herroeping, gee hy onbeskaamd uiting aan sy smart en wanhoop – selfs ook aan ongegronde verdenking van vriendetrou.

Na agtien maande van ballingskap word daar uiteindelik op 4 Augustus 57 v.C. 'n wet in die volksvergadering (*comitia centuriata*) deurgevoer wat sy herroeping magtig. Triomfantlik keer hy terug en op 4 September word hy geesdriftig deur die skares in Rome verwelkom. Die senaat onthef hom van alle blaam en hy word vergoed vir die verliese wat hy gely het. Ons besit nog die drie toesprake wat hy gedurende September gelewer het om die volk en die senaat te bedank vir sy herroeping, en om vergoeding te eis vir die verlies van sy huis.

Die geesdrif waarmee Cicero feitlik deur die hele Italië terugverwelkom is, het hom opnuut

besiel om sy ideaal van samewerking tussen die gematigde elemente na te jaag. Daar was nie 'n positiewe gesamentlike beleid van die drie lede van die driemanskap nie, en as Pompeius van Caesar en Crassus vervreem, en met die senaat versoen kon word, sou die Romeinse konstitusie en die republiek deur toedoen van hierdie beroemde generaal gered kon word. So het Cicero gemeen.

Die gebeure van die jaar 56 was egter geensins bevorderlik vir Cicero se ideaal nie. Sedert sy terugkeer uit die Ooste in 61 het Pompeius gesmag na bevel oor 'n leër, maar die senaat het dit hom telkens geweier omdat die ekstreme oligarge jaloers was op hom, en hom ook as lid van die driemanskap gewantrou het. Daarom laat hulle aan die begin van 56 weer eens 'n geleentheid tot versoening met hom deur die vingers glip deur hom nie met 'n leër toe te vertrou om Ptolomeus Auletes op die troon van Egipte te gaan terugplaas nie. Daarbenewens ondersteun hulle vir P. Clodius wat met sy straatbendes in Rome beledigende aanvalle op Pompeius maak. Versoening met die senaat het vir Pompeius al moeiliker geword. Tog het Cicero gemeen dat 'n breuk tussen Caesar en Pompeius nog moontlik was, want hy was bewus van laasgenoemde se afguns en irritasie omdat sy militêre roem oorskadu is deur Caesar se onlangse oorwinnings in Gallië. Daarom loods Cicero 'n aanval op Caesar se agrariese wetgewing van 59, deur voor te stel dat die senaat hierdie wetgewing in Mei van 56 moet bespreek, waarskynlik met die doel om dit op te hef. Daar Pompeius se veterane kragtens hierdie wet reeds grondtoekennings in Campanië ontvang het, sou die opheffing daarvan meebring dat Caesar nie die oorblywende deel van Campanië kon gebruik vir toekennings aan sy eie veterane nie. Dit, het Cicero gehoop, sou 'n breuk tussen Caesar en Pompeius veroorsaak.

Caesar het besef dat indien die aanval op sy agrariese wet sou slaag, die *lex Vatinia* die volgende teiken van sy politieke vyande sou wees. Kragtens Vatinius se wet het hy immers in 59 beheer vir vyf jaar gekry oor Cisalpyne en Transalpyne Gallië en Illyricum, en bevel oor drie legioene. Hy het die groot gevaar wat Cicero se voorstel inhou, dadelik ingesien. Daarom reageer hy met kenmerkende beslistheid. Hy reël 'n byeenkoms te Luca en onder sy leiding word die verskille bygelê en die triumviraat hernieu: Caesar sou in Gallië aanbly en sy verowering daarvan voltooi; Pompeius en Crassus sou die konsuls vir 55 wees en daarna elk beheer oor 'n provinsie kry vir vyf jaar, Pompeius oor Spanje en Crassus oor Sirië. Die driemanskap se opperheerskappy was volkome.

Die hernuwing van die triumviraat was vir Cicero 'n baie swaar slag: nou moes hy noodgedwonge buig voor die drie se mag en gesag. Toe Pompeius hom versoek, of eerder, beveel om die bespreking van Caesar se agrariese wet agterweë te hou, het hy sy voorstel onmiddellik in die senaat teruggetrek en Caesar verskoning aangebied vir sy teenstand. Sy versoening met Caesar word verder voorberei deur sy ondersteuning in die senaat van maatreëls wat Caesar bevoordeel, maar meer bepaald deur sy toespraak in verband met die konsulêre provinsies vir die jaar 55 v.C. (*De provinciis consularibus*), waarin hy Caesar se militêre prestasies in Gallië ophemel. Die res van hierdie dekade en tot die uitbreek van die burgeroorlog in 49, verkeer Cicero op redelik vriendskaplike voet met sowel Pompeius as Caesar. Geleidelik onttrek hy hom aan die aktiewe politiek maar sy forensiese werk gaan onverpoosd voort. Twee pleidooie van die jaar 56 verdien veral vermelding: die verdediging van M. Caelius

Rufus (*Pro Caelio*), 'n vriend van Catilina en 'n medewerker in die sameswering van 63, teen 'n aanklag van geweldpleging en vergiftiging, en die verdediging van Publius Sestius (*Pro Sestio*) teen 'n aanklag van geweldpleging en politieke omkoperij. Sowel Caelius as Sestius is vrygespreek, maar die werklike belang van die *Pro Caelio* lê in Cicero se somber beskrywing van die Romeinse samelewing, en dié van die *Pro Sestio* in sy wekroep aan alle lojale burgers om die republikeinse grondwet te verdedig – inderdaad was dit Cicero se politieke manifest.

Sy onttrekking aan die politiek bring mee dat Cicero hom nou meer en meer na die letterkunde, veral die filosofie wend om helderheid te kry in sy verwarde wêreld. Aan die einde van 55 voltooi hy sy meesterwerk oor die retoriek (*De oratore*), en daarmee grondves hy die filosofiese prosaliteratuur in die Latynse taal. In hierdie werk ondersoek Cicero die vorming en opleiding van die volmaakte redenaar (*orator perfectus*) wie se veelsydige kennis en vermoë, veral op politieke-sosiale vlak, gekoppel is aan die kriterium van die sedelik-goeie. In die volgende jaar (54) onderneem hy 'n omvangryke verhandeling oor die politiek, 'n werk wat later sou ontwikkel tot ses boeke oor die *Staat* (*De republica*) wat eers in 51 gepubliseer is, en drie boeke oor *Wette* (*De legibus*) wat waarskynlik eers na sy dood verskyn het. In die *Staat* formuleer Cicero sy politieke geloofsbelydenis. Hy ondersoek eers wat die beste vorm vir 'n ideale staat is en daarna wat die eienskappe van die ideale "stuurman van die staat" (*rector civitatis*) moet wees. Daar is 'n sterk verband te bespeur tussen die *orator perfectus* van sy eerste filosofiese werk, en die *rector civitatis* van sy tweede: basies is hulle identies. En agter hierdie beeld moet ons dalk Cicero se eie ideaal sien: om as volmaakte redenaar aan die roer van 'n ideale staat te staan. Die tema van die beste leier in die beste staat gaan na Plato terug, maar Cicero se eg-Romeinse oorname en oorspronklike hantering van hierdie Griekse filosofiese konsepte is inderdaad 'n merkwaardige literêre prestasie.

Om Pompeius se goedgesindheid te verseker, het Caesar in 59 sy dogter Julia aan hom ten huwelik gegee. Julia sterf egter in 54, en met haar dood word die sterk band wat die twee triumvirs aan mekaar gebind het, verbreek. Toe Crassus, die derde lid van die driemanskap, in 53 te Carrhae in 'n veldslag teen die Parthe ook sterf, was die skrif aan die muur vir die goeie verhoudings tussen Caesar en Pompeius. Vir Cicero het dit al moeiliker geword om vriendskaplike verhoudings met albei te handhaaf en hy het meer en meer na Pompeius se kant oorgehel. In sy bekommernis word hy getroos deur die eer om in hierdie selfde jaar tot *augur* verkies te word.

Die begin van die jaar 52 was gekenmerk deur bloedige straatgevegte tussen die bendes van Clodius en Milo. Toe Clodius in Januarie deur Milo se trawante vermoor word, het die chaos en wanorde in Rome sulke afmetings aangeneem dat Pompeius op aanbeveling van die senaat tot konsul sonder kollega, d.w.s. prakties tot diktator, verkies is om die orde te herstel. Hiermee is Pompeius se strewe na wettige mag bevredig, is hy versoen met die senaat en is die fondament gelê vir sy algehele vervreemding van Caesar.

Met sulke groot mag tot sy beskikking het Pompeius dadelik die orde herstel en 'n aantal wette met verreikende gevolge deurgevoer. Die belangrikste hiervan was die wet *De provinciis* wat bepaal het dat 'n periode van vyf jaar moes verloop tussen 'n amptenaar se bekle-

ding van 'n amp in Rome en sy goewerneurskap oor 'n provinsie, en die herinstelling van 'n ou wet *De iure magistratuum* waarvolgens 'n kandidaat verplig is om persoonlik na 'n amp in Rome te kom ding. Veral vir Caesar het hierdie wette ernstige implikasies ingehou. Sodra sy goewerneurskap oor Gallië wettig eindig, kon die senaat hom deur 'n opvolger vervang, en sou hy sonder die rugsteun van 'n leër persoonlik in Rome moes kom ding na die konsulskap – hoewel Pompeius hom van laasgenoemde verpligting onthef het deur 'n klousule te dien effekte, maar met twyfelagtige regsgeldigheid, tot sy wet *De iure magistratuum* toe te voeg.

In die verdere loop van die jaar 52 was Cicero baie bedrywig in die geregshowe, hoofsaaklik ten gevolge van sake voortspruitend uit die Milo-Clodius botsings. Onder meer moes hy die verdediging waarneem van Milo wat van geweldpleging (*vis*) aangekla was. Die gewapende wachte wat die opstandige gepeupel in die forum moes bedwing, het hom egter so ontsenu dat sy verdediging totaal in duie gestort het en Milo na Massilia (Marseilles) verban is. Toe Milo later die weldeurdagte geskrewe rede wat deur Cicero gepubliseer is (*Pro Milone*), ontvang, het hy skertsend opgemerk dat dit ook maar goed is dat Cicero misluk het, anders sou hy nooit kennis gemaak het met Marseilles se heerlike harders nie.

Pompeius se wet *De provinciis* het meegebring dat daar in die jaar 51 nie genoeg oud-amptenare was om die goewerneurskappe in al die provinsies te vul nie. Daarom het die senaat bepaal dat alle oud-amptenare wat nog nie 'n goewerneurskap beklee het nie dit nou moes aanvaar. Omdat Cicero nie in 62, die jaar na sy konsulskap, 'n goewerneurskap aanvaar het nie, word hy nou onverwags en uiters teësinig goewerneur van Cilicia waar hy op 31 Julie in 51 aanland. Sy dienstermyn was vir hom 'n kruis – dít is duidelik op te maak uit sy briewe van daardie jaar. Desnietemin het hy sy pligte as goewerneur nougeset nagekom en reg en geregtigheid aan die inwoners van sy provinsie laat toekom deur die onbillike en onderdrukkende maatreëls van sy voorganger nietig te verklaar. Aan sy personeel het hy dieselfde hoë eise gestel as wat hy aan homself gestel het, en geen afpersing of uitbuitery toegelaat nie. Daarbenewens was die beskerming van sy provinsie vir hom 'n saak van erns, en is hy ten gevolge van geslaagde militêre operasies deur sy troepe as *imperator* begroet. Op grond hiervan het hy aanspraak gemaak op 'n triomfotog by sy terugkeer in Rome, maar die senaat het slegs dankfeeste (*supplicationes*) aan hom toegestaan.

Gedurende die jaar 50 is Cicero deur sy korrespondente, veral deur die jongman M. Caelius Rufus, deeglik op die hoogte gehou van politieke verwickelinge in Rome, en met beklemming het hy 'n burgeroorlog sien nader. Toe hy na sy terugkeer uit Cilicia aan die einde van 50 deur Pompeius gewaarsku word dat burgeroorlog onvermydelik is, besluit hy om in geval van oorlog vir Pompeius te volg want teen hierdie tyd was Caesar in sy oë die leier van 'n bende staatsvyande.

Op 1 en 2 Januarie van 49 word vurige debatte in die senaat gevoer. Caesar se aanbod om uit sy amp te bedank as Pompeius dieselfde doen, word van die hand gewys. Sedert sy aankoms in die omgewing van Rome op 4 Januarie beywer Cicero hom vir die behoud van vrede, maar op 7 Januarie vaardig die senaat 'n proklamasie uit waardeur die konsuls aangesê word om die bedreigde staat te beveilig. Onder die gegewe omstandighede was dit 'n oor-

logsverklaring, en op 10 Januarie steek Caesar die Rubicon oor met sy magte: die burgeroorlog het begin.

Cicero se bewegings en gevoelens in hierdie tydperk word duidelik in sy korrespondensie weerspieël. Caesar se snelle opmars teen Rome het hom met ontsteltenis vervul. Op 17 Januarie versoek hy Pompeius persoonlik om by hom te mag aansluit en hy word aangestel om toesig te hou oor die werwingsveldtog aan die weskus van Italië ten noorde van Capua. Hy tree egter nie baie energiek op in hierdie hoedanigheid nie omdat hy deur twyfel verskeur word: moet hy Pompeius sonder meer volg, of moet hy sover moontlik neutraal bly om so-doende meer effektief as bemiddelaar vir vrede te kan optree? Intussen vlug die konsuls en ander amptenare uit Rome en laat die stad onbeskerm agter. Pompeius se magte word een na die ander oorrumpel en hy retireer met sy hoofmag na Brundisium vanwaar hy op 17 Maart die Adriatiese See oorsteek na Dyrrhachium (Durazzo) aan die weskus van Macedonië. Cicero kritiseer Pompeius se gebrek aan versindheid en positiewe optrede, en hy verdink hom en sy senatoriese gevolg van grusame wraak op hul vyande, asook van sinistere planne om Italië deur blokkering van sy hawens uit te hongers. In dié gemoedstoestand word hy deur sy vriend Atticus oorreed om eers 'n onderhoud met Caesar aan te vra. In die onderhoud op 28 Maart kom hy tot die slotsom dat neutraliteit en eerlike vredesonderhandelings nie meer moontlik is nie, en daarom kan Caesar hom nóg met dreigemente, nóg met vleitaal oorhaal om na Rome terug te keer en sy plek in die senaat in te neem. Nou het hy finaal besluit om hom te geleger tydens Pompeius in Dyrrhachium aan te sluit, en vir hierdie doel hou hy 'n boot in gereedheid by die hawe Caieta.

Direk na sy onderhoud met Caesar gaan hy na Arpinum om aan sy seun die manstoga (*toga virilis*) te oorhandig. Na ongeveer twee weke vertrek hy na Cumae waar hy tot einde Mei vertoef, en op 7 Junie vaar hy uit Caieta na Dyrrhachium. By sy aankoms in Pompeius se kamp was Cicero geskok oor sy volgelinge se wraakdreigemente teen Caesar en sy ondersteuners. Daarbenewens het hy geen vertroue gehad in sowel die dapperheid as bekwaamheid van Pompeius se offisiere en manskappe nie. Sy openlike kritiek en iesegrimme klagtes het Pompeius nie aangestaan nie, en gevolglik kry Cicero dan ook geen belangrike offisiërspos nie. Daarom verwyd hy sy tyd deur beurtelings in die kamp en in Dyrrhachium te bly.

Intussen het Caesar Pompeius se magte in Spanje verower en die hele Spanje onder sy beheer gekry. Hy het ook die bedreiging van 'n blokkade van Italiaanse hawens en gevolglike hongersnood in Rome gedeeltelik geneutraliseer deur die verowering van Corsica en Sicilië. Hoewel Pompeius se vloot die Adriatiese see beheer het, slaag Caesar tog vroeg in Januarie 48 daarin om met sewe legioene oor te steek na Macedonië waar hy die hawens Oricum en Apollonia beset. Drie maande later sluit Antonius met nog vier legioene daar by hom aan. Ongeveer middel Julie vind daar te Dyrrhachium 'n geveg plaas waarin Caesar se magte die onderspit delf. Caesar retireer suidooswaarts na Thessalië waarheen Pompeius hom agtervolg. Op 7 Augustus vind die slag van Pharsalus plaas, en Pompeius word verpletterend verslaan. Pompeius vlug na Egipte – waar hy vermoor word – en sy magte na die eiland Corcyra. Op Corcyra word Cicero as senior oud-konsul genooi om bevel oor te neem oor die Pompeiane. Hy wys dit egter van die hand en keer in Oktober terug na Italië waar hy hom tydelik in Brundisium vestig.

Cicero se elf maande lange verblyf in Brundisium was vir hom 'n periode van senutergende kwelling – sy briewe aan sy vriend Atticus bewys dit. Met moeite is Marcus Antonius, wat namens Caesar orde moes hou in Italië, oorreed om Cicero se naam van die lys Pompeiane wat uit Italië verban is, te skrap. Cicero is terneergedruk en vol wanhoop; hy verwyt homself dat hy die wapen opgeneem het, maar dan weer dat hy dit te gou neergelê het; hy is spyt oor die weldaad van Antonius, want nou is hy gebonde om in Italië te bly, en aan die ander kant vrees hy die Pompeiane se wraak indien hulle uiteindelik die oorhand kry.

Sy private lewe is ook vol dorings en distels: hy maak rusie met sy neef en sy broer wat by Caesar hul verskoning gaan aanbied, en in die proses vir Cicero beswadder het; hy is ongelukkig omdat sy vrou Terentia in geldelike moeilikheid verkeer, en van sy geld gebruik het om daar uit te kom. Sy dogter Tullia kom woon in Junie 47 by hom, maar haar droefheid oor haar egskending met die ontroue Dolabella met wie sy in 50 getroud is, verhewig sy sorge. Oplaas ontvang hy in Augustus 'n brief van Caesar uit Egipte waarin hy gerusgestel word. Toe Caesar op 25 September te Tarentum land, haas Cicero daarheen om hom te gaan ontmoet; hy word vriendelik deur die oorwinnaar ontvang, en toe hy toestemming kry om te woon waar hy wil, vertrek hy dadelik na sy villa by Tusculum, net suid van Rome.

Sy persoonlike veiligheid was nou gewaarborg maar sy familieprobleme het voortgeduur. Einde 47 of vroeg in 46 skei hy van sy vrou Terentia omdat hy haar verdink van verkwisting en oneerlikheid, en in Desember 46 trou hy, waarskynlik om geldelike oorwegings, met sy jong ryk pleegkind Publilia.

Oor die algemeen was Cicero ten gevolge van Caesar se toegeeflikheid teenoor sy eertydse vyande dwarsdeur die jaar 46 'n opgeruimder mens wat grappies met sy vriende kon maak. Op literêre gebied was hy produktief en lewer hy twee werke oor die teorie en praktyk van die redenaarskuns, naamlik die *Brutus* en *Orator*. Gedurende hierdie jaar neem ook sy filosofiese werk *Gesprekke in Tusculum* (*Tusculanae disputationes*) 'n aanvang, na aanleiding van sy gesprekke in Tusculum met sy skoonseun, Dolabella, en Caesar se persoonlike vriende, Hirtius en Pansa.

Cicero se hooftaak in 46 op politieke gebied was om as tussenganger op te tree tussen Caesar en die verbanne Pompeiane. Telkens skryf hy aan sy verbanne vriende om hulle moed in te praat en te troos. Toe Caesar vir Marcus Marcellus wat hom as konsul van 51 'n bitter vyand betoon het, uit ballingskap herroep, lewer Cicero namens die senaat 'n vurige en opregte dankrede (*Pro Marcello*). Later in die jaar verdedig hy suksesvol die saak van Q. Ligarius (*Pro Ligario*) wat voor Caesar beskuldig gestaan het van heftige vyandskap teen hom, en in die volgende jaar (45) ook vir Deiotarus (*Pro rege Deiotaro*), die koning van Galatia, teen die aanklag dat hy 'n komplot teen Caesar se lewe gesmee het. In hierdie stadium het Caesar se grootmoedigheid en vergewensgesindheid by Cicero die hoop laat opvlam dat Caesar wat nou die magtige alleenheerser was, tog weer die vrye, tradisionele republiek sou herstel, en het hy hom bereid verklaar om saam te werk as argitek van so 'n vernieude staat.

In Februarie 45 word Cicero deur een van die swaarste slae in sy lewe getref: sy geliefde dogter Tullia sterf. Cicero was ontroosbaar. Nie die trooswoorde van sy vriende, nie die filo-

sofie kon sy smart verlig nie. Hy onttrek hom na Astura, 'n klein eilandjie in die rivier op die rand van die Pomptynse moerasse, om in eensaamheid en afgeslotenheid sy voete te probeer vind. Hy verbied sy jong vroujie met wie hy slegs ongeveer twee maande getroud was om na hom te kom, want hy het haar verdink dat sy op Tullia jaloers, en nou oor haar dood verheug was. Kort daarna het hy dan ook van haar geskei.

Ook sy seun Marcus het vir Cicero bekommernis veroorsaak. Blykbaar was hy 'n aanhanger van Caesar, want hy wou vir hom in Spanje gaan leërdiens doen, en boonop wou hy nie in Rome saam met sy vader in een huis woon nie, maar apart. Cicero oorreed hom eger om in Athene te gaan studeer, waarheen hy in Maart 45 vertrek. Op universiteit het hy eger in slegte geselskap verval, sy vader se ruim geldelike toelaag verkwis en sy studies verwaarloos.

Toe Tullia nog gelewe het, het Cicero probeer om die silwerrand aan die donker wolk raak te sien, maar noudat sy dood was, het hy weer in diepe melankolie en wanhoop verval. Caesar se eiemagtige hantering van staatsake en sy hooghartige optrede teenoor die senaat het veroorsaak dat Cicero hom weer as 'n despoot beskou het, en daarom rig hy in Mei 45 aan hom 'n brief waarin hy hom politieke raad aanbied. Van Cicero se vriende maak eger beswaar teen sommige van die stellings in die brief, en om daardie rede word dit nooit aan Caesar gestuur nie.

In hierdie jaar vind ons eger 'n stroom filosofiese werke uit sy pen: *De consolatione* (sy soeke na vertroosting direk na Tullia se dood); *Hortensius* ('n motivering vir en aanmoediging tot die studie van die filosofie); *Academica* ('n uiteensetting van, kritiek op, en verdediging van die standpunte van die Griekse filosoof Carneades); *De finibus bonorum et malorum* ('n ondersoek na die hoogste goed en die ergste kwaad); *Tusculanae disputationes* (gesprekke oor die mens se vrees vir die dood, die vraag of pyn 'n euwel is, oor pyn en kwelling en die verligting daarvan, en die stelling dat niks meer as deug nodig is om geluk te bekom nie); *De natura deorum* ('n uiteensetting van die Epikureïese, Stoïsinse en Akademiese leerstellings). Vir al sy filosofiese werke het hy die Griekse wysgere geraadpleeg en benut, en self beweer hy beskeie dat hy maar net 'n vertaler is van hulle werke: “ἀπὸ γράφα sunt; verba tantum adfero quibus abundo — my werke is kopieë; ek bring slegs die woorde by, en daaraan het ek 'n oorvloed” (*Ad Att.* 12.52.3). Maar Cicero het meer bereik as dit: hy was die vertolker van die Griekse wysgerige idees en die verwerker daarvan om dit aanvaarbaar te maak vir die Romeinse gees, en telkens ook die onafhanklike kritikus; hy was die eerste belangrike prosaskrywer wat Griekse filosofie aan sy Romeinse lesers bekend gestel en 'n Latynse filosofiese woordeskat geskep het; voor die ontdekking van die oorspronklike Griekse filosofiese geskrifte was sy werke die enigste geskrewe bron van filosofie in die Weste.

Swye en pynlike berusting in die politieke gebeure van 45 het Cicero tot verdere wanhoop en 'n wrok teen Caesar gedryf. Toe dit wou blyk asof Caesar goddelike eerbewyse soos dié aan Hellenistiese konings nastreef en in Mei 45 toelaat dat sy standbeeld langs dié van die god Quirinus (= Romulus) opgerig word, merk Cicero verbitterd op: “Ek sien liever dat hy die tempel van Quirinus as dié van Salus (die godin van behoud) deel” (*Ad Att.* 12.45.2) — 'n onheilspellende verwysing na die legende dat Romulus deur die senatore vermoor en

aan stukke geskeur is. In Julie van dieselfde jaar laat Caesar sy standbeeld saam met die van gode in 'n prosesie vertoon, en Cicero verheug hom daaroor dat die volk nie eers vir Victoria die hande wou klap nie omdat sy in sulke swak geselskap verkeer het. Desnietemin onthaal Cicero vir Caesar gasvry toe laasgenoemde hom aan die einde van hierdie jaar by sy villa naby Puteoli besoek. Die besoek het glad verloop, het Cicero gemeen, omdat die geselskap hoofsaaklik om literêre sake gedraai het, en nie om die politiek nie.

In Januarie 44 was Caesar konsul vir die vyfde en diktator vir die vierde keer. Ongeveer aan die einde van Januarie aanvaar hy die titel *dictator perpetuus* waardeur hy te kenne gee dat hy geensins van voorneme is om van sy despotiese magte afstand te doen nie. Hy word verdink dat hy na die koningskap streef – 'n doodsonde in die oë van die republikeinse Romein met sy tradisie van koninglose regerings sedert 509 v.C. Vroeg in Januarie is sy standbeeld op die *rostra* deur 'n bewonderaar met 'n lourierkroon versier, en op 26 Januarie is hy op straat deur 'n deel van die skare as "koning" begroet. Op 15 Februarie tydens die fees van die *Lupercalia* bied Antonius hom herhaaldelik 'n kroon aan, maar hy wys dit van die hand.

'n Komplot om Caesar om die lewe te bring was geruime tyd reeds aan die broei. Omdat Caesar voor 20 Maart uit Rome na die Ooste wou vertrek om 'n ekspedisie teen die Parthe te onderneem, word 'n senaatsitting vir die 15e (*Ides*) Maart bepaal, waarskynlik om Caesar se voorbereidings vir die ekspedisie en sy reëlings in verband met die voortsetting van die regering gedurende sy afwesigheid goed te keur. Die samesweerders besluit om hulle moordplan by hierdie geleentheid ten uitvoer te bring. Caesar verontagsaam waarskuwings en neem sy plek in die senaatsaal in. Soos beplan sak die samesweerders op hom toe en deurpriem deur drie-en-twintig dolksteke sterf Caesar aan die voete van Pompeius se standbeeld.

Cicero het geen deel gehad aan die moord op Caesar nie, maar toe hy daarvan verneem, reageer hy met "a scream of triumph" (W.W. How, *Cicero: Select Letters*, Vol. 2, Oxford, Clarendon Press, 1934, p.478). So kan die brief wat hy enkele ure na die moord aan een van die venynigstes onder die samesweerders geskryf het, wel volgens ons standarde genoem word. Ons mag Cicero egter nie volgens moderne etiese en morele standarde oordeel nie: die oudheid het immers die moord op 'n tiran – en Cicero het eerlik gedink Caesar was 'n tiran – as 'n heldedaad beskou.

Na Caesar se dood het Cicero op 17 Maart weer 'n leidende rol in die senaatsverrigtinge gespeel. Op sy voorstel word 'n kompromis afgekondig: amnestie word verleen aan die moordenaars maar terselfdertyd word al Caesar se reëlings bekragtig. Hiervolgens bly Antonius aan as konsul, met Dolabella, Cicero se oud-skoonseun wat homself tot konsul uitgeroep het, as kollega, en word, ironies genoeg, twee van Caesar se moordenaars aan wie hy persoonlik die poste toegesê het, goewerneurs van provinsies: D. Brutus van Cisalpyne Gallië, en C. Trebonius van Asia. Daarbenewens word M. Lepidus, Caesar se *magister equitum*, die goewerneur van Gallia Narbonensis en Nader-Spanje.

Hierna neem Cicero ses maande lank nie in die openbaar aan die politiek deel nie, terwyl hy 'n mislukte seereis na Griekeland onderneem en hom origins aan die letterkunde toewy.

Gedurende hierdie maande soek hy troos in die filosofie, en met kenmerkende werkkrag voltooi hy in hierdie tydperk die volgende werke: *De divinatione* (waarin bygeloof onderskei word van godsdienst); *De fato* (wat die onderskeid tussen fatalisme en determinisme uiteensit); *De gloria* (tans verlore); *Cato maior* of *De senectute* (oor die ouderdom); *Laelius* of *De amicitia* (oor vriendskap), en die *Topica* ('n versameling gemeenplase, in navolging van Aristoteles). Dit is eenvoudig verstommend dat Cicero in so'n kort tydsbestek soveel werke van sulke hoë gehalte kon skryf. Hierby moet ons nog sy *De officiis* voeg waaraan hy reeds in 52 begin werk, maar eers in November 44 voltooi het. Hierdie werk wat eers na sy dood gepubliseer is, handel oor die mens se pligte en daarom het hy dit aan sy seun opgedra.

Aan die politieke front was die jaar na Caesar se dood seker een van die verwarrendste tydperke in die Romeinse geskiedenis. Ten gevolge van die planloosheid en 'n gebrek aan daadkrag in die geledere van die moordenaars en hulle ondersteuners, beter bekend as die republikeinse party, het Marcus Antonius as leier van die Caesariaanse party, en gesteun deur Lepidus, beheer gekry oor die situasie in Rome. Pogings is aangewend om die twee partye se geskille by te lê, maar wedersydse verdenking het 'n vergelyk onmoontlik gemaak. Toe Octavius, Caesar se erfgenaam (na sy aanneming as Caesar se seun staan hy bekend as Octavianus), in April 44 in Rome aanland, ontstaan daar 'n stryd tussen hom en Antonius om die leierskap van die Caesariane. Antonius bekom egter die oppermag deur in Junie 44 beheer te verkry oor Cisalpyne Gallië vir vyf jaar, asook deur die ondersteuning van Dolabella. Die groeiende gewildheid van Octavianus, veral by die volk en Caesar se veteraan legioene, noop Antonius om weer eens met die senaat en die republikeinse leiers, M. Brutus en C. Cassius onderhandelinge aan te knoop. Hulle alte hoë eise veroorsaak dat hy vroeg in Augustus finaal met hulle breek.

As konsul belê Antonius 'n senaatsvergadering vir 1 September 44. Cicero wat die vorige dag na 'n lang reis in Rome aangekom het, bied op grond van vermoeienis verskoning aan vir sy afwesigheid by die vergadering, maar Antonius aanvaar dit nie en dreig om die redeenaar te dwing om senaatsvergaderings by te woon. Die volgende dag spreek Cicero die senaat toe in die afwesigheid van Antonius. Dit was die eerste toespraak in 'n reeks van veertien (*Philippicae*¹⁰ i–xiv) wat hy teen Antonius gelewer het. Die *Philippica* i het geen persoonlike beledigings bevat nie, maar was 'n skerp veroordeling van Antonius se onlangse politieke dade. Dit ontlok egter sterk reaksie van Antonius wat op 19 September voor die senaat en die volk 'n felle aanval maak op Cicero se ganse loopbaan, en hom ook daarvan beskuldig dat hy verantwoordelik was vir die moord op Caesar. Terselfdertyd twis hy openlik met Octavianus vir wie hy daarvan beskuldig dat hy 'n sluipmoord op hom beplan. Gedurende Oktober en November versamel Antonius sy magte, en hoewel 'n aantal legioene teen hom in opstand kom ten gunste van Octavianus, ruk hy op 29 November met 'n groot mag vanuit Rome na Cisalpyne Gallië op, waar D. Brutus in belang van die republikeine die gesag gevoer het. Brutus word deur die oormag gedwing om terug te trek en hy word in die loop van Desember in Mutina vasgekeer deur Antonius wat sy magte in Bononia, suidoos van Mutina, saamgetrek het. Terselfdertyd konsentreer Octavianus, wat om persoonlike redes toe tydelik met die senaat saamgewerk het, sy magte wat uit drie veteraan legioene bestaan het, by Arretium, suidoos van Bononia.

Cicero het dit nie weer gewaag om die senaat te betree voordat Antonius op 29 November na Gallië vertrek het nie. Intussen het hy 'n antwoord op Antonius se aanval van 19 September voorberei, daardie vernietigende, allerskerpste en welsprekende politieke geskrif, die *Phil.* ii. Die toespraak is nooit in die senaat gelewer nie, maar is kort na Antonius se vertrek na Gallië gepubliseer. Op 20 Desember lewer hy in die senaat die *Phil.* iii waarin hy vir Antonius veroordeel, en ten gevolge daarvan 'n voorstel aanvaar kry waardeur Antonius se onlangse reëlins in verband met die provinsies ongedaan gemaak word. Op dieselfde dag spreek hy ook die volk toe (*Phil.* iv) en betuig lof aan D. Brutus en Octavianus vir hulle weerstand teen Antonius. Waar hy Caesar se erfgenaam voorheen gewantrou het, het hy nou skynbaar volle vertroue in hom.

Van nou af is Cicero die leier van die senaat en die beleidbepaler en stukrag van die republikeinse party. Vir hom was Antonius die aartsvyand van die republiek, en al sy vermoëns word ingespan om hierdie vyand teen te werk. Gevolglik het byna al sy toesprake in die senaat en voor die volk vanaf Januarie tot April 43 (*Phil.* v–xiv) slegs een doel: om Antonius as openbare vyand – dus ook amptelike oorlog teen hom – verklaar te kry, en om terselfdertyd die nodige magte en middele aan sy teenstanders toegesê te kry sodat hulle hom effektief kon bekamp.

Op 1 Januarie 43 vergader die senaat onder voorsitterskap van die twee nuwe konsuls, Hir-tius en Pansa. Cicero bepleit 'n onmiddellike oorlogsverklaring teen Antonius (*Phil.* v) maar sy mosie word nie aanvaar nie. Hy slaag egter op 3 Januarie daarin om mosies van eerbe-toon aan D. Brutus, M. Lepidus en Octavianus deurgevoer te kry, en ook dat pro-praetoriese *imperium* tesame met ander voorregte (soos senatoriale rang) aan Octavianus toegestaan word. Op 4 Januarie besluit die senaat om eers deur middel van afgesante met Antonius te onderhandel alvorens daar teen hom opgetree word. Hierdie afgesante vertrek op 5 Ja-nuarie na Antonius met die opdrag dat hy hom sonder versuim aan Cisalpyense Gallië moet onttrek anders word daar oorlog teen hom verklaar. Cicero het die vorige dag gewaarsku dat Antonius nie sal gehoor gee nie (*Phil.* vi), en tydens die afgesante se afwesigheid argu-menteer hy in die senaat dat vrede in daardie stadium oneerbaar, gevaarlik en onmoontlik is (*Phil.* vii). Toe die afgesante onverrigtersake, en met arrogante teenvoorstelle van Anto-nius in Rome terugkeer, verklaar die senaat uiteindelik op 2–3 Februarie 'n staat van oor-log. Cicero teken egter in sy *Phil.* viii sterk beswaar aan teen die gebruik van die gematigde term *tumulus* in plaas van die ondubbelsinnige *bellum* in die oorlogsverklaring. Ook op 3 Februarie lewer hy 'n lofrede oor sy vriend Servius Sulpicius, een van die afgesante wat onderweg na Antonius gesterf het (*Phil.* ix).

Na die finale breuk met Antonius in Augustus die vorige jaar, het M. Brutus Italië verlaat en na Athene gereis. Hier het hy sy vorige besluiteloosheid laat vaar en troepe begin werf, en spoedig daarna beheer verkry oor Macedonië en Illyricum. Hierdie goeie nuus vir die re-publikeine het die senaat op 4 Februarie bereik, en toe daar deur 'n Caesariaan voorgestel word dat Brutus afstand moet doen van sy onwettige leër en provinsies, lewer Cicero sy *Phil.* x ten gevolge waarvan Brutus se gesag bevestig word.

Ongeveer die einde van Februarie ontvang die senaat die slegte nuus dat Dolabella, nou goewer-

neur van Sirië, die provinsie Asia binnegeval en die republikeinse goewerneur Trebonius verraderlik gevang, gemartel en vermoor het. Die senaat aanvaar 'n voorstel dat Dolabella tot openbare vyand, en sy besittings verbeurd verklaar word, maar Cicero slaag nie daarin om hulle te oorreed om Cassius in bevel te plaas van die vergeldende aksie teen Dolabella nie (*Phil.* xi).

Omstreeks hierdie tyd was daar gerugte in omloop dat Antonius bereid was om toegewings te maak ter wille van vrede. Cicero word omgepraat om lid te wees van 'n vyfman-afvaardiging na Antonius, maar uit latere vrees dat daar dalk 'n strik vir hom gestel is, trek hy sy belofte terug (*Phil.* xii) en die onderneming val deur die mat.

Op 20 Maart bespreek die senaat 'n rapport van Lepidus en Plancus (die goewerneur van Gallia Comata), waarin versoening met Antonius aanbeveel word. Cicero steun 'n voorstel dat die senaat nie vredesvoorstelle kan oorweeg voordat Antonius die wapen neergelê het nie, en lewer terselfdertyd 'n lofrede oor Sextus Pompeius (*Phil.* xiii).

Intussen het die konsul Hirtius al in Januarie te Ariminum die bevel vir die stryd teen Antonius by Octavianus oorgeneem en Claterna verower. 'n Aantal onbesliste gevegte is gelever, met die gevolg dat Antonius sy magte uit Bononia onttrek, en hulle reg voor Mutina gekonsentreer het om D. Brutus des te effektiewer te beleër. Teen ongeveer middel April nader die ander konsul, Pansa, die gevegstoneel met vier legioene wat hy onlangs gerekruteer het. Antonius ruk op om hom af te sny van Hirtius en Octavianus. Hirtius het wel een van sy beste legioene gestuur om Pansa na sy kamp te begelei, maar weens onvoldoende voorsorg val Pansa tog in die strik wat Antonius vir hom naby Forum Gallorum gestel het. 'n Verwoede geveg vind plaas; Pansa se magte word met groot verliese teruggedryf en Pansa self word gewond. Terwyl Antonius se magte wanordelik na hul basis terugkeer, val Hirtius hulle egter onverhoeds aan en behaal 'n groot oorwinning, terwyl Octavianus ook 'n aanval op sy kamp afslaan.

Die nuus van die oorwinning naby Forum Gallorum bereik Rome op 20 April. Die stad juig en 'n triomfantelike skare vergesel Cicero na die Capitolium waar hy sy dank vir die oorwinning gaan betuig. Die volgende dag stel P. Servilius in die senaat 'n dankfees ter ere van beide konsuls voor, maar in sy voorstel verwys hy nie na Antonius as *hostis*, en na die seëvierende generaals as *imperatores* nie. In sy *Phil.* xiv, sy laaste oorgelewerde toespraak, argumenteer Cicero dat 'n dankfees nie na behore afgekondig kan word sonder die korrekte verwysings nie, en op daardie basis aanvaar die senaat sy voorstel vir 'n dankfees van vyftig dae tesame met ander eerbewyse aan die gesneuweldes, en belonings aan hulle familie asook aan die oorlewende soldate.

Na hul sukses naby Forum Gallorum het Hirtius en Octavianus al hulle magte teen Antonius by Mutina saamgetrek. Na ongeveer 'n week dwing hulle hom tot 'n volskaalse geveg waarin hy 'n neerlaag ly en gedwing word om die beleëring van Mutina op te hef. Hirtius word egter in die geveg gedood, en enkele dae later sterf Pansa ook aan die wonde wat hy naby Forum Gallorum opgedoen het. Die twee oorblywende generaals val egter nie Antonius se magte op hul wanordelike vlug aan nie omdat D. Brutus nie oor genoegsame ruitery beskik

nie en Octavianus eenvoudig net onwillig is om dit te doen. Ten gevolge hiervan ontsnap Antonius weswaarts waar hy vroeg in Mei by Vada in Ligurië deur die praetor P. Ventidius van drie legioene voorsien word. Intussen gee die senaat aan Lepidus en Plancus opdrag om Antonius se lot te verseël. Albei ruk teen hom op, maar Antonius konkel so verleidelik dat Lepidus hom op 29 Mei by hom aansluit. Plancus val terug voor hul groot gekombineerde leër en besluit om op die koms van D. Brutus te wag, en vroeg in Junie sluit hulle by mekaar aan. Hulle gekombineerde leër weeg goed op teen die van Antonius en Lepidus, en daarom moedig Cicero vir Brutus en Plancus onverpoosd aan om die oorlog te beëindig. Hulle gaan egter nie tot die offensief oor nie.

Intussen het daar 'n groot verwydering ontstaan tussen Octavianus en die meerderheid in die senaat. Na die oorwinning by Mutina het die senaat aan D. Brutus 'n triomfoptog toegestaan maar aan Octavianus bloot 'n *ovatio*, 'n veel geringer eerbetoon. Daarbenewens is die leërs van die gesneuwelde konsuls onder bevel van D. Brutus geplaas, 'n bevel wat egter deur Octavianus se veteraan legioene verontagsaam is. Vir Octavianus en die Caesarië was dit duidelik dat die senaat besig was om soveel provinsies en leërs as moontlik aan hulle grootste vyande te oorhandig: die opperbevel ter see aan Sextus Pompeius, die Ooste aan Cassius, Macedonië aan M. Brutus. Daarbenewens is die veteraanlegioene se toorn gaande gemaak deurdat hulle generaal nie deur die senaat as lid benoem is van die tienmankommis-sie wat grond aan hulle moes uitdeel nie. Tereg kon Octavianus dus voel dat die verskille tussen hom en Antonius tog moontlik bygelê kon word, maar dat die vyandskap van die republikeinse leiers teen hom nie versoenbaar was nie. Gevolglik het hy hom aanvanklik weerhou van vyandige dade teen Antonius, en daarna heimelik met hom en Lepidus gekonkel. Verseker van sy troepe se trou teenoor hom, en van hulle afsku vir die intriges van sy teenstanders, hits hy hulle toe aan om die konsulskap vir hom te eis. Hy was wettig veels te jonk vir hierdie amp – in hierdie stadium slegs negentien jaar oud – maar die senaat het reeds self op 3 Januarie, toe hulle pro-praetoriese *imperium* aan hom verleen het, die wettige ouderdomsvereistes vir die bekleding van ampte oorboord gegooi, soos hulle dit ook in 77 en 70 in die geval van Pompeius gedoen het. Presedente was dus reeds geskep.

In die loop van Julie kom 'n afvaardiging van Octavianus se leër in Rome aan en stel aan die senaat twee eise: die konsulskap vir Octavianus en die terugtrekking van die besluit waarvolgens Antonius as 'n openbare vyand verklaar is. Die senaat weier. Oralheen stuur die republikeine aan hul vriende opdragte en versoeke om hulp, veral aan die vriende in Africa en Macedonië. Uit Africa word twee legioene gestuur waarvan die meerderheid toevallig uit Caesar se veterane bestaan het. In Macedonië reageer M. Brutus nie op die dringende pleidooie van Cicero nie, want hy was gebelg oor Cicero se vroeëre ondersteuning van Octavianus. Intussen keer Octavianus se gesante onverrigtersake na die leër terug. Die soldate is woedend en eis dat Octavianus hulle onmiddellik na Rome moet lei. Hy voldoen graag aan hierdie eis en vroeg in Augustus ruk hy met 'n groot leër teen Rome op.

Die verdediging van die stad was oorgelaat aan die twee veteraan legioene wat pas uit Africa aangeland het, en 'n derde onervare legioen wat Pansa vroeër die jaar gerekruteer het. Toe hierdie drie legioene by die aankoms van Octavianus na hom toe oorloop, was die senaat en die stad weerloos. Weer eens moes Cicero hom berus by die onvermydelike. Hy het

Octavianus gaan groet en sy verskonings aangebied, maar die jongman het hom krenkend geantwoord dat hy die laaste van sy vriende was wat hom kom besoek het.

Op 19 Augustus is Octavianus tot konsul verkies met Q. Pedius, 'n bloedverwant van hom, as sy kollega. Spoedig hierna het Pollio, Caesariaanse goewerneur van Verder-Spanje, hom by Antonius en Lepidus aangesluit, is Plancus met Antonius versoen, en is D. Brutus op sy vlug na sy naamgenoot in Macedonië, deur 'n Galliese prins vermoor. Daar Antonius hom weer meester gemaak het van Cisalpyense Gallië, was al die westerse provinsies dus nou onder die Caesariane se beheer. In die Ooste, egter, het die republikeine, M. Brutus en Cassius, die hef in die hand gehad. 'n Bloedige konfrontasie tussen Oos en Wes was dus onvermydelik.

Hierdie toedrag van sake het al Cicero se hoop en verwagtinge verydel, en toe die konsul Pedius 'n hof instel vir die verhoor van almal wat direk of indirek by wyse van hulp aan die werklike moordenaars, met Caesar se dood iets te doen gehad het, en verbanning (of dood vir die wat nie gehoorsaam nie) vir die skuldiges voorskryf, het Cicero besef dat die skrif aan die muur is vir hom. Des te meer het hy dit besef toe Octavianus, Antonius en Lepidus teen die einde van Oktober naby Bononia ooreenkom om 'n driemanskap (die sogenaamde Tweede Triumviraat) te vorm vir die hantering van staatsake. Onder meer besluit hulle om die westerse provinsies onder hulle te verdeel, die oorlog teen M. Brutus en Cassius voort te sit, en om hul belangrikste politieke teenstanders uit die weg te ruim. 'n Omvattende proskripsielys is opgestel, maar 'n spesiale lys met die name van sewentien manne is onmiddellik na die konsul Pedius in Rome afgestuurd, tesame met die opdrag om hulle summier om die lewe te bring. Cicero se naam was onder hierdie sewentien.

Teen die einde van November was Cicero op sy landgoed te Tusculum saam met sy broer Quintus en dié se seun. Hulle het beplan om na M. Brutus in Macedonië te vlug. Omdat hulle geld nodig gehad het vir die reis is Quintus en sy seun na Rome om die nodige te verkry. Hulle is egter deur hulle slawe verraa en albei is om die lewe gebring. Moedeloos reis Cicero intussen per boot en oor land van sy een villa na die ander. Enersyds het die lang stormagtige seereis hom afgeskrik en andersyds het hy gevoel sy lewenstaak is afgehandel. Sy moordenaars, Antonius se soldate, was reeds op sy spoor, en terwyl sy slawe hom op 7 Desember in 'n draagstoel van sy villa by Formiae na sy boot in Caieta dra, word hy deur die moordbende ingehaal. Die bittere ironie van die saak is dat die krygstribuun, Popilius Laenas, een van die bevelvoerders van die bende, by geleentheid deur Cicero verdedig is teen 'n aanklag van vadermoord.

Cicero se slawe maak gereed om hom te verdedig, Cicero verbied hulle egter en strek sy nek uit voor die swaard. Sy kop en hande word afgekap om later aan die *rostra* in die forum vasgeheg te word as waarskuwing vir enigiemand wat dit sou waag om sy welsprekendheid en invloed teen die driemanskap aan te wend. Dit was dan die einde van die man van wie Octavianus baie jare later, toe hy as keiser Augustus bekend gestaan het, aan sy kleinseun gesê het: 'Hy was 'n groot redenaar, my kind; 'n groot redenaar, en een wat sy land innig lief gehad het' (Plut. *Cic.* 49); die man wat tereg die meester van die klassieke Latynse prosakuns genoem kan word, en wie se skryfstyl eeue lank as model gedien het; die man

wie se redes en briewe 'n onvergelyklike helder beeld bied van die geskiedenis en kulturele lewe van sy tyd; die man aan wie ons westerse kultuur veel verskuldig is.

Vir die student of belangstellende leser wat indringender na die lewe en werk van Cicero wil kyk, kan die volgende basiese literatuur wat alle aspekte in diepte en/of oorsigtelik behandel en ook bibliografieë insluit, aanbeveel word:

Pauly, A.-Wissowa, G. *Realencyclopädie der classischen Altertumswissenschaft* vol. 7A (1939), kol. 827–1274 (verskeie outeurs).

Hammond, N.G.L. & Scullard, H.H. (eds.) *The Oxford Classical Dictionary*², Oxford, Clarendon Press, 1970, pp. 234–238.

Gelzer, M. "Cicero" in *Lexikon der Antike* I, 1–4, München, Deutscher Taschenbuchverlag, 1977, pp. 309–315.

How, W.W. *Cicero: Select Letters*, vol. II. Oxford, Clarendon Press, 1934 (veral die "Historical Introduction, parts I–IV" en die "Appendices I–IV")

Minder oorsigtelik maar baie insiggewend is die volgende:

Lacey, W.K. & Wilson, B.W.J.G. *Res Publica: Roman Politics and Society according to Cicero*, London, Oxford Univ. Press, 1970.

Lacey, W.K. *Cicero and the end of the Roman Republic*, London, Hodder and Stoughton, 1978.

Rawson, Elizabeth. *Cicero. A Portrait*, London, Allen Lane, 1975.

Shackleton Bailey, D.R. *Cicero*, New York, Scribner, 1971.

Stockton, D. *Cicero – a Political Biography*, 1971.

B. ROMEINSE KRIMINELE REGSPRAAK DEUR DIE *QUAESTIONES PERPETUAE*

Die *comitia centuriata*, die hoogste Romeinse volksvergadering, wat deur 'n konsul of praetor byeengeroep en gelei is, het aanvanklik die oppergesag oor die lewe en dood (*ius vitae necisque*) van 'n Romeinse burger gehad. Die omslagtigheid van 'n kriminele verhoor deur die volksvergadering het meegebring dat die senaat, wat self geen regterlike mag gehad het nie, in sekere ernstige gevalle die vergunning by die volk gevra het om een van die hoër amptenare aan die hoof te stel van 'n buitengewone geregshof, t.w. 'n *quaestio extraordinaria*. Dit het beteken dat die volk dan sy oppergesag gedelegeer het aan 'n beperkter regbank.

Omdat hierdie periodieke beperkter regbank baie doeltreffend gewerk het, het die tribuun Lucius Calpurnius Piso in 149 v.C. 'n wet voorgestel (*Lex Calpurnia de repetundis*) waarkragtens 'n permanente kleiner geregshof (*quaestio perpetua*) ingestel is om die misdaad van afpersing (*crimen repetundarum*) wat Romeinse amptenare teen provinsiebewoners gepleeg het, te verhoor. Gaandeweg is meer van hierdie permanente houe ingestel om ook ander ernstige misdade te verhoor. Elke *quaestio perpetua* is dus kragtens 'n bepaalde wet ingestel om 'n bepaalde misdaad te bekamp. Die wet het ook die samestelling en bevoegdheid van elke regbank neergelê, asook die straf wat 'n skuldige opgelê moes word.

Die geskiedenis van die *quaestiones perpetuae* voor Sulla se tyd is onduidelik. Met sy gereg-

telike hervormings het hý egter 'n vaste grondslag aan hierdie howe verleen. Hy het die aantal wat reeds bestaan het tot 8 verhoog om die volgende misdade in te sluit: afpersing (*de repetundis*), hoogverraad (*de maiestate*), moord en vergiftiging (*de sicariis et veneficis*), vervalsing (*de peculatu*), belediging of onreg aangedoen (*de iniuria*), en geweldpleging (*de vi*). Meerdere wette is met verloop van tyd ingestel (o.a. die *Leges Iuliae* van òf Caesar òf Augustus) waardeur die prosedures en strawwe vir bepaalde misdade gewysig is, maar hierdie stelsel van kriminele regspraak het tot diep in die keisertyd bly voortbestaan. Vanweë die inherente gebreke daarvan (die stelsel was net in Rome van krag en nie ook in die res van die Romeinse Ryk nie; slegs manlike Romeinse burgers kon verhoor word, en nie ook vroue, slawe of vreemdelinge nie) is dit geleidelik vervang deur 'n omvattender stelsel genaamd *iudicia publica extra ordinem*, sodat *quaestiones* na die tyd van Alexander Severus (= Marcus Aurelius Severus Alexander, keiser 222–35 n.C.) nie meer vermeld word nie.

Die *quaestio perpetua* was saamgestel uit 'n deur die lot verkose praetor wat as voorsittende regter (*quaesitor*) opgetree het, en dertig of meer jurieledes (*iudices*) wat ook deur die lot aangewys is uit 'n lys bevoegde persone. Aanvanklik kon slegs senatore as jurieledes dien. Onregverdige uitsprake op grond van politieke oorwegings het die samestelling van die juries egter spoedig 'n politieke twispunt gemaak. Daarom het Gaius Gracchus in 123 v.C. bepaal dat ridders (*equites*) die meerderheid in die jurie moes vorm. Maar hierdie reëling is op sy beurt deur Sulla omvergewerp deurdat hy lidmaatskap van juries weer eens tot senatore beperk het, en daarna is die samestelling van juries nog etlike kere gewysig totdat die stelsel mettertyd bevredigend gewerk het.

Rome het nie 'n openbare Ministerie van Justisie gehad nie, en daarom is kriminele vervolgings in die *quaestiones* nie deur 'n amptenaar geïnisieer nie, maar wel deur enige gewone burger. Die klaer moes eers by die voorsitter van die betrokke hof magtiging versoek (*postulatio*) om 'n klag te lê teen iemand (*nominis delatio*). Verkry hy dit, moes die aanklag skriftelik aan die voorsitter voorgelê word, wat dit dan amptelik boekstaaf (*nomen recipere*). As die aanklag by 'n voorondersoek geldig verklaar word, word die jurie deur die voorsitter ingesweer, en 'n dag vir die verhoor bepaal. Albei partye, sowel die klaer as die aangeklaagde, het egter 'n beperkte reg gehad om beswaar te maak teen aangewese jurieledes.

Die verhoor het in die *forum* in die ope lug plaasgevind. Die voorsittende regter het op 'n verhoog (*tribunal*) op die amptelike, met ivoor ingelegde stoel (*sella curulis*) plaasgeneem, terwyl die jurieledes en sekretarisse op lae banke (*subsellia*) aan weerskante van hom gaan sit. Vóór hulle het die twee partye, geskei van mekaar, ook op banke gesit.

Die aangeklaagde kon homself verdedig, of een of meer advokate (*patroni*) vir sy verdediging gebruik. Daarbenewens is sy beskermers (*advocati*), mense wat hom onregstreeks kon bystaan, ook toegelaat om teenwoordig te wees. Rondom in 'n kring (*corona*) het die publiek gestaan en luister.

Tydens die verhoor kom die aanklaer eerste aan die woord en daarna die aangeklaagde of sy advokaat. Nadat albei partye hul pleidooie gelewer het in die toegelate tyd (*tempus legitimum*) is die meriete van die pleidooie gedebatteer en kon bewysmateriaal gelewer en getuies

aangehoor word. Slawe se getuienis was ongeldig tensy dit deur foltering op die pynbank afgedwing was, en is gewoonlik nie teen hulle eie baas in aanmerking geneem nie.

Wanneer die jurie meen hulle is voldoende ingelig, word daar tot stemming oorgegaan. Elke jurielid kry 'n stemtafeltjie wat met was bedek is, en met aan die een kant die letter A (*absolvo* = ek spreek vry) in die was gegraveer, en aan die ander kant die letter C (*condemno* = ek veroordeel). Elkeen wis een van die twee letters uit, en gooi sy tafeltjie in die bus (*sitella*). Die meerderheid beslis en die voorsittende regter vel die vonnis dienoreenkomstig. Geen appèl is teen die vonnis toegelaat nie.

VERTALINGS

*1. Pleitrede vir Sextus Roscius
van Ameria*

Pro Sexto Roscio Amerino



'n Voorstelling van antieke Rome met die Tiber links en die Circus Maximus in die middel

Agtergrond

Na sy oorwinning oor die Mariane in die bloedige slag van die stad Rome se Collynse Poort (*Porta Collina*) op 1 November 82 v.C., het Sulla 'n proskripsielys opgestel met die name van die oorblywende invloedryke lede van die Marius-aanhangers: 40 senatore en 1 600 ridders (*equites*). Die lys kon aangevul word, maar die termyn vir die aanvulling het amptelik op 1 Junie 81 verstryk. Enigiemand kon 'n geproskripteerde straffeloos om die lewe bring, en het nog boonop 'n beloning van 12 000 *denarii*¹ ontvang. Daarbenewens is die besittinge van die geproskripteerde verbeurd verklaar en die opbrengs daarvan in die staatskoffers gestort. Straffelose moorde was dus aan die orde van die dag, want verhoor in die kriminele geregshowe was tydelik opgeskort. Baie het in hierdie onbestendige omstandighede 'n welkome geleentheid gesien om 'n persoonlike vyand te vermoor op 'n voorgewende klag van landverraad, en dan sonder meer sy besittinge te roof. Hierdie rede van Cicero draai om een so 'n geval wat direk na die herstel van die kriminele howe se gesag plaasgevind het.

Sextus Roscius was deur geboorte en vermoë 'n baie gesiene man in die stad Ameria in Umbrië, ongeveer 85 km noordoos van Rome. Hy het sterk gasvriendskapsbande gehandhaaf met verskeie invloedryke adellike families, en het 13 waardevolle plase besit, byna almal aangrensend aan die Tiber. Nadat een seun hom ontval het, het hy die eksploitasie van die plase oorgelaat aan sy enigste ander seun, die jong Sextus Roscius.

Die Roscii het in Ameria talryke bloedverwante gehad, onder andere Titus Roscius met die bynaam Magnus, en Titus Roscius met die bynaam Capito, twee berugte karakters met wie die ou Sextus Roscius ten gevolge van geldkwessies in vyandskap gelewe het. Hierdie twee het gierige oë gerig gehad op die ou Roscius se plase. Daarom laat hulle hom een aand geruime tyd na 1 Junie 81 verraderlik in Rome vermoor deur ene Mallius Glaucia, 'n behoeftige vrygelatene en afhanklike huisgenoot van Magnus. Nou moes hulle nog net regsgronde vind om die ou Roscius se besittinge te kon kaap.

Die twee booswigte was bevriend met die berugte Lucius Cornelius Chrysogonus, 'n invloedryke vrygelate slaaf en groot gunsteling van Sulla. Hy het hom alreeds skatryk gemaak uit die roof van geproskripteerdes se besittinge, en bewus van sy gewetenlose gierigheid, besluit Magnus en Capito om hom 'n vennoot te maak in hul onderneming om die ou Roscius se rykdomme te roof. In daardie stadium was Chrysogonus in Sulla se kamp by Volaterrae in Noord-Italië, en toe Capito vier dae na die moord by hom opdaag en hom van die ryk buit vertel, smee hulle saam 'n sluwe komplot. Daar Sulla nie die proskripsielys gereeld en noukeurig gekontroleer het nie, plaas Chrysogonus, hoewel die termyn daarvoor lankal verstreke was, die ou Roscius se naam op die proskripsielys. Nou was daar sogenaamd wettige gronde vir hul optrede, en diensengevolge word al die eiendomme van die geproskripteerde ver-

beurd verklaar en kwansuis per publieke veiling verkoop, waar Chrysogonus dit self opkoop teen 'n belaglike lae prys. Die drie skurke verdeel die eiendomme en voordele onder mekaar en die jong Roscius word van sy erfgoed af verdryf.

'n Poging van die gemeenskap van Ameria om hierdie gruwelike onreg onder Sulla se aandag te bring, misluk deur toedoen van Chrysogonus wat belowe om die ou Roscius se naam van die proskripsielys te verwyder en al sy besittings aan die jong Roscius terug te gee. Van sy beloftes kom egter niks, en Capito en Magnus bly op die eiendomme sit. Uit vrees dat Sulla tog wel die waarheid sou hoor, besluit die komplotsmeërs om die moord op die vader te beveilig deur ook die seun te vermoor. Die jong Roscius vlug egter na Rome waar hy die beskerming geniet van die invloedryke Caecilia Metella, 'n goeie vriendin van sy vader. Alle pogings om hom te vermoor, misluk, en in 'n wanhopige poging om hom onskadelik te maak, lê hulle in die kriminele hof 'n klag teen hom dat hý sy pa vermoor het. As die gereg hom skuldig vind aan vadermoord sou hy òf die doodstraf kry, òf in ballingskap moes gaan, maar dan word sy eiendomme in elk geval verbeurd verklaar en kan hulle dit "wet-tig" roof. Verder het hulle daarop gereken dat geen advokaat dit sou waag om Chrysogonus, die magtige gunsteling van Sulla, teen te gaan deur die jong Roscius in die hof te verdedig nie.

Hierin het hulle hul egter vergis. Toe die seun in 80 voor die hof gedaag word, het die jong advokaat Cicero hom so bekwaam verdedig dat hy vrygespreek is op die aanklag van vadermoord. Die boewe het egter in besit gebly van al sy erfgoed. Vir Cicero het dit groot roem ten gevolg gehad, maar ook bittere vyandskap.

I 1. Ek neem aan, regters, dat u wonder waarom nou juis ek as advokaat vir die verdediging opgestaan het, terwyl soveel eersterangse redenaars en manne uit die hoogste adel bly sit. In ouderdom, redenaars-talent en aansien is ek immers nie te vergelyk met hierdie manne wat bly sit nie. Almal vir wie u hier ter ondersteuning van my kliënt aanwesig sien, is van mening dat die onregverdigde aanklag in hierdie saak, 'n aanklag wat deur 'n ongehoorde misdaad veroorsaak is, afgeweer moet word, maar vanweë die onguns van die tye sien hulle nie kans om dit persoonlik te doen nie. Hulle is dus hier aanwesig omdat hulle hul plig nakom, maar hulle swyg omdat hulle gevaar vermy.

2. Wat is dan die posisie? Is ek die stoutmoedigste van almal? Allermens. Of is ek soveel pligsgetrouer as die ander? Selfs nie op dáárdie lof is ek so belus dat ek ander daarvan sou wil beroof nie. Welke rede het my dus meer as die ander aangedryf om die saak van Sextus Roscius

op my te neem? Hierom het ek dit gedoen: u sien hier is manne teenwoordig in wie daar baie groot gesag en waardigheid setel; indien enige een van hulle gepleit het en hy sou 'n woord in verband met staatsake gerep het — iets wat in hierdie saak noodwendig moet gebeur — sou mense meen dat hy veel meer gesê het as wat hy werklik gesê het.

3. As ék egter alles rondborstig gesê het wat gesê moet word, sal my toespraak desnieteenstaande geensins in gelyke mate na buite bekend kan raak, en na die breë publiek uitkring nie. Daarbenewens kan daar by die ander, vanweë hul adellike rang en waardigheid, geen woord onopgemerk bly nie, en uit hoofde van hul ouderdom en lewenservaring kan ook geen toegewing vir 'n onbesonne uitlating gemaak word nie. As ék iets alte rondborstig sê, sal dit of onopgemerk kan bly omdat ek nog nie 'n politieke loopbaan begin het nie, of dit sal my vanweë my jeugdigheid vergewe kan word — hoewel nie alleen die beginsel van vergifnis nie, maar ook die gewoonte om 'n geregtelike ondersoek te hou tans uit ons staat geban is.

4. Daarby kom ook nog 'n ander rede: die versoek om te pleit was dalk op so 'n wyse aan die ander redenaars gerig dat hulle gemeen het hulle kon enigeen van twee dinge doen, pleit of weier, sonder om hulle plig te versaak. Ék is egter dringend daartoe versoek deur manne wie se vriendskap, weldade en waardigheid baie groot invloed op my het, en ek het my verplig gevoel om nóg hulle welwillendheid teenoor my oor die hoof te sien, nóg hul invloed te versmaai, nóg hul wense te verwaarloos.

II

5. Om hierdie rede het ek as verdedigende advokaat in hierdie saak opgestaan. Ek is nie uitgekies omdat ek die enigste advokaat is wat met die allergrootste vaardigheid sou kon pleit nie, maar omdat net ek van almal oorbly, wat dit met die geringste risiko kan doen. Ek is ook nie gekies met die doel dat Sextus Roscius deur 'n sterk genoeg beskerming verdedig sou wees nie, maar wel om te verhoed dat hy geheel en al in die steek gelaat sou word.

U mag dalk vra welke vrees en welke groot angs dit dan is wat soveel en sulke aansienlike manne onwillig maak om, soos hulle gewoon is, 'n saak ter verdediging van die lewe en besittinge van 'n ander te bepleit. Dit is nie snaaks dat u dit tot nou toe nie weet nie, want die aanklaers het met opset geen melding gemaak van die aangeleentheid wat hierdie geregtelike ondersoek veroorsaak het nie.

6. Wat is daardie aangeleentheid dan? Dit is die besittinge van die vader van Sextus Roscius hier, besittinge wat sesmiljoen *sestertii*¹ werd is en wat Lucius Cornelius Chrysogonus, vandag wellik die magtigste jongman in ons staat, beweer hy van die hoogsberoemde en uiters dapperere Lucius Sulla² – ek noem sy naam om hom eer te bewys – vir tweeduisend *sestertii* gekoop het. Chrysogonus, regters, eis nou van u dít: daar hy so 'n ryk en voortreflike vermoë van 'n ander wederregtelik ingepalm het, en aangesien dit lyk asof Sextus Roscius se lewe die besit van daardie vermoë in die weg staan en versper, moet u alle argwaan in sy gemoed uitwis en alle vrees daaruit verwyder. Hy meen dat solank Sextus Roscius ongedeerd bly, hy nie die so aansienlike en ryke erfgoed van hierdie onskuldige man in sy besit kan hou nie. Hy hoop egter om dít wat hy deur misdaad bekom het, in weelde te kan verkwis en uitmors nadat Roscius veroordeel en verban is. Hy versoek dat u hierdie angel wat hom dag en nag folter en steek, uit sy gemoed moet ruk, en dat u uself as sy helpers sal verklaar ter benutting van hierdie buit wat hy hom op so 'n misdadige wyse toegeëien het.

7. As dít vir u na 'n billike en eerlike eis lyk, regters, stel ek daarteenoor 'n kort en, na my oortuiging, enigins billiker eis voor.

III Eerstens versoek ek Chrysogonus om tevrede te wees met ons hawe en goed, en om nie ons bloed en lewe te soek nie. Tweedens versoek ek u, regters, om weerstand te bied teen die misdadigheid van roekelose mense, om die ongeluk van onskuldiges te verlig, en om in die saak teen Sextus Roscius die gevaar wat teen ons almal gerig is, af te weer.

8. Maar as daar grond vir die beskuldiging gevind word, of 'n vermoede van misdaad duik op, of ten slotte enige feit, hoe gering ook al, en dít daarom lyk asof die aanklaers ten minste op die spoor van iets was toe hulle sy naam by die gereg aangegee het, kortom, as u behalwe die buit waarvan ek gepraat het enige ander motief ontdek, dan weier ons nie dat Sextus Roscius se lewe aan hulle willekeur oorgelewer word nie. Maar as dít hier om niks anders gaan as dat mense vir wie niks genoeg is, niks sal ontbreek nie, en as die stryd tans slegs gevoer word om die veroordeling van Sextus Roscius as 'n soort kroon by daardie vet en heerlike buit te laat bykom, is dít dan nie onteenseglik die allerskandelikste van die vele skandalige aspekte van die saak nie, dat hulle u beskou het as geskikte handlangers deur wie se beëdigde uitsprake hulle kan bereik wat hulle self voorheen gewoonlik deur misdaad en geweld bereik het?

U is manne wat uit die burgerstand tot die senaat verkies is vanweë u waardigheid, en uit die senaat tot lede van hierdie hof vanweë u gestrengheid. Is dit dan nie die allergrootste skande nie dat sluipmoordenaars en swaardvegters³ van u eis, nie alleen om die strawwe vir hulle misdade waarvoor hulle van u kant af behoort te vrees en te sidder, vry te spring nie, maar ook om belaaï en verryk met buit uit hierdie verhoor weg te stap?

IV

9. Ek besef ek kan nie paslik genoeg praat, of met die nodige gewig 'n aanklag lê, of my stem vrymoedig genoeg verhef oor hierdie aangeleenthede nie, monsteragtig en gruwelik soos wat hulle is. Want my geringe aanleg verhinder dat ek paslike taal gebruik, my jeugdige ouderdom dat my woorde die nodige gewig dra, en die tydsomstandighede dat ek vryelik kan praat. Hierby kom nog 'n baie groot vrees wat my natuurlike skroomvalligheid, u waardigheid, die geweld van die teenstanders, en die gevare vir Sextus Roscius by my ingeboesem het. Daarom bid en smeek ek u, regters, om my woorde aandagtig en met welwillende toegeeflikheid aan te hoor.

10. In vertroue op u onkreukbaarheid en wysheid het ek 'n swaarder las op my geneem as wat ek kan dra – dit besef ek. As u, regters, hierdie las enigmate verlig, sal ek dit so goed soos ek kan met toewyding en vlyt dra. Maar as ek deur u – iets wat ek nie verwag nie – in die steek gelaat word, sal ek nogtans nie moed opgee nie, en die taak wat ek onderneem het, deurvoer so ver as wat ek kan. Maar as ek dit nie sal kan deurvoer nie, verkies ek om eerder deur die las van my plig oorweldig te word as om daardie taak wat my eenmaal in vertroue opgelê is, uit troueloosheid van my skouers te werp, of uit swakheid van inbors neer te lê.

11. Ook van u, Marcus Fannius⁴, vra ek dringend: betoon uself tans teenoor sowel ons as die staat dieselfde soort man as wat u u reeds by 'n vorige geleentheid teenoor die Romeinse volk betoon het, toe u die voorsittende regter van hierdie einste regbank was.

V

U sien welke groot menigte na hierdie verhoor byeengekom het; u besef hoe groot die verwagting van iedereen is, en hoe groot die begeerte dat die regspraak kragtig en streng sal geskied. Na 'n lang onderbreking is hierdie die eerste verhoor wat in 'n moordsaak aanhangig gemaak word, terwyl daar intussen die allergruwelikste en vreeslikste moorde gepleeg is. Almal hoop dat hierdie hofsitting met u as voorsittende regter so sal

verloop soos wat die openlike wandade en daaglikse bloedvergieting dit verdien.

12. Die luide waarskuwings wat aanklaers gewoonlik by ander verhoore laat hoor, laat ons wat die verdediging waarneem, ook nou hoor. Ons versoek u, Marcus Fannius, en u, regters, om die misdade so swaar moontlik te straf, om so moedig moontlik weerstand te bied teen mense wat vir niks terugdeins nie. Dink ook na oor hierdie punt: tensy u in hierdie saak toon wat u ware gesindheid is, sal die hebsug, misdadigheid en vermetelheid van mense so ongebreideld losbars, dat daar nie slegs in die geheim nie, maar ook hier in die forum tussen die banke self moorde gepleeg sal word, hier voor u voete, regters, ja voor u regterstoel, Marcus Fannius.

13. Wat anders word immers met hierdie verhoor gepoog as dat moord straffeloos gepleeg mag word? Die aanklaers is hulle wat my kliënt se besittinge met geweld ingepalm het, die verweerder is hy aan wie hulle niks behalwe rampspoed oorgelaat het nie; aanklaers is hulle tot wie se voordeel dit was dat Sextus Roscius se vader vermoor word, verweerder is hy vir wie die dood van sy vader nie alleen droefheid nie, maar ook armoede gebring het; aanklaers is hulle wat vuriglik begeer het om juis my kliënt te vermoor, verweerder is hy wat onder beskerming na hierdie einste verhoor gekom het om nie hier op dieselfde plek waar hy staan voor u oë neergevel te word nie; aanklaers, ten slotte, is hulle vir wie die volk voor die gereg daag, verweerder is hy wat as enigste oorblywende van daardie manne se goddelose moord, nog lewe.

14. Sodat u makliker kan besef, regters, dat die werklike gebeure nog skandeler is as wat ek hier sê, sal ek aan u uiteensit hoe die saak van die begin af verloop het. U sal dan beter in staat wees om sowel die elendes van hierdie totaal onskuldige man as die vermetelheid van die aanklaers, asook die rampsalige toestand van ons staat in te sien.

VI

15. Sextus Roscius, 'n burger van die vrystad⁵ Ameria en vader van my kliënt hier, was enersyds deur geboorte, adel en vermoë ongetwyfeld die mees vooraanstaande man, nie alleen van sy eie vrystad nie, maar ook van die streek rondom, en andersyds hoog in aansien deur die guns en gasvriendskap van manne uit die hoogste adel. Want hy het nie alleen gasvriendskap gedeel met die Metelli⁶, die Servilii en die Scipione nie, maar ook gesellige huislike verkeer — ek noem hierdie families, soos dit hoort, vanweë hulle aansien en waardigheid. Van al sy



DIE FORUM

ROMANUM

(gerekonstrueer)

1. Die curia (senaatshuis)
2. Die boog van Septimius Severus
3. Die basilica Aemilia
4. Basilica van Maxentius en Konstantyn die Grote
5. Tempel van Antoninus en Faustina

6. Die Colosseum
7. Tempel van Romulus
8. Tempel van Venus
9. Tempel van Julius Caesar
10. Die boog van Titus

11. Die huis van die Vestaalse maagde
12. Ou kerk van die Heilige Maria
13. Die Palatynse heuwel
14. Tempel van Augustus
15. Tempel van Vesta

16. Tempel van Castor en Pollux
17. Basilica Julia
18. Die suil van Foca
19. Die rostra
20. Via Sacra
21. Tempel van Saturnus

voorregte het hy dus slegs hierdie verbintenis aan sy seun nagelaat. Want rowers uit eie familie het sy erfgoed met geweld aan hom ontruk en hou dit tans in hulle besit, terwyl die naam en lewe van die onskuldige seun deur sy vader se gashere en vriende verdedig word.

16. Aangesien die vader altyd 'n ondersteuner van die party van die adelstand was, het hy ten tye van die heel onlangse oproerigheid, toe die aansien en veiligheid van alle edelliede aan uiterste gevaar blootgestel was, daardie party en hul saak meer as die ander in daardie omstreke met toewyding, ywer en gesag verdedig. Hy het dit immers as reg beskou om te veg vir die eervolle posisie van diegene aan wie dit te danke was dat hyself as 'n hoogsgeëerde man onder sy eie mense gereken is. Nadat die oorwinning beslis is en ons die wapen neergelê het, was hy dikwels in Rome en het hy hom daagliks in die forum bevind waar hy voor die oë van almal verkeer het, terwyl die voëlvryverklaring en gevangeneeming van diegene wat as teenstanders beskou is, in alle geweste aan die gang was. Gevolglik het hy eerder uitgelate voorgekom oor die oorwinning van die adelstand, as bang dat een of ander ramp hom ten gevolge daarvan sou oorval.

17. Daar het 'n ou vyandskap bestaan tussen hom en twee Roscii van Ameria. Een van hulle sien ek daar sit op die banke van die aanklaers, en die ander een, hoor ek, hou drie van die aangeklaagde se landgoedere in sy besit. As die ou Roscius maar net so op sy hoede kon gewees het teen hierdie vyandskap as wat hy dit gevrees het, sou hy nou nog geleef het. En, regters, sy vrees was voorwaar nie sonder grond nie. Want daardie twee Titus Rosciusse (een van hulle se bynaam is Capito, en die een hier teenwoordig, word Magnus genoem) is mense wat ek soos volg kan beskryf: die eerste een staan bekend as 'n ervare en befaamde swaardvegter met talryke oorwinnings op sy kerfstok; die een hier het hom egter onlangs by eersgenoemde aangesluit om deur hom afgerig te word, en hoewel hy voor hierdie laaste geveg, sover ek weet, 'n nuweling in dié praktyk was, het hy selfs sy leermeester maklik die loef afgesteek in misdadigheid en vermetelheid.

VII

18. Terwyl die jong Sextus Roscius, my kliënt hier, hom in Ameria bevind het, was Titus Roscius, die man daar, egter in Rome; terwyl hierdie seun voortdurend op die landgoedere gebly, en hy hom na sy vader se wens aan die bestuur van die eiendom en die landelike lewe toegewy het, was Titus Roscius daarteenoor dikwels in Rome. Onder dié wyl word vader Sextus Roscius by sy terugkeer van 'n dinee af, naby die Palla-

cynse⁷ baddens in Rome vermoor. Ek hoop dat dit juis uit hierdie uiteensetting duidelik blyk op wie die verdenking van die misdaad val. Maar as die verloop van die saak self nie die omstandigheid wat tot nog toe bloot agterdog verwek, glashelder opklaar nie, dan moet u my kliënt as medepligtig aan die misdaad verklaar.

19. Na die moord op Sextus Roscius bring 'n sekere Mallius Glaucia, 'n behoeftege oud-slaaf en afhanklike huisgenoot van Titus Roscius hier teenwoordig, eerste die nuus daarvan na Ameria. Hy bring dit egter nie na die huis van die vermoorde se seun nie maar na dié van Titus Capito, die vermoorde se persoonlike vyand. En hoewel vader Roscius na seweur die aand vermoor is, het hierdie boodskapper al by die eerste môre-skemering in Ameria aangekom. In tien kort nagtelike ure het hy per koets oor die ses-en-vyftig myl gevlieg, nie slegs om die gretig verlangde nuus eerste aan die vermoorde se vyand te bring nie, maar ook om die bloed van Capito se vyand so vars moontlik en klewend aan die moordwapen wat 'n kort rukkie tevore uit die lyk getrek was aan hom te toon.

20. Op die vierde dag na hierdie gebeurtenisse word die saak aan Chrysogonus in Sulla se kamp by Volaterrae⁸ gerapporteer. Hulle wys hom op die omvang van die vermoë en maak hom attent op die kwaliteit van die landgoedere (want vader Roscius het dertien plase wat byna almal aan die Tiber grens, nagelaat), asook op my kliënt se hulpeloosheid en verlatenheid. Hulle wys daarop dat aangesien my kliënt se vader, Sextus Roscius — so 'n gesiene en geliefde persoon — sonder moeite vermoor is, hierdie argelose, landelik-eenvoudige man wat in Rome onbekend is, doodmaklik uit die weg geruim kan word; hulle belowe hulle hulp daartoe. Om u nie langer op te hou nie, regters, 'n verbond word gesluit.

VIII

21. Toe daar reeds geen sprake meer was van 'n proskripsie nie, toe selfs diegene wat voorheen bang was al teruggekeer, en reeds gedink het dat hulle al die gevare agter die rug het, word die naam van Sextus Roscius, 'n baie ywerige voorstander van die party van die adel, op die proskripsielyste geplaas. Chrysogonus word die koper van die vermoë; drie landgoedere, en wel die bestes, word met volle eiendomsreg aan Capito oorgedra, en hy besit hulle vandag nog; Titus Roscius hier lê beslag op al die ander rykdomme — soos hy self beweer, in naam van Chrysogonus.

22. Ek weet met sekerheid, regters, dat al hierdie dinge sou diewete van Lucius Sulla gebeur het. En dis immers ook geen wonder nie! Daar Sulla besig is om tegelykertyd sowel die foute van die verlede te herstel, as om spoedeisende voorbereidings vir die toekoms te tref, en hy alleen die planne vir die totstandbring van vrede en die mag om oorlog te voer in sy hand hou; daar almal hulle blik net op een man rig, en een man alles bestuur; daar hy op verskillende punte besig gehou word deur soveel en sulke groot verpligtinge dat hy nie vry kan asemhaal nie, is dit mos geen wonder as hy iets nie opgemerk het nie. Veral omdat daar so baie mense is wat die tye wanneer sy aandag volledig in beslag geneem is in die oog hou, en die geleentheid af wag om iets in die trant van hierdie saak op tou te sit sodra hy wegkyk. Hierby kom nog dit: al is Sulla hoe gelukkig — soos hy inderdaad is — niemand kan egter so algeheel gelukkig wees dat hy in so 'n groot huishouding geen enkele skelm slaaf of vrygelatene het nie.

23. Intussen kom hierdie Titus Roscius, voortreflike man wat hy is, as saakgelastigde van Chrysogonus na Ameria, en neem met geweld my kliënt se plase in besit. Hy smyt hierdie ongelukkige man wat oorstelp is van droefheid en nog nie eers al die pligpleginge vir sy vader se begrafnis vervul het nie, kaalgestroop uit sy huis en verdryf hom hals oor kop, regters, van sy vaderlike haard en huisgode, en word self die baas van die reusagtige vermoë. Die man wat met sy eie besittinge 'n allerka-rigste bestaan gevoer het, was, soos dit gewoonlik gebeur, verkwistend met 'n ander man se goed: baie artikels het hy openlik na sy eie huis weggedra, nog meer het hy heimelik weggekaap, 'n groot hoeveelheid het hy kwistig en vrygewig aan sy handlangers geskenk, en die res verkoop op 'n veiling wat deur hom gereël was.

IX Hierdie optrede was in die oë van Ameria se inwoners so skandalig dat 'n geweene en gejammer dwarsdeur die stad ontstaan het. Want baie gebeurtenisse het tegelykertyd voor hul oë afgespeel: die grusame moord op die uiters welvarende Sextus Roscius; die smadelike armoede, daarenteen, van sy seun, aan wie daardie skurkagtige rower selfs nie eers toegang tot die familiegraf oorgelaat het uit so 'n groot vermoë nie; die skandalige aankoop van die goedere, die inbeslagneming daarvan, die diefstalle, die rowerye, die skenkings. Daar was niemand wat nie sou verkies het dat alles eerder in vlamme moes opgaan, as om vir Titus Roscius te sien pronk en baasspeel op die eiendom van Sextus Roscius, die so voortreflike en agtenswaardige mens nie.

25. Derhalwe is daar onmiddellik 'n dekreet van die stadsbestuur⁹ uitgevaardig: die tien afdelingshoofde sou na Sulla afreis en hom inlig oor welke soort man Sextus Roscius was; hulle sou kla oor hierdie mense se misdadigheid en ongeregtighede, en hom smeek om in te willig om sowel die goeie naam van die gestorwene as die vermoë van die onskuldige seun te red. En neem nou kennis, vra ek u, van die presiese bevoording van die dekreet. DEKREET VAN DIE STADSBESTUUR¹⁰. Die gesante kom in die kamp aan. Almal is bewus daarvan, regters, soos ek reeds voorheen gesê het, dat hierdie misdrywe en skanddade sonder Lucius Sulla se wete gepleeg is. Chrysogonus stap immers dadelik in eie persoon na die afgesante en vaardig ook manne uit die adel af om hulle te versoek om nie na Sulla te gaan nie, en om te belowe dat hy wat Chrysogonus is al hulle wense sou vervul.

26. Dié kêrel het egter so bang geword dat hy eerder sou wou sterf as dat Sulla oor hierdie dinge ingelig word. Omdat hierdie manne van die ou stempel hulle verbeel het dat die res van die mensdom net so karaktervas as hulle self is, het hulle vir Chrysogonus geglo toe hy hulle verseker dat hy Sextus Roscius se naam van die proskripsielyste sou skrap en die plase ontruim aan die seun sou oorhandig. Des te meer het hulle hom geglo toe Titus Roscius Capito wat een van die tien afgesante was, dit ook nog in sy eie naam belowe. Sonder om hulle klag voor te dra, het hulle na Ameria teruggekeer. Eers het daardie skurke die aangeleentheid begin uitstel deur dit elke dag na die volgende dag te verskuif. Daarna het hulle effens aстранter¹¹ geword, niks gedoen nie en 'n bedrieglike spel gespeel. Uiteindelik, en dit is lig te verstane, het hulle die lewe van my kliënt Sextus Roscius begin bedreig, want hulle het gemeen hulle kon nie langer die vermoë van 'n ander man behou as die eienaar daarvan ongedeerd bly nie.

X

27. Net toe my kliënt dit bemerk, het hy op advies van sy vriende en familieleden na Rome gevlug en hom begewe na die huis van Caecilia¹², die suster van Nepos en dogter van Balearicus — ek noem haar om haar eer aan te doen — met wie sy vader goed bevriend was. In hierdie vrou, regters, bly daar selfs vandag nog spore oor van die oud-Romeinse pligsbesef, om as 't ware as 'n voorbeeld te dien. So het almal haar nog altyd beoordeel. Sy het vir Sextus Roscius in sy nood as uitgeworpene uit sy huis en verdryf van sy besittinge en vlugtend voor die wapens en dreigemente van die rowers, in haar huis opgeneem, en hulp gebring aan haar oorrompelde gas aan wie se lot almal reeds gewanhoop het. Te danke aan haar moed, lojaliteit en waaksaamheid het dit gebeur dat

hierdie man lewend op die lys van aangeklaagdes geplaas is, en nie nadat hy vermoor is op die proskripsielyste nie.

28. Nadat hierdie mense immers tot die besef gekom het dat Sextus Roscius se lewe met uiterste sorg bewaak word en dat daar vir hulle geen geleentheid gegun word om 'n moord te pleeg nie, het hulle 'n plan vol misdadigheid en astrantheid aanvaar, naamlik, om my kliënt van vadermoord aan te kla. Vir daardie doel sou hulle 'n ervare aanklaer verkry wat in 'n saak waarin daar geen gronde vir verdenking aanwesig was nie, tog een of ander relevante aanklag sou kon formuleer. Kortom, daar hulle dit nie met 'n gegronde beskuldiging kon regkry nie, sou hulle die tydsomstandighede as wapen gebruik. Hierdie mense het soos volg geredeneer: "Omdat daar so lank reeds geen prosesse meer plaasgevind het nie, behoort die man wat eerste voor die hof gedaag word, veroordeel te word. Hierdie man sal egter vanweë Chrysogonus se invloed, geen beskermers vind nie. Oor die verkoop van die goedere en oor die verbond sal niemand 'n woord rep nie. Juis vanweë die woord 'vadermoord' en die afgryslikheid van die aanklag sal dit gebeur dat dié man sonder enige moeite uit die weg geruim sal word aangesien niemand hom sal verdedig nie."

29. Deur hierdie plan, of liewer, aangedryf deur hierdie waansin, het hulle die man wat hulle self nie kon vermoor nie, ofskoon hulle graag wou, aan u uitgelewer om deur u verwurg te laat word.

XI

Waaroor sal ek eerste kla, regters, of van welke punt af sal ek liewers begin, of watter hulp sal ek vra en by wie? Sal ek die troue beskerming van die onsterflike gode afsmeek, of die Romeinse volk s'n, of u s'n, u wat tans die hoogste gesag uitoefen?

30. Die vader is op goddelose wyse vermoor, sy huis deur persoonlike vyande beset, sy besittinge afgeneem, ingepalm, geplunder; sy seun se lewe is onveilig gemaak, herhaaldelik deur swaard en hinderlaag bedreig! Welke vorm van vergryp sien u, wat nie onder die menigvuldige wandade van hierdie manne voorkom nie? Nogtans vergroot en vermeerder hulle hierdie wandade met ander goddelose vergrype; hulle versin 'n ongelooflike beskuldiging en skaf met my kliënt se eie geld getuies en aanklaers teen hom aan; hulle stel aan die ongelukkige man dié voorwaarde: hy moet kies of hy liewer sy nek aan Titus Roscius wil bied, en of hy toegenaai in 'n leersak¹³ sy lewe onder die grootste skande wil verloor. Hulle het gedink hierdie man sal geen verdedigers hê nie. Verdedi-

gers ontbreek inderdaad, maar iemand wat rondborstig pleit en die verdediging met vertroue waarneem – en dit is voldoende in hierdie saak – ontbreek hier gewis nie, regters.

31. En miskien is ek deur my jeug aangedryf, en het ek vermetel gehandel deur hierdie saak te onderneem. Maar aangesien ek dit nou eenmaal onderneem het, sal ek my kliënt help en bystaan, al sou, by Hercules, alle bedreigings en verskrikkings, en alle gevare van alle kante af oor my hang. Dit is my vaste besluit om alles wat na my mening betrekking het op die saak, nie alleen te sê nie, maar ook om dit met graagte, stoutmoedig en rondborstig te sê. Geen aangeleentheid, regters, sal na vore kom, wat so gewigtig is dat vrees groter mag op my kan uitoefen as pligsbesef nie.

32. Wie is immers so onverskillig dat hy, wanneer hy hierdie dinge sien, kan swyg en dit verontagsaam? “Julle het my vader vermoor hoewel hy nie voëlvry verklaar was nie; na hy vermoor is het julle hom op die lys van voëlvryverklaardes geplaas; vir my het julle met geweld uit my huis gejaag, my erfgoed hou julle in besit. Wat wil julle nog meer? Het julle met swaard en dolke selfs tot by die regtersbanke gekom om my hier òf te vermoor òf te laat veroordeel?”¹⁴

XII

33. Onlangs het ons in ons staat vir Gaius Fimbria¹⁵ gehad, verreweg die allerbrutaalste man, en ook die kranksinnigste – en dit staan by almal vas behalwe by diegene wat ook self kranksinnig is. Hy het by die begrafnis van Gaius Marius daarvoor gesorg dat Quintus Scaevola¹⁶, die eerbiedwaardigste en voortreflikste man van ons staat, gewond is. Maar dit is nie hier die geleentheid om veel oor die lof van laasgenoemde te sê nie, trouens daar kan ook nie meer gesê word as wat die Romeinse volk self in sy herinnering bewaar nie. Nadat hy verneem het dat Scaevola kon oorleef, het Fimbria hom voor die hof gedaag. Toe aan hom gevra word waarvan hy Scaevola, 'n man wat in verhouding tot sy aansien deur niemand paslik genoeg geprys kon word nie, dan tog sou aankla, het die vent, kranksinnig soos hy was, na bewering geantwoord: “Die feit dat hy nie die volle lengte van die dolk in sy liggaam laat steek het nie”. Nog nooit het die Romeinse volk al iets onwaardiger as dit beleef nie, behalwe die dood van hierdie einste Scaevola, wat so 'n diep indruk gemaak het dat almal ten seerste oorweldig en bedroef is daardeur; diegene wat hy deur 'n versoening wou red, deur hulle is hyself om die lewe gebring.

34. Is ons geval hier nie in woord en daad presies dieselfde as die van Fimbria nie? Julle kla Sextus Roscius aan? Waarom so? Omdat hy uit julle hande ontglip het, omdat hy nie toegelaat het dat hy vermoor word nie. Fimbria se misdaad lyk afskuweliker omdat dit teen Scaevola gepleeg is; hierdie een moet nie geduld word nie omdat dit deur Chrysogonus begaan word. Want, by die onsterflike gode, wat is daar in hierdie saak wat verdediging nodig het? Welke punt vereis die talent van 'n advokaat, of het die welsprekendheid van 'n redenaar in 'n hoë mate nodig? Laat ons, regters, die hele saak uiteensit en dit met die uiteensetting voor oë, kalm oorweeg. So sal u baie maklik insien watter kwessie die kern van die hele proses uitmaak, oor welke punte ek moet praat, en wat u in die oog behoort te hou.

XIII

35. Sover ek kan oordeel, is daar drie dinge wat op die oomblik vir Sextus Roscius in die weg staan: die beskuldiging van sy teenstanders, hul vermetelheid en hul mag. Die aanklaer Erucius het dit op hom geneem om die beskuldiging te versin; die rol van die vermetelheid het die Roscii vir hulleself opgeëis; Chrysogonus, die een wat die meeste vermag, veg egter met die wapen van sy mag. Ek begryp dat ek oor al hierdie dinge moet praat.

36. Hoe moet ek dit dan doen? Ek sal nie op dieselfde uitvoerige wyse oor alles praat nie. Die eerste punt behoort immers tot my taak, maar die ander twee is deur die Romeinse volk aan u opgedra. Ek moet die beskuldiging ontsenu; u plig is om weerstand te bied teen die vermetelheid van hierdie soort mense, en om hulle verderflike en ondraaglike mag so spoedig moontlik uit te doof en te onderdruk.

37. Sextus Roscius word daarvan beskuldig dat hy sy vader vermoor het. 'n Misdadige en goddelose daad, o onsterflike gode, en een van so 'n aard dat allé ander misdade in hierdie een eweldaad saamgevat skyn te wees! Want – en dit word voortreflik deur wysgere gestel – indien kinderliefde dikwels bloot deur 'n gesigsuitdrukking gekrenk word, watter straf sal dan gevind word wat swaar genoeg is vir die seun wat sy vader doodgemaak het, daar goddelike en menslike wette hom die verpligting opgelê het om self in sy vader se plek te sterf indien die omstandigheid dit sou vereis?

38. Van welke bewysgronde meen jy dan wel, Gaius Erucius, behoort 'n aanklaer hom te bedien by hierdie enorme, so afskuwelike en uitsonderlike wandaad wat in die verlede so selde voorgekom het dat wanneer

mense daarvan gehoor het, hulle dit as iets soos 'n skrikwekkende wonder- en ongeluksteken beskou het? Behoort hy nie die aangeklaagde se buitengewone roekeloosheid, sy wilde sedes, sy onmenslike karakter en sy lewe wat aan alle ondeugde en skanddade oorgegee is aan te toon nie? Kortom, behoort hy nie aan te toon dat alles aan die beskuldigde tot verderwens toe vuig en gemeen is nie? Van hierdie dinge het jy niks, selfs nie eers by wyse van verwyd teen Sextus Roscius ingebring nie.

XIV

39. Sextus Roscius het sy vader vermoor. Wat se soort mens is hy? 'n Verdorwe en nikswerd jongman wat deur mense verlei is? Hy is meer as veertig jaar oud. Natuurlik is hy dan 'n gesoute sluipmoordenaar, 'n roekelose man, en een wat dikwels in doodslag verwickel was. Maar u het gehoor dat selfs dit nie eers genoem is deur die aanklaer nie. Ontteenseglik, dus, het sy sug na weelde en die omvang van sy skulde en sy ongebreidelde hartsbegeertes die man tot hierdie misdaad gedryf. Wat weeldesug betref, daarvan het Erucius hom vrygespreek toe hy gesê het dat my kliënt byna nooit selfs by 'n feesmaal teenwoordig was nie. Verder, hy het nooit iets geskuld nie. Dan verder, watter begeertes kan daar in 'n man wees wat, soos die aanklaer hom dit self verwyd het, altyd op die platteland gewoon en sy lewe in die landboubedryf deurgebring het? So 'n lewenswyse staan in die hoogste mate los van hartstog, maar is nou verbonde met pligsbesef.

40. Welke beweegrede het dus daardie ontsaglike waansin by Sextus Roscius veroorsaak? "Sy vader", sê die aanklaer, "het nie van hom gehou nie". Sy vader nie van hom gehou nie? Om welke rede? Immers, die rede daarvoor moes noodwendig gegronde en gewigtig en baie duidelik gewees het. Want net soos dit ongelooflik is dat die seun sy vader doodgemaak het sonder talryke en baie groot redes, so is dit onwaarskynlik dat die vader die seun gehaat het sonder vele, belangrike en dringende oorsake.

41. Laat ons derhalwe weer na dieselfde punt terugkeer en die vraag stel wat dan die so ernstige karaktergebreke in die enigste seun was waardeur hy sy vader mishag het. Maar dit is baie duidelik dat daar geen enkele was nie. Dus was die vader kranksinnig, omdat hy die kind wat hy verwek het, sonder rede gehaat het? Maar dié vader was ongetwyfeld die mees besonne van alle mense. Daarom is dit inderdaad reeds volkome duidelik dat as die vader nie kranksinnig was, en die seun ook nie verdorwe nie, die vader geen rede gehad het om te haat, en die seun ook geen rede om die misdaad te pleeg nie.

XV

42. ‘‘Ek weet nie’’, sê die aanklaer, ‘‘wat die rede vir die haat was nie, maar dat die haat bestaan het, lei ek af uit die feit dat hy vroeër toe hy nog twee seuns gehad het, wou hê dat die ander een wat nou dood is deurentyd by hom moet wees, terwyl hy hierdie een na sy landgoedere verban het’’. Dieselfde ding wat Erucius met sy slegte, beuselagtige aanklag ondervind het, ervaar ek nou met my baie goeie saak. Die man kon nie uitvind hoe hy sy versinde aanklag moes verstewig nie, en ek kan nie ontdek hoe ek sulke onbeduidende bewerings moet ontsenu en weerlê nie.

43. Wat sê jy, Erucius? Was dit om sy seun te verban en te straf dat Sextus Roscius soveel plase, so pragtig en so vrugbaar, aan hom toevertrou het om te bewerk en te bestuur? Wat? Beskou huisvaders wat kinders het, veral manne van die stand uit landelike vrystede, dit dan nie juis as uiters gewens dat hul seuns geheel en al in diens staan van die familiebesit en hul aandag en ywer volledig aan die bewerking van die plase bestee nie?

44. Of het hy dalk my kliënt van hom af weggestuur met dien verstande dat hy op die platteland sou bly en slegs sy kos by ’n plaashuis sou kry, maar van alle ander geriewe verstoke sou wees? Wat? As dit vasstaan dat my kliënt nie slegs aan die hoof van die eksploitering van die plase gestaan het nie, maar gewoonlik, toe sy vader nog gelewe het, die vruggebruik van bepaalde stukke grond gehad het, sal jy dan, desnieteenstaande, hierdie landelike lewe van hom ’n verbanning en weg-stuur na die platteland noem? Jy sien, Erucius, hoe ver jou bewysvoering van die werklikheid en die waarheid af staan. Iets wat ons vaders volgens gebruik doen, dit keur jy af as iets ongewoons; wat uit welwillendheid geskied, dit laster jy as deur haat tot stand gebring; wat die vader aan sy seun toegestaan het om hom eer te betoon, dit, sê jy, het hy gedoen om hom te straf.

45. En jy is ook nie onkundig omtrent hierdie dinge nie, maar dit ontbreek jou dermate aan iets om as beskuldiging aan te voer, dat jy meen jy moenie alleen óns weerspreek nie, maar ook die natuurlike loop van dinge, die gewoonte van mense en die sienswyse van iedereen.

XVI

Maar, sal jy sê, toe hy nog twee seuns gehad het, het hy die een nie van hom af weggestuur nie, en toegelaat dat die ander een op die platteland bly. Ek versoek jou, Erucius, om dit wat ek nou gaan sê in ’n goeie

gees op te neem, want ek gaan dit nie sê om jou te verwyt nie maar om jou aan iets te herinner.

46. As die noodlot dit nie aan jou gegun het om uit 'n wettige vader¹⁷ gebore te word, van wie jy kon leer wat 'n vader se gevoel teenoor sy kinders is nie, het die natuur jou dit tog stellig gegun om 'n ruim mate van menslikheidsgevoel te hê. Daarby het jou ywerige strewe na geleerdheid gekom, sodat jy nie 'n vreemdeling op die gebied van die letterkunde is nie. Om nou na toneelstukke te kom: dink jy werklik dat die ou man in daardie stuk van Caecilius¹⁸ minder gehou het van sy landbouerseun, Eutychus, as van die ander een, Chaerestratus – want dít is tog sy naam, glo ek – en dat hy die een in die stad by hom gehou het om hom eer aan te doen, en die ander een na die platteland verban het om hom te straf?

47. “Waarom dwaal jy af na sulke onsinnighede”, sal jy sê. Asof dit inderdaad vir my moeilik sou wees om soveel mense as wat jy wil by name te vermeld – en om nie te ver af te dwaal nie, sommer uit my stam of bure – wat begeer dat hul kinders van wie hulle die meeste hou ywerige boere moet wees. Maar dit is onaangenaam om mense wat aan ons bekend is as voorbeelde te neem. Want enersyds is dit onseker of hulle in die openbaar genoem sou wil word, terwyl niemand, andersyds, aan julle meer bekend sou wees as wat hierdie Eutychus is nie. Bowendien maak dit vir die saak gewis geen verskil of ek hierdie jongman uit die komedie, of iemand uit die land van Veii¹⁹ as voorbeeld noem nie. Want ek meen hierdie dinge is deur die digters uitgedink sodat ons ons eie sedes, afgebeeld in vreemdelinge, en 'n duidelik beeld van ons daaglikse lewe kan aanskou.

48. Kom nou, vestig asseblief jou aandag op die werklikheid en oorweeg watter soorte werk, nie alleen in Umbrië en omgewing nie, maar ook hier in ons ou vrystede die meeste deur huisvaders geprys word. Gewis sal jy dadelik besef dat jy by gebrek aan beskuldigingsgronde vir Sextus Roscius hoogste roem as 'n fout en misdryf toegereken het.

XVII En kinders doen dit nie slegs omdat hulle vaders dit verlang nie, maar ek ken uiters baie mense – en as ek my nie vergis nie ook een en elk van julle – wat self vurig belangstel in alles wat die landbou aangaan, en wat hierdie landelike lewe wat na jou mening tot skande en beskuldiging behoort te strek, as baie eerbaar en uiters aangenaam beskou.

49. Wat meen jy, welke belangstelling en kennis lê juis ons Sextus Roscius in landbou-aangeleenthede aan die dag? Na ek van sy verwante hier verneem – en hulle is uiters gesiene mense – is jy nie slimmer in jou aanklaersberoep as hy in sy beroep nie. Maar aangesien Chrysogonus dit goetvind om aan hierdie man geen enkele landgoed oor te laat nie, sal dit na my mening vir hom toegelaat word om sy vakkennis te vergeet en sy belangstelling te laat vaar. Hoewel dit beklagenswaardig en onverdiend is, sal hy dit nogtans met gelatenheid verduur, regters, indien hy deur u toedoen sy lewe en goeie naam kan red. Dié toestand is egter nie te verduur nie as hy in hierdie ramp beland het vanweë die voortreflikheid en die groot aantal van sy landgoedere, en dit hom dan tot die grootste nadeel moet strek omdat hy hulle ywerig bewerk het. Die feit dat hy hulle vir ander bewerk het en nie vir homself nie, sal vir hom nie genoeg ellende beteken tensy die feit dat hy hulle hoegenaamd bewerk het ook as 'n beskuldiging dien nie. En dit is wat die aanklaers beoog.

XVIII

50. Voorwaar, Erucius, jy sou 'n bespotlike aanklaer gewees het as jy in die tye gebore was toe manne van die ploeg²⁰ af weggehaal is om konsuls gemaak te word. En inderdaad sou jy wat dit as 'n skande beskou om aan die hoof van landboubedrywighede te staan, gewis die beroemde Atilius²¹ wat deur die manne wat na hom gestuur was, aangetref is waar hy die saad met eie hand strooi, as 'n baie skurkagtige en algeheel eerlose man aangesien het. Maar, by Hercules, ons voorouers het baie anders geoordeel oor daardie man en manne van sy slag, en op daardie wyse het hulle 'n ontsaglike en uiters bloeiende staat uit 'n allerkleinste en baie swak staatjie opgebou en aan ons oorgelewer. Hulle het immers hulle eie landerye ywerig bewerk en nie gierig na ander s'n gestrewe nie. Daarmee, en met grondgebiede en stede en nasies het hulle ons staat en die militêre gesag en roem van die Romeinse volk laat toeneem.

51. En ek voer nie hierdie dinge aan met die doel dat ons dit vergelyk met dié sake waaroor ons tans ondersoek instel nie, maar dat ons die volgende moet begryp: aangesien daar by ons voorouers van die mees hooggeplaaste en deurlugtigste manne was wat deurentyd aan die roer van staatsake behoort te gesit het, maar nogtans ook 'n bietjie aandag en tyd aan die landbou bestee het, moet my kliënt wat erken dat hy 'n landman is, vergewe word omdat hy altyd sonder onderbreking op die platteland gewoon het. Veral moet hy vergewe word omdat daar niks was wat sy vader groter genoeë verskaf het, of wat vir homself heerliker of inderdaad eervoller kon wees om te doen nie.

52. Die verterende haat van die vader teenoor sy seun, word na my mening, Erucius, dus aangetoon op grond van die feit dat hy my kliënt toegelaat het om op die platteland te bly. 'n Ander rede is daar tog nie? 'Ja seker, daar is'', antwoord jy, 'want die vader was van plan om die seun te ontferf'. Ek hoor; nou sê jy iets wat op die saak betrekking het. Want ek meen jy gee ook toe dat dit onbenullig en dwaas is om die volgende te beweer: 'Hy het nooit saam met sy vader na feesmale toe gegaan nie''. Natuurlik nie, omdat hy 'n man was wat nie eers na sy provinsiestad gegaan het, behalwe by hoë uitsondering nie. 'Byna nooit'', sê jy, 'het iemand hom na sy huis toe genooi nie''. Ook geen wonder nie, want hy het nie in Rome gewoon nie, en hy was ook nie in 'n posisie om terug te nooi nie.

XIX

53. Maar ook jy sien in dat dergelike dinge beuselagtig is. Laat ons die punt beskou wat ek pas begin aanroer het: 'n sekerder bewys van haat kan geensins gevind word nie. 'Die vader was van plan om sy seun te ontferf'. Ek los dit maar om te vra om welke rede; ek vra slegs hoë jy dit weet. Trouens, jy moes tog alle redes vermeld en opgenoem het, en dit was tog die plig van 'n betroubare aanklaer wat so 'n enorme misdaad moes bewys, om al die ondeugde en vergrype van die seun uit-een te sit waardeur die verbitterde vader homself daartoe kon bring om sy natuurlike gevoel self te oorwin, om daardie diep ingewortelde liefde uit sy hart te ban, kortom, om te vergeet dat hy 'n vader is. Hierdie dinge, glo ek, kon nooit gebeur het sonder groot vergrype van my kliënt nie.

54. Maar ek gun dit jou om dergelike redes onvermeld te laat, redes wat jy toegee nie bestaan nie, wanneer jy daaroor swyg. Maar daardie bewering dat die vader die seun wou ontferf, is jy verplig om te verduidelik. Wat voer jy dus aan waarom ons moet glo dat dit so gebeur het? Na waarheid kan jy niks sê nie. Versin dan ten minste iets aanvaarbaars sodat dit nie duidelik moet blyk dat jy doen wat jy besig is om te doen nie, naamlik om die spot te dryf met die lot van my arme kliënt en die waardigheid van hierdie uitmuntende manne. Hy wou sy seun ontferf. Om welke rede? 'Ek weet nie'. Het hy hom dan ontferf? 'Nee'. Wie het hom verbied? 'Hy het dit oorweeg'. Het hy dit oorweeg? Aan wie het hy dit gesê? 'Aan niemand nie'. Om die regspraak, die wette en u waardigheid, regters, te misbruik vir eie gewin en na eie willekeur, wat anders is dit as om 'n aanklag op hierdie wyse te lê en iets te verwyrt wat jy nie alleen nie kan staaf nie, maar dit ook nie eers probeer doen nie?

55. Daar is niemand van ons, Erucius, wat nie weet dat daar geen vyandskap tussen jou en Sextus Roscius bestaan nie. Almal sien waarom jy hier as sy vyand optree; hulle weet dat my kliënt se geld jou aangetrek het. Hoe staan die saak dus? Jy moes ten minste op so 'n wyse na gewin gesmag het dat jy ook sou aanneem dat die aansien van hierdie regters en die wet Remmia²² iets werd moet wees.

XX

56. Dit is nuttig dat daar baie aanklaers in die staat is, sodat roekeloosheid deur vrees in bedwang gehou kan word. Maar dan is dit slegs nuttig op voorwaarde dat ons nie openlik deur aanklaers vir die gek gehou word nie. Iemand is onskuldig, maar tog, ofskoon hy in geen misdaad betrokke is nie, staan hy nogtans nie buite verdenking nie. Hoewel dit betreurenswaardig is, sou ek tog die persoon wat so iemand aankla op 'n manier kon verskoon. Daar hy immers iets het wat hy ter beskuldiging en verdagmaking kan sê, lyk dit tog nie of hy openlik die gek skeer en bewustelik valse aanklagte lê nie. Derhalwe verdra ons dit almal gewillig dat daar soveel as moontlik aanklaers is, omdat die onskuldige vrygespreek kan word indien hy aangekla is, terwyl die skuldige nie veroordeel kan word tensy hy aangekla is nie. Dit is egter voordeliger dat 'n onskuldige vrygespreek word, as dat 'n skuldige nie aangekla word nie. Vir die ganse²³ op die Capitolium word daar volgens kontrak voedsel op staatskoste gelew, en honde word daar gevoer om alarm te maak as daar diewe kom. Hulle kan egter nie diewe uitken nie, maar maak tog alarm as mense snags op die Capitolium kom, en omdat die aanwesigheid van mense verdag is, maak hulle, hoewel hulle diere is, liever 'n fout in die rigting van groter versigtigheid. En as die honde ook bedags blaf wanneer mense kom om hulde te bringaan die gode, dan, meen ek, moet hulle bene gebreek word omdat hulle kwaai is ook wanneer geen verdaggronde bestaan nie.

57. Die geval van aanklaers is presies dieselfde. Sommige van julle is die ganse wat slegs snater en nie skade kan doen nie, terwyl ander die honde is wat sowel kan blaf as kan byt. Aan julle, sien ons, verskaf mense voedsel; julle moet egter diegene wat verdien om aangeval te word, eerste aanval. Dit is waarvan die volk die meeste hou. Daarna, wanneer die waarskynlikheid bestaan dat iemand 'n misdryf begaan het mag julle, as julle wil, bloot op verdenking blaf; ook dit kan 'n mens julle gun. As julle egter so te werk gaan dat julle iemand beskuldig van vadermoord en nie kan sê waarom of hoe nie, en dan sonder grond tot verdenking maar net aan die blaf gaan, sal weliswaar niemand julle bene breek nie, maar as ek hierdie regters goed ken, sal hulle daardie letterteken²⁴ waar-

aan julle so 'n hekel het dat julle selfs alle Kalende²⁵ haat, so heftig op jul voorkop afdruk, dat julle daarna niemand anders as julle eie noodlot sal kan aankla nie.

XXI

58. Wat het jy my gegee om te verdedig, my goeie aanklaer, en wat aan die regters hier om te verdink? "Hy was bang dat hy onturf sou word". Ek hoor, maar niemand verklaar waarom hy so 'n vrees moes hê nie. "Die vader was van plan om dit te doen". Verduidelik! Daar is niks ten bewyse nie; nie met wie hy oorleg gepleeg het, aan wie hy dit meegedeel het, waarvandaan die idee by julle opgekom het om dit te vermoed nie. Wanneer jy op hierdie wyse 'n aanklag lê, Erucius, verklaar jy mos openlik soos volg: "Ek weet wat ek ontvang het, maar wat ek moet sê, weet ek nie. Ek het daardie een ding wat Chrysogonus gesê het, in aanmerking geneem, naamlik dat niemand as verdediger van hierdie man sou optree nie; dat niemand in hierdie tydsgewrig sou waag om 'n woord te rep oor die aankoop van die goedere, en oor daardie verbond nie". Hierdie onjuiste mening het jou tot daardie bedrogspul aangedryf; by Hercules, jy sou geen woord gerep het as jy gedink het iemand sou jou 'n antwoord gee nie.

59. Dit was die moeite werd, regters, om te let op hierdie man se nalatigheid by die indien van sy klag – as u dit opgemerk het. Toe hy sien welke mense op hierdie banke gesit het, glo ek, het hy navraag gedoen of hierdie of daardie een die verdediging sou waarneem. In my geval het hy nie eers 'n vermoede gehad nie, want ek het voorheen nog in geen openbare proses gepleit nie. Nadat hy uitgevind het dat geeneen van hulle wat kan pleit en dit gewoonlik doen, sou optree nie, het hy hom so ongeërg begin hou dat hy gaan sit het wanneer dit in sy gedagte opkom, daarna heen en weer geloop, en af en toe selfs sy slaaf geroep het, vermoedelik om hom 'n opdrag in verband met sy middagmaal te gee; kortom, dat hy u sitting en hierdie vergadering geminag het asof dit 'n ont-saglike verlatenheid was.

XXII

60. Uiteindelik het hy sy rede afgesluit en gaan sit. Toe het ek opgestaan. Dit het gelyk of hy weer asem haal omdat niemand anders eerder as ek sou praat nie. Ek het my pleidooi begin. Voordat ek die naam Chrysogonus genoem het, het ek opgemerk, regters, dat hy deurentyd grappies maak en hom met ander dinge besig hou. Sodra ek hom egter aangeroer het, het die kêrel hom dadelik opgerig en verbaas gelyk. Ek het besef wat hom gesteeke het. 'n Tweede en 'n derde maal het ek die naam genoem. Daarna het mense onophoudelik heen en weer gehardloop om,

glo ek, aan Chrysogonus die berig te bring dat daar iemand in die staat is wat dit gewaag het om teen sy wil in te praat; dat die saak anders loop as wat hy gedink het; dat die aankoop van die goedere aan die lig gebring, en die verbond erg verontrustend aangeval word; dat sy invloed en mag oor die hoof gesien word; dat die regters noulettend aandag gee; dat die saak vir die volk skandalig lyk.

61. Aangesien hierdie verwikkelinge jou in jou verwagting teleurgestel het, Erucius, en daar jy sien dat alles verander is en die saak ter verdediging van Sextus Roscius, indien nie na behore nie, dan tog rondborstig bepleit word; aangesien jy bemerk dat die man wat jy gereken het aan die beul uitgelewer is, hier verdedig word, en dat die manne wat jy gehoop het hom sou uitlewer, as regters optree, toon ons dan nou weer daardie ou sluheid en handigheid van jou, en erken dat jy hierheen gekom het in die verwagting en aanname dat hier 'n daad van struikrowery sou plaasvind en nie 'n regsproses nie.

62. 'n Saak wat om vadermoord gaan, word hier bepleit; die beweegrede waarom die seun die vader vermoor het, is nie deur die aanklaer verskaf nie. Wat by die kleinste oortredings en dergelyke ligtere vergrype wat veelvuldiger en amper daaglik voorkom, wel seker meestal en allereers ondersoek word, is die vraag wat die beweegrede vir die misdryf was. En dit, meen Erucius, moet in 'n geval van vadermoord nie ondersoek word nie. By hierdie soort misdaad, regters, selfs wanneer dit lyk of talryke motiewe in een rigting wys en met mekaar ooreenstem, glo die hof dit desnietemin nie op ligvaardige wyse nie. So 'n saak word ook nie geweeg by wyse van ligte gissing nie, 'n onbetroubare getuie word nie aangehoor nie, en dit word nie besleg deur die bekwaamheid van die aanklaer nie. Dit is noodsaaklik dat sowel talryke voorheen begane misdade as die uiters verdorwe lewe en buitengewone roekeloosheid van die aangeklaagde aangetoon word. En nie alleen sy roekeloosheid nie maar ook sy totale raserny en waansin. Wanneer al hierdie dinge vasstaan, moet duidelike spore van die misdaad nogtans aanwesig wees: waar, op welke wyse, deur wie, op watter tydstip die misdryf gepleeg is. As daar nie veelvuldige en duidelike spore is nie, kan 'n mens voorwaar geen geloof heg aan so 'n goddelose, so 'n afskuwelike, so 'n skandelijke daad nie.

63. Die krag van menslike gevoelens is immers groot; die bande van bloedverwantskap is baie sterk. Die natuur self protesteer luid teen vermoedens van daardie soort. Dit is die sekerste onheilsteken en voorbode

van ongeluk as iemand in menslike voorkoms en gestalte, wilde diere soseer in woestheid oortref dat hy diegene aan wie hy die aanskouing van hierdie so soete daglig te danke is, op die allerskuwelikste wyse van dié lig beroof. Want geboorte, opvoeding en die natuur self, maak ook diere op mekaar aangewese.

XIII

64. Nie so baie jare gelede nie, vertel mense, is ene Titus Caelius, 'n inwoner van Terracina²⁶ en geen onbekende man nie, nadat hy een aand geëet en saam met sy twee opgeskote seuns dieselfde kamer binnegegaan het om te gaan slaap, die volgende môre vermoor gevind. Daar geen slaaf of vrygelatene ontdek is op wie die verdenking kon val nie, en beide seuns, jonk soos wat hulle was, andersyds beweer het dat hulle selfs nie die geringste gedurende die nag bemerk het hoewel hulle digby hul vader geslaap het nie, is die seuns aangekla van vadermoord. Wat kon immers meer verdag wees? Sou nie een van die twee iets bemerk het nie? Sou iemand dit egter gewaag het om daardie kamer binne te gaan juis op die tydstip toe die twee opgeskote seuns wat maklik iets sou kon merk en weerstand bied, in dieselfde vertrek aanwesig was? Verder was daar niemand op wie die verdenking kon val nie.

65. Toe daar egter aan die regters verduidelik is dat hulle slapend gevind is met 'n oop deur, is die jongelinge deur die gereg vrygespreek en van alle verdenking onthef. Niemand het immers geglo dat daar iemand bestaan wat in staat sou wees om dadelik weer aan die slaap te raak nadat hy alle goddelike en menslike reg met 'n goddelose misdaad geskend het nie. Want mense wat so 'n enorme daad gepleeg het, kan nie alleen onbesorg rus nie, maar kan selfs nie sonder vrees asemhaal nie.

XXIV

66. Sien u dan nie hoe diegene wat, soos die digters dit aan ons oorgelewer het, hulle moeder vermoor het om hul vader te wreek²⁷ — ofskoon hulle dit na bewering nog boonop op bevel en volgens die orakels van die onsterflike gode gedoen het — nogtans deur die Furieë²⁷ gejaag, en nie toegelaat word om ooit tot rus te kom, omdat hulle selfs nie eers hulle kinderplig kon doen sonder om 'n misdaad te pleeg nie? So staan die saak, regters: die bloed van 'n vader en 'n moeder besit groot mag, sterk bindende krag en hoë heiligheid; as daaruit 'n smet opgedoen is, kan dit nie alleen nie uitgewis word nie, maar dit deurdring ook die gemoed so diep dat die ergste raserny en waansin die gevolge is.

67. U moet dus nie dink dat hulle wat iets goddeloos en misdadigs gepleeg het, deur Furieë met brandende fakkels gejaag en verskrik word

soos u dit dikwels in tragedies sien nie. Elkeen se eie vergryp en eie angsgevoel kwel hom die meeste; elkeen se eie misdaad verontrus en maak hom gek; sy eie bose gedagtes en slegte gewete verskrik hom. Vir goddeloses is hierdie dinge in hul eie gemoed die voortdurende Furieë wat dag en nag vir die ouers straf eis van hul kinders wat met misdaad be-soedel is.

68. Die ontsaglikheid van hierdie misdryf maak dat daar geen geloof geheg word aan vadermoord tensy dit feitlik onweerlegbaar aan die lig gebring word, tensy 'n verdorwe jeug van die dader, tensy 'n lewe be-soedel met alle skanddade, tensy grenslose verkwisting gepaard met skande en oneer, tensy ongebreidelde roekeloosheid en vermetelheid van so 'n omvang dat dit nie ver verskil van waansin nie, bewys kan word. Hierby moet nog kom: haat teen die vader, vrees vir die vader se tugtiging, verdorwe vriende, medepligtige slawe, 'n geskikte geleentheid en 'n plek wat vir die daad gunstig gekies is. Ek sou byna kon sê dat die regters die seun se hande wat nog met sy vader se bloed bespat is, moet sien, as hulle geloof sal heg aan so 'n enorme, so 'n onmenslike, so 'n smartlike misdaad.

69. Daarom, hoe minder geloof geheg word aan hierdie daad tensy dit blootgelê word, des te swaarder moet die straf wees as dit onomstootlik bewys word.

XXV

Ons kan dus uit baie dinge opmaak dat ons voorouers meer vermag het as ander nasies, nie alleen deur wapengeweld nie, maar ook deur wyse beplanning. Dit is miskien veral op te maak uit die feit dat hulle vir goddelose boosdoeners 'n buitengewone straf uitgevind het. Oorweeg dus in hierdie verband hoeveel verstandiger hulle was as diegene wat by die res van die wêreld as die wysste gegeld het.

70. Volgens tradisie was Athene tydens sy opperheerskappy die aller-verstandigste staat. Voorts beweer mense dat Solon²⁸ die wysste man van daardie staat was, die man wat wette geskryf het wat vandag nog in gebruik is. Toe aan hom gevra is waarom hy geen straf bepaal het vir iemand wat sy vader vermoor het nie, het hy geantwoord hy glo dat niemand dit sou doen nie. Die mense sê hy het verstandig gehandel deur geen straf te bepaal vir 'n daad wat nog nie voorheen gepleeg was nie, want so het hy verhoed dat dit sou lyk asof hy so 'n daad eerder aanstig as verhinder. Hoeveel wyser het ons voorouers nie gehandel nie! Daar

hulle ingesien het dat niks so heilig is dat roekeloosheid dit nie vroeër of later sal ontwy nie, het hulle 'n buitengewone straf vir ouermoordenaars uitgedink om diegene wat selfs deur die natuur nie binne hul plig gehou kan word nie, deur die swaarte van die straf af te skrik van so 'n misdaad. Hulle het bepaal dat ouermoordenaars lewendig in 'n leersak toegenaai²⁹, en net so in 'n rivier gegooi moes word.

XXVI

71. Wat 'n buitengewone wysheid, regters! Lyk dit dan nie asof hulle so 'n mens aan wie hulle skielik hemel, son, water en aarde ontsê het, uit die wêreld verwyder en weggeruk het met die doel dat hy wat die een uit wie hy gebore is, vermoor het, al daardie elemente waaruit alles na bewering ontstaan het, moet ontbeer nie? Hulle wou nie sy liggaam vir wilde diere gooi nie, om te voorkom dat ons dan ook te doen sou hê met diere wat deur aanraking van so 'n gruwel nog woester so word. Hulle wou nie sulke misdadigers somer so naak in 'n rivier gooi nie om te voorkom dat wanneer hulle tot die see meegevoer is, hulle die see self besoedel, wat, soos mense glo, alles wat besmet is, reinig. Kortom, daar is niks, hoe waardeloos of hoe gewoon ook al, waaraan ons voorouers aan diesulkes nog enige aandeel gelaat het nie.

72. Wat is immers so gewoon as die lug vir lewende wesens, die aarde vir die dooies, die see vir drywende liggame, en die kus vir uitgespoelde lyke? Sulke moordenaars lewe, solank hulle nog kan, op so 'n wyse dat hulle nie die hemelse lug kan inademp nie; hulle sterf op so 'n wyse dat die aarde nie hul beendere aanraak nie; hulle word op so 'n wyse deur die golwe rondgeslinger dat hulle nooit deur die seewater bespoel word nie; ten slotte word hulle op so 'n wyse uitgespoel dat hulle na hul dood selfs nie op die rotse tot rus kom nie. En jy meen, Erucius, dat jy die beskuldiging van so 'n ontsaglike misdaad, een waarvoor so 'n buitengewone straf bepaal is, voor sulke regters soos hierdie aanneemlik kan maak as jy nie eers die beweegrede vir die misdryf aangevoer het nie? Selfs as jy my kliënt voor die kopers van sy goedere sou aangekla het en Chrysogonus was voorsitter van daardie regbank, sou jy tog sorgvuldiger voorbereid moes gekom het. Besef jy dan nie wat hier bespreek word, of voor wie dit bespreek word nie?

73. Dit gaan om vadermoord, 'n misdryf wat nie sonder talle beweegredes gepleeg kan word nie; dit word behandel voor uiters wyse mense wat weet dat niemand selfs die geringste misdaad sonder 'n beweegrede pleeg nie.

XXVII Nou goed dan, jy kan nie 'n beweegrede aangee nie. Hoewel ek sonder meer die oorwinnaar behoort te wees, sal ek nogtans afsien van my reg, en in vertroue op die onskuld van my kliënt, in hierdie saak 'n toegewing aan jou maak wat ek in 'n ander saak nie sou gemaak het nie. Ek vra jou nie waarom Sextus Roscius sy vader vermoor het nie, ek vra jou hoe hy hom vermoor het. Ja, so stel ek jou die vraag, Gaius Erucius: hoe het hy dit gedoen? En ek sal so met jou handel: hoewel ék aan die woord is, sal ek aan jou geleentheid gee om my òf te antwoord, òf in die rede te val, òf, indien jy wil, my selfs te ondervra.

74. Hoe het hy hom dus vermoor? Het my kliënt self sy vader deurboor, of het hy hom aan ander gegee om doodgemaak te word? As jy homself daarvan beskuldig, antwoord ek: hy was nie in Rome nie. As jy beweer hy het dit deur ander laat doen, vra ek: deur wie? Deur slawe of deur vry mense? Indien deur vry mense, watter mense dan? Deur mense wat ook van Ameria is, of deur sluipmoordenaars hier uit die stad? As hulle van Ameria is, wie is hulle dan? Waarom word hulle name nie genoem nie? As hulle van Rome is, waarvandaan het Roscius hulle geken, daar hy sedert baie jare nie na Rome gekom, en nooit langer as drie dae daar gebly het nie? Waar het hy hulle ontmoet? Hoe het hy met hulle samesprekings gevoer? Op welke manier het hy hulle oorreed? "Hy het aan hulle geld gegee". Aan wie het hy geld gegee? Deur wie se bemiddeling het hy dit gegee? Waar het hy die geld vandaan gekry, en hoeveel het hy gegee? Op dergelike spore langs kom 'n mens mos gewoonlik by die bron van die misdaad uit, nie waar nie? En herinner jou asseblief terselfdertyd hoe jy my kliënt se lewenswyse geskilder het: dat hy 'n onbeskaafde plaasjapie was wat nooit met enigiemand 'n gesprek aangeknoop, en nooit in 'n stad vertoef het nie.

75. Hierby laat ek ter syde wat vir my as die hoofbewys vir die onskuld van my kliënt kon dien, naamlik, dat misdrywe van daardie aard gewoonlik nie by landelike sedes, karige kos en 'n ruwe, ongekultiveerde lewenswyse ontstaan nie. Net soos jy nie elke soort vrug en elke boomsoort op elke akker sou kan vind nie, so ontstaan elke soort misdaad ook nie uit elke lewenswyse nie. In die stad word weeldesug verwek, uit weeldesug moet noodwendig hebsug voortkom en uit hebsug moet roekeloosheid voortbars waaruit alle misdrywe en wandade gebore word. Maar hierdie landelike lewe wat jy boers noem, is die leermeesteres van spaarsaamheid, omsigtigheid en geregtigheid.

XXVIII 76. Maar op hierdie dinge gaan ek nie in nie. Ek stel jou die vraag: dié man wat, soos jyself sê, nooit tussen mense verkeer het nie, deur welke mense kon hy, veral in sy afwesigheid, so 'n enorme misdaad en gehul in soveel geheimsinnigheid laat volvoer? Baie dinge is vals, regters, maar dis dinge wat nogtans vol verdagmaking as aanklagte aangevoer kan word. As daar grond tot verdenking in hierdie dinge gevind word, sal ek toegee dat daar skuld aanwesig is. Sextus Roscius word in Rome vermoor onderwyl sy seun op die platteland by Ameria gebly het. Hy wat niemand in Rome geken het nie, het vermoedelik 'n brief aan een of ander sluipmoordenaar daar gestuur. Hy het iemand na hom toe laat kom. Wie of wanneer? Hy het 'n boodskapper gestuur. Wie, of na wie? Met geld, invloed, verwagtinge en beloftes het hy iemand daartoe oorgehaal. Niks hiervan kan 'n mens jou selfs voorstel nie, laat staan nog bewys. Maar nogtans word hier teen 'n aanklag van vadermoord gepleit.

77. Daar bly nog die moontlikheid oor dat hy dit deur slawe laat pleeg het. O onsterflike gode, wat 'n ellendige en rampsalige aangeleentheid! Hoe nou? Wat by so 'n aanklag gewoonlik die onskuldige se redding is, naamlik dat hy sy slawe aanbied vir 'n pynlike verhoor, mag Sextus Roscius nie doen nie! Julle wat hom aankla, het al sy slawe in julle besit. Nie een slaaf uit so 'n groot huispersoneel is aan Sextus Roscius gelaat as bediener van sy daaglikse voedsel nie. Ek roep nou u hulp in, Publius Scipio³⁰, en u s'n, Marcus Metellus³⁰. Onder u beskerming en op u aandrang het Sextus Roscius meer as eenmaal twee van sy vader se slawe van sy teenstanders geëis om 'n pynlike³¹ verhoor te laat ondergaan. Onthou u dat Titus Roscius dit geweier het? Hoe so? Waar is daardie slawe? Hulle is lyfknegte van Chrysogonus; by hom staan hulle in aansien en word op prys gestel. Selfs nou nog eis ek, en bid en smee my kliënt hier dat hulle pynlik verhoor sal word.

78. Wat doen julle? Waarom weier julle? Twyfel tans nog, regters, indien u kan, oor wie vir Sextus Roscius vermoor het. Is dit die seun wat vanweë sy vader se dood in armoede en onder heimelike aanslae leef, en aan wie nie eers 'n kans gegun word om 'n pynlike verhoor in verband met sy vader se dood in te stel nie, of is dit hulle wat so 'n verhoor ontwyk, die goedere in besit het, en in en van moord lewe? Alles in hierdie saak, regters, is ellendig en skandelik. Tog kan niks wreder en onregverdiger aangevoer word as hierdie feit dat die seun nie toegelaat word om 'n pynlike verhoor van sy vader se slawe in verband met sy vader se dood te laat hou nie! Sal hy nie lank genoeg baas wees oor sy eie onderhoriges, om hulle eers 'n pynlike verhoor in verband met die dood

van sy vader te laat ondergaan nie? Ek sal nog, en ook nie so baie lank hierna nie, by hierdie punt kom, want dié hele saak het te doen met die Roscii oor wie se roekeloosheid ek beloof het om te praat, sodra ek Erucius se beskuldigings ontsenu het.

XXIX 79. Nou, Erucius, wend ek my tot jou. As my kliënt betrokke is in hierdie misdaad, moet ek met jou saamstem dat hy dit òf persoonlik met eie hand gepleeg het — wat jy ontken — òf deur middel van 'n paar vry mense of slawe. Deur vry mense? Jy kan nie aantoon hoe hy hulle kon ontmoet het, of op welke wyse hy hulle kon oorhaal nie; ook nie waar, deur wie, en met welke vooruitsigte of met watter beloning nie. Ek, daarenteen, verklaar dat Sextus Roscius nie alleen niks van daardie dinge gedoen het nie, maar dat hy dit selfs nie kon doen nie omdat hy sedert baie jare nie in Rome was, en ook nooit sonder rede van sy landgoedere af weggegaan het nie. Skynbaar het daar vir jou nog net die een uitkoms oorgebly, naamlik om slawe by name aan te wys. En daarheen kon jy jou toevlug neem soos na 'n hawe, nadat jy uit al jou ander verdagmakings teruggedryf is. Daar stamp jy egter teen so 'n rots dat jy nie alleen die aanklag van my kliënt af sien terugkaats nie, maar ook weet dat alle verdenking op julleself terugval.

80. Waarheen het die aanklaer dus by gebrek aan bewysgronde tog sy toevlug geneem? “Die tye was van so 'n aard”, sê hy, “dat mense algemeen straffeloos vermoor is. Daarom kon jy vanweë die groot aantal sluipmoordenaars, hierdie moord sonder moeite laat uitvoer”. Intussen lyk dit vir my, Erucius, of jy vir een loon twee dinge wil bereik: ons die skrik op die lyf jaag met jou regsgeding, en andersyds juis diegene van wie jy jou loon ontvang het, aankla. Wat sê jy? Mense is algemeen vermoor? Deur middel van wie, en deur wie? Jy hou mos in gedagte dat jy deur die opkopers hierheen verlei is, nie waar nie? Wat het daarna gevolg? Weet ons nie dat ongeveer dieselfde mense wat in daardie tye die afsnyers³² van nekke was, ook die afsnyers van goedere se pryse was nie?

81. Kortom, sal die mense wat destyds dag en nag gewapend rondgehardloop het, bestendig in Rome teenwoordig was en die hele tyd besig was met roof en bloedvergieting, vir Sextus Roscius die wreedheid en ongeregtigheid van daardie tyd verwyf? Sal hulle meen dat die groot aantal sluipmoordenaars waarvan hulle self die leiers en die vernaamstes was, 'n aanklag teen my kliënt hier gaan wees? Nie alleen was hy nie in Rome nie, maar hy was ook totaal onkundig omtrent wat in Rome aan die gang

was, omdat hy, soos jy self erken, voortdurend op die platteland geleef het.

82. Ek vrees, regters, dat ek vir u vervelend mag wees of die indruk mag verwek dat ek u begripsvermoë wantrou as ek nog langer oor dinge wat so duidelik is, sou uitwei. Erucius se aantying is na my mening geheel en al weêrlê, tensy u dalk verwag dat ek sy aanklagte oor verduistering van staatsgeld en dergelike versinsels moet ontsenu. Daarvan het ons voorheen nog nie gehoor nie en dis vir ons nuut. Ek het die indruk gekry dat hy iets uit 'n ander toespraak wat hy teen 'n ander beskuldigde ingestudeer het, aan die uitbulder was, so min het dit verband gehou met die aanklag van vadermoord of die persoon van die aangeklaagde. Daar hy hierdie aantygings slegs met blote woorde gestaaf het, is dit voldoende om hulle slegs met woorde te weêrlê. As daar iets is wat hy vir die ondervraging van die getuies bewaar, sal hy my daar, soos in die verdediging self, beter voorbereid vind as wat hy gedink het.

XXX

83. Nou kom ek by die punt waartoe nie my begeerte nie, maar my pligsgevoel my lei. Want as ek die begeerte gehad het om 'n aanklaer te wees, sou ek eerder klagte gelê het teen ander persoonlikhede ten koste van wie ek hoër kon klim in my beroep. Dit is egter my vaste besluit om dit nie te doen solank ek 'n vrye keuse het tussen die beroep van aanklaer en die van verdediger nie. Want na my mening verdien die man wat deur sy eie bekwaamheid 'n hoër posisie bereik, die grootste respek, en nie hy wat deur die skade en ongeluk van 'n ander opgang maak nie. Laat ons op langelaas ophou om beskuldigings wat niks om die lyf het nie te ondersoek; laat ons die misdaad daár soek waar dit werklik is en ontdek kan word. Jy sal dan dadelik begryp, Erucius, deur hoeveel verdagte omstandighede 'n egte aanklag gestaaf word. Tog sal ek nie alles sê nie en slegs elke punt oppervlakkiglik aanraak. En selfs dit sou ek nie gedoen het as dit nie noodsaaklik was nie. Die bewys dat ek dit met teen-sin doen, sal wees dat ek nie verder daarmee sal voortgaan as wat die heil van my kliënt, en my pligsgevoel vereis nie.

84. By Sextus Roscius het jý geen motief vir die moord gevind nie; maar by Titus Roscius vind ék een. Met jou het ek immers te doen, Titus Roscius, aangesien jy daar sit en openlik erken dat jy ons teenstander is. Oor Capito sal ons ons later bekommer wanneer hy – ek verneem hoe gereed hy is – as getuie sal optree. Dan sal hy ook inligting kry oor sy ander oorwinnings³³ waarvan hy nie eers vermoed dat ek gehoor het nie. Die beroemde Lucius Cassius³⁴ wat deur die Romeinse volk as die

waarheidliewendste en allerwysste regter beskou is, het gewoonlik in regsake herhaaldelik gevra 'tot wie se voordeel' die misdaad was. So gaan dit mos in die lewe van mense: niemand poog om tot 'n misdaad oor te gaan sonder 'n vooruitsig op gewin nie.

85. Mense wat met 'n proses bedreig is, het hierdie man as voorsittende of strafregter vermy en vir hom gesidder. Want hoewel 'n vriend van die waarheid, was hy skynbaar nogtans van nature nie so geneig tot medelye as bedag op strengheid nie. Wat my betref, hoewel die voorsittende regter by hierdie verhoor 'n man is wat enersyds uiters onverskrokke teen roekelose misdadigheid, maar andersyds baie insiklik aan die kant van onskuld staan, sal ek tog maklik daartoe instem om ter verdediging van Sextus Roscius te pleit. Dit maak nie saak of die allerstrengste regter self die ondersoek lei, en of dit geskied voor regters in die aard van Cassius nie, wie se blote naam selfs nou nog vrees inboesem by mense wat hulle voor die gereg moet verantwoord.

XXXI 86. Wanneer die regters in hierdie saak sien dat die aanklaers 'n ontsaglike vermoë in besit hou terwyl my kliënt in die uiterste armoede verkeer, sou hulle voorwaar nie vra tot wie se voordeel die daad was nie. Daar hierdie punt heel duidelik is, sou hulle immers die aanklag en die verdenking eerder aan die geroofde buit as aan die armoede knoop. Wat moet hulle dink as hierby nog kom dat jy voorheen behoeftig was? Dat jy gierig, dat jy roekeloos, dat jy die grootste vyand van die vermoorde was? Moet daar nog gesoek word na 'n motief wat jou tot so 'n ontsaglike misdaad verlei het? Watter een van hierdie punte kan dus ontken word? Die behoeftigheid van die kêrel is van so 'n aard dat dit nie verberg kan word nie en des te meer in die oog val namate dit meer geheim gehou word.

87. Jou gierigheid toon jy openlik deurdat jy met 'n wildvreemde 'n verbond gesluit het aangaande die goedere van 'n medeburger en bloedverwant. Hoe roekeloos jy is – om van ander dinge maar te swyg – kan almal aflei uit die feit dat net jy van die hele vennootskap, dit wil sê, net jy van soveel sluipmoordenaars, gevind is om by die aanklaers te gaan sit en nie alleen jou gesig te wys nie, maar dit selfs aan ons op te dring. Dat daar vyandskap bestaan het tussen jou en Sextus Roscius, en ook groot geskille oor familiebesittinge, moet jy toegee.

88. Daar bly nog oor, regters, dat ons die volgende punt moet oorweeg. Wie van die twee sou eerder vir Sextus Roscius vermoor het: hy wat

deur Roscius se dood tot rykdom, of hy wat tot die bedelstaf gekom het; hy wat voorheen behoeftig was, of hy wat daarna in die grootste ellende gedompel is; hy wat brandend van gierigheid, vyandig op sy verwante afgestorm het, of hy wat altyd só geleef het dat hy geen winsbejag geken het nie, maar slegs die profyt wat hy met eie arbeid verwerf het; hy wat die vermetelste van al die opkopers is, of hy wat vanweë sy onbekendheid met die forum en geregshoue nie alleen vir die banke in die hof nie, maar ook vir die stad self terugdeins; en ten slotte regters – en dit is na my mening deurslaggewend in hierdie saak – is dit eerder die vermoorde se vyand of sy seun?

XXXII 89. As jy soveel en sulke gewigtige verswarende feite by die aangeklaagde gevind het, Erucius, hoe lank sou jy nie gepraat het nie! Hoe sou jy nie gepronk het nie! By Hercules, die tyd sou jou ontbreek het, eerder as woorde. Want in elkeen van die punte steek daar soveel stof dat jy een hele dag aan elkeen sou kon bestee. Ek kan dit ook doen. Hoewel ek my niks aanmatig nie, is ek immers nie so beskeie as om te meen dat jy woordryker as ek kan praat nie. Maar vanweë die groot aantal verdedigers mag ek dalk maar net as een van die vele gereken word, terwyl die slag van Cannae³⁵ jou 'n redelik goeie aanklaer gemaak het. Ons het baie vermoordes gesien, nie by die Trasumennusmeer³⁵ nie, maar by die Serviliusmeer³⁶.

90. “Wie is daar nie deur die Frigiese swaard verwond nie?”³⁷ Dit is nie nodig om al die Curtii³⁸, die Marii en die Memmii wat deur hul ouderdom reeds weggehou is van gevegte af te vermeld nie, en ten slotte hul gryse Priamus self, Antistius, wat nie alleen deur sy ouderdom nie, maar ook deur die wette verhinder is om te veg. Verder is daar baie honderde wat aanklagte van moord en vergiftiging ingedien het, maar wie se name vanweë hul onbekendheid deur niemand meer genoem word nie. Sover dit my betref, sou ek wens dat hulle almal nog in lewe was. Dit doen immers geen kwaad dat daar soveel honde as moontlik is nie, daar groot getalle mense opgepas, en vele dinge bewaak moet word.

91. Maar, soos dit gaan, die geweld en verwarring van oorlog veroorsaak dikwels baie dinge sonder dat die bevelvoerders daarvan weet. Terwyl hy wat die opperbevel in hande gehad het se aandag in beslag geneem is deur ander dinge, was daar intussen mense wat hulle eie wonde³⁹ versorg, en asof 'n ewigdurende nag oor die staat gesprei was, in die duisternis rondgestorm en alles in verwarring gebring het. Ek verbaas my dat die hof se banke nie ook deur hierdie mense verbrand is om te

sorg dat daar geen spoor van die geregshowe sou oorbly nie; hulle het immers sowel die aanklaers as die regters uit die weg geruim. Een voordeel is dat hulle hul op so 'n wyse gedra het dat hulle nie alle getuies kon doodmaak nie, al wou hulle ook. Want solank die menslike ras bestaan, sal daar geen gebrek wees aan iemand om hulle aan te kla nie, en solank die staat bestaan, sal verhore plaasvind. Maar soos ek pas gesê het, as hy die feite wat ek hier aangehaal het vir sý saak gehad het, sou nie alleen Erucius so lank as u maar wil daaroor kon praat nie, maar ook ek kan dit doen, regters. Ek is egter van plan, soos ek vroeër gesê het, om vlugtig daaroorheen te gaan en slegs elke afsonderlike punt oppervlakkig aan te roer, sodat almal kan insien dat ek nie uit ywer 'n aanklag lê nie, maar uit pligsgevoel 'n verdediging op my neem.

XXXIII 92. Ek merk dus dat daar baie beweegredes bestaan wat die man tot die daad kon aangedryf het. Laat ons dan nou sien of daar wel enige geleentheid was om die misdaad uit te voer. Waar is Sextus Roscius vermoor? "In Rome". Hoe nou? Jy, Titus Roscius, waar was jy toe? "In Rome. Maar wat het dit met die saak te doen? Ook talle andere was in Rome". Asof dit nou gaan om wie uit so 'n groot massa mense die moord gepleeg het, en nie om die volgende vraag nie, naamlik, of die man wat in Rome vermoor is, deur iemand vermoor is wat voortdurend in Rome gebly het, of deur iemand wat Rome baie jare lank hoegenaamd nie besoek het nie.

93. Kom, laat ons nou ook die oorblywende moontlikhede in oënskou neem. Daar was destyds 'n groot aantal sluipmoordenaars — en daaraan het Erucius ons herinner — en mense is straffeloos vermoor. Hoe so? Uit welke mense het die groot aantal bestaan? Ek meen, of uit diegene wat hulle met die aankoop van goedere besig gehou het, of diegene wat deur eersgenoemdes gehuur is om iemand te vermoor. As jy aan mense dink wat andere se eiendom nagejaag het, dan hoort jy onder daardie getal want jy is deur ons vermoë verryk. Maar as jy dink aan diegene vir wie mense doodstekers noem wanneer daar met 'n sagter benaming na hulle verwys word, vra dan onder wie se beskerming en sorg diesulkes staan. Glo my, jy sal iemand van jou vennootskap onder hulle ontdek. En wat jy ook al ten antwoord sê, vergelyk dit met ons verdediging; so sal Sextus Roscius se saak die maklikste met joune vergelyk word.

94. Jy sal sê: "Wat volg daaruit as ek voortdurend in Rome was?" Ek sal antwoord: "Maar ek was hoegenaamd nie in Rome nie." "Ek erken

dat ek 'n opkoper van goedere is, maar daar is ook baie ander'. 'Maar ek is, soos jy self betoog, 'n boer en 'n plattelander'. 'As ek my onder 'n bende sluipmoordenaars begewe het, is ek nie sonder meer self 'n sluipmoordenaar nie'. 'Maar ek wat nie eers 'n sluipmoordenaar ken nie, staan voorwaar ver verwyder van 'n dergelike aanklag'. Daar is uiters baie omstandighede wat aangevoer kan word, waaruit af te lei is dat jy die beste geleentheid gehad het om die misdaad te onderneem. Ek laat dit alles daar, enersyds omdat ek jou nie graag persoonlik beskuldig nie, maar meer nog omdat ek vrees dit mag voorkom asof my rede op meer mense betrekking het, indien ek melding sou wil maak van daardie moorde wat destyds op dieselfde manier gepleeg is as dié waarop Sextus Roscius vermoor is.

XXXIV 95. Laat ons nou, soos by die ander punte, vlugtig kyk na wat jy, Titus Roscius, ná die dood van Sextus Roscius gedoen het. So oop en klaarblyklik lê die feite, dat ek, so help my die god van trou, regters, met teësin daaroor praat. Want watter soort mens jy ook al is, Titus Roscius, ek vrees ek mag die indruk verwek dat ek my kliënt so graag wou red dat ek jou hoegenaamd nie gespaar het nie. Terwyl ek dié vrees koester en jou enigermate wil spaar sover ek dit kan doen sonder om my plig na te laat, verander ek weer my voorneme, want jou onbeskaamde gesig skiet my te binne. Is dit werklik moontlik dat jy vir jouself by grootste voorkeur die rol opgeëis het om jou met die verhoor in te meng en langs die aanklaer te sit, terwyl jou ander vennote gevlug en hulle skuilgehou het om die indruk te verwek dat hierdie verhoor nie oor hulle buit nie maar oor 'n misdaad van my kliënt gehou word? Hierdeur sal jy niks anders bereik as dat die hele wêreld jou roekeloosheid en onbeskaamdheid sal leer ken nie.

96. Toe Sextus Roscius vermoor is, wie bring eerste die nuus na Ameria? Mallius Glaucia, jou afhanklike en huisgenoot – ek het hom reeds voorheen genoem. Van welke belang was dit dat hy by grootste voorkeur die nuus gebring het van iets wat jou die minste van almal aangegaan het, as jy nie reeds vroeër 'n plan in verband met die dood en goedere van die vermoorde beraam, en geen ooreenkoms oor die misdaad of die loon daarvoor met enigiemand gesluit het nie? 'Mallius het die nuus uit eie beweging gebring'. Van wat se belang, vra ek, was dit vir hom? Of het hy bloot toevallig die nuus wat hy in Rome gehoor het eerste aangekondig, want hy het nie om daardie rede na Ameria gekom nie? Om

welke rede het hy na Ameria gekom? "Ek kan nie raai nie", sê jy. Ek sal die saak nou tot so 'n punt bring dat daar geen nodigheid vir raaiery sal wees nie. Op grond waarvan het hy die nuus eerste aan Titus Roscius Capito gebring? Hoewel Sextus Roscius se huis, vrou en kinders in Ameria was, hoewel daar soveel verwante en familieleden was wat op baie goeie voet met hom verkeer het — op grond waarvan het dit gebeur dat daardie afhanklike van jou, die boodskapper van jou misdaad, by grootste voorkeur die nuus aan Titus Roscius Capito gebring het?


97. Die man is vermoor terwyl hy van sy middagmaal⁴⁰ af teruggekeer het, maar dit was nog nie ligdag toe dit in Ameria bekend geword het nie. Wat beteken hierdie ongelooflike rit, hierdie uitsonderlike spoed en haas? Ek vra nie wie hom deurboor het nie; daar is niks waarvoor jy hoef bang te wees nie, Glaucia. Ek visenteer jou nie, en ek gaan nie na of jy dalk een of ander wapen gehad het nie; ek oordeel dat dit niks met my te doen het nie. Daar ek tog ontdek wie sy moord beplan het, bekommer ek my nie om te weet deur wie se hand hy deurboor is nie. Slegs hierdie een punt wat jou openlike boosheid en die onweerlegbare feitelike omstandigheid my bied, neem ek op: waar of van wie het Glaucia daarvan gehoor? Hoe het hy dit so gou geweet? Neem aan hy het onmiddellik daarvan gehoor: watter rede het hom gedwing om in een nag so 'n lang reis af te haas? As hy uit eie beweging na Ameria gereis het, welke dringende noodsaak het hom dan aangedryf om op so 'n laat uur uit Rome te vertrek en geen deel van die nag te rus nie?

XXXV 98. Moet ons nog by sulke duidelike feite na 'n bewysvoering soek of na 'n gissing gryp? Kom dit nie vir u voor, regters, asof u hierdie dinge wat u gehoor het, met u eie oë waarneem nie? Sien u nie daardie ongelukkige man, onbewus van sy lot waar hy van sy middagmaal af terugkeer nie? Nie die opgestelde hinderlaag, nie die skielike aanval nie? Verskyn Glaucia nie voor u oë waar hy besig is om die moord te pleeg nie? Is daardie Titus Roscius nie by nie? Plaas hy nie met eie hande daardie Automedon⁴¹ in die strydwa om boodskapper te wees van sy allerwreedste moord en goddelose oorwinning nie? Smeek Titus Roscius nie vir Glaucia om daardie nag sonder slaap deur te bring en hom ter wille van sy aansien in te span en so gou as moontlik aan Capito die nuus te bring nie?

99. Waarom wou hy hê dat Capito dit eerste weet? Ek weet nie, behalwe dat ek sien dat Capito 'n deelgenoot van die goedere is; ek sien dat hy die drie voortreflikstes van die dertien plase in sy besit het.

100. Ek verneem bowendien dat dit nie nou die eerste maal is dat hierdie soort verdenking op Capito val nie; dat sy skandelige oorwinnings-tekens⁴² talryk is, maar dat hierdie die eerste lintversierde een is wat uit Rome vir hom gebring is; dat daar geen metode van moordpleeg bestaan waarop hy nie 'n aantal mense vermoor het nie – talle van hulle met die swaard en talle met vergif. Ek kan selfs iemand noem vir wie hy teen die gewoonte van ons voorvaders in, toe die slagoffer nog nie sestig⁴³ jaar oud was nie, van die brug af in die Tiber gegooi het. Hierdie dinge sal hy van my hoor indien hy as getuie na vore tree, of liever, sodra hy na vore tree, want ek weet hy sal kom getuig.

101. Laat hom maar net kom en sy skrifrol ontvou; ek kan vir hom duidelik bewys dat dit deur Erucius geskryf is. Mense beweer hy het dit aggressief voor Sextus Roscius gehou, en gedreig om dit alles as getuienes te gaan sê. Wat 'n voortreflike getuie, regters! Wat 'n waardige karakter, werd om hoë verwagtings van te koester! Wat 'n eerbare lewe, en een van so 'n aard dat u met geneë gemoed u geswore eed sal aanpas by sy getuienis! Voorwaar, ons sou nie die misdade van daardie soort so duidelik bemerk het as hebsug en gierigheid en roekeloosheid nie dié mense self verblind het nie.



Eiland in die Tiber (Inter Duos Pontes)

XXXVI 102. Onmiddellik na die moord het die een 'n gevleuelde boodskapper na Ameria gestuur na sy vennoot, of liewer, sy leermeester. As almal graag wou verberg dat hulle weet wie met die misdaad te doen het, wou hý nietemin self sy wandaad voor die oë van almal openbaar maak. Indien dit die onsterflike gode behaag, staan die ander een op die punt om selfs getuienis teen Sextus Roscius te lewer: asof dit inderdaad tans daarom gaan of sy bewerings geloof verdien, en nie of sy daad gestraf moet word nie. Daarom is daar volgens die gebruik van ons voorvaders bepaal dat die aansienlikste mense selfs by die geringste aangeleenthede nie getuienis mog lewer in 'n saak wat hulleself aangaan nie.

103. Africanus⁴⁴, wie se bynaam aandui dat hy een derde van die wêreld onderwerp het, sou nogtans nie getuienis afgelê het as dit om 'n persoonlike saak gegaan het nie. Maar ek durf nie ten koste van so 'n belangrike man die bewering maak dat hy nie geglo sou word indien hy getuig het nie. Kyk nou hoe alles omgekeer en slegter gemaak is. Terwyl dit hier om eiendom en moord gaan, is die man wat 'n opkoper en sluipmoordenaar is, van plan om getuienis af te lê, dit wil sê, die man wat die koper en besitter is van juis daardie eiendom waarom dit gaan, en wat die persoon oor wie se dood hierdie ondersoek gelei word, laat vermoor het.

104. Wat nou? Jy, beste man, het jy dalk iets om te sê? Luister na my: sien toe dat jy jouself nie benadeel nie, want dit gaan hier om 'n saak wat ook vir jou uiters belangrik is. Jy het talryke misdadige, menige roekelose, en talle onbeskaamde dade gepleeg, maar één baie onnosel ding het jy gedoen, gewis uit eie beweging en nie op advies van Erucius nie: dit was nie nodig dat jy daar op die aanklaersbank sit nie. Niemand bedien hom immers van 'n stom aanklaer of van 'n getuie wat van die aanklaersbank af opstaan nie. Daarby kom nog die feit dat jou gierigheid ten minste effens meer verborge en bedek sou gewees het as jy nie daar gesit het nie. Maar nou, wat sou enigiemand nog verlang om van julle te hoor, wanneer julle optrede van so 'n aard is dat dit lyk asof julle doelbewus tot ons voordeel en teen julleself handel?

105. Kom dan, regters, laat ons die gebeurtenisse wat onmiddellik daarna gevolg het, in oënskou neem. In Lucius Sulla se kamp voor Volaterrae, word die berig van Sextus Roscius se dood op die vierde dag na sy moord, aan Chrysogonus oorgedra.

XXXVII Vra mense tans nog wie daardie boodskapper gestuur het? Is dit nie glashelder dat dit dieselfde persoon is as die een wat 'n boodskapper na Ameria gestuur het nie? Chrysogonus sorg daarvoor dat die vermoorde se eiendom dadelik verkoop word – hy wat nie vir Roscius of die toedrag van sake geken het nie. Maar hoe het hy op die gedagte gekom om die landgoedere van 'n onbekende man vir wie hy volstrek nog nooit gesien het nie dolgraag te wil besit? Wanneer u iets van dié aard hoor, regters, sê u gewoonlik sonder meer: 'Iemand uit dieselfde stad of omgewing moes gepraat het; dis hulle wat meestal inligting gee, deur hulle word die meeste verrai'. Maar in hierdie geval is daar niks wat u vooraf op grond van 'n vermoede hoef aan te neem nie.

106. Ek sal immers nie soos volg betoog nie: 'Dit is waarskynlik dat die twee Roscii daardie inligting aan Chrysogonus oorgedra het, want daar het reeds vroeër vriendskap tussen hulle en Chrysogonus bestaan. En hoewel die Roscii talryke ou bande met beskermers en gashere van hulle voorvaders geërf het, het hulle die betoning van dienswilligheid in agting aan enige van daardie mense gestaak, en hulleself onder die beskerming en sorg van Chrysogonus geplaas.'

107. Dit alles kan ek na waarheid sê, maar in hierdie saak is dit nie vir my nodig om te gis nie: met sekerheid weet ek dat hulle self toegee dat Chrysogonus al hierdie goedere op hulle aandrang in besit geneem het. As u met eie oë die man sien wat 'n aandeel ontvang het vir sy aanwysing, sal u dan nog kan twyfel, regters, oor wie die aanwysing gedoen het? Wie is dus die mense aan wie Chrysogonus 'n aandeel in daardie goedere gegee het? Die twee Roscii. Daarbenewens dalk nog iemand? Niemand nie, regters. Kan dit dus nog twyfelagtig wees dat hulle wat 'n deel van die buit van Chrysogonus ontvang het, hierdie buit aan hom voorgehou het?

108. Kom, laat ons nou die optrede van die Roscii uit die standpunt van Chrysogonus self in oënskou neem. As die Roscii in hierdie slagting niks gedoen het wat die moeite werd was nie, waarom is hulle dan deur Chrysogonus met sulke groot belonings begiftig? Indien hulle niks anders gedoen het as om die saak te rapporteer nie, was dit dan nie genoeg dat hulle bedank word, of hoogstens, om baie vrygewig op te tree, 'n erebeloning ontvang nie? Waarom word daar dadelik aan Capito drie plase met so 'n ontsaglike geldwaarde gegee? Waarom besit daardie Titus Roscius alles wat oorbly gesamentlik met Chrysogonus? Is dit nie glas-

helder, regters, dat Chrysogonus hierdie verowerde buit aan die Roscii afgestaan het nadat hy van die saak kennis geneem het nie?

XXXVIII 109. Capito, een van die tien Ameriese hoofmanne, kom as gesant in die kamp aan. Juis uit sy optrede in hierdie gesantskap moet u die hele lewenswyse, inbors en karakter van dié man leer ken. Indien u nie tot die besef gekom het, regters, dat daar geen plig en geen reg so heilig en onskendbaar bestaan, wat nie deur sy misdadigheid en troueloosheid ontwy en aangetas is nie, dan moet u oordeel dat hy 'n voortreflike man is.

110. Capito verhinder dat Sulla oor hierdie dinge ingelig word en verklap aan Chrysogonus die planne en begeerte van die ander gesante. Hy maan hom om te sorg dat die saak nie in die openbaar behandel word nie en wys hom daarop dat indien die verkoop van die goedere ongedaan gemaak word, hy 'n groot som geld sal verloor, terwyl hyself in lewensgevaar sal verkeer. Hy hits Chrysogonus aan en bedrieg die manne wat saam met hom gestuur was. Hy waarsku eersgenoemde herhaaldelik om op sy hoede te wees en hou op listige wyse valse hoop aan sy medegesante voor. Saam met Chrysogonus smee hy planne teen laasgenoemdes, verklap hulle planne aan hom, en beding met hom sy deel van die buit. Vir die afgevaardigdes sluit hy alle toegang tot Sulla af deur telkens op een of ander vertraging staat te maak. Ten gevolge van sy aansporing, aandrang en bemiddeling het die gesante per slot van sake nie in Sulla se teenwoordigheid gekom nie. Bedrieg deur hul vertroue in Capito, of liever deur sy troueloosheid – en dit sal u van hulleself kan verneem indien die aanklaer hulle wil oproep om getuienis af te lê – het hulle 'n valse hoop huis toe teruggebring in plaas van gewisse sukses.

111. Ons voorouers het geglo dat iemand 'n allergrootste skanddaad gepleeg het as hy 'n opdrag met betrekking tot privaat aangeleenthede op bra geslepe wyse tot eie voordeel of gewin uitgevoer het, en ook wanneer hy dit bra nalatig gedoen het. Daarom is 'n geregtelike verhoor vir skending van 'n opdrag ingestel, 'n verhoor wat nie minder skandelik is as een vir diefstal nie. Die rede is, glo ek, omdat ons die trou van vriende as plaasvervanger van ons eie moeite veronderstel in sake waarby ons nie self teenwoordig kan wees nie. Wie hierdie trou skend, val die gemeenskaplike beskerming van alle mense aan en verstoort, sover dit van hom afhang, die maatskaplike orde. Ons kan immers nie alles uit eie krag doen nie; die een is nuttiger in een saak, 'n ander in 'n ander saak. Daar-

om word vriendskappe aangeknoop, sodat gemeenskaplike voordeel deur wedersydse diensbetoon bevorder mag word.

112. Waarom aanvaar jy 'n opdrag as jy van plan is om dit te verwaarloos of tot eie voordeel aan te wend? Waarom stel jy jou tot my diens as jy my belange met jou geveinsde diensvaardigheid benadeel en in die weg staan? Gee pad voor my; ek sal dit deur 'n ander laat afhandel. Jy neem op jou die las van 'n verpligting wat jy meen jy kan dra; en so 'n las lyk die swaarste vir diegene wat self allermins ligvaardig is.

XXXIX Hierdie vergryp is dus skandalig omdat dit twee uiters eerbiedwaardige dinge skend: vriendskap en vertroue. In die reël, immers, vertrou niemand 'n opdrag behalwe aan 'n vriend toe nie, en vertrou hy ook niemand behalwe die man vir wie hy as betroubaar beskou nie. Dit is dus die kenmerk van 'n baie slegte mens om terselfdertyd 'n vriendskap te verbreek en iemand te bedrieg wat geen skade berokken sou gewees het as hy nie vertroue in so 'n persoon gestel het nie.

113. Is dit nie so nie? Hy wat in die kleinste aangeleenthede 'n opdrag verwaarloos, word onvermydelik deur 'n allerskandelikste vonnis veroordeel. Wanneer 'n man aan wie die goeie naam van 'n gestorwene en die vermoë van 'n lewende, in so 'n belangrike saak opgedra en toevertrou is, en dan vir die gestorwene skande en vir die lewende armoede veroorsaak, sal hy dan nog onder die agtenswaardige mense, of juister, onder die lewendes gereken word? By die geringste privaat aangeleenthede lei nalatigheid in die uitvoering van 'n opdrag selfs tot 'n aanklag van opdragskending en 'n verhoor weens skandalige optrede, omdat, indien so 'n iets reg moet verloop, die opdraggewer nalatig mag wees, en nie die man wat die opdrag aanvaar het nie. Maar iemand wat in so 'n belangrike saak wat amptelik gedryf en uitgevoer is, nie een of ander privaat belang deur sy nalatigheid benadeel het nie, maar die heiligheid van selfs 'n gesantskap deur sy troueloosheid besoedel en bevlek het, met welke straf, vra ek, sal hy gestraf, of deur watter uitspraak veroordeel word?

114. Gestel Sextus Roscius het as gewone burger hierdie saak aan Capito opgedra om met Chrysogonus af te handel en tot 'n ooreenkoms te geraak, en om sy erewoord vir daardie doel te gee indien hy sou meen dit is nodig. Sou Capito wat onderneem het om dit te doen dan nie deur 'n arbiter veroordeel gewees het en skadevergoeding moes betaal, en

sy naam van eerbare man totaal verloor het, as hy ook maar die geringste uit daardie transaksie tot sy eie besit verduister het nie?

115. Tans is dit nie Sextus Roscius wat hierdie saak aan hom opgedra het nie, maar – en dit weeg baie swaarder – Sextus Roscius self is tesame met sy goeie naam, sy lewe en sy besittinge amptelik deur al Ameria se raadslede aan Titus Roscius opgedra. Daaruit het Titus Roscius nie een of ander kleinigheidjie tot eie besit verduister nie, maar hy het my kliënt hier geheel en al van sy eiendom beroof, in eie persoon vir homself drie plase beding, en net so min vir die wil van die raadslede en al sy medeburgers omgee as vir sy ewoord.

XL

116. Kyk nou verder, regters, na die res van die feite, sodat u sal besef dat geen misdryf uitgedink kan word, waarmee daardie man homself nie besmet het nie. Om 'n vennoot in sake van minder belang te bedrieg, is uiters skandelik, ja net so skandelik as die geval waarvan ek pas tevore gepraat het. En dit nie ten onregte nie, want die man wat gemene saak met 'n ander gemaak het, dink dat hy vir homself 'n hulp aangeskaf het. Na wie se trou sal hy dus sy toevlug neem, wanneer hy benadeel word deur die troueloosheid van die man aan wie hy homself toevertrou het? Ook moet daardie oortredings wat die moeilikste verhoed kan word, die swaarste gestraf word. Ons kan ons beskerm teen vreemdes, maar intieme vriende moet noodwendig baie van ons minder bedekte handelinge raaksien. Hoe kan ons dan op ons hoede wees vir 'n vennoot? Selfs as ons bedug is vir hom, skend ons die wet van plig. Tereg het ons voorouers dus gemeen dat iemand wat sy vennoot bedrieg het, nie onder die eerbare mense gereken behoort te word nie.

117. Maar Titus Roscius het nie slegs een vennoot in 'n geldsaak bedrieg nie – en hoewel ernstig, kan so 'n geval nogtans, lyk dit my, op 'n manier verdra word – maar hy het nege hoogs eerbare manne wat dieselfde amp, gesantskap, verpligting en volmag met hom gedeel het, verlei, mislei, in die steek gelaat, aan hul vyande uitgelewer, en met alle moontlike bedrog en troueloosheid bedrieg. Hulle kon geen vermoede van sy misdadigheid hê nie, hoef nie 'n deelgenoot van hul plig te gevrees het nie, het nie sy boosheid raakgesien nie maar sy leuenagtige woorde geglo. Ten gevolge van daardie vent se verraad meen mense dus tans dat hierdie hoogs eerbare manne nie versigtig en vooruitsienend genoeg was nie. Maar hy wat aanvanklik 'n verraaier was, daarna 'n oorloper wat eers sy vennote se planne aan hul vyande verklap, en toe 'n verbond met die vyande self gesluit het, verskrik en bedrieg selfs vir ons

nadat hy drie plase, dit wil sê, die belonings vir sy misdaad, present gekry het. In 'n lewe van daardie aard, regters, onder hierdie so talryke en ontsaglike skanddade, sal u ook die misdaad waar hierdie verhoor om gaan, ontdek.

118. U moet immers u ondersoek op die volgende wyse voer: waar u talryke dade bemerk wat uit hebsug gepleeg is, en talrykes uit roekeloosheid, talrykes uit onbeskaamdheid, talrykes uit troueloosheid, daar, tussen soveel skanddade, moet u reken gaan ook misdaad skuil. En tog is die huidige skanddaad inderdaad allermens verborge, want dit is so oop en bloot sigbaar dat die bestaan daarvan nie af te lei is uit die vorige skanddade wat hy bo enige twyfel op sy kerfstok het nie, maar dat, uitgaande van die huidige een, die voriges selfs oortuigend bewys kan word indien daar dalk twyfel oor enigeen daarvan mag bestaan. Ek vra, wat dink u dan wel, regters? U dink tog nie dat daardie meester-swaardvegter nou geheel en al afgesien het van sy swaard, of dat hierdie leerling van hom in die minste in bedrewenheid terugstaan vir sy meester nie? Hulle gierigheid is ewe groot, hul gewetenloosheid eenders, hul skaamteloosheid dieselfde, en hul roekeloosheid identies.

XLI

119. Noudat u immers die betroubaarheid van die meester leer ken het, moet u ook nou die leerling se sin vir geregtigheid leer ken. Ek het reeds voorheen gesê dat twee slawe herhaaldelik van hulle versoek is om aan 'n pynlike ondersoek onderwerp te word. Jy, Titus Roscius, het altyd geweier. Ek stel aan jou die vrae: "Het hulle wat die versoek gerig het nie verdien dat daaraan voldoen word nie? Of het die man ten behoeve van wie hulle die versoek gerig het, jou nie tot medelye beweeg nie? Of het die versoek self vir jou onbillik gelyk?" Die mees gesiene en onkreukbaarste manne van ons staat – en ek het hulle reeds genoem – het die versoek gerig; manne wat so geleef het en so hoog deur die Romeinse volk geag word dat wat hulle ook sou sê, deur niemand as onbillik beskou sou word nie. Hulle het egter die versoek gerig ten behoeve van 'n uiters ellendige en ongelukkige man wat hom desnoods self graag sou wou oorhandig om gefolter te word, solank daar maar net 'n pynlike verhoor in verband met sy vader se dood gehou word.

120. Bowendien was die versoek wat aan jou gerig is van so 'n aard, dat jou weiering neergekom het op 'n erkenning van jou skanddaad. Daar dit nou so is, vra ek jou waarom jy geweier het? Toe Sextus Roscius vermoor word, was die slawe op die toneel. Wat my betref, ek kla nie die slawe self aan nie, en ek spreek hulle ook nie vry nie. Die feit dat

julle weerstand bied — ek sien dit — om te voorkom dat hulle vir 'n pynlike verhoor oorhandig word, is agterdogwekkend. Maar omdat hulle juis by julle in hoë aansien staan, moet hulle voorwaar weet van iets wat vir julle baie skadelik gaan wees as hulle dit uitbring. “Dit is onregverdig dat slawe aan 'n pynlike verhoor onderwerp word om getuienis teen hulle base te verkry.” Maar hulle word nie verhoor nie; Sextus Roscius is immers die aangeklaagde. En wanneer hulle met betrekking tot my kliënt verhoor word, word hulle ook nie teen hulle base verhoor nie: julle beweer immers dat julle hul base is. “Hulle begelei Chrysogonus”. Ek glo so; Chrysogonus voel hom mos so aangetrokke deur hulle wetenskaplike kennis en fyn beskawing dat hy wil hê hierdie mense moet omgang hê met sy jong slafies wat in alle sinnelike genietinge en kunsvaardighede opgelei, en uit soveel allerelegantste huishoudings gekies is — hierdie mense wat as 't ware dagloners is wat hul opleiding in Ameria by 'n landelike familiehoof gehad het.

121. Nee, so is dit gewis nie, regters! Dit is onwaarskynlik dat Chrysogonus van hierdie slawe se wetenskaplike kennis of wellewendheid gehou het, en onwaarskynlik dat hy hul sorgsaamheid en trou in die beheer van sy vermoë besef het. Daar is iets wat geheim gehou word, en hoe sorgvuldiger hulle dit onderdruk en verberg, hoe meer val dit in die oog en kom dit te voorskyn.

XLII

122. Hoe dan? Is dit om sy eie misdaad te bedek dat Chrysogonus nie wil hê dat 'n pynlike verhoor van my kliënt se slawe afgeneem word nie? Allermens, regters; na my mening is alle beskuldigings nie op almal toepaslik nie. Wat my betref, ek vermoed niks van daardie aard by Chrysogonus nie, en dit kom ook nie nou die eerste maal by my op om dit te sê nie. U onthou dat ek die saak aan die begin soos volg ingedeel het: eerstens in die aanklag, die hele uiteensetting waarvan aan Erucius oorgelaat is, en tweedens in die roekeloosheid, die rol waarvan aan die Roscii opgedra is. Welke wandaad, misdaad en moord ook al aan die lig sal kom, sal uitsluitlik aan die deur van die Roscii gelê moet word. Ek sê slegs dat die alte groot invloed en mag van Chrysogonus ons in die weg staan en op geen manier verduur kan word nie, en aangesien die bevoegdheid daartoe aan u verleen is, moet u dit nie alleen kragteloos maak nie, maar ook straf.

123. Ek reken so: iemand wat 'n pynlike verhoor wil laat afneem van diegene wat sonder enige twyfel teenwoordig was toe die moord gepleeg is, verlang dat die waarheid ontdek word. Wie egter 'n verhoor weier,

lê gewis, hoewel hy dit nie met woorde durf doen nie, tog juis deur sy optrede 'n bekentenis af van sy misdaad. Ek het in die begin verklaar, regters, dat ek nie meer oor die misdaad van hierdie mense wou sê as wat die saak sou verg en die noodsaak self my sou dwing nie. Want 'n mens kan nog baie omstandighede bybring, en elkeen daarvan kan met talle bewyse uiteengesit word. Maar iets wat ek teen my sin en noodgedwonge doen, kan ek nie langdurig en ook nie nougeset doen nie. Wat glad nie oor die hoof gesien kon word nie, het ek vlugtig aangeroer, regters, maar dinge wat op vermoedens berus en waaroor ek breedvoerig moet betoog as ek eers begin praat, laat ek aan u skerpsinnigheid en gissing oor.

XLIII

124. Ek kom nou by daardie goue⁴⁵ naam Chrysogonus, die naam waaronder die hele vennootskap skuilgegaan het. Ek kan nie uitvind, regters, hoe ek oor dié naam moet praat, maar ook nie hoe ek daaroor moet swyg nie. Want as ek swyg, laat ek seker wel die gewigtigste punt ter syde; praat ek egter, vrees ek dat nie alleen Chrysogonus nie – iets wat my nie skeel nie – maar ook nog meerdere ander mense hulleself gekrenk mag ag. Trouens, die saak staan so dat ek blykbaar niks besonders hoef te sê teen die opkopers in die algemeen nie, want hierdie saak is gewis ongewoon en enig in sy soort.

125. Chrysogonus is die koper van Sextus Roscius se goedere. Laat ons eers na hierdie punt kyk: op welke regsgrond is hierdie man se goedere verkoop, of hoe kon dit in ieder geval verkoop word? En ek sal hierdie vraag nie op so 'n wyse stel, regters, dat ek impliseer dat dit 'n skande is dat 'n onskuldige man se goedere verkoop is nie, want as daar een dag na hierdie klagtes geluister, en hulle vryelik uitgespreek word, sal dit blyk dat Sextus Roscius nie so 'n belangrike man in die staat was dat ons by voorkeur oor hóm moes kla nie. Maar die vraag wat ek stel is dit: hoe kon, kragtens daardie einste wet wat oor voëlvryverklaring gemaak is – sy dit die wet van Valerius⁴⁶, sy dit dié van Cornelius⁴⁶, ek is nie vertrouwd daarmee nie en ek weet ook nie – hoe, vra ek, kon die goedere van Sextus Roscius kragtens juis daardie wet verkoop word?

126. Mense beweer immers dat die volgende bepaling daarin geskryf gestaan het: DIE GOEDERE VAN DIEGENE WAT VOËLVRY VERKLAAR IS MOET VERKOOP WORD – Sextus Roscius val nie onder hulle nie – OOK VAN DIEGENE WAT IN DIE GARNISOENE VAN DIE TEENSTANDERS GEDOOD IS. Solank daar nog enige garnisoene bestaan het, was hy in Sulla se garnisoene; nadat almal die wapen neergelê het, is hy ten

tye van die allergrootste rustigheid in ons staat, met sy terugkeer van 'n middagmaal af in Rome vermoor. As hy kragtens wet vermoor is, dan gee ek toe dat sy goedere ook kragtens wet verkoop is. As dit egter vasstaan dat hy vermoor is teen alle wette in, nie alleen die oues nie maar ook die nuwes, dan vra ek: met welke reg, hoe, of kragtens watter wet is sy goedere verkoop?

XLIV

127. Jy vra my teen wie ek dit sê, Erucius? Nie teen hom wat jy wil hê en meen dat ek dit sê nie, want my toespraak van meet af aan, en sy persoonlike buitengewone voortreflikheid te alle tye, het vir Sulla van alle blaam onthef. Ek beweer dat Chrysogonus dit alles gedoen het: hý het leuens verkondig; hý het voorgegee dat Sextus Roscius 'n slegte burger was; hý het beweer dat Roscius in die geledere van die vyand gedood is; hý het nie toegelaat dat Sulla deur die gesante van Ameria oor hierdie dinge ingelig word nie. Kortom, ek vermoed ook dat hierdie goedere geensins verkoop is nie, 'n punt wat hierna opgeklaar sal word, regters, indien u dit toelaat.

128. Ek meen immers dat daar in die wet staan tot welke dag voëlvry-verklarings en verkopings kon plaasvind, en wel tot 1 Junie. Volgens bewering is die man etlike maande na daardie datum vermoor, en sy goedere verkoop. Ongetwyfeld is hierdie goedere op geen enkele wyse in die staatsgrootboek ingeskryf nie en hierdie skurk bedrieg ons nog knapper as wat ons dink. Of indien dit wel ingeskryf is, is die staatsgrootboek op een of ander manier vervals. Dit staan immers vas dat die goedere nie verkoop kon word nie — altans nie kragtens wet nie. Ek besef, regters, dat ek hierdie aangeleenthede te vroeg onder die loep neem en byna 'n fout begaan deurdat ek my oor 'n kleinigheid bekommer terwyl ek eers Sextus Roscius se lewe moet red. My kliënt maak hom immers geen sorge oor die geld nie, en hy bring geen persoonlike voordeel in rekening nie. Hy meen hy sal sy armoede maklik verduur as hy maar net van hierdie onwaardige verdenking en versinde aanklag bevry is.

129. Maar tog vra ek u, regters, om die paar opmerkings wat nog oorbly aan te hoor in die aanname dat ek deels vir myself en deels ten behoeve van Sextus Roscius praat. Want feite wat vir my persoonlik skandalig en ondraaglik lyk, en wat na my mening die belange van ons almal raak indien ons nie op ons hoede is nie, maak ek openlik bekend op eie verantwoording en gedronge deur my gevoel van verontwaardiging. Aspekte wat betrekking het op die lewensgevaarlike regspraak van my

kliënt, dinge wat hy wil hê in sy guns gesê moet word en met welke voorwaardes hy tevrede is, regters, sal u binnekort aan die einde van my toespraak hoor.

XLV **130.** Die volgende vrae stel ek nou uit eie beweging en onafhanklik van Sextus Roscius, aan Chrysogonus. Eerstens, waarom is die goedere van 'n voortreflike burger verkoop? Tweedens, waarom is die goedere van daardie man wat nòg voëlvry verklaar, nòg tussen die vyande gedood is, verkoop, daar die wet tog alleen teen diesulkes gemaak is? Derdens, waarom is dit verkoop geruime tyd na die dag wat vooraf in die wet as einddatum bepaal is? Vierdens, waarom is dit teen so 'n geringe prys verkoop? As Chrysogonus al hierdie dinge op sy beskermheer wil afskuif soos gemene en onbeskaamde oud-slawe gewoonlik doen, sal hy daarmee niks bereik nie. Almal weet immers dat baie mense vanweë die geweldige omvang van Sulla se bedrywigheide talle wandade gepleeg het wat hy deels nie goedkeur nie, en waarvan hy deels onbewus is.

131. Neem ons dus genoeg daarmee dat iets in sulke aangeleenthede uit onwetendheid oor die hoof gesien word? Ons neem nie genoeg nie, regters, maar dit is onvermydelik. Want as die algoeie en almagtige Jupiter na wie se wenk en beslissing die hemel, aarde en see beheers word, menigmaal die mensdom skade berokken, stede verwoes, en oeste vernietig het deur alte hewige winde of onbeteuelde storms of alte groot hitte of ondraaglike koue, dan glo ons dat nie een van hierdie dinge deur sy goddelike plan teweeggebring is om verderf te bring nie, maar juis deur die geweld en ontsaglike omvang van die natuurkragte. Daarteenoor sien ons egter dat die voordele wat ons benut, die lug wat ons geniet, die lug wat ons inadem, deur hom aan ons geskenk en toebedeel is. Waarom is ons dan verbaas, regters, dat Lucius Sulla iets nie kon opmerk nie terwyl hy alleen besig was om ons staat te regeer, die ganse wêreld te bestuur, en die majesteit van ons ryk wat hy reeds met wapens herstel het, met wette te bevestig? Dan moet dit verbasingwekkend wees as menslike vernuf nie iets verwesenlik het wat goddelike mag nie kan bereik nie.

132. Maar laat ek die dinge wat reeds gebeur het ter syde laat. Kan enigiemand dan nie uit die dinge wat tans, juis op hierdie oomblik, aan die gebeur is, aflei dat Chrysogonus die enigste ontwerper en aanstoker van dit alles is nie? Dis hy wat daarvoor gesorg het dat 'n klag teen Sextus Roscius gelê word, en dit is tot sý eer dat Erucius beweer dat hy as aanklaer optree . . .

Hier volg 'n leemte in die teks. J.F. Gronovius (1611–1671), 'n Nederlandse filoloog, het egter die kommentaar van 'n onbekende skolia uit 'n manuskrip van die 10e eeu gepubliseer. Hierdie kommentaar vul die leemte in die teks effens aan en dit stel ons in staat om slegs in breë trekke die inhoud van die ontbrekende deel van die betoog af te lei. Dit handel in ieder geval oor die luukse en uitspattige lewenswyse van Chrysogonus.

XLVI . . . mense wat 'n villa besit in die gebied van die Sallentini of die Bruttiërs⁴⁷ vanwaar hulle nouliks drie maal per jaar nuus kan hoor, meen hulle beskik oor 'n geskikte en redelik ingerigte woonhuis.

133. Die ander een sien jy uit sy eie huis op die Palatynse heuwel na onder toe stap. Vir sy eie plesier besit hy 'n lieflike, teenaan die stad geleë landgoed, en daarenbenewens verskeie plase waarvan geeneen nie voortreflik en digby geleë is nie. Sy huis is volgeprop met Korinthise⁴⁸ en Deliese vase, waaronder daardie bekende selfkoker⁴⁹ wat hy onlangs teen so 'n hoë prys gekoop het dat die verbygangers wat gehoor het wat die afslaer uitskree, gedink het dat 'n plaas verkoop word. Welke skat aan gedrewe silwerwerk, tapyte, skilderye, standbeelde en marmer meen u is daar nog boonop in sy huis? Natuurlik net soveel as wat uit talryke pragtige huishoudings in 'n tyd van verwarring en rowery in een huis opgestapel kon word. Maar waarom sal ek melding maak van hoe 'n ontsaglike slawepersoneel hy het, en met hoe 'n verskeidenheid kunsvaardighede dit bedeel is?

134. Ek praat nie van gewone vaardighede soos die van kokke, bakkers en stoeldraers nie; om gemoed en ore te streel het hy soveel persoonellede dat die hele omgewing bedags weergalm van die geklank van stemme, snaarinstrumente en fluite, en snags van uitbundige gelag⁵⁰. Wat se onkoste meen u word daar daagliks by so 'n lewenswyse aangegaan, regters. Wat se verkwisting, en wat meer is, wat se feesmale dink u vind daar plaas? Heel fatsoenlik, glo ek, gaan dit in so 'n huis, indien dit as 'n huis eerder as 'n fabriek van liederlikheid en 'n herberg vir allerlei skanddade beskou moet word.

135. Maar die grootmeneer self: u sien, regters, hoe hy met goed gekamde en opgeknapte hare heen en weer oor die forum praal, vergesel van 'n groot skaar togadraers⁵¹; u sien hoe hy op almal neersien, hoe hy meen niemand is 'n mens in vergelyking met hom nie, hoe hy glo hy alleen is ryk, hy alleen magtig. Maar as ek melding sou wil maak van wat hy doen en wat hy probeer doen, vrees ek, regters, dat iemand

wat nie so goed ingelig is nie, mag meen dat ek die saak van die adelstand en hul oorwinning wou beledig. En tog kan ek dit met volle reg afkeur as iets in hierdie party my nie aanstaan nie; ek is immers nie bang dat iemand mag dink dat ek die saak van die adel vyandiggesind was nie.

XLVII 136. Diegene wat my ken, weet dít: nadat my innigste begeerte nie vervul kon word nie, naamlik dat daar tot 'n ooreenkoms⁵² geraak moes word, het ek na my geringe en swak vermoë bo alles daarna gestreef dat hulle wat uiteindelik die oorwinning behaal het, moes wen. Wie was daar, immers, wat nie gesien het dat dit die mense van nederige afkoms was wat teen die waardiges om aansien geveg het nie? En in hierdie stryd was dit kenmerkend van die slegte burger om hom nie te skaar by diegene deur wie se veiligheid ons staat se waardigheid na binne, en sy gesag na buite gehandhaaf kon word nie. Ek verheug my daaroor en is baie bly, regters, dat hierdie doel verwesenlik is en dat aan elkeen sy ere-amp en rang teruggegee is. Daarby besef ek dat al hierdie dinge deur die wil van die gode, deur die ywer van die Romeinse volk, en deur die beleid, heerskappy en goeie geluk van Lucius Sulla teweeggebring is.

137. Ek hoef nie my afkeer uit te spreek oor die feit dat diegene wat met alle middele daarteen geveg het, gestraf is nie. En dat belonings gegee is aan die dapper manne wie se uitstekende diens in die krygshandelinge na vore gekom het, daarvoor is ek vol lof. Ek glo dat daar geveg is sodat hierdie dinge kon gebeur, en ek erken ek was 'n voorstander van daardie party. As dit egter daarom gegaan het, en die wapens is vir so'n doel opgeneem, dat mense van die laagste soort verryk kon word met die geld van ander en 'n aanslag kon maak op die eiendom van iedereen, en dat dit nie alleen ontoelaatbaar is om dit metterdaad te verhinder nie, maar om dit selfs met woorde af te keur, dan, voorwaar, is die Romeinse volk in daardie oorlog nie herbore en herstel nie, maar gekneg en onderdruk.

138. Maar die saak staan heeltemal anders; niks van dié dinge bestaan nie, regters. As u teen hierdie mense weerstand bied, sal die saak van die adelstand nie alleen geen skade ly nie, maar daar sal selfs luister aan verleen word.

XLVIII Want wie die huidige omstandighede wil afkeur, kla dat Chrysogonus soveel mag besit; wie dit wil goedpraat, herinner ons daaraan dat die mag nie aan hom toegeken is nie. En daar is nou geen rede meer nie waarom iemand of so onnosel of so sleg sou wees as om te sê: "Ek wou

inderdaad dat dit toegestaan was; ek sou dít gesê het''. Jy mag dit sê. ''Ek sou dit gedoen het''. Jy mag dit doen; niemand belet jou nie. ''Ek sou hierdie besluit geneem het''. Besluit dan, solank jy net reg besluit; almal sal dit goedkeur. ''Ek sou hierdie oordeel gevel het''. Almal sal jou lof toeswaai as jy met reg en na behore 'n oordeel vel.

139. Solank dit noodsaaklik was en die toestand self dit afgedwing het, het een persoon al die mag besit, maar nadat hy amptenare benoem en wette ingestel het, is elkeen se sfeer van amptelike plig, asook sy gesag aan hom teruggegee. As die manne wat hul amp teruggekry het, dit wil behou, sal hulle dit vir altyd kan beklee. Maar as hulle hierdie moorde en rowerye en hierdie ontsaglike en so oordadige uitgewes of self voortsit of goedkeur — ek wil nie iets alte hards teen hulle sê nie, self niks wat vir hulle 'n slegte voorteken kan wees nie, maar ek sê net hierdie een ding: as die manne van ons adelstand nie wakker en deugszaam en moedig en jammerhartig gaan wees nie, sal hulle hul onderskeidings noodgedwonge moet afstaan aan mense wat hierdie eienskappe wel besit.

140. Laat hulle derhalwe op langelaas ophou om te beweer dat iemand sleg gepraat het wanneer hy die waarheid vrymoedig gepraat het; laat hulle ophou om gemene saak met Chrysogonus te maak; laat hulle ophou glo dat iets hulle ontnem is as hý gekwets is; laat hulle kyk of dit nie 'n skande en ellende is nie dat diegene wat die glans van die ridderstand nie kan duld nie, in staat is om die tirannie van 'n allerlaagste slaaf te verduur. Hierdie tirannie, regters, was immers voorheen op ander terreine besig maar u sien welke weg dit tans baan en watter koers dit inslaan: dit pyl af op u trou, op u regterseed, op u uitsprake, op dít wat amper die enigste sfeer in ons staat is wat ongeskonde en onaangetas oorbly.

141. Dink Chrysogonus dat hy ook hier tot iets in staat is? Wil hy ook hier magtig wees? Wat 'n jammerlike en bittere toedrag van sake! By Hercules, ek is nie verontwaardig omdat ek vrees dat hy tot iets in staat is nie. Maar dat hy dit gewaag het, dat hy gehoop het om by súlke manne iets ter vernietiging van 'n onskuldige te vermag, juis dááror kla ek.

XLIX

Het die adelstand die staat met wapengeweld en swaard herower — en dit het ons lank van hulle verwag — met die bedoeling dat vrygelatenes en slawegespuis in staat sou wees om edelliede se besittinge en ons hawe en goed te plunder?

142. As dit dáárom gegaan het, dan erken ek dat ek 'n fout begaan het om aan hierdie party voorkeur te gegee het; erken ek dat ek kranksinnig was om met hulle meegevoel te gehad het. Ofskoon ek geen wapens gedra het nie, regters, het ek saam met hulle gevoel. Maar as die oorwinning van die edeles tot eer en voordeel van ons staat en die volk van Rome moet strek, dan, voorwaar, behoort my toespraak besondere genoeë te verskaf aan iedere voortreflike en hoogsgebore burger. Want as daar iemand is wat meen dat sowel hyself as die saak benadeel word wanneer ons Chrysogonus sterk berispe, dan is hy onbekend met die saak, maar homselfken hy terdeë. Die saak sal immers luisterryker word indien ons weerstand bied teen al die grootste skurke. En Chrysogonus se mees skaamtelose voorstander wat dink hy deel 'n gemeenskaplike belang met hom, benadeel homself wanneer hy hom afsonder van hierdie saak wat soveel luister uitstraal.

143. Maar al hierdie opmerkings kom van my alleen, soos ek reeds vroeër gesê het: staatsbelang, my eie verontwaardiging en die ongeregighede van daardie mense het my daartoe genoop. Sextus Roscius beskouw geeneen van hierdie dinge as skandalig nie; hy beskuldig niemand, en kla niks oor sy erfgoed nie. Hy is 'n mens sonder lewenservaring, 'n boer en plattelander, en hy beskou al daardie dinge wat julle beweer deur toedoen van Sulla gedoen is, as gedoen in ooreenstemming met ons gebruik, die wet en die volkereg.

144. Hy begeer om bevry van blaam en vrygespreek van die goddelose aanklag, van u af weg te gaan; hy sê as hy onthefis van hierdie skandelijke verdenking, sal hy al sy ander voordele gelate ontbeer. As hy niks van die uiters ruim vermoë van sy vader vir eie gewin verduister, en jou in geen enkele saak bedrieg het nie; as hy sy hele besit in uiterste goeie trou aan jou afgestaan, uitgetel en afgeweeg het; as hy die kleed waarmee sy lyf bedek was, en sy ou ringetjie⁵³ van sy vinger af aan jou oorhandig het; as hy van al sy goedere net sy naakte persoon, en buiten dit niks, uitgehou het, vra en smeeu hy jou, Chrysogonus, om hom as 'n onskuldige mens toe te laat om met die bystand van vriende sy lewe in armoede te slyt.

L 145. My plase hou jy in jou besit, ek lewe van ander se jammerhartigheid. Ek gee dit prys, enersyds omdat ek my berus, en andersyds omdat ek moet. My huis staan oop vir jou, vir my is dit gesluit. Ek verdra dit. Jy gebruik my talryke huispersoneel, ek besit geen enkele slaaf nie. Ek

verduur dit en ek meen dit moet verdra word. Wat verlang jy nog meer? Waarom vervolg, en waarom val jy my aan? Waarin meen jy word jou wens deur my gekortwiek? Waar skaad ek jou belange? Hoe staan ek jou in die weg? As jy 'n mens ter wille van die buit wil doodmaak – jy het mos reeds die buit geroof. Wat meer vra jy? As dit uit vyandskap is, welke vyandskap bestaan daar tussen jou en die man wie se plase jy in besit geneem het nog voordat jy homself geken het? As dit uit vrees is, vrees jy dan iets van iemand wat jy sien nie self so 'n wrede onreg van homself kan afweer nie? Maar as dit is omdat die goedere wat Roscius s'n was, joune geword het, en jy om daardie rede daarna streef om hierdie seun van Roscius te vernietig, toon jy dan nie dat jy bang is vir iets wat jy nie meer as die ander hoef te vrees, naamlik dat die goedere van die vaders in een of ander stadium aan die kinders van voëlvryverklaardes teruggegee mag word nie?

146. Jy doen 'n onreg, Chrysogonus, as jy vir die beveiliging van jou koop groter hoop plaas op die ondergang van hierdie man as op die dinge wat Lucius Sulla tot stand gebring het. Want as jy geen rede het waarom jy sou begeer dat hierdie ongelukkige man deur so 'n groot ramp getref word nie; as hy al sy besittings met uitsondering van sy lewe aan jou oorhandig het en vir homself niks wat sy vader s'n was, nie eers as 'n aandenking vir homself uitgehou het nie, by die onsterflike gode, wat se ontsaglike wreedheid lê jy aan die dag, welke wilde en onmenslike inbors? Watter plunderaar was ooit so goddeloos, watter seerower so barbaars, dat wanneer hy die hele buit sonder bloedvergieting kon bekom, hy sou verkies om bloedbesmeerde prooi weg te sleep?

147. Jy weet dat hierdie man niks besit, niks durf waag, tot niks in staat is en niks ooit teen jou belange in beraam het nie. Maar nogtans val jy die man aan wat jy nie kan vrees en ook nie moet haat nie, een wat jy sien nou niks meer oor het wat jy hom kan ontnem nie. Tensy jy dit as skandelik beskou dat jy die man vir wie jy naak soos 'n skipbreukeling uit sy erfgoed verdryf het, geklee hier in die hof sien sit. Asof jy voorwaar nie weet dat hierdie man deur Caecilia, die dogter van Baliaricus en suster van Nepos, gevoed en geklee word nie. Sy is 'n baie gesiene vrou wat 'n hoogsberoemde vader⁵⁴, deurlugtige ooms en 'n geëerde broer gehad het. Maar hoewel 'n vrou, het sy nogtans met haar manlike bekwaamheid dit reggekry om deur haar eie lofwaardige daade geen geringer onderskeidings as die eer wat sy uit hul waardige posisie ontvang het, aan haar familieleden terug te gee nie.

LI

148. Of lyk die feit dat hy sorgvuldig verdedig word dalk vir jou na 'n skandelige misdaad? Glo my, indien al sy gasvriende my kliënt wou bystaan in verhouding tot die bande van gasvriendskap en invloed van sy vader, en hom vrymoedig durf verdedig het, sou hy in ruime mate verdedig gewees het. Indien al sy vriende egter met die oog op die omvang van die aangedane onreg en die feit dat die hoogste staatsbelang deur die gevaar van my kliënt bedreig word, hierdie misdade wou wreek, sou dit, by Hercules, nie vir julle geoorloof gewees het om op julle plek daar te staan nie. Tans word hy op so'n wyse verdedig dat sy teenstanders seker nie gekrenk behoort te voel, of kon meen dat hulle deur 'n magtige invloed oorweldig word nie.

149. Sy huislike belange word deur Caecilia behartig, en soos u sien, regters, het Marcus Messala⁵⁵ die maatreëls wat op die forum en die verhoor betrekking het, op hom geneem. Indien laasgenoemde reeds oud en sterk genoeg was, sou hy self vir Sextus Roscius gepleit het. Daar sy jeug en die beskeidenheid wat sy jeug versier, hom verhinder om te pleit, het hy die saak aan my opgedra omdat hy geweet het dat ek dit om sy ontwil graag wou, en onder verpligting was om te doen. Persoonlik het hy dit deur sy voortdurende teenwoordigheid, omsigtigheid, aansien en sorgvuldigheid bewerk dat die lewe van Sextus Roscius uit die hande van die opkopers weggeruk en aan die uitsprake van die regters toevertrou is. Ongetwyfeld, regters, was dit ten behoeve van die adelstand dat die grootste deel van ons staat onder die wapen was. Die oorlog is gevoer met die doel om die burgerregte te herstel van daardie edelmannes wat dieselfde sou doen as wat u Messala nou sien doen, manne wat die lewe van 'n onskuldige sou verdedig, onreg sou weerstaan, en sou verkies om die omvang van hulle mag eerder in die redding as in die ondergang van 'n medemens ten toon te stel. As almal van dieselfde hoë afkoms dit gedoen het, sou ons staat minder te ly gehad het van hulle, en hulle self ook minder te ly van die haat teen hulle.

LII

150. Maar regters, as ons nie van Chrysogonus die vergunning verkry dat hy tevrede is met ons geld en nie ons lewe soek nie; as hy nie daartoe oorgehaal kan word om ons nie ook van die daglig wat almal se gemeenskaplike besit is te wil beroof nadat hy ons alles ontnem het wat ons eie was nie; as hy nie genoeg daaraan het om sy gierigheid met geld te versadig tensy ook bloed aan sy wreedheid gebied word nie, dan, regters, bly daar vir Sextus Roscius één toevlug oor, één hoop, dieselfde hoop wat daar vir die staat oorbly, naamlik u voorheen bewese goedheid en barmhartigheid. As dit voortbestaan, kan ons selfs nou nog ge-

red word, maar as daardie wreedheid wat in die jongste tyd in ons staat geheers het, ook u harte harder en verbitterder gemaak het – maar dis iets wat gewis nie kan gebeur nie – dan, regters, is dit uit en gedaan. Dan sou dit beter wees dat hy sy lewe onder wilde diere slyt, as om tussen sulke onmense te lewe.

151. Is u daarvoor gespaar en uitgekies om mense te veroordeel vir wie opkopers en sluipmoordenaars nie kon vermoor nie? Wanneer goeie generaals 'n geveg aanknoop, maak hulle gewoonlik so: op die plek waarheen hulle meen die vyand sal vlug, stel hulle soldate op om onverhoeds toe te sak op diegene wat uit die slaglinie gevlug het. Ongetwyfeld meen daardie opkopers van goedere insgelyks dat u, eerbare manne soos wat u is, hier sit om diegene wat uit hulle hande ontsnap het, te onderskep. Mag die gode verhoed, regters, dat hierdie hof wat ons voorvaders wou hê 'n raad van die staat genoem moet word, as 'n steunpunt van die opkopers beskou word!

152. Begryp u dan nie, regters, dat dit om niks anders gaan as dat die kinders van voëlvryverklaardes op enige moontlike manier uit die weg geruim moet word, en dat sekere mense begeer om met u beëdigde vonnis en die gevaar van Sextus Roscius 'n aanvang daarmee te maak nie? Bestaan daar nog twyfel oor wie by die misdaad betrokke is? Aan die een kant sien u 'n opkoper, 'n vyand, 'n sluipmoordenaar, dieselfde persoon wat tegelykertyd as aanklaer optree; aan die ander kant 'n arm man, deur sy verwante hoog geag as seun aan wie daar nie alleen geen skuld nie, maar selfs geen verdenking kon kleef nie. Sien u in hierdie stadium iets anders wat Roscius in die weg staan, behalwe dat sy vader se goedere verkoop is?

153. Maar as u dit op u neem en u medewerking daarvoor belowe, as u hier sit met die doel dat die kinders van mense wie se goedere verkoop is voor u gebring moet word, pas dan op, by die onsterflike gode, regters, om nie die indruk te skep dat 'n nuwe, veel wreder voëlvryverklaring deur u toedoen heringestel is nie. Die verantwoordelikheid vir die vorige proskripsie wat gerig was teen diegene wat wapens kon opneem, wou die senaat nogtans nie op hulle neem nie. Hulle wou immers nie die skyn verwek dat iets hardvotiger as wat deur ons voorvaderlike gebruik bepaal is, op staatsbesluit uitgevoer is nie. Maar as u nie hierdie proskripsie wat voëlvryverklaardes se kinders en suigeline in die wiegies raak, deur die huidige verhoor met minagting verwerp nie, bedink dan, by die onsterflike gode, waar ons staat na u mening sal beland!

154. Dit pas wyse manne wat, met sowel die gesag as die mag soos die van u bekleë is, om veral daardie knelpunte waardeur die staat die swaarste ly, uit die weg te ruim. Daar is niemand van u wat nie beseft dat die Romeinse volk wat voorheen as uiters verdraagsaam teenoor sy vyande beskou is, tans aan wreedaardigheid teenoor sy eie burgers ly nie. Ban hierdie wreedaardigheid uit ons staat, regters, en gedoog nie dat dit langer by ons voortwoed nie. Want dit bevat nie alleen die kwaad wat soveel burgers op die allergruwelikste wyse weggeruk het nie maar dit het ook hoogs verdraagsame mense hulle barmhartigheid ontnem deur hulle gewoonde te maak aan ellende. Wanneer ons immers elke uur sien of hoor dat iets gruweliks plaasvind, verloor selfs die sagmoedigste van inbors onder ons alle menslikheidsgevoel uit die hart vanweë die voortdurende herhaling van sulke weersinwekkende gebeurtenisse.

2. Die eerste redevoering teen Catilina

In Catilinam I



Cicero spreek die senaat toe

Agtergrond

Lucius Sergius Catilina is gebore uit 'n verarmde Romeinse patrisiese familie. Sy jeug was gekenmerk deur roekelose uitspattighede, maar sy persoonlike charisma het tog baie mense na hom aangetrek. Hy was 'n groot ondersteuner van Sulla, en het ook baie aktief deelgeneem aan sy proskripsies. Hy het 'n hele aantal moorde op sy kerfstok gehad, onder andere op sy eie broer, sy eie eerste vrou en sy seun by haar.

In 68 v.C. was hy praetor en die jaar daarna goewerneur van die provinsie Africa. In 66 keer hy terug na Rome en word kandidaat vir die konsulskap van 65, die verkiesing waarvoor in Julie 66 moes plaasvind. Hy word egter aangekla van afpersing in sy provinsie, en dus verplig om sy kandidatuur terug te trek. Die manne wat vir 65 tot konsuls verkies is, P. Autronius Paetus en P. Cornelius Sulla, word aan omkoper tydens die verkiesing skuldig bevind, en hulle teenstanders L. Aurelius Cotta en L. Manlius Torquatus word in hulle plek konsuls. Catilina en Autronius, in samewerking met Cn. Piso, smee toe 'n komplot (bekend as die “Eerste Catilinarie Same-swering” en waarvan die presiese omstandighede duister is) om die nuwe konsuls met hul indienstreding op 1 Jan. 65 te vermoor, en die konsulêre mag te usurpeer. Omdat hulle planne uitgelek het, word die moord uitgestel tot die senaatsvergadering op 5 Februarie, maar weens gebrekkige reëlins misluk hul plan. Hoewel die komplot bekend geraak het, is geen amptelike stappe teen Catilina gedoen nie. Kort voor die konsulêre verkiesings vir 64 (in Juliemaand 65), word Catilina verhoor op die aanklag van afpersing, maar deur sy aanklaer en die jurie om te koop, word hy vrygespreek. Die verhoor word egter eers na die afhandeling van die verkiesings beëindig, en gevolglik moet Catilina sy kandidatuur uitstel tot die volgende jaar (64) toe Cicero ook 'n kandidaat is.

Om Cicero se verkiesingsveldtog teen te werk, vorm Catilina 'n vennootskap met 'n derde kandidaat, C. Antonius Hybrida. Albei hierdie manne was diep in die skuld, maar nogtans wen hulle baie ondersteuners deur grootskaalse omkoperie en die belofte dat hulle, indien verkies, wettig alle skulde òf sal verminder òf sal kwytsteld. Daarbenewens geniet hulle die ondersteuning van die invloedryke M. Crassus en Julius Caesar. Cicero, aan die ander kant, ontbeer die steun van die grootste deel van die senaat omdat hy beskou word as 'n *homo novus*, en hulle hom ook verdink daarvan dat hy vir Pompeius in sy rusies met die senaat sal steun. Catilina en Antonius se oormatige omkoperie noop die senaat om daarteen op te tree, en toe laasgenoemde se voorgestelde maatreël deur die tribuun Q. Mucius Orestinus geveto word, lewer Cicero enkele dae voor die verkiesing 'n toespraak in die senaat (*Oratio in toga candida habita*) waarin hy sy opponente se intriges en omkoperie aan die kaak stel, en aandui dat ander invloedryke persone agter hul optrede sit. Die senaat is ontvonds oor die onthullings en sy vroeëre adellike teenstanders gooi hulle gewig by sy veldtog in. Gevolglik word Cicero en Antonius tot konsuls verkies vir die jaar 63. Cicero verkry Antonius se samewerking deur die goewerneurskap van die ryk provinsie Ma-

cedonië, wat deur die lot aan Cicero toegeval het en wat in 62 in werking sou tree, aan hom af te staan.

Reeds twee keer is Catilina gefnuik in sy pogings om konsul te word en ten gevolge daarvan van sy skuldelaaste ontslae te raak. Nou is hy eers 'n verbitterde mens, en hy besluit om in 63 as konsul vir 62 verkies te word, al moes dit by wyse van revolusie geskied. 'n Hele aantal van die jonger adellike senatore was in hierdie stadium net so bankrot en sedelik versleg soos Catilina self. Saam met hulle vorm hy 'n same-swering wat heel gou oor die hele Italië versprei. Die toestande vir revolusie was gunstig: daar was geen republikeinse leër in Italië nie omdat Pompeius in die Ooste besig was om die oorlog teen Mithridates af te handel; Sulla se veterane het reeds groterdeels sy vergoedings aan hulle uitgeleef, en was gereed vir nuwe rooftogte en bloedvergieting; die gewone volk was rusteloos en ontevrede; die senaat was onverskillig en kragteloos. Catilina het sy grootste hoop gevestig op Sulla se veterane by wie hy groot aansien geniet het. Hy het 'n groot aantal van hulle gerekruteer en hulle naby Faesulae in Etrurië, onder bevel van C. Manlius, 'n veteraan centurio van Sulla, gekonsentreer.

Van die begin van sy konsulaat af, is Cicero egter gereeld ingelig oor Catilina en sy trawante se planne, deur ene Fulvia, die minnares van Curius, een van die samesweerders. Daarom het hy ook te hore gekom van die privaat vergadering by Catilina se huis waartydens planne bespreek is om hom en die hele senaat te vermoor, Rome aan die brand te steek en 'n sosiale revolusie tot stand te bring. Die dag voor die verkiesings vir 62 waarsku Cicero die senaat oor die gevaar waarin die staat verkeer, en op grond daarvan word die verkiesings uitgestel. Die volgende dag ontbloom Cicero aan die senaat alles wat hy gehoor het, en versoek Catilina wat ondanks alles ook teenwoordig is, om 'n verduideliking. Catilina antwoord op arrogante wyse, maar die senaat weier om teen hom op te tree. Enkele dae daarna word die verkiesings gehou en onder die streng toesig van Cicero, word Decimus Junius Silanus en L. Licinius Murena tot konsuls vir 62 verkies.

Noudat Catilina se hoop om konsul te word 'n derde maal verydel is, besluit hy om onmiddellik tot geweld oor te gaan, en gee bevel aan Manlius om die revolusie op 27 Oktober in Etrurië te begin. Cicero lig die senaat hiervan in, en op 23 Oktober vaardig hulle die *Senatus consultum ultimum videant consules ne quid res publica detrimenti capiat* uit, wat eintlik 'n opdrag aan die konsuls was om die staat teen dreigende gevare te beveilig. Selfs nou nog maak Catilina asof hy onskuldig is en bied aan dat hy deur enige gesiene Romeinse burger in bewaking gehou mag word. Op die aand van 6 op 7 November reël hy egter 'n vergadering aan die huis van M. Porcius Laeca waar die samesweerders finale reëlings tref vir hulle optrede. Daar word onder andere besluit dat Cicero onmiddellik om die lewe gebring moet word. Twee van hulle bied aan om hom die volgende môre in sy bed te vermoor, terwyl hulle voorgee om hul môregroet aan die konsul te bied. Ook hiervan hoor Cicero, en die twee word eenvoudig toegang tot sy huis geweier toe hulle die môre van 7 November daar opdaag. Op 8 November roep Cicero 'n senaatsvergadering byeen in die

tempel van Jupiter Stator op die Capitolyne heuwel, en laat dit omsingel deur 'n sterk gewapende riddermag. Catilina daag ook op vir die vergadering. Die hele senaat was so geskok deur sy vermetelheid dat niemand hom wou groet nie. Die konsulêre senatore het geweier om na aan die plek te sit waar hy plaasgeneem het. Cicero was ontstoke, en in plaas daarvan om met die formele agenda voort te gaan, het hy die volgende smaadrede direk aan Catilina gerig.

I 1. Hoe lank, vra ek, gaan jy ons geduld misbruik, Catilina? Hoe lank gaan daardie waansin van jou ons nog bespot? Hoe ver gaan jou teuellose vermetelheid hom verbrei? Het die besetting van die Palatium¹ deur die nag, die wagposte in die stad, die angs van die volk, die samestroming van alle goeie burgers, hierdie sterk verskanste plek² van die senaatsitting, die blikke en gesigsuitdrukkinge van die aanwesiges hier dan geen indruk op jou gemaak nie? Bemerkt jy nie dat jou planne oop en bloot lê nie, sien jy nie dat jou sameswering reeds gekortwiek word deurdat almal hier teenwoordig kennis daarvan dra nie? Wie van ons, meen jy, weet nie wat jy laasnag en die vorige nag gedoen het, waar jy was, vir wie jy saamgeroep³ het, en wat jy besluit het nie.

2. O, die tye! O, die sedes! Die senaat weet van hierdie dinge, die konsul sien dit; nogtans lewe hierdie vent. Lewe hy? Ja, hy kom selfs in die senaat, neem deel aan die staatsberaadslaging, en met sy blik merk en bestem hy elkeen van ons om vermoor te word. Maar ons dapper manne doen blykbaar ons plig teenoor die staat as ons sy waansin en dolke vermy. Reeds lankal, Catilina, moes jy op bevel van die konsul ter dood gelei gewees het, moes die verderf wat jy geruime tyd al teen ons almal in die skild voer, teen jou gerig gewees het.

3. Of het 'n hoogs gesiene man, die hoëpriester, Publius Scipio⁴, as 'n burger in private hoedanigheid vir Tiberius Gracchus om die lewe gebring hoewel Gracchus die konstitusie net ietwat laat wankel het? En sal ons, die konsuls, vir Catilina duld in sy begeerte om die hele wêreld met moord en brandstigting te verwoes? Maar ek slaan daardie alte ou gevalle oor, byvoorbeeld dat Gaius Servilius Ahala⁵ vir Spurius Maelius⁵ met eie hand vermoor het omdat Maelius na revolusie gestreef het. Daar was, ja, daar was eenmaal so 'n deug in ons politieke bestel, dat dapper manne 'n gevaarlike medeburger met harder strawwe onderdruk het as 'n mees verbitterde staatsvyand. Ons het 'n senaatsbesluit teen jou, Catilina, 'n baie streng en gedugte een; dit ontbreek die staat nie aan die raad en gesag van hierdie liggaam⁶ nie: ons, ons die konsuls, ek sê dit openlik, laat die staat in die steek.

II 4. Die senaat het eenmaal besluit dat die konsul, Lucius Opimius⁷, moes toesien dat die staat geen skade aangedoen word nie. Nie eers een nag het ver-

loop nie of Gaius Gracchus, die seun⁸, kleinseun⁸ en afstammeling van hoogs beroemde manne, is vanweë 'n onbepaalde verdenking van onrusstokery gedood; is Marcus Fulvius⁹, 'n man met konsulêre rang, tesame met sy kinders om die lewe gebring. Deur 'n soortgelyke senaatsbesluit is die staat opgedra aan die konsuls Gaius Marius¹⁰ en Lucius Valerius; het die doodstraf wat die staat die volkstribuun Lucius Saturninus¹⁰ en die praetor Gaius Servilius opgelê het, een dag op hom laat wag? Maar ons verduur dit al twintig dae lank dat die skerpste van hierdie liggaam se gesag afstomp. Want ons het so 'n senaatsbesluit, maar dit lê opgesluit in amptelike dokumente, asof diep in sy skede gesteeke. En kragtens daardie senaatsbesluit moes jy, Catilina, onmiddellik doodgemaak geword het. Jy lewe, en jy lewe nie om jou roekeloosheid te laat vaar nie, maar om dit te bekragtig. Ek wil graag genadig wees, geagte senatore¹¹, ek wil graag in sulke groot gevare waarin ons staat verkeer nie onverskillig voorkom nie, maar ekself vind myself nou reeds skuldig aan traagheid en slegtigheid.

5. In Italië, by die ingang van Etrurië staan daar 'n laer opgeslaan teen die Romeinse volk, en die getal vyande groei van dag tot dag aan. Maar die opbevelhebber van daardie laer, die aanvoerder van ons vyande sien u binne ons stadsmure, ja selfs binne in die senaat waar hy besig is om elke dag een of ander inwendige verderf vir ons staat te beplan. As ek nou beveel, Catilina, dat jy op hierdie oomblik gearresteer en doodgemaak word, glo ek, sal ek moet vrees dat alle goeie burgers eerder mag sê dat ek dit te laat gedoen het, as dat iemand mag sê dat ek te wreed opgetree het. Maar wat lankal reeds gedoen moes gewees het, is ek om 'n bepaalde rede nog nie geneë om te doen nie. Eers wanneer iemand so gemeen, so verdorwe, so soos jyself gevind kan word, wat sal erken dat dit tereg geskied het, eers dan sal jy gedood word.

6. Solank daar iemand sal wees wat die durf het om jou te verdedig, sal jy lewe, en jy sal lewe soos jy nou leef, beleër deur my talryke, sterk wagte sodat jy jou nie teen die staat kan roer nie. Ook sal baie oë en ore jou bespied en bewaak, soos hulle tot dusver gedoen het, sonder dat jy daarvan bewus is.

- III Want wat is daar, Catilina, waarvoor jy nou verder moet wag, as die nag nie jou goddelose byeenkomste in die duister kan verberg, en geen privaat woning die stem van jou sameswering tot binne sy mure kan beperk nie? As alles aan die lig gebring word, as alles te voorskyn bars? Verander jou plan, glo my, en vergeet van die moord en brand. Aan alle kante word jy vasgehou; al jou planne is vir ons helderder as die sonlig, en jy kan hulle nou maar saam met my deurgaen.

7. Onthou jy dat ek op 21 Oktober in die senaat gesê het dat die troue beleier en handlanger van jou vermetelheid, Gaius Manlius, op 'n bepaalde dag onder wapen sou staan, en dat daardie dag 27 Oktober sou wees? Het ek my dan vergis, Catilina, nie alleen met so 'n belangrike, so 'n afgryslieke, so 'n ongelooflike saak nie, maar ook, wat baie bewonderenswaardiger is, met die datum? Ek het ook in die senaat gesê dat jy die moord op die adel vir 28 Oktober bepaal het, die dag toe 'n groot aantal leiers van ons staat uit Rome gevlug het, nie soseer om hulleself te red, as om jou planne te verydel nie. Kan jy ontken dat jy jou juis op daardie dag, toe jy rondom deur my wagte en my waaksaamheid ingesluit was, nie teen die staat kon roer nie? Die dag toe jy na die vertrek van die ander gesê het jy is desnieteenstaande tevrede met die moord op ons wat agtergebly het?

8. Wat? Toe jy vas geglo het jy sou Praeneste¹² presies op 1 November met 'n nagtelike aanval beset, het jy toe bemerk dat daardie kolonie op my bevel deur my garnisoene, wagposte en wagte beveilig was? Jy doen niks, jy beplan niks, jy dink aan niks wat ek nie alleen hoor nie, maar ook sien en duidelik waarneem.

IV Gaan ten slotte die voorlaaste nag saam met my na, en jy sal dadelik begryp dat ek veel flinker waghoe vir die heil van die staat, as jy vir sy vernietiging. Ek beweer dat jy voorlaasnag – ek sal dit ondubbelsinnig stel – na Sekelma-kerstraat, na die huis van Marcus Laeca gegaan het; dat 'n groot aantal van jou vennote in dieselfde waansinnige dwaasheid by dieselfde plek vergader het. Durf jy dit ontken? Waarom swyg jy? Ek sal dit bewys, as jy dit ontken. Want ek sien dat sommige wat saam met jou daar was, hier in die senaat teenwoordig is.

9. O onsterflike gode! Waar in die wêreld is ons? Wat se staatsbestel het ons? In watter stad woon ons? Hier, hier binne ons geledere, geagte senatore, in hierdie eerbiedwaardigste en gesaghebbendste raad in die hele wêreld is daar mense wat ons almal se dood en die vernietiging van hierdie stad, ja ook van die ganse wêreld beoog. Ek, die konsul, sien hulle hier voor my, en ek vra hulle om hulle mening oor staatsake te gee, en ek verwond hulle wat met die swaard gedood moes gewees het nog nie eers met 'n woord nie! Jy wás dus by Laeca se huis daardie nag, Catilina; jy hét Italië in streke verdeel; jy hét bepaal waarheen elkeen moes gaan; jy hét die manne uitgekies wat jy in Rome sou agterlaat, en die wat jy saam met jou sou neem; jy hét die stad in wyke verdeel vir brandstigting; jy hét bevestig dat jy die stad dadelik sou verlaat; jy hét gesê jy word nou nog 'n bietjie opgehou, omdat ek nog in lewe is. Twee Romeinse ridders is gevind wat jou van daardie bekommernis sou

bevry, en wat belowe het om my daardie selfde nag kort voor ligdag in my bed te vermoor.

10. Toe julle vergadering nog skaars verdaag het, het ek noukeurige berig ontvang van al hierdie dinge. Ek het my huis met 'n groter wag verskans en versterk, en die manne wat jy gestuur het om my hulle môregroet¹³ te bring, toegang geweier toe hulle opdaag. Ek het aan talle hoogaangeskrewe manne voorspel dat juis daardie twee op daardie tydstip na my toe sou kom.

V In hierdie omstandighede, Catilina, gaan voort na waarheen jy begin gaan het: verlaat op lange laas die stad; die poorte staan oop; vertrek! Te lank reeds smag daardie laer van jou onder bevel van Manlius, na jou, hul opperbevelhebber. Neem ook al jou trawante saam, en as dit nie kan nie, soveel as moontlik; reinig ons stad! Jy sal my van 'n groot vrees bevry, solank die stadsmuur maar net tussen my en jou lê. Onder ons kan jy nie langer verkeer nie; ek sal dit nie verdra nie, nie duld nie, nie toelaat nie.

11. Ons moet groot dank betuig aan die onsterflike gode, en juis aan Jupiter Stator hier¹⁴, die oeroue bewaker van hierdie stad, dat ons al soveel keer aan hierdie so afskuwelike, so afgryslieke gedrog so gevaarlik vir die staat, ont-



Die tempel van Jupiter Stator, waarin Cicero sy eerste redevoering teen Catilina gehou het

kom het. Die hoogste heil van ons staat moet nie te dikwels in een enkele persoon op die spel geplaas word nie. So lank as wat jy, Catilina, aanslae op my as verkose¹⁵ konsul gemaak het, het ek myself nie met staatsbeskerming verdedig nie, maar met persoonlike waaksaamheid. Toe jy by die laaste konsulêre verkiesings vir my, die konsul, en jou mededingers op die Marsveld¹⁶ wou vermoor, het ek jou goddelose pogings met die bystand en die middele van my vriende onderdruk sonder om 'n opskudding van ampsweê te veroorsaak. Ten slotte, so dikwels as wat jy my aangeval het, het ek jou op eie houtjie weerstaan, ofskoon ek daarvan bewus was dat my ondergang gekoppel was aan groot ongeluk vir die staat.

12. Nou val jy alreeds ons hele staat openlik aan, en roep die tempels van die onsterflike gode, die huise van ons stad, die lewe van al ons burgers, ja, die ganse Italië na vernietiging en verwoesting. Ek durf nog nie doen wat die eerste ding is om te doen, en wat in ooreenstemming is met my administratiewe oppergesag en die beginsels van ons voorvadere nie. Daarom sal ek doen wat minder streng, maar voordeliger is vir die gemeenskaplike heil. Want as ek beveel dat jy om die lewe gebring word, sal die res van die bende samesweerders in ons staat bly sit. Maar as jy vertrek – ek moedig jou al geruime tyd daartoe aan – sal jou kamerade, daardie groot en gevaarlike uitvaagsel van ons staat, ook uit ons stad gehooos word.

13. Wat makeer, Catilina? Jy aarsel tog seker nie om op my bevel te doen wat jy reeds uit eie beweging besig was om te doen nie? Die konsul beveel 'n staatsvyand om die stad te verlaat. Jy vra my: "Seker tog nie in ballingskap nie?" Ek beveel dit nie, maar as jy raad wil hê, ek raai jou dit aan.

VI Want wat is daar, Catilina, wat jou nou in hierdie stad kan behaag? Behalwe daardie bende verdorwe samesweerders is daar niemand in Rome wat jou nie vrees nie, niemand wat jou nie haat nie. Watter brandmerk van huislike vuigheid is nie op jou lewe ingebrand nie? Welke skande in jou privaat lewe kleef nie aan jou naam nie? Van watter wellus was jou oë ooit afkerig, van welke misdaad jou hande, van watter skanddaad jou hele persoon? Vir welke arme jongman wat jy in die verlokkinge van jou korrupsie verstrik het, het jy nie 'n swaard om 'n roekelose daad mee te pleeg, of 'n fakkelt om sy wellus te gaan bevredig, vooruit gedra nie?

14. Maar wat sal ek nog verder sê? Toe jy onlangs deur die vermoording van jou vorige vrou plek gemaak het vir 'n tweede huwelik, het jy toe dan nie hierdie misdaad met nog 'n ander¹⁷ ongelooflike misdaad vergroot nie? Maar ek slaan dit oor en laat sonder meer toe dat dit verswyg word, sodat

dit nie moet lyk asof so 'n afgryslieke misdaad in hierdie staat geskied, of ongestraf gebly het nie. Ek slaan die ineenstorting van jou vermoëns oor: op die volgende *Ides*¹⁸ sal jy agterkom dat dit alles oor jou hang. Ek kom nou by daardie dinge wat nie betrekking het op persoonlike skande ten gevolge van jou ondeugde nie, nie op jou huislike moeilikheid en slegtheid nie, maar op die hoogste heil van ons staat en die lewe en veiligheid van ons almal.

15. Kan hierdie sonlig, of 'n teug van hierdie hemelse lug vir jou aangenaam wees, Catilina, wanneer jy weet dat elkeen van die aanwesiges hier bewus is daarvan dat jy op 31 Desember van die jaar¹⁹ toe Lepidus en Tullus die konsuls was, gewapen in die *comitium*²⁰ gestaan, en jou hand voorberei het om die konsuls en staatsleiers te vermoor, en dat geen oorweging of vrees van jou nie, maar die goeie geluk van die Romeinse volk jou misdadigheid en waansin in die weg gestaan het? Maar ek laat nou daardie dinge agterweë – hulle is immers ook nie onbekend nie, maar baie keer daarna deur jou gepleeg. Hoe dikwels het jy my nie probeer vermoor toe ek verkose konsul was, hoe dikwels, inderdaad, terwyl ek konsul is nie! Aan hoeveel stote²¹ van jou wat so uitgevoer was dat hulle skynbaar nie ontwyk kon word nie, het ek nie met 'n klein swenkie, en, soos hulle sê, met die lyf²² ontkom nie! Jy rig niks uit nie, jy bereik niks, maar nogtans hou jy nie op om iets te probeer en te wil doen nie.

16. Hoe dikwels is die dolk nie reeds uit jou hande geruk, hoe dikwels het dit nie deur een of ander toeval uit jou hande gegly en geval nie? Ek weet voorwaar nie vir welke geheime godsdiens dit deur jou gewy en getoor is, dat jy glo jy moet dit noodwendig in 'n konsul se liggaam instoot nie.

VII Maar nou, hoedanig is jou lewe? Want ek praat nou met jou op so 'n wyse dat dit nie moet lyk asof ek oorgehaal is deur haat nie – waardeur ek oorgehaal behoort te wees – maar asof deur medelye – wat geensins aan jou verskuldig is nie. Jy het netnou die senaat binnegekom. Wie uit hierdie talryke vergadering, wie van soveel vriende en kennisse het jou gegroet? As dit sedert menseheugenis nog met niemand gebeur het nie, verwag jy dan belediging met woorde wanneer jy deur die allerswaarste veroordeling van swye oorweldig is? Verder, met welke gevoelens, vra ek jou, meen jy moet jy jou daarby berus dat die banke daar met jou binnetrede ontruim is; dat al die konsulêre senatore wat heel dikwels deur jou vir vermoording bestem is, die oomblik toe jy kom sit, daardie deel van die banke leeg en onbeset gelaat het?

17. Goeie hemel, as my slawe my so gevrees het soos wat al jou medeburgers jou vrees, sou ek geglo het ek moet my huis verlaat. Meen jy nie jy moet die stad verlaat nie? En as ek bemerk het dat ek ten onregte so swaar verdink en gekrenk is deur my medeburgers, sou ek verkies het om die aanblik van my medeburgers te ontbeer, eerder as om deur almal se vyandige oë aangekyk te word. En jy wat bewus is van jou misdade en daarom erken dat almal se haat geregverdig en reeds lank deur jou verdien is, aarsel jy om die aanblik en teenwoordigheid van diegene wie se gemoedere en gevoelens jy kwets, te vermy? As jou ouers jou gevrees en gehaat het en jy kon hulle nie op een of ander manier gunstig stem nie, sou jy na my mening iewers heen onder hul oë uit padgegee het. Tans word jy gehaat en gevrees deur jou vaderland, ons almal se gemeenskaplike ouer, en hy is van oordeel dat jy aan niks anders dink as aan vadermoord op hom nie. Sal jy dan nie bedug wees vir sy gesag, nie sy oordeel gehoorsaam volg, en ook nie erg bevrees wees vir sy krag nie?

18. Jou vaderland, Catilina, pleit soos volg by jou en sê, so sonder woorde: “Verskeie jare al het daar geen misdaad tot stand gekom behalwe deur jou nie, en geen skanddaad sonder jou nie. Jy alleen kon talle burgers straffeloos en onbelemmerd vermoor, jy alleen kon ons bondgenote straffeloos en onbelemmerd mishandel en beroof. Jy was in staat om die wette en verhoor nie alleen te verontagsaam nie, maar ook omver te werp en te verwyder. Jou vroeëre misdade, ofskoon hulle nie geduld moes gewees het nie, het ek nogtans geduld so goed as wat ek kon. Maar dat ek nou geheel en al in vrees verkeer net vanweë jou, dat ek by elke geluid vir Catilina moet bang wees, dat dit lyk asof geen aanslag teen my beplan kan word waarby jou misdadigheid nie betrokke is nie, dit is nie te verduur nie. Daarom, maak dat jy wegkom en ontnem my hierdie angs, sodat ek nie vernietig sal word indien my angs geregverdig is nie, en ek eindelik ten laaste mag ophou om angs teervaar indien dit ongegrond is”.

VIII 19. Soos ek gesê het, indien jou vaderland so met jou sou praat, behoort hy dan nie sy versoek toegestaan te kry, selfs al kan hy dit nie afdwing nie? Wat sê jy verder daarop dat jy jouself vrywillig aangebied het om bewaak te word, en dat jy om verdenking te vermy, gesê het jy is gewillig om in *Marius Lepidus*²³ se huis te bly? Toe jy nie deur hom ontvang is nie, het jy die vermetelheid gehad om selfs na my toe te kom, en jy het my versoek om jou in my huis onder bewaking te hou. Toe jy ook van my die antwoord kry dat ek op geen manier saam met jou tussen dieselfde huismure veilig kon wees nie daar ek reeds in groot gevaar verkeer het omdat ons deur dieselfde stadsmure omsluit word, het jy na die praetor, *Quintus Metellus*, gegaan. Nadat

jy ook deur hom afgewys is, het jy oorgetrek na jou kameraad, daardie voortreflike man, Marcus Metellus. Jy het natuurlik gemeen hy is die geskikste mens om jou uiters sorgvuldig²⁴ te bewaak, uiters skerp te verdink, en ook uiters moedig te straf. Maar hoe ver moet dié man skynbaar van die tronk en kettings af wees, wat reeds self van oordeel is dat hy bewaking verdien?

20. In hierdie omstandighede, Catilina, as jy nie met gelatenheid kan sterf nie, aarsel jy dan om na een of ander land weg te gaan en jou lewe, ontruk aan talle geregverdigde en verdiende strawwe, aan ballingskap en eensaamheid toe te vertrou?

“Lê dit voor aan die senaat”, sê jy; dit is immers wat jy eis. En as hierdie liggaam besluit hulle vind dit goed dat jy in ballingskap gaan, sal jy gehoorzaam, sê jy. Ek sal nie iets voorlê wat in stryd²⁵ is met my beginsels nie, maar ek sal nogtans daarvoor sorg dat jy begryp wat die senatore hier van jou dink. Verlaat die stad, Catilina, bevry ons staat van vrees; vertrek in ballingskap, as dít die woord is waarop jy wag. Nou ja? Neem jy dalk iets waar? Bemerkt jy dalk die stilswye van hierdie manne? Hulle duld dit, hulle swyg. Waarom wag jy op hul woordelike aanbeveling as jy duidelik sien wat hul wens is, al swyg hulle ook?

21. Maar as ek dieselfde aan hierdie voortreflike jongman, Publius Sestius²⁶, of dieselfde aan die allerdapperste Marcus Marcellus²⁷ gesê het, sou die senaat onmiddellik, hier in die tempel self, met die volste reg gewelddadige hande aan my geslaan het, konsul ofte nie. Maar in jou geval, Catilina, keur hulle dit goed terwyl hulle stil bly, besluit hulle terwyl hulle dit duld, roep hulle luid terwyl hulle swyg. En dit geld nie alleen vir die aanwesiges hier wie se aanbeveling natuurlik hoë, maar wie se lewens baie min waarde vir jou het nie, maar ook vir die Romeinse ridders daar buite, uiters eerbiedwaardige en voortreflike manne, en vir die ander dapper burgers wat nou die senaat omsingel. 'n Rukkie gelede kon jy hul groot getalle waarneem, hul verlangens grondig leer ken en hul stemme duidelik hoor. Dit is hierdie mense se hande en wapens wat ek geruime tyd al met moeite van jou af weghou. En ek sal hierdie selfde mense sonder moeite daartoe bring om jou tot by die stadspoorte te begelei wanneer jy hierdie dinge verlaat wat jy lank reeds ywerig probeer verwoes.

IX 22. En tog, waarom praat ek? Dat iets jou mag vermurwe? Dat jy jouself ooit mag verbeter? Dat jy oor vlug mag besin en aan ballingskap mag dink? Mag die onsterflike gode hierdie gedagte by jou laat posvat! Trouens, as jy erg verskrik is deur my woorde en jy bring jou verstand daartoe om in bal-

lingskap te gaan, sien ek welke ontsaglike storm van ongewildheid my bedreig. Indien nie vir die hede terwyl die herinnering aan jou misdade nog vars is nie, dan wel vir die toekoms. Maar dit is die moeite werd, solank²⁸ dit maar net my privaat ongeluk is, en dit geskei word van die gevare vir die staat. Maar ons kan nie verwag dat jy geskok sou wees deur jou vergrype, erg bedug sou wees vir die strawwe van ons wette, of 'n toegewing sou maak aan ons staat in sy tye van nood nie. Want jy is ook nie so 'n soort man, Catilina, dat skaamtegevoel jou van slegtheid, of vrees jou van gevaar, of rede jou van waansin sou wegroep nie.

23. Daarom, soos ek reeds herhaaldelik gesê het, gaan weg, en as jy ongewildheid wil aanblaas teen my, jou vyand – soos jy openlik verklaar – gaan dan dadelik en reëlreg in ballingskap. As jy dit doen, sal ek beswaarlik die mense se praatjies verduur; as jy op bevel van die konsul in ballingskap gaan, sal ek beswaarlik die las van my ongewildheid dra. As jy egter verkies om my lof en roem 'n diens te bewys, verlaat dan die stad met jou bende brutale misdadigers, begewe jou na Manlius, stook die verdorwe burgers op, skei jouself af van die goeies, maak oorlog teen jou vaderland en jubel van goddelose roofsug, sodat dit mag lyk asof jy op uitnodiging na jou vriende gegaan het, en nie asof jy deur my na vreemdes uitgedryf is nie.

24. En tog, waarom sou ek 'n uitnodiging rig aan jou? Ek weet mos jy het reeds manne vooruitgestuur om jou by Forum Aurelium onder wapen in te wag; ek weet mos jy het met Manlius ooreengekom oor 'n vasgestelde dag; ek weet mos dat die silwer adelaar²⁹ waarvoor daar in jou huis 'n heiligdom van misdaad ingerig is, ook vooruitgestuur is, en ek vertrou dit gaan vir jou en al jou trawante verderflik en dodelik wees. Hoef ek te vrees dat jy alte lank kan klaarkom sonder daardie ding wat jy gewoonlik aanbid het as jy vertrek om te gaan moor, en van wie se altaar af jy dikwels jou goddelose hand oorgeplaas het na die vermoording van medeburgers?

- X 25. Uiteindelik sal jy dan tog gaan na waarheen jou teuellose en waansinnige begeerte jou lank reeds voortgehaas het. Dié feit bring jou immers geen verdriet nie, maar 'n ongelooflike plesier. Vir hierdie waansinnigheid het die natuur jou verwek, jou neiging jou geoefen, en die noodlot jou bewaar. Nooit het jy rus en vrede begeer nie, selfs ook nie oorlog tensy dit 'n goddelose een was nie. Jy het 'n bende skurke bekom, saamgestel uit verdorwenes en mense wat nie alleen deur alle geluk nie, maar ook deur alle hoop verlaat is.

26. Watter gevoel van geluk sal jy daar geniet, van welke vreugde sal jy uitgelate wees, in welke groot plesier sal jy jou verlustig wanneer jy onder jou

talryke vriende geen enkele goeie man hoor of sien nie! Daardie vermoeiende praktyke van jou waar die mense van praat is 'n oefening om die geneigdheid tot jou soort lewe te behou: jy lê op die grond, nie alleen om op die loer te wees vir ontug nie, maar ook om misdaad te onderneem; jy lê wakker terwyl jy skelm wag, nie alleen op die slaap van eggenote nie, maar ook op die besittinge van vredeliewende mense. Jy het nou geleentheid om jou veelgeroemde vermoë om honger, koue en gebrek aan alle noodsaaklikhede te verduur, aan die dag te lê, en binne 'n kort tydjie sal jy ervaar dat jy uitgemergel is daardeur.

27. Toe ek jou van die konsulskap geweier het, het ek daarmee slegs bereik dat jy ons staat eerder as 'n balling kon aanval en nie as konsul kon teister nie, en dat wat jy op misdadige wyse onderneem het, eerder rowery as oorlog genoem is.

- XI Nou, geagte senatore, om 'n byna geregverdigde klag van ons vaderland plegtig van my af te werp en my daarteen te verontskuldig, moet u asseblief opmerkzaam luister na wat ek gaan sê en dit diep in u hart en gees inprent. Want as ons vaderland wat vir my veel dierbaarder is as my eie lewe, die hele Italië en ons ganse gemeenskap, met my sou praat en sê: "Marcus Tullius, wat maak jy? Gaan jy toelaat dat die man wat jy ontdek het 'n staatsvyand is, wat jy sien die aanvoerder van 'n oorlog teen my gaan wees, van wie jy bewus is dat hy as opperbevelhebber in die laer van die vyand verwag word – gaan jy toelaat dat die aanstigter van misdaad, die hoof van die samekering en die opruier van slawe en verdorwe burgers hiervandaan vertrek, sodat dit voorkom, nie asof hy deur jou uit die stad weggestuur is nie, maar asof hy op die stad losgelaat is? Gaan jy dan nie beveel dat hierdie man in die tronk gegooi, dat hy na sy dood voortgesleur, dat hy met die swaarste straf besoek word nie? Wat verhinder jou dan eintlik? Die gebruik van ons voorvaders?

28. Maar heel dikwels³⁰ het selfs burgerlikes gevaarlike medeburgers in hierdie staat met die dood gestraf. Of is dit dalk die wette³¹ wat by die volk in verband met die straf aan Romeinse burgers voorgestel is? Maar nog nooit het mense wat afvallig geword het van die staat, hul burgerregte in hierdie stad behou nie. Of vrees jy dalk ongewildheid by die nageslag? Jy betoon voorwaar kostelike dank aan die Romeinse volk wat jou, 'n man wat slegs deur eie daade bekend geword het, sonder enige aanbeveling van voorouers so vroeg deur al die trappe van die ereampte na die hoogste administratiewe gesag verhef het, as jy die heil van jou burgers verwaarloos vanweë toekomstige ongewildheid of die vrees vir een of ander gevaar.

29. Maar as daar by jou 'n vrees vir ongewildheid bestaan, dan moet ongewildheid vanweë gestrengheid en onverskrokkenheid nie erger gevrees word as ongewildheid vanweë onbekwaamheid en slapheid nie. Of meen jy dat jy nie ook saam sal brand in die vuur van haat wanneer die oorlog Italië verwoes, ons stede teister en ons huise aan die brand steek nie?"

XII Op hierdie eerwaardige woorde van ons staat, en op die menings van hulle wat net so voel, sal ek kortliks antwoord. As ek geglo het, geagte senatore, die beste ding om te doen is om Catilina met die dood te straf, sou ek aan daardie swaardvegter nie die genot van een enkele uur gegun het om langer te lewe nie. Want as voortreflike manne en hoogs beroemde burgers hulleself nie alleen nie besoedel het met die bloed van 'n Saturninus en die Gracchi en 'n Flaccus en baie ander van vroeër tye nie, maar selfs eer en aansien vir hulleself ingeoes het, dan hoef ek gewis nie te gevrees het dat enige vloed van ongewildheid my hierna sou oorspoel omdat ek hierdie vermoorder van medeburgers om die lewe gebring het nie. En as dit my baie fel sou bedreig, was ek nog altyd geneig om ongewildheid wat deur mannemoed verwerf is, as roem te beskou, en nie as ongewildheid nie.

30. En tog is daar enkele in hierdie liggaam wat òf nie sien wat ons bedreig nie, òf maak asof hulle dit nie sien nie. Hierdie mense het Catilina se hoop met gematigde meningsuitings gevoed, en die groeiende sameswering gesterk deur dit nie te glo nie. En ten gevolge van hulle invloed is daar baie, nie alleen slegte mense nie maar ook onkundiges, wat sou sê ek het wreed en despoties opgetree indien ek hierdie man sou gestraf het. Maar nou weet ek, as hy in Manlius se laer aanland, waarheen hy op koers is, sal niemand so onnosel wees om nie te sien dat 'n sameswering gesmee is nie, niemand so skaamtelos om dit nie te erken nie. Maar as net hierdie man om die lewe gebring word, weet ek dat hierdie besmetlike siekte van ons staat 'n klein rukkie in bedwang gehou, maar nie vir altyd gesmoor kan word nie. As hy self egter in ballingskap gaan en sy trawante saam met hom neem, en al die ander uitworpelingen wat hy van oral af versamel het op dieselfde plek saamtrek, sal nie alleen hierdie volgroeiende pes van ons staat uitgeroei en vernietig word nie, maar ook die wortel en saad van alle toekomstige kwaad.

XIII 31. Lank reeds, geagte senatore, omgewe die gevare en valstrikke van hierdie sameswering ons, maar op een of ander wyse het die volle rypheid van alle misdadigheid en van 'n lank bestaande waansin en roekeloosheid, juis tydens my konsulaat uitgebreek. As net daardie een lid van so 'n groot struikrowerbende vandag verwyder word, sal dit dalk 'n kort rukkie lank voorkom asof ons van sorg en vrees verlig is, maar die gevaar sal hom vestig en diep

in die are en ingewande van ons staat verskuil lê. Mense wat siek lê aan 'n ernstige kwaal en van brandende koors rondrol, kry dikwels aanvanklik skynbare verligting as hulle koue water gedrink het, maar daarna word hulle baie ernstiger en hewiger aangetas. So sal hierdie siekte wat in ons staat woed, aanvanklik verlig word deur die bestraffing van daardie vent, maar later sal dit al hewiger en erger word omdat die res van die bende nog lewe.

32. Daarom, laat die slegtes padgee en hulself afskei van die goeies. Laat hulle op een plek saamtrek, kortom, laat hulle – en ek het dit reeds herhaaldelik gesê – deur die stadsmuur van ons geskei word. Laat hulle ophou om hinderlae vir die konsul in sy eie huis te lê, om die tribune³² van die stadspraetor te omsingel, om die senaatshuis met swaarde te beleër, en om brandpyle³³ en fakkels in gereedheid te bring om die stad mee aan die brand te steek. Kortom, laat daar op 'n ieder en elk se voorhoof geskryf staan hoe hy oor die staat voel. Ek belowe u dit, geagte senatore: daar sal soveel opletendheid by ons, die konsuls, wees, soveel gesag by u, soveel dapperheid by die Romeinse ridders, soveel eensgesindheid onder alle goeie burgers, dat u alles met Catilina se vertrek opgeklaar, aan die lig gebring, onderdruk en gestraf sal sien.

33. Vertrek dan onder hierdie voortekens, Catilina, na jou goddelose en misdadige oorlog, tot opperste heil van ons staat, tot onheil en verderf vir jouself, en tot ondergang van hulle wat hul met jou verbind het in iedere soort misdaad en doodslag. U, Jupiter³⁴ wie se standbeeld hier opgerig is onder dieselfde voortekens as dié waaronder ons stad deur Romulus gestig is, en vir wie ons tereg die beskermmer van hierdie stad en ryk noem, weer asseblief hierdie man en sy makkers van u eie en alle ander tempels, van die huise en mure van ons stad, en van die lewe en eiendom van alle burgers, en besoek die teenstanders van goeie mense, die vyande van ons vaderland, die struikroers van Italië wat aan mekaar gebind is deur 'n verdrag van misdaad en 'n goddelose verbond, in lewe en in dood met ewige strawwe.

3. Die vierde redevoering teen Catilina

In Catilinam IV



Die tempel van Concordia

Agtergrond

Na Cicero se smaadrede teen hom op 8 November, 63 v.C. (*In Catilinam I*) het Catilina 'n kleinerende antwoord aan Cicero gegee, uit die tempel gestorm, en dieselfde aand na Manlius se kamp in Etrurië vertrek, terwyl 'n aantal van sy vertroude luitenanten in Rome agtergebly het om die moord en brandstigting soos beplan, uit te voer. Op 9 November spreek Cicero die volk toe om hulle in te lig oor die jongste verwikkelinge, en om hulle tot kalmte te maan (*In Catilinam II*). Intussen gaan die agtergeblewe samesweerders voort met hul voorbereiding vir die uitvoering van hul duiwelse planne: op 17 Desember, die dag waarop die fees van die *Saturnalia* gehou sou word, sou hulle toeslaan; die stad sou op twaalf plekke gelyktydig aan die brand gestek word; Cicero en ander vooraanstaande leiers sou vermoor word; die jonger samesweerders sou hulle eie ouers vermoor; te midde van die algemene chaos sou die agtergeblewenes dan met wapengeweld probeer deurbreek na Catilina en sy leer. Cicero was bewus van al hulle planne, maar hy het gereken die getuienis was onvoldoende om optrede teen hulle te regverdig.

Toe gebeur daar iets wat hom van die nodige getuienes voorsien. 'n Gesantskap van die Allobroge, 'n Transalpyne Galliese stam, was op hierdie tydstip toevallig in Rome om by die senaat hulp te kom soek teen die onderdrukking en afpersing wat hulle van die kant van Romeinse amptenare moes verduur. Publius Cornelius Lentulus, die leidende agtergeblewe samesweerder, konkel deur bemiddeling van ene P. Umbrenus met die Allobrogiese afgesante en belowe om hulle griewe uit die weg te ruim, op voorwaarde dat hulle gewapende ondersteuning, en veral ruitery, aan Catilina sal verskaf. Die afgesante stem aanvanklik in, maar na ryper beraad besluit hulle om die aangeleentheid aan hulle beskermheer, Q. Fabius Sanga, te rapporteer. Sanga rapporteer dit onmiddellik weer aan Cicero wat opdrag gee dat die gesante moet voorgee dat hulle saamwerk, maar om voor hulle vertrek eers van die leiers van die sameswering geskrewe bevestiging van hul onderhandelings te verkry waarmee hulle dan kwansuis hulle eie leiers sou kon oortuig. Lentulus, Cethegus en Statilius word in hierdie valstrik gevang, en, soos versoek, verskaf elkeen 'n geskrewe bevestiging met elkeen se persoonlike seël verseël. Verder reël hulle dat die gesante wat deur Etrurië na hulle land moes reis, die ooreenkoms met Catilina persoonlik sou bekragtig, en dat ene T. Volturcius hulle sou vergesel met 'n getekende brief van Lentulus en mondelinge opdragte aan Catilina. Met hierdie verdoemende getuienis in hul besit, vertrek die gesante die nag van 2 op 3 Desember, en op bevel van Cicero word hulle deur die praetors op die Mulviese brug oor die Tiber in hegtenis geneem. Die dokumente word by hulle gevind en Cicero laat onmiddellik vyf van die samesweerders arresteer, te wete Lentulus, Cethegus, Statilius, Gabinius en Ceparius. Op 3 Desember vergader die senaat in die tempel van Concordia om die gearresterdes se verdediging aan te hoor. Die getuienis van die gesante, en hulle eie handskrif, naamtekeninge en seëls bewys bo alle twyfel die gearresterdes se skuld, en as gevangenes word hulle onder bewaking van verskeie

senatore geplaas. Daardie aand lewer Cicero 'n openbare uiteensetting van die feite aan die volk (*In Catilinam III*).

Op 5 Desember roep Cicero die senaat byeen, weer eens in die tempel van Concordia — maar dié keer streng bewaak — om die lot van die gevangenes te beslis. As verkose konsul, kry D. Junius Silanus die eerste spreekbeurt, en hy stel die doodstraf vir die gevangenes en verskeie ander verdagte samesweerders voor. Die konsulêre senatore wat na hom gepraat het, het met Silanus saamgestem, totdat C. Julius Caesar, in hierdie stadium verkose praetor, die debat in 'n ander rigting gestuur het. Hy het daarop gewys dat dit onwettig was vir die senaat om die doodvonnis oor 'n Romeinse burger uit te spreek, en dat so 'n stap gevaarlike gevolge mag hê. Daarom het hy voorgestel dat die gevangenes se eiendom verbeurd verklaar, en hulle self in die permanente bewaking van verskeie vrystede geplaas moes word, en dat enige toekomstige voorstel by die senaat of volk ter verligting van hulle straf, as 'n aanval op die staat se veiligheid beskou moes word. Na Caesar se voorstel het die senatore begin weifel, en Cicero het besluit om as voorsittende konsul in dié stadium aan die debat deel te neem. Sy toespraak, bekend as “Die vierde redevoering teen Catilina” is oënskynlik 'n uiteensetting van Silanus en Caesar se voorstelle, en hoe elkeen daarvan sy persoonlike veiligheid raak, maar dit toon duidelik dat hy ten gunste was van die doodstraf vir die gevangenes. Die lot van laasgenoemdes is egter nie deur Cicero se rede verseël nie, maar wel deur die van M. Porcius Cato wat na hom aan die woord gekom het. Die gevangenes is ter dood veroordeel en teen sonder in die *Tullianum*, die staatsgevangenis onder die Capitolium, verwurg. Hierdie gebeure sou meebring dat Cicero ongeveer vier jaar daarna uit Rome verban is. Catilina het in 62 tydens die slag van Pistoria aan sy einde gekom.

I 1. Ek sien, geagte senatore, dat u almal se blik en oë op my gerig is; ek sien dat u nie slegs oor u eie en die staat se gevaar besorg is nie, maar ook, indien daardie gevaar afgeweer is, oor myne. U welwillendheid teenoor my is vir my aangenaam te midde van onheil, en welkom te midde van smart. Maar in hemelsnaam, laat vaar dit, vergeet my veiligheid en dink aan uself en u kinders. As die konsulskap op so 'n voorwaarde aan my gegee is dat ek alle bitterheid, alle smart en alle foltering moet verduur, sal ek dit nie alleen dapper nie, maar ook met graagte verduur, solank daar net waardigheid en veiligheid vir u en die Romeinse volk deur my moeite verkry word.

2. Ek is daardie konsul, geagte senatore, vir wie niks ooit sonder doodsgevaar en heimelike aanslae was nie: nie die forum waarin alle geregtigheid in stand gehou word, nie die Campus Martius¹ wat deur die waarneming van voortekens by konsulêre verkiesings geheilig is, nie die senaathuis, die grootste bekermmer van alle volke, nie my huis, almal se gemeenskaplike toevlugsoord, nie my bed wat vir rus bestem is, en ten slotte, nie hierdie erestoel² nie. Ek het oor baie dinge geswyg³, ek het baie verduur, ek het baie toege-

wings gemaak en baie dinge as 't ware met persoonlike hartseer reggestel terwyl u in angs verkeer het. As dit die onsterflike gode se wil was dat die einde van my konsulskap nou sodanig moet wees dat ek u en die Romeinse volk van die allerellendigste bloedbad, u vroue en kinders en die Vestaalse⁴ maagde van die bitterste mishandeling, die tempels en heiligdomme en ons almal se allerskoonste vaderland van die afskuwelikste brandstigting, en die ganse Italië van oorlog en verwoesting moes red, dan moet ek alle slae van die noodlot trotseer wat vir my alleen bepaal is. Want as Publius Lentulus⁵, deur waar-sêers verlei, gemeen het sy naam is deur die noodlot voorbeskik om ons staat te vernietig, waarom sou ek my nie verheug oor die feit dat my konsulaat as 't ware deur die noodlot voorbeskik was om die Romeinse volk te red nie?

- II 3. Geagte senatore, kyk dus na u eie belange, sorg vir ons vaderland, beveilig uself, u vrouens, kinders en besittings, verdedig die naam en veiligheid van die Romeinse volk en hou op om my te ontsien en aan my te dink. Want eerstens behoort ek te hoop dat al die gode wat hierdie stad beskut, aan my dank sal betuig na die mate wat ek dit verdien; tweedens, indien iets met my gebeur, sal ek met kalme gemoed en voorbereid sterf. Want 'n dapper man kan nie 'n skandelige dood sterf nie, iemand van konsulêre rang nie 'n alte vroeë dood nie, en 'n wyse man nie 'n beklaenswaardige dood nie. Maar ek is ook nie daardie gevoellose soort mens wat nie ontroer word deur die verdriet van my dierbare en geliefde broer hier teenwoordig, en die trane van al die manne deur wie u my hier omring sien nie. En my gedagtes gaan herhaaldelik terug na my huis en my verbysterde vrou⁶, na my dogter⁷ wat deur vrees terneergeslaan is, na my ou klein seuntjie⁸ wat skynbaar deur die staat as 'n soort pand vir my konsulaat omklem word, en na my skoonseun⁹ wat hier binne my gesigskring op die uitkoms van hierdie dag staan en wag. Deur dit alles word ek geroer, maar slegs in die sin dat ek wens almal mag saam met u oorleef, selfs as een of ander geweld my oorval, in plaas daarvan dat sowel hulle as ons in een en dieselfde ondergang van die staat omkom.

4. Daarom, geagte senatore, beywer u vir die redding van ons staat en wees op die uitkyk vir alle storms wat gaan dreig as u nie voorsorgmaatreëls tref nie. Dit is nie Tiberius¹⁰ Gracchus wat voor 'n beslissende oomblik en u gestrenge oordeel te staan kom omdat hy 'n tweede keer volkstribuun wou word nie; nie Gaius¹¹ Gracchus, omdat hy die agrariese party probeer opstook het nie; nie Lucius Saturninus¹², omdat hy Gaius Memmius¹² vermoor het nie: die samesweerders wat in Rome agtergebly het om die stad aan die brand te steek, u almal te vermoor en Catilina te ontvang, is in u hande; hul briewe, seëls en handskrif, kortom, elkeen van hulle se bekentenis is in u hande; die Allobroge word verlei, die slawestand word opgerui en Catilina word ontbied;

hierdie plan is beraam sodat daar, nadat almal vermoor is, niemand mag oorbly om selfs eers die naam van die Romeinse volk te bekla en die ongeluk van so 'n groot ryk te bejammer nie.

- III 5. Al hierdie dinge het die getuies u meegedeel, het die aangeklaagdes erken, het u reeds deur talle beslissings uitspraak oor gegee. Want eerstens het u in buitengewone woorde u dank aan my betuig, en beslis dat die sameswering van verwoepeling deur my kloekmoedigheid en waaksaamheid blootgelê is; tweedens het u Publius Lentulus gedwing om sy praetorsamp neer te lê; verder het u besluit dat hy en die ander oor wie u uitspraak gelever het, vir bewaking oorgelewer moes word, en bo alles het u 'n dankfees¹³ tot my eer bepaal, 'n eer wat vóór my nog aan niemand in 'n siviele hoedanigheid verleen is nie; laastens het u gister aan die gesante van die Allobroge en aan Titus Volturcius ryke belonings gegee. U hele optrede is van so 'n aard dat die manne wat by name¹⁴ vir bewaking oorgegee is, skynbaar sonder enige twyfel reeds deur u veroordeel is.

6. Maar ek het onderneem om die aangeleentheid na u te verwys, geagte senatore, asof dit onuitgemaak is wat u van die daad dink, en wat u beslissing oor die straf is. Ek sal slegs dáárdie feite vermeld waartoe die konsul verplig is. Ek het lankal reeds bemerk dat daar 'n groot waansin in ons staat bestaan en dat ongekende euwels saamgebrou en aangewakker word, maar dat hierdie so ontsaglike en verderflike sameswering deur medeburgers gesmee is, het ek nooit gedink nie. Wat dit nou ook al is, en waarheen u verstand en menings ook al neig, u moet voor die nag daal¹⁵ 'n besluit neem. U sien welke ontsettende misdaad na u verwys is. As u meen dat slegs 'n paar mense daarby betrokke is, dan maak u 'n ernstige fout. Hierdie kwaad is wyer versprei as wat u dink: dit het hom nie slegs oor Italië verbrei nie, maar selfs die Alpe oorgesteek en heimelik voortkruipend reeds baie provinsies oorval. Dit kan geensins deur 'n getalm en uitstel onderdruk word nie; hoe u ook al besluit, u moet vinnig straf.

- IV 7. Ek sien daar is tot dusver twee voorstelle. Die een, die van Decimus Silanus¹⁶ wat voorstel dat die manne wat probeer het om al hierdie dinge te vernietig, met die dood gestraf moet word. Die ander een, die van Gaius Caesar, wat die doodstraf verwerp maar al die jammer en ellende van alle ander strawwe omvat. Elkeen van hulle tree met die grootste gestrengheid op ooreenkomstig sy aansien en die belangrikheid van die gebeure. Die een meen dat die manne wat gepoog het om ons almal en die hele Romeinse volk van ons lewe te beroof, ons ryk te vernietig en die naam van die Romeinse volk uit

te doof, behoort hul lewe en die gemeenskaplike lug wat ons inadem nie een oomblik langer te geniet nie, en hy herinner ons daaraan dat hierdie soort straf dikwels teen slegte burgers in ons staat aangewend is. Die ander een¹⁷ is daarvan oortuig dat die dood nie deur die onsterflike gode ingestel is om mense daarmee te straf nie, maar dat dit òf as 'n natuurnoodwendigheid, òf as rus na swaarkry en ellendes bedoel is. Daarom het wyse manne dit nog nooit teësinig nie, en dapper manne dit dikwels selfs met graagte tegemoet gegaan. Maar gevangenisstraf, en dit lewenslange gevangenisstraf, is gewis uitgedink om 'n goddelose misdaad op buitengewone wyse mee te straf. Hy beveel aan dat die gevangenes onder die vrystede verdeel moet word. Hierdie voorstel behels klaarblyklik onreg indien 'n mens hul aanhouding in vrystede sou wou afdwing, en verleentheid indien 'n mens dit sou wou versoek¹⁸. Laat dit nogtans so besluit word, indien dit u behaag.

8. Ek sal immers die uitvoering daarvan onderneem en, na ek vertrou, mense vind wat meen dat dit nie by hulle aansien pas om iets te weier wat u tot heil van almal besluit het nie. Caesar lê die vrystede ook 'n swaar boete op as een van die gevangenes sou uitbreek; hy plaas skrikwekkende wagte om die gevangenes, soos die misdaad van verworpeling dit verdien; hy veroordeel, deur toedoen van òf die senaat òf die volk¹⁰ te verlig nie; hy ontnem hulle selfs alle hoop, die enigste faktor wat 'n mens gewoonlik in sy ellendes troos verskaf. Daarbenewens beveel hy aan dat hul besittinge verbeurd verklaar word. Hy laat slegs hul lewe aan die goddelose mense oor, want as hy dit aan hulle ontruk het, sou hy hulle met een oomblik se pyn²⁰ van baie ellendes na siel en liggaam, en van al die boetedoening vir hulle misdade bevry het. Daarom het bekende skrywers van die ou tyd aangeneem dat sekere strawwe van daardie aard in die onderwêreld vir goddeloses bepaal is, sodat bese mense tydens hul lewe 'n skrikbeeld voor oë gehou kon word. Die rede is natuurlik omdat hulle besef het dat die dood self sonder hierdie strawwe nie erg gevrees hoef te word nie.

V 9. Nou, geagte senatore, sien ek wat my tot voordeel is. As u Gaius Caesar se voorstel volg, sal ek dalk aanslae van die *populares*²¹ minder hoef te vrees daar hy die borg en verdediger van hierdie voorstel is, en in ons politieke bestel hierdie weg ingeslaan het wat as volks aangesien word. Maar as u die ander voorstel volg, haal ek my moontlik groter moeilikheid op die hals. Maar nogtans, laat die belang van ons staat swaarder weeg as oorwegings van my persoonlike gevare. Ons het immers van Caesar, soos sy eie aansien en die deurlugtigheid van sy voorouers²² dit vereis het, 'n voorstel wat as 't ware 'n waarborg is vir sy durende goeie gesindheid teenoor ons staat. Ons het

duidelik besef²³ welke groot verskil daar is tussen die ligsinnigheid van demagoë en 'n gees wat werklik volksvriendelik, en op die heil van die volk bedag is.

10. Ek sien dat talle van daardie mense wat as *populares* beskou wil word, hier afwesig is, klaarblyklik om nie 'n stem uit te bring rakende die lewens van Romeinse burgers nie. Daardie selfde manne het eergister Romeinse burgers vir bewaking oorhandig en 'n dankfees tot my eer verorden, en gister ook baie groot belonings aan die getuies gegee. Tans twyfel niemand oor wat iemand wat bewaking vir 'n aangeklaagde, 'n dankfees vir die ondersoekregter en 'n beloning vir 'n getuie verorden het, van die hele aangeleentheid en die onderhawige saak dink nie. Maar aan die ander kant weet Gaius Caesar dat die wet van Sempronius²⁴ ingestel is met betrekking tot Romeinse burgers, maar dat 'n staatsvyand op generlei wyse 'n burger kan wees nie; ook dat die voorsteller van Sempronius se wet uiteindelik self op bevel van die volk aan die staat boete gedoen het. Insgelyks meen hy dat Lentulus self, 'n vrygewige verkwister, nie langer 'n volksvriend genoem kan word nie, daar hy so hardvogtig en wreed planne beraam het om die verderf van die Romeinse volk en die ondergang van hierdie stad te bewerkstellig. Daarom aarsel hierdie uiters verdraagsame en sagsinnige man nie om Publius Lentulus aan die ewige duisternis van die gevangenis te oorhandig nie, en verorden hy dat niemand in die toekoms by magte sal wees om te spog met die verligting van Lentulus se straf, en dan daarna, terwyl hy besig is met die vernietiging van die Romeinse volk, as 'n volksvriend te poseer nie. Hy voeg selfs die verbeurdverklaring van Lentulus se besittinge by, sodat ook gebrek en bedelstaf al sy martelinge van gees en liggaam mag begelei.

- VI 11. Indien u dus op laasgenoemde besluit, sal u my 'n metgesel²⁵ na die volksvergadering gee, wat geliefd is by die volk en welgevallig vir hulle. Indien u egter verkies om Silanus se voorstel te volg, sal die Romeinse volk my en u graag vryspreek van die blaam van wreedheid, en ek sal bewys dat dit 'n veel gematigder voorstel was. En tog, geagte senatore, welke wreedheid kan daar wees in die bestraffing van die onmenslikheid van so 'n ontsaglike misdaad? Ek oordeel immers volgens my eie gevoel. Want so waarlik as wat ek begeer om ons staat ongeskonde saam met u te geniet, so waarlik word ek, in soverre ek in hierdie saak hartstogteliker is, nie deur hardheid van hart beïnvloed nie – wie is immers sagmoediger as ek? – maar eerder deur 'n uitsonderlike menslikheidsgevoel en barmhartigheid. Want dit skyn my ek sien hierdie stad, die lig van die wêreld en die vesting van alle volke, plotseling in een groot brand inmekaar stort. Ek sien in my geestesoog jammerlike onbegraaftde stapels lyke van medeburgers in ons begraaftde vaderland; voor my

oë sweef daar die gesig van Cethegus wat hom in sy waansin verlustig in moord op u.

12. Maar wanneer ek my voorstel dat Lentulus as koning regeer – soos hyself erken het dat hy op grond van orakelspreuke gehoop het – en dat Gabinius sy in purper geklede eerste minister²⁶ is; wanneer ek my voorstel dat Catilina met sy leër opgedaag het, dan begin ek oor my hele liggaam te sidder vir die weeklag van ons huismoeders, vir die vlug van ons jonkvroue en seuns, en vir die mishandeling van die Vestaalse maagde. En omdat hierdie dinge vir my hoogs ellendig en bejammerenswaardig lyk, sal ek my hard en baie streng betoon teenoor hulle wat dit ten uitvoer wou bring. Want ek vra: as 'n huisvader nie sy slawe die swaarste straf opleë wanneer sy kinders om die lewe gebring, sy vrou vermoor en sy huis aan die brand gestee is deur 'n slaaf nie, kom hy dan genadig en jammerhartig voor, of uiters onmenslik en wreed? Want vir my lyk hy ongevoelig en hardvogtig omdat hy nie sy eie smart en foltering met die smart en foltering van die skuldige gelenig het nie. So sal ons ook as jammerhartig beskou word as ons uiters streng is in die geval van hierdie manne wat ons, ons vrouens en ons kinders wou vermoor; wat iedere huis van een en elk van ons, en ons staat, hierdie gemeenskaplike tuiste van almal, probeer vernietig het; wat hulle dit ten doel gestel het om die volk van die Allobroge op die reste van hierdie stad en die asse van ons afgebrande ryk te vestig. Maar as ons alte toegeeflik wil wees, moet ons die berugtheid weens aller grootste wreedheid by die ondergang van ons vaderland en medeburgers aanvaar.

13. Of het Lucius Caesar²⁷, 'n baie dapper man, en een wat ons staat innig lief het, eergister vir enigiemand alte wreed gelyk toe hy in die teenwoordigheid en ten aanhore van die kêrel verklaar het dat sy suster, 'n voortreflike dame, se man van sy lewe beroof moet word? Toe hy verder gesê het sy grootvader²⁸ is op bevel van die konsul gedood, en dat sy onmondige seun²⁹ wat as gesant deur die vader gestuur was, in die tronk om die lewe gebring is? Welke daad soortgelyk aan die van hierdie samesweerders, het hulle gepleeg? Watter plan is deur hulle beraam om ons staat te vernietig? Destyds het daar in ons staat 'n neiging tot kwistige geskenkuitdelery³⁰ geheers en 'n soort partystryd. Destyds het hierdie Lentulus se grootvader³¹, 'n baie beroemde man, wapen in die hand vir Gracchus agtervolg. Hy het toe selfs 'n ernstige wond opgedoen om te voorkom dat die hoogste welsyn van ons staat enigsins benadeel word. Maar hierdie kleinseun van hom ontbied Galliërs om die fundamente van ons staat te vernietig; hy hits die slawestand op, roep Catilina daarby, deel ons toe aan Cethegus om neergevel te word, en al die ander burgers aan Gabinius om gedood te word; hy laat ons stad aan Cassius

oor om aan die brand gestee te word, en die ganse Italië aan Catilina om dit te verwoes en te plunder. Ek glo u moet minder bevrees wees vir die indruk dat u by hierdie misdaad, so onmenslik en goddeloos, 'n alte gestrengte besluit geneem het. Veel eerder moet ons bang wees dat dit mag lyk asof ons deur versagting van die straf wreed teenoor ons vaderland was, as dat ons moet bang wees vir die indruk dat ons deur die strengheid van die straf alte hardvogtig teen ons bitterste vyande was.

VII 14. Maar die dinge wat ek hoor, geagte senatore, kan ek nie verswyg nie. Want daar word bedenkinge versprei – en hulle bereik my ore – van diegene wat skynbaar bang is dat ek nie genoeg hulp het om die dinge wat u vandag sal besluit het, deur te voer nie. Alles is voorsien, voorberei en gereël, geagte senatore, deels deur die grootste sorgvuldigheid en omsigtigheid aan my kant, en nog veel meer deur die vasberadenheid van die Romeinse volk om hulle oppergesag te behou en hul gemeenskaplike besittinge te beskerm. Manne van alle range en stande, ja selfs van alle ouderdomme is teenwoordig; die forum is vol, die tempels om die forum is vol, alle toegange na hierdie plek en hierdie tempel is vol. Want sedert die stigting van ons stad, is hierdie die eerste saak wat ons kry waaroor almal een en dieselfde voel – behalwe hulle wat liever saam met almal as alleen te gronde wou gaan toe hulle gesien het hulle moet sterf.

15. Van hierdie mense maak ek 'n uitsondering en ek skei hulle graag af van die res. Ek glo ook dat hulle nie onder ons slegte burgers gereken moet word nie, maar wel onder ons mees verbitterde vyande. Maar die res – o onsterflike gode! In welke groot getalle, met hoeveel ywer en moed voel hulle nie saam vir die behoud van ons gemeenskaplike veiligheid en aansien nie! Waarom sou ek hier melding maak van die Romeinse ridders? Hulle staan aan u die voorrang van stand en besluitneming af, sodat hulle met u kan meeding in liefde vir ons staat. Hierdie dag van vandag, en hierdie gebeurtenis maak hulle een met u, en bring hulle na baie jare se onenigheid³² met hierdie orde³³ terug na 'n vennootskap en eensgesindheid³⁴. En as ons hierdie verbintenis wat deur my konsulskap verstewig is, vir altyd in ons staat in stand hou, verseker ek u dat geen burgerlike of huishoudelike onheil hierna enige deel van ons staat sal aantast nie. Ek sien die betaalmeesters³⁵ – voortreflike manne – het met net soveel geesdrif ter verdediging van ons staat byeengekom. Insgelyks al die klerke³⁶, en ek sien – want hierdie dag³⁶ het hulle in groot getalle by die skatkis³⁷ byeengebring – dat hulle nie wag op die uitslag van die lot³⁶ nie, maar hulleself beskikbaar stel vir ons gemeenskaplike redding.

16. Die ganse massa vrygebore burgers, selfs van die armoedigstes, is teen-

woordig. Want vir wie is hierdie tempels, die aanskouing van ons stad, die besit van vryheid, en laastens, die sonlig self en die gemeenskaplike bodem van ons vaderland nie dierbaar en 'n bron van vreugde en plesier nie?

VIII Dit is die moeite werd, geagte senatore, om kennis te neem van die geneenthede van die vrygelatenes wat deur verdienstelikheid die burgerreg van hierdie stad verwerf het en dit opreg as hul vaderland beskou, terwyl sekere manne wat hier uit die hoogste stand gebore is, dit nie as hul vaderland nie, maar as 'n vyandelike stad beskou het. Maar waarom praat ek van hierdie stande en mense wat deur hul persoonlike besittings, ons gemeenskaplike staat, en ten slotte, deur daardie vryheid wat hulle so intens geniet, aangevuur is om die veiligheid van hul vaderland te verdedig? Daar is geen slaaf, mits sy onvryheid maar net draaglik is, wat nie afgryse voel vir die roekeloosheid van burgers, wat nie begeer dat die huidige bestel moet voortbestaan, en wat nie net soveel goedgesindheid as wat hy durf en kan betoon, bydra tot ons veiligheid nie.

17. Indien die gerug wat ons gehoor het enigiemand van u dalk verontrus, naamlik dat 'n agent van Lentulus by die winkels rondsluip en hoop dat die gemoedere van die armes en onkundiges met omkoopgeld opgerui kan word, wil ek maar net sê daar is inderdaad daarmee begin en iemand het dit probeer doen. Daar is egter niemand so armoedig of verdorwe van gesindheid gevind, dat hy nie wil hê dat juis daardie plek³⁸ waar sy werksbank en werk en daaglikse broodwinning is, dat hy nie wil hê dat sy slaapplek en heerlike bed, kortom, dat hy nie wil hê dat die rustige gang van sy lewe behoue moet bly nie. Inderdaad, verreweg die grootste deel van die winkeliers, of nee, seer seker daardie hele stand — want dit moet ek liever sê — is baie lief vir rus en vrede. Want hulle hele voorraad, hul hele bedryf en verdienste word gestut deur 'n groot toeloop van burgers, en bevorder deur rus en vrede. En as hulle winste gewoonlik verminder wanneer hul winkels gesluit³⁹ is, wat, vra ek u, sou die toedrag van sake gewees het as hul winkels afgebrand was?

18. In hierdie omstandighede, geagte senatore, ontbeer u nie die rugsteun van die Romeinse volk nie: vermy die indruk dat u die Romeinse volk in die steek laat!

IX U het 'n konsul wat uit talryke gevare en hinderlae, ja, uit die midde van die dood gered is, nie om sy lewe verder te lewe nie, maar om u tot redding te wees. Al die stande is dit in voorneme, wil en woord eens om ons staat ongeskonde te hou. Beleër deur die vuurfakkels en wapens van 'n goddelose sameswering, strek ons gemeenskaplike vaderland sy hande smekend uit na u,

en aan u vertrou hy homself toe, aan u die lewe van al ons burgers, aan u die burg en Capitolium⁴⁰, aan u die altare van die Penate⁴¹, aan u die ewige vuur van Vesta⁴², aan u die tempels en heiligdomme van al die gode, aan u die mure en huise van ons stad. Daarbenewens moet u vandag besluit oor u eie lewe en die van u vrouens en kinders, oor ons almal se hawe en goed, oor u huise en oor u haarde.

19. U het 'n leier wat aan u dink en homself vergeet – 'n geleentheid wat nie altyd gegun word nie. U het aan u kant al die stande, al die mense, en die ganse Romeinse volk. Hulle is almal vervul met een en dieselfde gevoel, en dis iets wat ons vandag die eerste keer in 'n politieke aangeleentheid sien. Bedink met welke ontsaglike moeite ons ryk gegrondves is, met hoeveel man-nemoed ons vryheid in stand gehou, en met welke groot seën van die gode ons hawe en goed vermeerder en aangevul is – en een nag⁴³ het dit alles byna vernietig! Vandag moet ons daarvoor sorg dat so 'n iets nooit weer hierna deur burgers uitgevoer, ja, selfs beplan kan word nie. En ek het hierdie dinge nie gesê om u wat my byna oortref in ywer, nog verder aan te hits nie, maar dat mense kon sien dat ek met my stem wat die hoofstem in staatsake behoort te wees, my plig as konsul vervul het.

- X 20. Voordat ek nou terugkom op u beslissing, gaan ek 'n paar woorde oor myself sê. So groot as wat die bende samesweerders is – en u sien dit is baie groot – so 'n groot aantal vyande, sien ek, het ek my op die hals gehaal. Ek beskou daardie vyande egter as gemeen, kragteloos en veragtelik. Maar as daardie bende in een of ander stadium aangehits word deur die waansin en misdadigheid van enigiemand, en hulle betoon hulself magtiger as u waardigheid en die van die staat, sal ek egter nooit, geagte senatore, spyt wees oor my dade en besluit nie. Want die dood waarmee daardie gespuis my bedreig, staan vir almal voor die deur: sulke groot roem soos waarmee u my in my lewe deur u eervolle verordeninge bedeel het, het niemand nog verwerf nie. Vir andere het u immers altyd 'n dankfees verorden op grond van hul geslaagde krygsoperasies, maar alleen vir my omdat ek ons staat gered het.

21. Laat daardie Scipio⁴⁴ deur wie se wysheid en dapperheid Hannibal gedwing is om Italië te verlaat en na Africa terug te keer, as beroemd beskou word. Laat die ander Africanus⁴⁵ wat twee stede, dodelik vyandig teenoor ons ryk, naamlik Karthago en Numantia verdelg het, met buitengewone roem vereer word. Laat daardie Paulus⁴⁶ aan wie se triomfwa die eertyds oppermagtige en deurlugtige koning Perseus glans verleen het, as 'n uitnemende man beskou word. Laat die roem van Marius wat Italië twee maal van besetting en die angsk vir knegskap bevry het, ewig duur. Laat Pompeius wie se krygsdade

en deugde dieselfde streke en grense bereik het as die waardeur die son se baan ingesluit word, bo almal verkies word. Gewis sal daar tussen die lofprysinge aan hierdie manne 'n plekkie wees vir my roem, tensy dit dalk 'n groter prestasie is om vir ons provinsies oop te stel waarheen ons kan uitwyk, as om toe te sien dat ook hulle wat in die buiteland is 'n tuiste sal hê waarheen hulle as oorwinnaars kan terugkeer.

22. En tog is die omstandighede van 'n oorwinning in die buiteland in een opsig beter as die van 'n oorwinning in die vaderland, omdat buitelandse vyande of slawe word nadat ons hulle met geweld onderdruk het, of meen dat hulle onder verpligting teenoor ons staan as ons hulle uit genade daarvan vrygestel het. Maar mense uit die geledere van ons burgers, wat deur waansin verlei is en eenmaal begin het om hul vaderland se vyande te wees, vir hulle kan jy nóg met geweld bedwing, nóg met 'n guns versoen as jy hulle verhin-der het om ons staat te vernietig. Daarom besef ek dat ek 'n ewigdurende oorlog teen bose burgers onderneem het. Ek vertrou dat dit maklik van my en my familie afgewend kan word met u en alle goeie mense se hulp, en ook deur die herinnering aan sulke groot gevare wat nie alleen by hierdie volk wat deur my gered is sal bly voortleef nie, maar ook in die gesprekke en gedagtes van alle volke. En daar sal gewis ook geen mag gevind word wat so groot is dat dit die band tussen u en die Romeinse ridders, en die groot eensgesindheid onder alle goeie mense kan verbreek⁴⁷ en ondergrawe nie.

- XI** 23. In dié omstandighede: vir militêre opperbevel, vir 'n leer, vir die provinsie⁴⁸ wat ek geringgeag het, vir 'n triomfoptog en die ander eretekens wat ek versmaai het om te kan waghou oor ons stad en u veiligheid, vir die bande met beskermlinge en gasvriendskap in die provinsies, wat ek nietemin deur my invloed in die stad met geen geringer inspanning handhaaf as tot stand bring nie – vir al hierdie opofferinge dus, en ook vir my buitengewone welwillendheid teenoor u, en my nougesette beywering vir die behoud van ons staat – u sien dit tog duidelik – vra ek van u niks anders as dat u hierdie periode en my hele konsulaat sal onthou nie. En solank as wat daardie herinnering ingeprent is in u gees, sal ek glo dat ek deur 'n sterk beveiligende muur omring is. Maar as die mag van boosaardige mense my verwagtinge teleurstel en daaroor seëvier, vertrou ek my ou klein seuntjie aan u toe. Vir hom sal daar voorwaar genoeg beskerming wees, nie alleen om sy veiligheid te waarborg nie, maar ook sy aansien, as u onthou dat hy die seun is van die man wat al hierdie dinge deur sy persoonlike gevaar, en syne alleen, gered het.

24. Besluit daarom sorgvuldig en onverskrokke soos u begin het, oor u en die Romeinse volk se hoogste veiligheid, oor u vrouens en kinders, oor u alta-

re en haarde, oor u heiligdomme en tempels, oor die huise en wonings van ons ganse stad, oor u heerskappy en vryheid, oor die veiligheid van Italië, en oor ons staat as geheel. U het 'n konsul wat nie aarsel om u verordeninge te gehoorsaam en u besluite te verdedig solank hy leef nie, en wat in staat is om uit eie krag daarvoor in te staan.

4. *Pleitrede vir die digter Archias*¹

Pro Archia Poeta



'n Voorstelling van die sentrale deel van antieke Rome met die Colosseum op die voorgrond

Agtergrond

Die aangeklaagde, Archias, was 'n Griek afkomstig van Antiochië in Sirië. Hy het uit 'n hoë familie gestam (gebore c. 119 v.C.), en ook 'n uitstekende opleiding in die *artes liberales* ontvang. Reeds as 'n jongeling was hy bekend om sy digterlike gawes, veral om te improviseer en impromptu gedigte te skep. Op sestienjarige leeftyd onderneem hy 'n lang reis en land in 102 v.C. in Rome aan. Vanweë sy talente word hy heel gou die beskermeling van die Luculli, en raak ook goed bevriend met ander vooraanstaande Romeinse adellike en kultuurbewuste families. Tydens 'n besoek aan Herakleia in die suide van Italië, ontvang hy die burgerskap van daardie stad nadat hy reeds 'n burger van verskeie ander Grieks-Italiese stede geword het. Daarna het hy verkies om as 'n burger van Herakleia bekend te staan. Nogtans het hy polities 'n vreemdeling in Rome gebly.

In 91 breek die Bondgenote-oorlog in Italië uit, juis vanweë Rome se weiering om volle Romeinse burgerreg (*civitas Romana*) aan sy bondgenote in Italië toe te staan. Om daardie grief uit die weg te ruim, vaardig L. Iulius Caesar ('n familielid van Julius Caesar die diktator) as konsul die *Lex Iulia* in 90 uit, waarkragtens alle Italiaanse gemeenskappe, met uitsondering van die wat aan die oorlog deelgeneem het, volle Romeinse burgerskap verkry. Daarbenewens stel die tribune M. Plautius Silvanus en C. Papirius Carbo in 89 'n wet in, genoem na hulle naam, te wete die *Lex Plautia Papiria*, waarkragtens Romeinse burgerreg aan alle individue gegee is as hulle kon bewys:

- (1) dat hul name voorkom op die lys van burgers van enige Italiaanse stad wat kragtens 'n formele ooreenkoms (*foedus, civitas foederata*) betrekkings met Rome gehandhaaf het;
- (2) dat hulle vaste verblyf (*domicilium*) in Italië het;
- (3) dat hulle binne 60 dae na die inwerkingtreding van die wet hulle name in die boeke van een van die praetors van daardie jaar laat registreer het.

Archias het kragtens hierdie wet aanspraak gemaak op sy Romeinse burgerskap. Die praetor Q. Metellus Pius, 'n vriend van Archias, het hom dus op grond van sy burgerskap van Herakleia en sy vaste verblyf in Rome, in 89 as 'n Romeinse burger geregistreer. Direk hierna het Archias die volle naam Aulus Licinius Archias aange neem om eer te betoon aan die *gens* Licinius, waarvan die Luculli 'n deel gevorm het.

Sewe-en-twintig jaar lank (89 – 62) deel Archias in die voorregte wat Romeinse burgerskap bied. Hy geniet hoë aansien en vergesel Lucius Licinius Lucullus, die oudste seun in die Luculli-gesin onder wie se beskerming hy gestaan het, op hierdie beroemde generaal se veldtogte teen Mithridates in die derde Mithridatiese oorlog (74 – 64). Al geruime tyd, egter, het daar afguns bestaan tussen Lucullus, die eintlike oorwinnaar van Mithridates, en Pompeius aan wie die opperbevel in die derde Mithridatiese oorlog deur die *Lex Manilia* (vgl. "Ter ondersteuning van Manilius se

wet'' hierna) opgedra is na die terugroeping van Lucullus. Kleinlike politieke intriges deur Pompeius se ondersteuners in die senaat het meegebring dat Lucullus sy welverdiende triomfoptog eers drie jaar na sy terugroeping, dit wil sê aan die begin van 63 kon vier. Daarbenewens was dit 'n bekende metode van die vyande van 'n prominente man in Rome, om hom te treiter deur geregtelike vervolgings teen sy vriende in te stel. En dit is presies wat met Archias gebeur het. Om Lucullus 'n klap te gee, kla sy vyande vir Archias in 62 aan dat hy wederregtelik die voorregte van Romeinse burgerskap geniet terwyl hy in werklikheid geen Romeinse burger is nie, maar 'n vreemdeling. Hulle grond die aanklag op die *Lex Papia* wat die tribuun C. Papius in 65 deurgevoer het, en waarkragtens alle vreemdelinge wat van buite Rome afkomstig was, uit Rome verban is. Papius se bedoeling was die verbanning van vreemdelinge in die geleedere van die gepeupel wat onder leiding van Catilina en sy trawante in daardie jaar sulke wanorde in Rome geskep het dat ordelike regering haas onmoontlik geword het.

In 62 word Archias dus voor die hof gedaag. Die aanklaer was ene Grattius, 'n man van wie niks verder bekend is nie. Cicero onderneem die verdediging voor 'n regbank waarvan sy broer Quintus die voorsittende regter was. Die redes waarom Cicero die taak onderneem het, was enersyds polities en andersyds persoonlik. Eerstens wou hy sy ondersteuning te kenne gee vir L. Lucullus en sy aanhangers in die senaat, wat ordelike konstitusionele regering voorgestaan het, en terselfdertyd sy afkeer toon van Pompeius se ondersteuners wat voorgegee het dat hulle konserwatiewe aristokrate was, maar in werklikheid demagogisme en gewelddade deur die gepeupel as middele gebruik het om hul doel te bereik. Bowendien het Pompeius se vriende vir Cicero na die beëindiging van sy konsulaat in 63 fel aangeval oor sy hantering van die Catilinariese sameswering, en probeer om Pompeius diktator te maak met die doel om Cicero en die senaat te straf. 'n Voor die hand liggende persoonlike rede was die hoë agting wat hy vir Archias as digter en hoogs gekultiveerde mens gekoester het. Hierby kan ons vermoed dat hy graag vir Archias onder verpligting teenoor hom wou plaas sodat die digter nie kon weier om 'n gedig in Grieks te skryf ter ophemeling van sy prestasies as konsul nie — 'n onderwerp wat Cicero baie na aan die hart gelê het, en waaroor hyself 'n gedig in sowel Latyn as Grieks geskryf het.

Grattius het Archias in hoofsaak op twee gronde aangeval:

- (1) Hy kan nie dokumentêre bewys lewer dat hy kragtens die *Lex Iulia* of die *Lex Plautia Papiria* geregtig was op burgerskap nie aangesien die argiewe van Herakleia waar hy kwansuis as burger geregistreer was, gedurende die Bondgenoteoorlog afgebrand het.
- (2) Sy naam verskyn op geen sensuslys nie.

Op die eerste aantyging antwoord Cicero met die getuienis van die afgesante van Herakleia en dié van M. Lucullus, die jonger broer in die Luculli-gesin, wat self teenwoordig was toe Archias die burgerskap van Herakleia verkry het. Ten opsigte van

die tweede klag wys Cicero daarop dat die sensors van 89, P. Licinius Crassus en L. Iulius Caesar, geen sensusopname gemaak het nie, en dat Archias tydens albei die daaropvolgende sensusopnames in 86 en 70, saam met L. Lucullus in die Ooste was. Sy naam sal dus nie op die sensuslys verskyn nie. Vanselfsprekend is Archias vrygespreek.

Dit is opmerklik welke klein deeltjie die bespreking van die wetlike geskilpunte uitmaak in hierdie rede van Cicero. Moontlik is dit breedvoeriger behandel in die rede wat hy mondeling tydens die verhoor gelewer het (vgl. Nota 1 by afdeling 10.5).

Dit is egter ook moontlik dat hy by gebrek aan die noodsaak om subtile regspunte indringend te behandel, gebruik gemaak het van die geleentheid om vir ons, met Archias as vertrekpunt, so 'n mooi beeld van die waarde van die letterkunde en van die mens wat van letterkunde deurdrenk is, te skilder.

I 1. As ek enige talent besit, regters – ek besef hoe gering dit is – of enige vaardigheid in die redenaarskuns – ek ontken nie dat ek enigmate bedrewe is daarin nie – of enige kennis van die teoretiese beginsels van hierdie kuns, voortspruitend uit die ywerige bestudering van die allerbeste letterkunde – ek erken dat ek geen oomblik van my lewe afkerig was daarvan nie – dan is Aulus Licinius, die aangeklaagde hier, die eerste persoon wat as 't ware deur 'n onvervreembare reg, die rente op al daardie vaardighede van my moet vorder. Want so ver as wat my gees kan terugblik oor die ruimte van vergange tyd, en die herinnering aan my vroegste jeug kan oproep en terugdink aan alles van toe af tot nou, sien ek dat hierdie man daar was as my leier na sowel die aanvaarding as die betreding van die weg van my studies. Want as my stem wat deur die aanmoediging en voorskrifte van hierdie man gevorm is, by geleentheid etlike mense se redding was, dan moet ek voorwaar, sover as wat dit in my vermoë lê, hulp en redding bring aan juis hierdie man van wie ek daardie vermoë ontvang het waarmee ek sommige kon help en andere kon red.

2. En sodat niemand dalk verbaas sou staan dat ek dit so sterk stel nie, daar hierdie man 'n ander geestesgawe besit en nie my kennis en skoling in die redenaarskuns nie, moet ek sê, ook ek was nooit volledig net aan my eie studierigting toegewy nie. Want alle vertakkinge van kuns en wetenskap wat op kultuur betrekking het, het 'n gemeenskaplike band en word asof deur bloedverwantskap aan mekaar gebind.

- II 3. Laat dit egter vir niemand van u vreemd voorkom dat ek by 'n formele proses in 'n openbare geregshof, wat voor 'n praetor van die Romeinse volk — 'n voortreflike man — en voor uiters streng regters by so 'n groot byeenkoms en samedromming van mense gevoer word, hierdie vorm van redevoering aanwend wat nie alleen afwyk van die gebruik in geregshowe nie, maar ook van die soort rede wat in die forum gehou word. Ek versoek u om in hierdie proses 'n vergunning aan my te maak, wat by die aard van die aangeklaagde hier pas, en na ek glo, nie vir u lastig is nie: wanneer ek ter verdediging van 'n voortreflike digter en hoogsgeleerde mens praat voor hierdie versameling literatuurbegeesterde toehoorders, voor kultuurbewuste mense soos u, en ten slotte voor hierdie regter wat die verhoor as voorsitter lei, moet u my asseblief vergun om ietwat vrymoediger oor kultuur- en letterkundige belangstelling te praat, en om in die geval van so 'n persoonlikheid wat vanweë sy rustige lewe en studie baie min ervaring van die gevare in 'n geregshof het, 'n byna nuwe en ongewone vorm van redevoering aan te wend.
4. En as ek voel dat u my die guns verleen en toestaan, sal ek dit beslis werkstellig dat u meen hierdie Aulus Licinius moet nie alleen nie uit die burgerlys uitgesluit word nie, aangesien hy wel 'n burger is, maar ook dat hy daarin opgeneem moes gewees het indien hy nie reeds 'n burger was nie.
- III Want sodra Archias sy kinderskoene ontgroeï, en hy afskeid geneem het van daardie vakke waardeur kinderjare gewoonlik tot kultuurbewustheid gevorm word, het hy hom na 'n studie van die skryfkuns gewend. Hy het begin te Antiochië — daar is hy immers uit 'n hoë stand gebore — voorheen 'n digbevolkte, welvarende stad, ryk aan hoogsgeleerde mense en die skone kunste en wetenskappe, en hier het hy almal spoedig deur die roem van sy talent begin oortref. Daarna is daar soveel ophef gemaak van sy aankoms in ander dele van Asia en die hele Griekeland, dat sy verwagte koms die faam van sy talent in die skadu gestel het, en die bewondering vir sy persoon weer sy verwagte koms.
5. In daardie stadium was Italië vol Griekse kuns en wetenskap; hierdie studies is destyds in Latium met groter ywer beoefen as wat tans in dieselfde dorpe die geval is, en hier in Rome is hulle vanweë die rustige toestand van ons staat ook nie verwaarloos nie. En so het die burgers van Tarentum en Locri en Regium en Neapolis aan hierdie man hulle burgerskap en ander voorregte geskenk, en almal wat enigsins 'n oordeel oor talentvolheid kon vel, was daarvan oortuig dat hy kennismaking met hulle en hulle gasvryheid verdien. Toe hy vanweë hierdie groot gevierdheid reeds by verafgeleë volke bekend was, het hy na Rome gekom tydens die konsulaat van Marius en Catulus².

Hy het dus heel aan die begin twee manne as konsuls aangetref, van wie die een geweldige krygsprestasies kon bied om oor te skryf, en die ander sowel krygsprestasies as belangstelling³ en 'n gewillige oor. Hoewel Archias toe nog die seunstoga gedra het, het die Luculli hom onmiddellik in hulle huis opgeneem. Nie alleen die luister van sy talent en geleerdheid nie, maar ook die luister van sy geaardheid en deugszaamheid het meegebring dat dieselfde familie wat hierdie man eerste in sy jeug bygestaan het, sy grootste vriende sou wees in sy ouderdom.

6. In daardie dae was hy gewild by Quintus Metellus⁴, die beroemde oorwinnaar van Numidië, en sy seun Pius; het Marcus Aemilius⁵ dikwels na sy voor- dragte geluister; het hy met Quintus Catulus, sowel die vader as die seun, verkeer; is hy hoog geag deur Lucius Crassus⁶. Daar hy noue betrekkinge gehadhaaf het met die Luculli⁷, Drusus⁸, die Octavii⁹, Cato¹⁰ en die hele familie van die Hortensii, het hy baie hoë aansien geniet, want nie alleen mense wat daarna gestreef het om iets te weet en te hoor, het hom hooggeag nie, maar ook diegene wat dit moontlik net voorgegee het.

- IV Na 'n redelike lang tussenperiode toe hy saam met Marcus Lucullus na Sicilië afgereis, en weer saam met dieselfde Lucullus uit daardie provinsie vertrek het, het hy intussen in Herakleia aangekom. Aangesien hierdie stadstaat 'n verdrag met Rome gehad het wat aan sy burgers presies dieselfde status as die van Romeinse burgers verleen het, wou hy hom as burger van daardie staat laat registreer. Daar sy persoon sonder meer waardig geag is, het hy hierdie vergunning toe deur Lucullus se aansien en invloed van die burgers van Herakleia verkry.

7. Kragtens die wet van Silvanus en Carbo¹¹ is Romeinse burgerskap gegee aan almal "WAT IN VERDRAGSTATE AS BURGERS GEREgistreER WAS, OP VOORWAARDE DAT HULLE OP DIE TYDSTIP TOE DIE WET DEURGEVOER IS VASTE VERBLYF IN ITALIË GEHAD HET, EN HULLE HUL BINNE SESTIG DAE BY 'N PRAETOR AANGEMELD HET". Aangesien die beskuldigde reeds baie jare lank sy vaste verblyf in Rome gehad het, het hy hom by die praetor, Quintus Metellus⁴, 'n baie goeie vriend van hom, aangemeld.

8. As ons oor niks anders as burgerreg en die wet praat nie, dan sê ek niks meer nie; my saak is klaar gepleit. Want welke van hierdie feite kan weerlê word, Grattius? Sal jy ontken dat hy destyds in Herakleia geregistreer is? 'n Man met baie groot invloed, gewetensgetrouheid en geloofwaardigheid is hier aanwesig, naamlik Marcus Lucullus. Hy beweer dat hy dit nie vermoed nie, maar weet, dat hy nie daarvan gehoor het nie, maar gesien het, dat hy nie

net teenwoordig was nie, maar dit self deurgevoer het. Hier is afgesante van Herakleia aanwesig, manne van die hoogste rang, wat met opdragte en amptelike getuienis vir hierdie verhoor gekom het, en wat verklaar het dat die beskuldigde in Herakleia geregistreer is. Verlang jy in hierdie stadium die amptelike burgerlyste van Herakleia, wat ons almal weet in die Bondgenote-oorlog met die afbrand van die argief verlore gegaan het? Dit is belaglik om niks ten antwoord te sê op bewyse wat ons het nie, en te soek na wat ons nie kan hê nie; om doelbewus te swyg oor wat mense kan onthou, maar die geheue van dokumente dringend te eis; om dinge wat geensins verdraai kan word nie van die hand te wys, en burgerlyste wat jy tegelyk beweer gewoonlik vervals word, te verlang hoewel jy die gewetensgetrouheid van 'n baie gesiene man en die eed en geloofwaardigheid van 'n uiters onkreukbare vrystad tot jou beskikking het.

9. Of het hy wat soveel jare voor die verlening van die burgerreg, die vaste tuiste van al sy besittings in Rome gevestig het, dan nie vaste verblyf in Rome gehad nie? Of het hy hom dan nie aangemeld nie? Intendeel, hy staan aangemeld in daardie lyste wat die enigste lyste uit die destydse registrasie deur die praetorsgilde is, wat die outoriteit van amptelike lyste besit.

- V Want aangesien die lyste van Appius¹² na bewering bra nalatig bewaar is, en Gabinius¹³ se ligsinnigheid voordat hy gestraf is, en sy gevoelige verlies na sy veroordeling, alle vertroue in die burgerlyste vernietig het, was Metellus, die onberispelikste en eerbaarste van alle mense, so noukeurig dat hy na die praetor, Lucius Lentulus¹⁴, en die regters gegaan, en gesê het dat hy ontstel was deur die uitwissing van 'n enkele naam. U sien dus geen uitwissing by die naam van Aulus Licinius in hierdie lyste nie.

10. Welke rede is daar in hierdie omstandighede waarom u sou twyfel aan sy burgerskap, veral daar hy ook in ander stadstate as burger geregistreer is? Wanner mense in *Magna Graecia*¹⁵ immers aan talle middelmatig-begaafdes, en aan persone wat of met geen, of slegs 'n beskeie kunstatent bedeel is, burgerskap verleen het sonder om daaruit voordeel te wil trek, dan glo ek graag dat die inwoners van Regium of Locri of Neapolis of Tarentum aan hierdie man wat vanweë sy begaafdheid met die hoogste roem bedeel is, geweier het wat hulle gewoonlik ryklik aan teaterartieste geskenk het! Wat? Wanneer andere nie alleen ná die verlening van burgerreg nie, maar selfs ná die wet van Papius op een of ander wyse in hulle vrystede se burgerlyste ingesluit het, sal hierdie man wat nie eers gebruik maak van daardie lyste waarop hy geregistreer is nie omdat hy altyd 'n burger van Herakleia wou wees, dan verwerp word?

11. Jy vra Rome se sensuslyste. Ja wel, dit is mos 'n geheim dat my kliënt by die laaste sensus saam met die hoogsberoemde generaal Lucius Lucullus by sy leër was, dat hy by die vorige een saam met dieselfde man, toe quaestor, in Asia was, en dat geen opname van enige deel van die volk gemaak is by die eerste een toe Julius en Crassus die sensors was nie. Maar aangesien die sensus nie die reg op burgerskap bevestig nie, maar slegs aandui dat iemand wat in die lys opgeneem is, reeds op daardie tydstip die regte van 'n burger uitgeoefen het, sê ek: in daardie tye het die man vir wie jy beskuldig dat hy selfs nie eers na sy eie oordeel die regte van Romeinse burgers gedeel het nie, sowel herhaaldelik 'n testament volgens ons wette gemaak, as erflatings van Romeinse burgers in ontvangs geneem het, en is hy deur die prokonsul Lucius Lucullus by die staatskas aangemeld as 'n ontvanger van vergoedings.

VI Soek bewyse, as jy kan, want nooit sal my kliënt òf na sy eie, òf na sy vriende se oordeel, van skuld oortuig word nie.

12. Jy sal ons vra, Grattius, waarom ons so seer behae skep in hierdie man. Dis omdat hy aan ons die oord verskaf waar ons gees verkwik kan word na die lawaai van die forum, en ons ore wat deur gekyf vermoei is, kan uitrus. Of dink jy dalk dit is moontlik om onself te voorsien van die stof om dag na dag in so 'n groot verskeidenheid sake oor te praat, as ons nie ons gees met skoling in die letterkunde vorm nie, of dat ons gees sulke groot spanning kan verduur as ons dit nie deur dieselfde skoling in die letterkunde laat onspan nie. Maar ek erken dat ek toegewy is aan dergelike studies. Laat ander mense hulle skaam as hulle hulself so diep in hul geleerdheid begrawe het dat hulle niks tot gemeenskaplike nut daaruit kan bydra, en ter aanskouing na die lig kan uitbring nie. Waarom sou ek my egter skaam, regters, ek wat soveel jare lank so lewe dat my ontspanning my nog nooit weggesleep, of dat my plesier my nooit weggeroep het van die nood of voordeel van enigiemand, of, ten slotte, dat my slaap my vertraag het om bystand te lewer nie.

13. Wie sou my dan tog kan verwyt, of wie sou die reg hê om vir my kwaad te wees as ek ter beoefening van my studies net soveel tyd vir myself neem as wat aan andere gegun word om hulle eie belange te behartig, om op feesdae die spele in groot getalle by te woon, om ander genietinge en bloot rus vir siel en liggaam te smaak – net soveel tyd as wat andere bestee aan uitgerekte¹⁶ gasmale, of, ten slotte, aan dobbel of balspel? Dit behoort des te meer aan my gegun te word omdat ook my vaardigheid in redevoering ten gevolge van hierdie studies in krag toeneem, en hoe groot of gering dit ook al is, dit het nog nooit my vriende in hul gevare in die steek gelaat nie. En

as hierdie vermoë vir iemand bra onbeduidend lyk, weet ek in ieder geval uit welke bron ek daardie dinge kan skep wat beslis die gewigtigste is.

14. Want as ek my nie van jongs af met die voorskrifte van baie leermeesters en met baie lektuur oortuig het dat niks behalwe eer en roem in die lewe nagestreef moet word nie, en dat 'n mens in die strewe daarna alle liggaamlike marteling en alle gevare van dood en verbanning as van min belang moet beskou, sou ek my nooit ter wille van u heil aan soveel en sulke groot worstelinge, en aan hierdie daaglikse aanslae¹⁷ van goddelose mense blootgestel het nie. Maar alle boeke is vol van sulke voorskrifte, die woorde van filosowe is vol daarvan, en die oudheid is vol voorbeelde waar die voorskrifte uitgevoer is. En dit alles sou in duisternis gelê het as die lig van die letterkunde nie toegetree het nie. Hoeveel aanskoulik geskilderde beelde van allerdapperste manne, nie slegs om na te kyk nie maar ook om na te boots, het sowel Griekse as Latynse skrywers nie vir ons nagelaat nie! In die uitvoering van my amptelike plig het ek my hierdie beelde altyd voor oë gehou en my hart en gees bloot deur die gedagte aan hierdie uitnemende mense probeer vorm.

VII 15. Iemand sal vra: "Wat? Is daardie voortreflike manne wie se deugde deur die letterkunde oorgelewer is, self onderrig deur daardie selfde letterkundige skoling wat jy met lofbetuigings verhef?" Dit is moeilik om dit in verband met almal te bevestig, maar ek is seker van wat ek moet antwoord. Ek gee toe dat daar baie mense met voortreflike inbors en deugdelikheid bestaan het, sonder 'n geleerdheid, en wat deur die amper goddelike aanleg van juis hul karakter, uit eie krag sowel selfbeheersd as besonne te voorskyn getree het. En ek voeg nog dit by, dat karakter sonder geleerdheid meer dikwels as geleerdheid sonder karakter in staat was om mense lof te laat inoes en deug te laat beoefen. En insgelyks beweer ek die volgende met nadruk: wanneer 'n bepaalde wetenskaplike metode en die vorming wat deur geleerdheid meegebring word ook nog by 'n uitnemende en luisterryke karakter bykom, dan kom daar gewoonlik iets buitengewoon voortrefliks te voorskyn.

16. In hierdie groep val daardie glorieryke mens, Africanus¹⁸, vir wie ons vadere nog gesien het; in hierdie groep val Gaius Laelius¹⁹ en Lucius Furius²⁰, uiters besonne en selfbeheersde mense; in hierdie groep val die uiters daadkragtige, en geleerdste man van daardie tye, Marcus Cato²¹ die ouere. Voorwaar, as hulle geensins deur die letterkunde gehelp is om deug te absorbeer en te beoefen nie, sou hulle hul nooit tot die bestudering daarvan gewend het nie. En al sou ons nie die belofte van hierdie groot wins gehad het nie, en al was genot die enigste ding wat met hierdie studies nagestreef word, sou u na my mening nogtans geoordeel het dat dit 'n baie menswaardige en uiters

beskaafde geestesontspanning is. Want ander soorte ontspanning pas nie by alle tye of alle ouderdomme of alle plekke nie. Maar hierdie studies prikkel die jeug, behaag die ouderdom, versier voorspoed, bied 'n toevlug en vertroosting in teenspoed, verskaf genot tuis, is nie hinderlik in die vreemde nie, waak die nag deur saam met ons, reis saam met ons in die buiteland, en leef saam met ons op die platteland.

17. En as ons hierdie studies nie self kon aanraak, en ook nie met ons eie sinne kon proe nie, moet ons hulle nogtans bewonder, selfs wanneer ons hulle slegs in andere gesien het.

VIII Wie van ons was so onbeskaafd en hard van hart dat hy nie onlangs deur die dood van Roscius²² ontroer is nie? Hoewel hy as 'n ou man gesterf het, het ons vanweë die uitnemendheid en bekoorlikheid van sy kuns geglo dat hy geensins moes gesterf het nie. Dus het hy bloot met die beweeglikheid van sy liggaam soveel geneenheid vir homself by ons almal gewen; sal ons dan die ongelooflike beweeglikheid van die gees en die vlugheid van genie geringskat?

18. Hoevaal maal het ek nie hierdie Archias gesien nie, regters – ek sal immers u welwillendheid benut aangesien u my by hierdie vreemde vorm van redevoering so opmerkzaam u aandag skenk – hoeveel maal het ek nie gesien dat hierdie man 'n groot aantal uitmuntende verse impromptu voordra oor juis dié gebeurtenisse wat toe aan die gang was, hoewel hy geen enkele letter neergeskryf het nie? Hoeveel maal het ek hom nie sien teruggaan, en dieselfde stof in gewysigde woorde en gedagtes herhaal nie! Wat hy egter sorgvuldig en na rype oorweging neergeskryf het, het ek gesien, het soveel byval gevind dat hy die roem van die antieke skrywers ingehaal het. Sou ek hierdie man dan nie liefhê, nie bewonder, en nie meen dat ek hom op elke moontlike wyse moet beskerm nie? En eweso het ons van voortreflike en hoogsgeleerde²³ mense verneem dat die studie van ander wetenskappe op onderrig, reëls en bedrewenheid berus, maar dat die digter se sterkte in eie natuurlike aanleg lê, dat hy deur eie geesteskragte aangedryf, en asof met goddelike besieling vervul word. Daarom word digters deur ons Ennius²⁴ met volle reg 'heilig' genoem, omdat dit skyn asof hulle as 't ware as 'n genadege-skenk van die gode aan ons toevertrou is.

19. Laat hierdie naam "digter", wat nog nooit deur enige onbeskaafde volk ontwy is nie, dus ook onaantasbaar wees by u, regters, u wat hoogsbeskaafde mense is. Rotse en woestenye antwoord op sy roepstem; woeste wilde diere

word dikwels geroer deur sang en gaan staan stil: sou ons wat in die edelste dinge onderrig is dan nie deur die digterwoord ontroer word nie? Die gemeenskap van Kolophon²⁵ beweer dat Homeros hulle burger is; die van Chios maak aanspraak op hom as hulle s'n; die Salaminiers eis hom op; die manne van Smyrna gee die versekering dat hy inderdaad hulle burger is, en het daarom selfs 'n heiligdom tot sy eer in hulle stad gewy; en nog uiters baie ander baklei en twis onder meer oor hom.

- IX** Daardie gemeenskappe het dus 'n vreemdeling, selfs na sy dood, vir hulleself toegeëien, net omdat hy 'n digter was; sou ons hierdie man verwerp wat nog lewe, en wat kragtens sy eie wil en ons wette óns burger is, veral daar Archias lank reeds ál sy ywer en ál sy talente aangewend het om die loflike roem van die Romeinse volk te prys? Want as jong man het hy hom met die Cimbriëroorlog besig gehou, en daarmee genoeg verskaf aan selfs die bekende Gaius Marius wat skynbaar effens ongevoelig gestaan het teenoor hierdie studies.

20. En niemand is immers so afkerig van die Muses dat hy hom nie graag sou laat welgeval dat onverganklike verheerliking van sy arbeid in verse vasgelê word nie. Toe die beroemde Themistokles²⁶, die grootste Athener, gevra is na welke voordragkunstenaar of na welke sanger se stem hy die graagste geluister het, beweer hulle het hy geantwoord: 'Die stem van die persoon deur wie my deug die beste verkondig word'. Daarom het die bekende Marius insgelyks buitengewone waardering gehad vir Lucius Plotius²⁷ omdat hy gemeen het sy krygsdade kon deur hierdie talentvolle digter geprys word.

21. Ewenwel, die ernstige en moeilike Mithridatiese²⁸ oorlog wat met groot afwisseling van sukses en teenslag op land en ter see gevoer is, is in sy geheel²⁹ aanskoulik deur die aangeklaagde beskryf. En daardie boeke verleen luister, nie alleen aan Lucius Lucullus, 'n baie dapper en hoogsberoemde man nie, maar ook aan die naam van die Romeinse volk. Onder Lucullus se bevel het die Romeinse volk immers die land Pontus toeganklik gemaak, wat voorheen enersyds deur sy koning se strydkragte en andersyds deur sy natuurlike ligging self omskans was. Onder leiding van dieselfde man het die leër van die Romeinse volk met 'n beskeie mag die ontelbare troepemagte van die Armeërs verslaan. Dit is die roem van die Romeinse volk dat die goed bevriende stad van die Cyziceners deur die krygslis van dieselfde man aan al die aanvalle van die koning, en aan die muil en kake van die ganse oorlog ontruk en dus gered is. Ons roemryke prestasie, daardie ongelooflike seeslag by Tenedos waar Lucius Lucullus aan die geveg deelgeneem het, toe die vloot van die vyand gesink is nadat sy admiraals gedood is, sal altyd op almal se lippe wees en vermeld word. Die segetekens behoort aan ons, aan ons die gedenk-

tekens, aan ons die triomfoptogte. Die roem van die Romeinse volk word verkondig deur die manne wie se talente hierdie dinge bekendmaak.

22. Ons Ennius was dierbaar vir die ouer Africanus, en daarom is sy beeld, so word geglo, ook op die graftombe van die Scipione³⁰ uit marmer opgerig. Maar deur daardie lofbetuigings word gewis nie alleen die gepresene self nie, maar ook die naam van die Romeinse volk vereer. Cato, die oorgrootvader van Cato hier teenwoordig, word tot in die hemel verhef³¹; groot eer word daardeur aan die prestasies van die Romeinse volk toegevoeg. Ten slotte, al daardie beroemde manne, die Maximi, die Marcelli en die Fulvii word nie sonder gemeenskaplike lof aan ons almal deur Ennius verheerlik nie.

- X Dus het ons voorvaders die man wat dit volbring het, 'n vreemdeling uit Rudiae, in burgerskap opgeneem; sou ons dan hierdie burger van Herakleia, wat in baie stede gretig as burger gesoek, maar in ons stad deur die wette ingeburger is, uit ons burgerskap werp?

23. Want as iemand meen dat daar uit Griekse verse 'n kleiner wins aan roem as uit Latynse verse verkry word, dan maak hy 'n baie groot fout, omdat Grieks feitlik by alle volke gelees, terwyl Latyn beperk word tot die grense van sy spraakgebied³² wat heel klein is. As ons krygsprestasies dus slegs deur die grense van die aarde beperk word, behoort ons te verlang dat ons roem en faam deurdring tot daar waar die spere van ons troepe aangeland het. Hierdie dinge is immers eervol vir juis die volkere oor wie se daade daar geskryf word, maar dit is sekerlik ook vir diegene wat hulle lewe op die spel plaas ter wille van roem, die grootste aansporing om gevare en swoeë te trotseer.

24. Hoeveel skrywers het die groot Alexander na bewering nie om hom gehad om sy daade te boekstaaf nie! En tog het hy, toe hy te Sigeon³³ by die graf van Achilles gestaan het, uitgeroep: 'O gelukkige jongman, jy wat vir Homeros gevind het om jou dapperheid te prys!' En dit het hy tereg gesê. Want as die *Ilias* nie bestaan het nie, sou dieselfde grafheuwel wat sy lyk bedek het, ook sy naam begrawe het. Wat? Het ons groot Pompeius wie se goeie geluk net so groot as sy dapperheid was, dan nie aan Theophanes³⁴ uit Mytilene, die beskrywer van sy daade, in 'n vergadering van soldate die burgerreg geskenk nie? En het ons dapper manne – dapper, maar tog ruwe soldate – aangegryp deur die bekoring van roem, dit dan nie met luide geskree goedgekeur asof hulle deelgenote aan dieselfde lot was nie?

25. Ek sou dus meen dat Archias dit wel kon bewerkstellig het om die burgerreg as 'n geskenk van een of ander generaal te verkry, indien hy nie krag-

tens ons wette reeds 'n Romeinse burger was nie. Ek veronderstel dat toe Sulla aan Spanjaarde en Galliërs burgerreg geskenk het, hy die beskuldigde hier sou verwerp het indien hy om burgerreg aansoekgedoen het! Toe 'n slegte digter uit die volk vir Sulla 'n geskrif in die hand stop – naamlik 'n epigram wat hy oor hom gedig het, 'n epigram slegs omdat dit effens langer alternatiewe verse³⁵ vertoon het – het ons gesien dat hy onmiddellik opdrag gee dat 'n beloning uit die goedere wat hy op daardie oomblik besig was om te verkoop³⁶, aan die man gegee moet word, op voorwaarde egter, dat hy daarna niks weer sou skryf nie. Sou die man wat die ywer van 'n slegte digter tog 'n beloning werd geag het, dan nie hierdie man se talent en bekwaamheid en rykdom van gedagte in die skryfkuns probeer verkry het nie?

26. Wat? Sou hy nie in eie persoon, en ook nie deur bemiddeling van die Luculli sy aansoek om burgerreg toegestaan gekry het deur Quintus Metellus Pius, sy vertroude vriend wat aan baie mense die burgerreg geskenk het nie? Veral daar laasgenoemde so sterk begeer het dat sy daade beskryf moet word, dat hy selfs na die voordrag van digters wat in Corduba³⁷ gebore is en 'n bombastiese, vreemde uitspraak gehad het, geluister het.

- XI Want iets wat nie verberg kan word nie, moet ook nie ontveins nie, maar openlik toegegee word: die verlange na lof sleur ons almal mee, en alle voortreflike mense word ten sterkste aangedryf deur roem. Bekende filosowe skryf self hulle eie naam, selfs op die boekies wat hulle oor die veragting van roem skryf. Juis daar waar hulle lofprijsing en beroemdheid verag, begeer hulle dat met lof van hulle gepraat, en dat hulle met eer vermeld word.

27. Decimus Brutus³⁸, byvoorbeeld, 'n voortreflike man en veldheer, het die ingange van sy tempels en gedenktekens versier met die verse van Accius³⁹, sy vertroude vriend. Maar nou ook: die held Fulvius⁴⁰ wat met Ennius in sy gevolg teen die Aetoliërs geveg het, het nie geaarsel om Mars se buit aan die Muses te wy nie. In daardie stad waarin veldhere byna nog gewapen eer betoon het aan die naam van digters en die heiligdomme van die Muses, behoort regters in vredesdrag⁴¹ dus nie terug te deins vir die verering van die Muses en die redding van digters nie.

28. En sodat u dit gewilliger mag doen, regters, gaan ek nou my eie gevoelens aan u openbaar en 'n bekentenis aan u maak oor my dalk alte vurige dog eerbare verlange na roem. Want die dinge wat ek gedurende my konsulaat met u bystand gedoen het vir die behoud van hierdie stad en ryk, die lewe van ons burgers en ons politieke bestel as geheel, het Archias in verse begin vermeld. En nadat ek hierdie verse gehoor het, het ek hom aangemoedig⁴²

om die werk te voltooi omdat die tema vir my groots en aangenaam gelyk het. Verdienstelikheid hunker immers na geen ander loon vir swaarkry en gevare, as juis die loon van lof en roem nie. En as hierdie loon weggeneem word, regters, welke rede is daar dan waarom ons onself op hierdie lewensbaan, so klein so kort, sou aftob in sulke moeitevolle arbeid?

29. As ons gees geen voorgevoel van die toekoms gehad het nie, en al sy gedagtes begrens het met dieselfde grense waarmee ons lewenstyd afgebaken is, sou hy homself gewis nie gebreek het met sulke moeitevolle arbeid, en ook nie beklem geword het deur soveel sorge en slapelose nagte, en nie soveel keer om die lewe self geveg het nie. Nou woon daar in elke voortrefflike mens 'n bepaalde deug wat sy gees dag en nag met die prikkels van begeerte na roem aandryf, en maan dat ons nie moet afstand doen van die vermelding van ons naam wanneer ons afstand doen van ons lewenstyd⁴³ nie, maar dat ons dit so lank as die ganse toekoms moet laat voortduur.

XII 30. Of lyk dit asof ons almal wat by die politiek en die gevare en swaarkry van die lewe betrokke is, so kleinsielig is dat ons sou meen alles sal terselfdertyd saam met ons tot niet gaan, ofskoon ons tot op die laaste oomblik nooit rustig en vry asemgehaal het nie? Talle deurlugtige mense het met geesdrif beelde en portrette nagelaat, afbeeldinge, nie van hulle siele nie, maar van hul liggame. Maar behoort ons nie veel eerder te verkies om 'n beeltenis van ons insigte en deugde, gevorm en afgewerk deur die grootste talente, na te laat nie? Inderdaad het ek geglo dat ek alles wat ek verrig het, reeds toe ek nog besig was om dit te verrig, uitgestrooi en gesaai het sodat die hele wêreld dit ewig mag onthou. Maar of ek na my dood onbewus sal wees hiervan, en of dit nog 'n deel van my gees sal bereik soos die wysste filosowe gemeen het, ek skep ten minste nou beslis behae in so 'n gedagte en hoop.

31. Red dus die man, regters, wie se regskapenheid u deur sowel die aansien van sy vriende as die lang tydperk van hul vriendskap bevestig sien; wie se genialiteit so groot is as wat u dit behoort te takseer wanneer u sien dat talentvolle⁴⁴ manne van die hoogste rang hulle daarom bemoei het; wie se saak sodanig is dat dit deur die begunstiging van die wet⁴⁵, die gesag van 'n vrystad⁴⁶, die getuienis van Lucullus⁴⁶ en die burgerlyste van Metellus⁴⁷ gestaaf word. In hierdie omstandighede, regters, versoek ek u — indien daar nie alleen 'n menslike nie, maar ook 'n goddelike aanbeveling in sulke groot talente behoort te lê — om die man wat u, u veldhere en die oorlogsprestasies van die Romeinse volk nog altyd geprys het, en belowe om ook aan die onlangse binnelandse gevare waaraan u en ek blootgestel was die ewigdurende getuienis van sy lof te lewer, op so 'n wyse onder u beskerming te neem dat

dit mag blyk dat hy eerder opgebeur is deur u mensliewendheid as benadeel deur u hardheid. Hy is immers een van daardie mense wat altyd by almal as heilig beskou, en ook so genoem is.

32. Ek vertrou, regters, dat wat ek na gewoonte kort en duidelik oor die saak gesê het, u almal se goedkeuring weggedra het. Wat ek strydig met die gebruik van die forum en die gereg oor die aangeklaagde se talent, en in die algemeen oor die digtersberoep gesê het, hoop ek, regters, is deur u in 'n goeie gees opgeneem. Deur hom wat voorsit⁴⁸ by hierdie verhoor, weet ek gewis, is dit so opgeneem.

*5. Ter ondersteuning van
Manilius se Wet¹*



Die Oostelike Middellandse Zee-gebied

Agtergrond

In die jaar 67 v.C. het twee eksterne faktore die veiligheid van Rome en sy provinsies in Klein-Asië bedreig: georganiseerde seerowery en die derde Mithridatiese oorlog. Die seerowers het Rome se koringtoevoer en die algemene seeverkeer byna tot stilstand gebring, terwyl koning Mithridates VI van Pontus hom ten doel gestel het om Rome se invloed en teenwoordigheid in Klein-Asië te beëindig, en veral sy oë gerig het op Rome se rykste provinsie in Klein-Asië, naamlik Asia.

Om die seerowers die hoof te bied, stel 'n volkstribuun, A. Gabinius, in hierdie jaar 'n wet voor (*Lex Gabinia*) wat aan die beroemde generaal, Cn. Pompeius, uitgebreide buitengewone magte verleen. Binne drie maande slaag Pompeius daarin om al die seerowers uit te wis. Die oorlog teen Mithridates en sy bondgenoot Tigranes sloer egter nog voort omdat die Romeinse generaal, L. Lucullus, wat tot dusver uiters geslaagd teen hulle opgetree het, teruggeroep word en sy opvolgers, M. Acilius en Q. Marcius Rex hulleself onbekwaam betoon om op sy suksesse voort te bou. Gevolglik neem die bedreiging vir die Romeinse provinsies in Klein-Asië vroeg in 66 v.C. ernstige afmetings aan. Daar Pompeius na sy oorwinning oor die seerowers, in hierdie stadium in Cilicië in die Oos-Middellandse See vertoef het, was die oplossing van Rome se probleem voor die hand liggend: die opperbevel in die oorlog teen Mithridates moes aan Pompeius opgedra word. Die volkstribuun, C. Manilius, stel dus in 66 'n wet (*Lex Manilia*) met hierdie strekking voor waardeur Pompeius soortgelyke buitengewone magte as die wat deur die *Lex Gabinia* van die vorige jaar aan hom toegesê is, sou verkry. Sterk teenkanting van die konserwatiewe element in die senaat word uitgespreek by monde van Q. Catulus en Q. Hortensius, Cicero se groot mededinger op die gebied van die redenaarskuns. As onlangs verkose praetor steun Cicero die voorgestelde wet, en met sy *Pro lege Manilia*, sy eerste openbare toespraak aan die volksvergadering, bepleit hy die aanname daarvan. Die maatreël is sonder stryd aangeneem, en daarmee het Cicero enersyds vir Hortensius die loef afgesteek en andersyds die goeie gesindheid van die invloedryke Pompeius verkry.

- I 1. Vir my, burgers van Rome, was julle groot vergadering hier nog altyd die alleraangenaamste gesig om te aanskou. Ek het ook steeds geglo dat hierdie verhoog die mees onderskeidende plek² is vir onderhandelinge met die volk, en die eervolste om 'n toespraak op te lewer. Maar hoewel ek so gedink het, is ek nogtans tot dusver weggehou van hierdie poort na roem wat nog altyd oop was vir iedere voortrefflike burger. Dit was egter nie my eie begeerte wat my weggehou het nie, maar wel die lewensplan wat ek sedert my mondigwording gevolg het. Want aangesien ek vanweë my jeug-

dige ouderdom dit nog nie voorheen gewaag om hierdie plek van gesag te betree nie, en ek besluit het dat niks hier aangebied behoort te word as dit nie met aanleg voltooi, en met toewyding noukeurig afgewerk is nie, was ek van mening dat al my tyd aan my vriende in hul tye van nood gewy moes word.

2. En so was hierdie verhoog nog nooit sonder geskikte manne om julle belange te verdedig nie, en het my arbeid wat op onbesproke wyse en onbaatsugtig beperk was tot die gevare van privaat individue, die ruimste beloning kragtens julle uitspraak ontvang. Want toe ek ten gevolge van die uitstel van die verkiesing driemaal deur al die senturieë³ eerste⁴ as praetor aangekondig is, het ek maklik begryp, burgers van Rome, wat julle van my gedink het en wat julle as voorbeeld aan ander voorgeskryf het. Ek het tans soveel invloed as wat julle deur die toesegging van ereampte aan my wou verleen, en soveel vaardigheid om met die volk te kan onderhandel as wat die feitlik daaglikse oefening in die redevoeringskuns kon toebedeel aan iemand wat oplettend is vanweë sy ervaring in die hof. Daarom sal ek beslissig al die invloed wat ek het, aanwend by hulle wat dit aan my gegee het. Ek sal ook alles wat ek met redevoering kan bereik, by voorkeur bewys aan die mense wat van oordeel was dat 'n beloning ook aan daardie vaardigheid toegeken moet word.

3. En ek sien dat ek tereg bly moet wees oor veral die feit dat daar vir my by hierdie ongewone⁵ manier van redevoering van hierdie plek af, 'n onderwerp van so 'n aard gebied is dat woorde niemand kan ontbreek nie. Want ek moet praat oor die unieke en buitengewone militêre bekwaamheid⁶ van Gnaeus Pompeius, en dis moeiliker om 'n einde as 'n begin vir 'n toespraak oor hierdie onderwerp te vind. Dus hoef ek in my rede nie soseer na 'n volheid van stof as na 'n perk te soek nie.

II 4. Maar dat my toespraak mag begin by die omstandighede waardeur hierdie hele aangeleentheid veroorsaak is: 'n ernstige en gevaarlike oorlog word teen julle belastingpligtige state en bondgenote gevoer deur twee uiters magtige konings, Mithridates⁷ en Tigranes. Een van hulle is onoorwonne gelaat, die ander een is uitgetart, en nou is hulle van mening dat daar vir hulle 'n geleentheid gebied is om Asia in besit te neem. Daagliks word daar uit Asia briewe gebring aan Romeinse ridders – baie vooraanstaande mense – van wie groot somme geld wat by die invordering van julle belastinggebruik word, op die spel is. Weens my nou verbintenis⁸ met daardie orde, het hulle die algemene toestand en die gevare vir hulle eie belange aan my gerapporteer.

5. Hulle rapport kom op die volgende neer: 'n hele aantal dorpies van Bithynië⁹, tans een van julle provinsies, is tot op die grond afgebrand; Ariobarzanes¹⁰ se koninkryk wat aan julle belastingpligtige state grens, is geheel en al in die vyand se mag; nadat Lucius Lucullus¹¹ groot suksesse behaal het, is hy besig om hom aan daardie oorlog te onttrek; die man wat hom opgevolg het, is nie genoegsaam toegerus om so 'n groot oorlog te voer nie; een man word deur al die bondgenote en Romeinse burgers as opperbevelhebber vir daardie oorlog geëis en dringend verlang; hierdie selfde enkele man word deur die vyand gevrees, en niemand anders behalwe hy nie.

6. Julle sien wat die toedrag van sake is: oorweeg nou wat gedoen moet word. Eerstens, skyn dit my, moet ek oor die aard van die oorlog praat, vervolgens oor die omvang daarvan, en dan oor die keuse van 'n opperbevelhebber. Die oorlog is van so 'n aard dat dit julle gemoedere in die hoogste mate behoort op te wek en aan te vuur tot geesdrif om dit enduit te voer. In hierdie oorlog gaan dit om die Romeinse volk se roem wat as iets groots in alle opsigte, maar allergroots in militêre aangeleenthede deur julle voorvaders aan julle nagelaat is; dit gaan om die veiligheid van ons bondgenote en vriende, 'n saak waarvoor julle voorvaders talle groot en swaar oorloë gevoer het; dit gaan om die sekerste en omvangrykste belastings van die Romeinse volk, en as dit verloor is, sal julle sowel die sierade van vrede as die hulpbronne van oorlog ontbeer; dit gaan om die besittinge van baie Romeinse burgers na wie se belange julle moet omsien, sowel ter wille van hulleself as ter wille van die staat¹².

III

7. En aangesien julle nog altyd meer as ander volke na roem gestreef het en versot was op lof, moet julle daardie smet uitwis wat in die vorige¹³ Mithridatiese oorlog opgedoen is, 'n smet wat reeds diep ingewortel is en alte lank aan die naam van die Romeinse volk gekleef het. Want die man wat Romeinse burgers in soveel state dwarsoor Asia met 'n enkele boodskap en 'n enkele aanwysing in 'n brief bestem het om op een dag¹⁴ vermoor en afgemaai te word, is nie alleen tot nog toe nie gestraf soos sy misdaad verdien nie, maar sedert daardie tyd regeer hy reeds twee-en-twintig jaar lank. En hy regeer op so 'n wyse dat hy nie verkies om in die skuilhoeke van Pontus of Cappadocië weg te kruip nie, maar om uit sy erflike koninkryk te voorskyn te tree en sy verblyf in julle belastingpligtige state, dit wil sê, in die helder lig van Asia te maak.

8. Inderdaad het ons generaals tot dusver op so 'n wyse met daardie koning die stryd gevoer, dat hulle die onderskeidingstekens van 'n oorwin-

ning oor hom teruggebring het, maar nie die oorwinning self nie. Lucius Sulla¹⁵ en Lucius Murena¹⁶, twee baie dapper manne en voortreflike generaals, het vanweë hul oorwinnings oor Mithridates triomfoptogte gehou, maar hulle het op so 'n wyse oor hom getriomfeer dat hy, ofskoon verdryf en oorwonne, steeds bly regeer het. Nietemin, ons moet seer seker aan daardie generaals lof toeswaai vir wat hulle gedoen het, en hulle vergewe vir wat hulle nagelaat het om te doen, omdat die staat vir Sulla, en Sulla vir Murena van daardie oorlog af teruggeroep het.

IV 9. Mithridates het egter die hele tyd wat vir hom gelaat is¹⁷, nie benut vir die uitwissing van herinneringe aan die laaste oorlog nie, maar vir voorbereiding van 'n nuwe. Hy het ontsaglike vlote gebou en toegerus, en leërs van 'n geweldige omvang uit elke moontlike staat wat hy kon, byeengebring. Daarna het hy voorgegee dat hy teen sy bure, die volkere van die Bosporus, oorlog voer, en gesante en briewe tot so ver as Spanje gestuur na daardie leiers¹⁸ met wie ons toe oorlog gevoer het. Sy doel was dat wanneer die oorlog deur twee leërmagte van die vyand met 'n gemeenskaplike doel op land en ter see gevoer word op twee plekke wat baie ver van mekaar en in teenoorgestelde rigtings geleë is, julle om wêreldheerskappy moes veg terwyl julle deur 'n stryd aan twee fronte gekwel word.

10. Nietemin, die gevaar aan die een front¹⁹ – dié van Sertorius en Spanje – wat baie meer ondersteuningsmiddele en krag gehad het, is deur die geïnspireerde planmatigheid en buitengewone multiëre bekwaamheid van Gnaeus Pompeius afgeweer. Aan die ander front²⁰ is die kampanje deur Lucius Lucullus, 'n man van baie hoë aansien, op so 'n wyse aangevoer, dat dit voorkom asof sy aanvanklike groot en roemryke prestasies nie aan goeie geluk nie, maar aan sy dapperheid toegeskryf moet word – die jongste gebeurtenisse egter, dié wat onlangs plaasgevind het, nie aan sy foute nie, maar aan sy ongeluk. Maar ek sal op 'n ander plek van Lucius Lucullus iets sê, en ek sal dit op so 'n wyse sê, burgers van Rome, dat dit nie sal lyk asof my woorde hom egte lof ontnem, of hom valse lof toedig nie.

11. Kyk nou hoe julle na julle mening behoort te voel oor die prestige en roem van julle ryk, aangesien dit die eerste deel van my toespraak uitmaak.

V Ons voorvaders het dikwels oorlog gevoer omdat ons handelaars of skeeps-eienaars 'n bietjie aan die onregverdige kant behandel was: en julle, wat behoort julle gevoelens te wees, vra ek, wanneer soveel duisende Romeinse burgers ten gevolge van een enkele bevel terselfdertyd vermoor is? Omdat

ons gesante²¹ 'n bietjie te hooghartig aangespreek is, was dit ons vadere se wens dat Korinthe, die lig van die ganse Griekeland, uitgedelg moes word: sal julle dit dan duld dat daar nie wraak geneem word op daardie koning wat 'n onderbevelhebber²² van die Romeinse volk – een met konsulsrang – met kettings en géselhoue en elke soort marteling gefolter en gedood het nie? Hulle het dit nie geduld dat die vryheid van Romeinse burgers ingeperk word nie: sal julle onverskillig daarteenoor staan as die lewe van 'n Romeinse burger geneem is? Hulle het ons gesantereg gewreek toe dit slegs deur 'n woord geskend is: gaan julle 'n gesant wat met elke soort foltering gedood is, ongewreek laat?

12. Vir ons voorvaders was dit die allerskoonste prestasie om aan julle 'n roembelaaide ryk na te laat. Sorg dan dat dit nie vir julle die grootste skandemag wees om nie te kan beskerm en beveilig wat julle ontvang het nie. Hoe dan nou? Met watter gesindheid, vra ek, behoort julle dit te duld dat ons bondgenote se veiligheid in opperste gevaar en in 'n baie groot krisis geplaas word? Koning Ariobarzanes, 'n bondgenoot en vriend van die Romeinse volk, is uit sy koninkryk verdryf; twee konings wat nie alleen fel vyandig teenoor julle staan nie, maar ook teenoor julle bondgenote en vriende, bedreig die hele Asia; al die state in die ganse Asia en Griekeland word deur die geweldige omvang van die gevaar gedwing om gretig op julle bystand te wag; hulle waag dit nie om 'n bepaalde generaal van julle te eis nie, veral daar julle reeds 'n ander²³ een gestuur het, en hulle glo ook dat hulle dit nie sonder die uiterste gevaar kan doen nie.

13. Hulle sien en voel dieselfde as wat julle sien en voel: daar is één man in wie al die nodige eienskappe in die hoogste mate aanwesig is; hy is in die nabyheid en daarom ontbeer hulle hom met des te groter leedwese; hoewel hy gekom het om die see-oorlog²⁴ te voer, is die aanslae van die vyand nogtans bloot deur sy aankoms en sy naam gestuit en vertraag. Aangesien hierdie mense nie vryelik kan praat nie, rig hulle stilswyend 'n versoek aan julle om hulle ook, net soos in die geval van die bondgenote van die ander provinsies, werd te ag om hulle veiligheid aan so 'n man toe te vertrou. En nog te meer versoek hulle dit omdat die ander manne wat ons met militêre gesag na 'n provinsie stuur van so 'n stempel is dat hulle eie aankoms in die stede van ons bondgenote nie veel van 'n vyandelike inname verskil nie, selfs al verdedig hulle dit teen 'n vyand. Van Pompeius het hulle tevore gehoor, nou sien hulle hom met eie oë as iemand met sulke groot selfbeheersing en soveel menslikheidsgevoel, dat dit lyk asof diegene by wie hy die langste vertoef, die gelukkigste is.



Mithridates

VI 14. As ons voorvadere dus ter wille van hulle bondgenote oorlog gevoer het teen Antiochus²⁵, Philippus²⁶, die Aetoliërs²⁷ en die Puniërs²⁸, hoewel hulle self deur geen onreg getart was nie, met hoeveel meer toewyding behoort julle wat wel deur onreg getart is, julle bondgenote se veiligheid tesame met die eer van julle ryk te verdedig, veral waar dit gaan om julle grootste belastingbronne? Want die belastings van die ander provinsies, burgers van Rome, is so gering dat ons nouliks daarmee tevrede kan wees vir die blote beskerming van die provinsies self. Maar Asia is so ryk en vrugbaar dat dit maklik alle ander lande oortref in die ryke opbrengs van sy landbougrond, die verskeidenheid van sy opbrengste, die omvangrykheid van sy weidings en die talrykheid van sy uitvoergoedere. Daarom, burgers van Rome, as julle die dinge wil behou wat nuttig is in oorlog en eervol in vrede, moet julle hierdie provinsie verdedig, nie alleen teen 'n ramp nie, maar ook teen die vrees vir 'n ramp.

15. In ander gevalle word skade immers eers dan opgedoen wanneer 'n ramp klaar toegesak het, maar in die geval van belastinginkomstes bring nie alleen die intrede van onheil 'n ramp mee nie, maar ook die blote vrees daarvoor. Want wanneer die vyand se magte nie ver weg is nie, selfs al word daar geen inval gemaak nie, word die weidings nietemin verlaat en die landbou aan sy lot oorgelaat, en kom die handelsskeepvaart tot 'n stilstand. En so kan daar geen belastinginkomste uit hawegelde, of tiendes of weidingheffings beveilig word nie. Daarom word die hele jaar se inkomste dikwels verloor as gevolg van een enkele gerug van gevaar, of een enkele skrikbeeld van oorlog.

16. Hoe dink julle dus, vra ek, voel daardie mense wat die belastings vir ons betaal, of hulle wat dit administreer en invorder, wanneer twee konings met baie groot leërmagte daar naby aanwesig is; wanneer een enkele rooftog van vyandelike ruitery die belastinginkomste van 'n hele jaar in 'n baie kort tydjie kan wegraap; wanneer die belastinggaarders glo dat hulle die geweldige personeelgroepe wat hulle by die weidings, op die landerye, in die hawens en by die kuswagstasies in diens het, onder groot gevaar aanhou? Dink julle dat julle voordeel uit daardie dinge kan trek as julle nie die mense wat vir julle tot voordeel is, nie alleen teen 'n ramp beveilig nie, maar soos ek tevore gesê het, ook bevry van die vrees vir 'n ramp nie?

VII 17. En ook die volgende punt moet julle nie geringag nie – toe ek oor die aard van die oorlog begin praat het, was ek van plan om dit laaste te noem omdat dit betrekking het op die eiendom van baie Romeinse burgers: hierdie belastinggaarders, burgers van Rome, moet julle ooreenkomstig julle wys-

heid deeglik in aanmerking neem. Want eerstens het die belastinggaarders – baie eerbare en uiters vermoënde manne – hulle geldsake en middele in daardie provinsie saamgetrek, en die belange en rykdomme van hierdie einste mense behoort julle sorg bloot om hulle eie ontwil te geniet. En as ons die belasting inderdaad nog altyd as die spiere van ons staat beskou het, dan sal ons tereg daardie orde wat die invordering daarvan bedryf, die stut van die ander ordes noem.

18. Tweedens, sommige wakker en ywerige manne uit die ander stande dryf self in Asia handel, en ander van hulle het groot somme geld in daardie provinsie belê. Julle behoort julle oor hulle in hul afwesigheid te bekommer! Julle is dit dus aan julle menslikheidsgevoel verskuldig om 'n groot aantal burgers teen 'n ramp te beskerm, en aan julle wysheid om in te sien dat 'n ramp vir 'n groot aantal burgers nie van ramp vir ons staat geskei is nie. Want eerstens is dit beslis van min belang dat ons later deur 'n oorwinning die verlore belasting vir die belastinggaarders terugwen. Ten gevolge van hulle rampspoed sal daardie selfde mense immers nie die vermoë hê om dit weer op te koop nie, en ander sal uit vrees geen begeerte daarvoor hê nie.

19. Verder, wat die einste Asia en daardie einste Mithridates ons aan die begin van die oorlog in Asia²⁹ geleer het, dit voorwaar, behoort ons wat deur rampspoed geleer is, ongetwyfeld goed te onthou. Want ons weet dat toe talle mense by 'n vorige geleentheid groot somme geld in Asia verloor het, die kredietwese in Rome ineengestort het omdat die betaling van skuld gestaak is. Dit is immers nie moontlik dat baie mense in een staat hulle geld en rykdomme verloor, sonder dat hulle nog meer mense saam met hulle in dieselfde verderf insleep nie. Beskerm ons staat teen hierdie gevaar, en glo my – julle sien dit self – die krediet- en geldwese wat in Rome, wat hier in die Forum gevestig is, is vasgeknoop aan die geldwese daar in Asia en hang daarmee saam; dis nie moontlik dat dit daar ineens stort, en nie ook hier van dieselfde skudding wankel en verval nie. Kyk derhalwe of julle durf aarsel om julle met alle geesdrif toe te lê op daardie oorlog waarin die roem van julle naam, die veiligheid van ons bondgenote, julle grootste belastingbronne en die rykdomme van talryke burgers tesame met ons staat verdedig moet word.

VIII 20. Aangesien ek tot dusver oor die aard van die oorlog gepraat het, sal ek nou 'n paar woorde oor die omvang daarvan sê. Die volgende kan immers gesê word: die oorlog is van so 'n dringende aard dat dit gevoer móét word, maar dit is nie so ernstig dat ons baie bang hoef te wees daarvoor

nie. En in hierdie verband moet ek ten sterkste daarop bedag wees dat julle nie dalk meen julle moet daardie dinge geringskat, waarvoor uiters noukeurige voorsorg getref behoort te word nie. En sodat almal mag verstaan dat ek soveel lof³⁰ aan Lucius Lucullus toebedeel as wat aan 'n dapper man, 'n wyse persoon en groot generaal verskuldig is, verklaar ek: Mithridates het by Lucullus se aankoms geweldige groot magte gehad wat met alle middele voorsien en toegerus was; 'n uiters beroemde stad van Asia, een wat ons uiteraard vriendskaplik gesind is, die stad van die Cyziceni³¹, is deur die koning self met 'n groot oormag beleër en met die grootste geweld aangeval; Lucius Lucullus het hierdie stad deur sy militêre bekwaamheid, volharding en oorleg bevry van die allergrootste gevare van 'n beleëring.

21. 'n Groot, goed toegeruste vloot wat onder aanvoering van Sertorius se manne, en aangevuur deur partydigheid en haat ylings op Italië afgepyl het, is deur hierdie selfde generaal oorwin en tot sink gebring; daarbenevens is groot troepemagte van die vyand in menige geveg vernietig, en Pontus wat voorheen vir die Romeinse volk van geen kant af toeganklik was nie, is vir ons legioene oopgestel; Sinope en Amisus³², dorpe waarin die koning se paleise, toegerus met en propvol allerhande benodigdhede gestaan het, en talryke ander stede van Pontus en Cappadocië is bloot deur sy aantog en aankoms verower; die koning is ontroof van sy vaderlike en voorvaderlike koninkryk en het hom as smekeling na ander konings en ander volkere begewe; en al hierdie dinge is volbring terwyl die bondgenote van die Romeinse volk in veiligheid verkeer het en ons belastingbronne onaangesig was. Ek meen dat dit genoeg lof is, en dat dit op so'n wyse uitgespreek is, burgers van Rome, dat julle sal begryp dat Lucius Lucullus deur nie een van daardie manne wat hierdie wet en saak opponeer, op dieselfde wyse van hierdie verhoog af lof toegeswaai is nie.

- IX 22. Daar mag dalk nou gevra word hoe die res van die oorlog onder hierdie omstandighede nog ernstig kan wees. Verneem dit dan, burgers van Rome, want ek het die indruk dat dit nie sonder rede gevra kan word nie. Allereers het Mithridates op dieselfde manier uit sy koninkryk gevlug as waarop die berugte Medea³³ na bewering eens op 'n tyd uit daardie selfde Pontus gevlug het. Mense verkondig dat die voortvlugtende Medea haar broer se liggaamsdele rondgestrooi het op die roetes waarlangs haar vader haar sou agtervolg, sodat die versameling van die verspreide dele, en ook haar vader se droefheid die spoed van sy agtervolging kon vertraag. So het Mithridates op sy vlug 'n ontsaglike voorraad goud en silwer en allerhande kosbaarhede, sowel dié wat hy van sy voorvaders ontvang het as dié wat hy self in die vorige oorlog uit die ganse Asia geroof en in sy koninkryk opge-

hoop het, volledig in Pontus agtergelaat. Onderwyl ons soldate dit alles naars-tiglik vergader het, het die koning self uit hulle hande ontvlug. So het droefheid die vader in sy gretige agtervolging vertraag, en blydschap ons soldate.

23. Tigranes, die koning van Armenië, het Mithridates as 'n verskrikte vlug-teling ontvang, hom bemoedig in sy wanhoop aan sy geluk, hom opgebeur in sy neerslagtigheid en die ongelukkige man nuwe lewe en krag ingeblaas. Toe Lucius Lucullus daarna met sy leer in Tigranes se koninkryk opdaag, is selfs nog meer volkere teen ons generaal opgesweep. Vrees is immers ingeboesem by daardie stamme wat na die mening van die Romeinse volk nooit deur oorloggetart en ook nooit gesteur moes word nie. Daarbenewens het 'n ander ernstige en hardnekkige geloof in die gemoedere van die barbaarse volkere posgevat, naamlik dat ons leer na daardie streke gebring is met die doel om hul rykste en allerheiligste tempel³⁴ te plunder. So is talryke groot stamme deur 'n heel nuwe skrikbeeld en vrees opgerui. Maar hoewel ons leer 'n stad in Tigranes se koninkryk ingeneem, en gunstige gevegte gelewer het, het ontsteltenis nietemin opgevlam omdat die oorlogs-terrein te ver weg geleë was, en die soldate na hulle dierbares verlang het.

24. Daaroor wil ek hier nou niks meer sê nie, want die uiteinde was dat 'n spoedige terugkeer van daardie plekke af, eerder as 'n verdere opmars deur ons soldate geëis is. Mithridates het egter reeds sy weermag versterk met behulp van troepesametrekkings uit sy eie koninkryk, en hy is byge-staan deur talryke vreemde hulp troepe van baie konings en nasies. Want ons het mos gehoor dat dit feitlik altyd so gebeur dat die verpletterde geluk van konings maklik talle magtige mense tot meegevoel beweeg, en veral mense wat self konings is of in 'n koninkryk lewe, met die gevolg dat hulle die woord "koning" as iets groots en heiligs beskou.

25. Dus kon Mithridates as oorwonnene soveel verrig soos wat hy as on-gedeerde nooit durf wens het nie. Want nadat hy na sy koninkryk terugge-keer het, was hy nie tevrede met wat hom bo verwagting te beurt geval het nie – naamlik dat hy ooit weer sy land kon bereik nadat hy daaruit verjaag is – maar 'n aanval gedoen³⁵ op ons roemryke en seëvierende leer. Vergun my in hierdie stadium, burgers van Rome, om ons rampspoedige nederlaag stilswyend oor te slaan, soos die digters³⁶ wat oor die geskiede-nis van Rome skryf gewoonlik maak. Daardie nederlaag was so groot dat dit nie 'n boodskapper uit die geveg was nie, maar 'n gerug uit praatjies van die inwoners wat dit tot ons generaal se ore gebring het.

26. Hier, juis in daardie ellende en allerernstigste terugslag van die oorlog

het Lucius Lucullus wat darem tog dalk daardie verliese in 'n mate kon goed-maak, 'n deel van sy soldate wat reeds hulle dienstermyn voltooi het, ontslaan, en 'n deel aan Manius Glabrio³⁷ oorhandig. Julle het hom met jul bevel daartoe gedwing omdat julle geglo het dat daar vanweë die lank bestaande presedent 'n perk gestel moet word aan die duur van sy militêre opperbevel. Ek slaan doelbewus baie dinge oor, maar julle moet julle eie afleiding maak en duidelik insien welke afmetings daardie oorlog na julle mening aangeneem het, wat twee uiters magtige konings gesamentlik voer, opgesweepte stamme opnuut begin, onverswakte volke onderneem, en wat ons nuwe generaal³⁸ nou oorneem nadat die ou leër verslaan is.

- X 27. Ek meen ek het genoeg gesê om te bewys waarom hierdie oorlog juis vanweë sy aard onvermydelik, en vanweë sy omvang gevaarlik is. Klaarblyklik bly daar nog oor dat ek oor die keuse van 'n generaal vir daardie oorlog, en oor sy aanstelling aan die hoof van sulke groot ondernemings moet praat. Ek wou, burgers van Rome, dat julle so 'n oorfloed aan dapper en regskepe manne gehad het dat die beraadslaging oor wie na julle mening by grootste voorkeur in bevel van sulke groot ondernemings en so 'n omvangryke oorlog geplaas moet word, vir julle moeilik sou wees. Maar nou, aangesien Gnaeus Pompeius die enigste man is wat deur militêre bekwaamheid die roem oortref, nie alleen van die mense wat tans lewe nie, maar ook van hulle wat ons uit die oudheid onthou, wat is daar dan wat enigiemand twyfelmoedig sou kon stem in hierdie aangeleentheid?

28. Want ek reken so: in 'n uitmuntende generaal behoort hierdie vier eienskappe aanwesig te wees, naamlik, kennis van krygswese, militêre bekwaamheid, aansien en goeie geluk. Wie het dan ooit meer kennis van die krygswese gehad, of behoort meer te gehad het as hierdie man? Tydens 'n baie groot oorlog³⁹ met uiters gedugte vyande het hy van die skoolbanke en sy jeugonderrig af na sy vader se leër⁴⁰ en 'n militêre opleiding vertrek; aan die einde van sy kinderjare was hy 'n soldaat in die leër van 'n uitmuntende generaal, en as jongman self generaal⁴¹ van 'n baie groot leër; hy het meer dikwels teen 'n staatsvyand die stryd gevoer as wat enigiemand teen 'n persoonlike vyand geveg het, meer oorloë gevoer as waar die res van gelees het, meer openbare ampte beklee as wat ander begeer het. Sy jeugjare is tot 'n kennis van die krygswese geskool, nie deur ander mense se voorskrifte nie maar deur sy eie bevelvoerings, nie deur terugslae in oorlog nie maar deur oorwinnings, nie deur kampanjes nie maar deur segetogte! Watter soort oorlog kan daar ten slotte wees waarin die lot van ons staat hom nie gebrei het nie? Die burgeroorlog⁴², die oorlog in Afrika⁴³, die Transalpyense⁴⁴ die Spaanse⁴⁵, die Slawe-⁴⁶ en die See-oorlog⁴⁷, al hierdie

verskillende en uiteenlopende soorte oorloë en vyande, oorloë wat nie alleen deur hierdie een man gevoer is nie maar ook afgehandel is, toon dat daar geen aspek binne militêre ervaring geleë is wat aan die kennis van hierdie man sou kon ontsnap nie.

XI 29. Watter woorde kan 'n mens dus vind wat reg laat geskied aan Gnaeus Pompeius se militêre bekwaamheid? Wat sou enigiemand nog kon bysê wat daardie man waardig is, of nuut is vir julle, of waarvan niemand nog gehoor het nie? Want die deugdelike eienskappe wat 'n generaal behoort te hê, is nie slegs daardies wat algemeen as sodanig beskou word nie, naamlik daadkrag in ondernemings, dapperheid in gevare, ywer in handeling, spoed in uitvoering, wysheid in beplanning. Al hierdie eienskappe besit daardie enkele man in 'n mate waarin alle ander generaals wat ons al gesien of van gehoor het, hulle nie besit het nie.

30. Getuie daarvan is Italië wat die beroemde oorwinnaar Lucius Sulla self erken het, deur die steun van hierdie man bevry is; getuie is Sicilië wat hy gered het toe dit aan alle kante deur talle gevare omring was – nie met die verskrikking van oorlog nie maar met die spoed van sy strategie; getuie is Africa wat deur groot magte van die vyand oorval is maar spoedig van daardie einste vyand se bloed gestroom het; getuie is Gallië waardeur daar vir ons legioene 'n pad na Spanje oopgestel is ten gevolge van die totale vernietiging van die Galliërs; getuie is Spanje wat baie dikwels gesien het hoe ontelbare vyande deur hierdie man oorwin en neergevel is; getuie is Italië telkens weer, wat van hierdie man in sy afwesigheid dringend hulp gesmeek het toe dit deur die afgryslieke en gevaarvolle Slawe-oorlog benou is – 'n oorlog wat deur sy verwagte koms verswak en verklein, en deur sy aankoms uit die weg geruim en begrawe is.

31. Tans, voorwaar, is reeds alle kuste en alle vreemde volke en nasies my getuies, en ten slotte alle seë, sowel in hul ganse uitgestrektheid as in alle baaie en hawens aan die afsonderlike kuste. Want watter plek aan die ganse seekus het deur die onlangse jare heen so 'n sterk garnisoen gehad dat dit veilig was, of was so weggesteek dat dit onopgemerk gebly het? Wie het 'n seereis onderneem wat homself nie aan die gevaar van dood of slawerny blootgestel het nie, aangesien hy òf in die winter òf met die see oortrek van seerowers moes reis? Hierdie oorlog, so groot, so smadelik, so langdurig, so wyd vertak en versprei – wie sou ooit gedink het dat dit deur al ons generaals saam in een jaar, of deur een generaal in al sy lewensjare afgehandel kon word?

32. Watter provinsie het julle deur die onlangse jare heen gevrywaar teen die seerowers? Watter belastingbron was vir julle veilig? Watter bondgenoot is deur julle beskerm? Vir wie was julle 'n beskutting met julle vlote? Hoeveel eilande dink julle is verlaat, hoeveel stede van julle bondgenote uit angs opgegee of deur die seerowers ingeneem?

XII Maar waarom maak ek melding van gebeure ver van hier? Eertyds was dit – maar dit is nie meer nie – die besondere kenmerk van die Romeinse volk om ver van die huis af oorlog te voer en met die bolwerke van hulle ryk die voorspoed van hulle bondgenote te beskerm, en nie hulle eie huise nie. Sal ek sê dat die see deur die afgelope jare heen vir ons bondgenote gesluit was, as julle eie leërs nooit van Brundisium af oorgevaar het behalwe in die middel van die winter nie? Sal ek kla omdat boodskappers wat van vreemde nasies af na julle toe op pad was, gevange geneem is, as gesante van die Romeinse volk losgekoop moes word? Sal ek sê dat die see nie vir handelaars veilig was nie, as twaalf liktorsbyle⁴⁸ in die mag van die seerowers geval het?

33. Sal ek julle daaraan herinner dat Cnidus⁴⁹ of Colophon of Samos, hoogs-beroemde stede, en ontelbare ander ingeneem is, as julle weet dat julle eie hawens en daardie hawens waardeur julle leef en asemhaal in die mag van die seerowers was? Of weet julle dalk nie dat die druk besoekte hawe van Cajeta⁵⁰ propvol skepe ten aanskoue van die praetor deur die seerowers geplunder is nie? Ook nie dat die kinders van die einste man wat vroeër teen die seerowers oorlog gevoer het, deur die seerowers uit Misenum⁵¹ ontvoer is nie? Want waarom sal ek kla oor die teenslag te Ostia⁵², en oor daardie skandvlek vir ons staat toe die vloot waaroor 'n konsul van die Romeinse volk in bevel gestel was, feitlik voor julle oë deur die seerowers gevang en gesink is? By die onsterflike gode! Was dit moontlik dat die ongelooflike en godgegewe militêre bekwaamheid van een man binne so 'n kort tydjie soveel lig gebring het vir ons staat, dat julle wat nog onlangs die vyand se vloot voor die monding van die Tiber gesien het, nou hoor dat daar geen skip van die seerowers binne die Straat van Gibraltar is nie?

34. En hoewel julle self sien met welke spoed hierdie dinge uitgevoer is, moet ek daardie aspek nietemin nie uit my toespraak laat nie. Want wie was al ooit in staat om in sy ywer om 'n taak uit te voer of wins na te jaag, in so 'n kort rukkie soveel plekke te besoek en sulke lang reise af te lê, en so vinnig as wat so 'n magtige oorlogsstorm onder leiding van Gnaeus Pompeius oor die see getrek het? Toe die see nog nie geskik was vir seevaart nie het hy Sicilië besoek, Africa verken, met sy vloot in Sardinië geland,

en hierdie drie graanbronne van ons staat met uiters sterk garnisoene en vlote beskut.

35. Toe hy vandaar na Italië terugkeer nadat hy die twee Spanjes en Transalpyne Gallië met garnisoene en vlote versterk, en insgelyks skepe na die kus van die Illiriese⁵³ see en na Achaia en die ganse Griekeland gestuur, en die twee seë⁵³ van Italië van uiters groot vlote en allersterkste garnisoene voorsien het, het hy self op die nege-en-veertigste dag vandat hy van Brundisium af vertrek het, die hele Cilicië by die ryk van die volk van Rome ingelyf. Al die seerowers, waar hulle ook al was, is deels gevange geneem en gedood, en deels het hulle hulle aan die gesag en mag van hierdie een man oorgegee. Toe die Kretensers gesante en bemiddelaars tot sover as Pamphylië na hom stuur, het hierdie selfde man hulle nie hulle hoop op oorgawe ontnem nie maar gyselaars geëis. So het Gnaeus Pompeius so'n belangrike oorlog, so lank uitgerek, so ver en wyd versprei, 'n oorlog waardeur alle volke en nasies benou is, aan die einde van die winter voorberei, met die ingang van die lente onderneem en teen die middel van die somer afgehandel.

XIII 36. Dít is sy godgegewe en ongelooflike bekwaamheid as generaal. Hoe nou? Sy ander goeie eienskappe wat ek flussies begin vermeld het, hoe groot en hoe veelvuldig is hulle nie! Want dit is nie alleen die bekwaamheid om oorlog te voer wat by die voortreflike en volmaakte generaal gesoek moet word nie, maar talle buitengewone kwaliteite is die ondersteuners en begeleiers van hierdie bekwaamheid. Maar allereers, hoe groot behoort die integriteit van generaals te wees! En verder, hoe groot hulle selfbeheersing in alle aangeleenthede! Hoe groot hulle betroubaarheid, insiklikheid, begaafdheid en wellewendheid! Laat ons kortliks in oënskou neem hoedanig dit met hierdie eienskappe gesteld is by Gnaeus Pompeius. Want hulle almal, burgers van Rome, is in die hoogste mate in hom aanwesig, maar deur 'n vergelyking met die eienskappe van ander kan hulle beter herken en begryp word as bloot op sigself.

37. Want welke generaal in wie se leër die poste van centurio's te koop is en te koop was, kan ons as van enige aansien beskou? Watter grootse en verhewe gedagtes kan ons glo, koester daardie man met betrekking tot ons staat as hy geld wat uit die staatskas getrek was vir die administrasie van 'n oorlog, onder sy amptenare verdeel het uit ambisie om 'n provinsie te bekom, of dit van gierigheid in Rome teen rente agtergelaat het? Julle afkeurende gemompel, burgers van Rome, skeep die indruk dat julle julle herinner wie hierdie dinge gedoen het. Ek noem egter niemand se naam nie; daarom sal niemand vir my kan kwaad wees nie, tensy hy vooraf 'n selfbe-

kentenis sou wou aflê. Wie weet dus nie watter geweldige skades ons leërs vanweë hierdie gierigheid van ons generaals meebring, waar hulle ook al aanland nie?

38. Dink terug aan die marse wat ons generaals die afgelope aantal jare in Italië deur die platteland en dorpe van Romeinse burgers onderneem het: dan sal julle makliker besluit wat julle kan dink onder vreemde nasies gebeur. Hoe meen julle: is daar in die afgelope aantal jare meer stede van die vyand deur die wapens van julle soldate verwoes, of meer state van julle bondgenote deur hulle winterkwartiere? Want daardie generaal wat homself nie betuel nie, kan ook nie sy leër betuel nie, en die een wat nie wil hê ander moet streng registers teenoor hom wees nie, kan nie streng wees in sy eie regspleging nie.

39. Is ons dan onder hierdie omstandighede verbaas dat hierdie man ons ander generaals so ver oortref? Daar word immers gesê dat sy legioene op so 'n wyse in Asia aangekom het dat nie alleen 'n hand van so 'n groot leër nie, maar selfs nie 'n voetspoor daarvan enigemand wat die wapen neergelê het, leed aangedoen het nie. En verder word daar daaglik berigte en briewe deurgebring wat aandui hoe sy soldate oorwinter. Nie alleen word niemand gedwing om onkoste tot 'n soldaat se voordeel aan te gaan nie, maar dit word selfs vir niemand wat dit graag wil doen, toegelaat nie. Want ons voorvaders wou hê dat daar in die huise van ons bondgenote en vriende 'n skuilplek teen die winter moet wees, nie vir hebsug nie.

XIV 40. Maar kom, neem nou in oënskou welke selfbeheersing hy in ander dinge openbaar. Hoe meen julle het hy daardie ontsaglike spoed en so 'n ongehoorlike seereis verwesenlik? Want dit was nie die buitengewone krag van sy roeiers, of een of ander ongehoorde stuurmanskuns, of enige onbekende winde wat hom so vinnig na die uiteindes van die aarde gevoer het nie. Hy kon dit regkry omdat die dinge wat ander generaals gewoonlik vertraag, hom nie opgehou het nie: hebsug het hom nie van sy voorgenome koers na een of ander buit, begeerte het hom nie na plesier, natuurskoon nie na die genot daarvan, die roem van 'n stad nie na kennismaking, en verder het selfs arbeid hom nie na rus weggelok nie. Laastens: die beelde en skilderye en ander sierade van die Griekse dorpe, wat die ander geglo het hulle moes wegvoer, het hy geoordeel hoef nie eers deur hom besoek te word nie.

41. Gevolglik beskou almal in daardie omgewing vir Gnaeus Pompeius vandag nie as iemand wat van hierdie stad af uitgestuur is nie, maar as iemand wat uit die hemel geval het. Nou begin hulle uiteindelik te glo dat daar in



Gnaeus Pompeius

die oudae Romeine met dergelike selfbeheersing was — iets wat vreemde nasies reeds nie kon glo nie en dus as 'n valse oorlewing beskou het. Nou het die skittering van julle ryk vir daardie volkere lig begin bring; nou verstaan hulle dat hulle voorouers destyds toe ons amptenare met 'n dergelike selfbeheersing gehad het, nie sonder rede verkies het om die Romeinse volk te dien eerder as om oor ander gesag te voer nie. Mense beweer verder dat privaat individue so 'n onbelemmerde toegang tot hom het, en dat klagtes oor onregte wat ander teen hulle gepleeg het so vrylik voorgelê kan word dat dit lyk asof hy wat prinse in rang oortref, die gelyke van die allernederigste is in genaakbaarheid.

42. Julle, burgers van Rome, het reeds dikwels van hierdie einste plek af ervaar hoeveel hy met sy politieke oorleg vermag, en hoeveel met sy waardige en vloeiende voordrag waarin juis iets van 'n generaal se aansien lê. Hoe hoog dink julle word sy erewoord in werklikheid onder ons bondgenote aangeslaan, 'n erewoord wat alle vyande van alle volkere as absoluut onskendbaar beskou het? Verder is sy menslikheidsgevoel so groot dat dit moeilik is om te sê of die vyand groter vrees gekoester het vir sy dapperheid terwyl hulle teen hom geveg het, en of hulle groter waardering gehad het vir sy sagmoedigheid nadat hy hulle oorwin het. En sal iemand dan twyfel dat hierdie so belangrike oorlog toevertrou moet word aan hierdie man wat skynbaar ten gevolge van een of ander besluit van die gode gebore is om al die oorloë binne ons heugenis te beëindig?

XV 43. En omdat aansien ook van groot belang is by die leiding in oorloë en by militêre opperbevel, bestaan daar tog seker by niemand twyfel dat daardie einste generaal uiters sterk staan in daardie verband nie. Wie weet egter nie dat dit vir die leiding in oorloë geweldig baie saak maak wat die vyand en die bondgenote van ons generaals dink nie? Ons weet tog dat mense in sulke belangrike sake nie minder deur openbare mening en gerug, as deur een of ander grondige rede beïnvloed word nie, met die gevolg dat hulle iemand of minag of vrees, of haat of lief het. Watter naam was dus ooit beroemder in die hele wêreld? Wie se krygssdade die gelyke van syne? Oor watter mens het julle al sulke gewigtige en merkwaardige besluite geneem, iets wat in die hoogste mate aansien skep?

44. Of dink julle voorwaar daar is êrens 'n kus so verlate dat die berig oor daardie beroemde dag⁵⁴ nie daarheen deurgedring het nie? Ek bedoel die dag toe die ganse volk van Rome in die volgepakte forum — al die tempels vanwaar daar 'n uitsig is op hierdie plek, was ook propvol — een man, Gnaeus Pompeius, vir hulle opgeëis het as generaal vir die gemeenskaplike oorlog

van alle volke. Om dus nie meer te sê, en ook nie met voorbeelde uit die loopbane van ander mense te bevestig hoeveel gewig gesag in oorlog dra nie, moet ons voorbeelde van elke soort onderskeiding uit die lewe van dieselfde Gnaeus Pompeius neem.

Op die dag toe hy deur julle in bevel van die see-oorlog geplaas is, het daar vanweë die hoop wat op een enkele man gevestig is, en ook vanweë sy roem, skielik so 'n sterk daling in die prys van koring gevolg op die aller-grootste skaarste en duurte van graanvoorrade, soos wat 'n langdurige vrede na 'n allerrykste opbrengs van die landerye nouliks sou kon bewerkstellig het.

45. Verder: nadat ramp ons in Pontus oorval het ten gevolge van daardie geveg waarteen ek julle 'n rukkie tevore teen my sin gewaarsku⁵⁵ het, toe ons bondgenote in groot vrees verkeer, en die middele en moed van die vyand aangegroei het en Asia nie sterk genoeg beskerming geniet het nie, sou julle daardie provinsie verloor het, burgers van Rome, as die goeie geluk van die Romeinse volk nie vir Gnaeus Pompeius juis op die kritieke oomblik in daardie periode asof deur goddelike beskikking na daardie gebiede gebring het nie. Sy aankoms het enersyds vir Mithridates in sy opgeblasenheid oor sy ongewone oorwinning aan bande gelê, en andersyds vir Tigranes wat Asia met groot magte bedreig het, teëgehou. En sal enigiemand twyfel aan wat hy wat soveel deur sy aansien bereik het, met sy militêre bekwaamheid sal bereik? Of hoe maklik hy ons bondgenote en belastingbronne sal beveilig met militêre oppergesag en 'n leer, as hy hulle bloot met sy naam en reputasie kon beskerm het?

XVI 46. Maar kom, die feit dat al die vyande van die Romeinse volk hulle in so 'n kort rukkie vanuit sulke verafgeleë plekke wat in sulke teenoorgestelde rigtings lê, aan hierdie enkele man oorgegee het, toon duidelik hoe groot dié man se aansien onder hulle is. Ook word dit bewys deur die feit dat hoewel daar 'n generaal⁵⁶ en leer van ons op hulle eiland was, die gesante van die Kretensiese statebond tot amper aan die uiteindes⁵⁷ van die aarde na Gnaeus Pompeius gekom, en verklaar het dat al die state van die Kretensers hulle aan hom wou oorgee! Wat? Het daardie einste Mithridates dan nie 'n gesant tot so ver as Spanje na die einste Gnaeus Pompeius gestuur nie? Diegene vir wie dit 'n teer punt was dat die man vir wie Pompeius nog altyd as 'n gesant beskou het, by grootste voorkeur na hóm gestuur was, het verkies om daardie man eerder as 'n spioen as 'n gesant⁵⁸ te beskou. Julle is dus nou in staat om te besluit, burgers van Rome, hoeveel gewig julle moet meen hierdie aansien wat agterna deur sy groot oorlogsprestasies en deur

julle besluite nog verder vergroot is, onder daardie konings gaan dra, en hoeveel onder vreemde volke.

47. Wat nou nog oorbly, is dat ek moet praat oor goeie geluk wat niemand in sy eie geval kan waarborg nie, maar wat ons tog in die geval van iemand anders mag onthou en vermeld. Ek sal skroomvallig net 'n paar woorde sê, soos dit paslik is vir mense wanneer hulle oor die mag van die gode praat. Want ek reken so: aan Maximus⁵⁹, Marcellus, Scipio, Marius en ander groot generaals, is daar betreklik dikwels gesagvoerings opgedra en leërs toevertrou, nie alleen vanweë hulle militêre bekwaamheid nie, maar ook vanweë hulle goeie geluk. Want 'n sekere mate van goeie geluk is gewis deur goddelike beskikking aan sekere voortreflike manne verleen om grootheid en roem te bereik en om belangrike ondernemings geslaagd uit te voer. Maar ek sal met so 'n beheersheid praat oor die goeie geluk van die man om wie dit hier gaan, dat ek nie sal beweer dat goeie geluk in sy eie hande lê nie, maar dat dit sal lyk asof ons die verlede onthou en ons hoop op die toekoms vestig. Ek wil immers nie hê dat my toespraak vir die onsterflike gode aanstootlik of ondankbaar voorkom nie.

48. Dus gaan ek nie met ophef verkondig welke groot dinge hy in vrede en oorlog op land en ter see verrig het nie. Ook nie met welke groot geluk hy dit gedoen het, sodat nie alleen sy medeburgers altyd met sy wense saamgestem, ons bondgenote daaraan voldoen, en ons vyande dit gehoorsaam het nie, maar dat selfs die winde en storms daaraan toegee het. Ek sal slegs dit baie kortliks sê: niemand was nog ooit so vermetel om in stilte soveel en sulke groot gunste van die onsterflike gode te begeer, as wat hulle aan Gnaeus Pompeius verleen het nie. En dat dit sy besondere en voortdurende deel mag wees, burgers van Rome, behoort julle, soos julle wel doen, te begeer en te wens, sowel ter wille van ons gemeenskap en staat se veiligheid as ter wille van die man self.

49. Derhalwe is die oorlog so dringend dat dit nie verontagsaam kan word nie, en so omvangryk dat dit met die grootste noukeurigheid gevoer moet word. En julle is in staat om 'n generaal aan die hoof daarvan aan te stel in wie voortreflike krygskennis, uitsonderlike militêre bekwaamheid, skitterende aansien en buitengewone goeie geluk setel. Weifel julle dan, burgers van Rome, om hierdie so grote seën wat deur die onsterflike gode aan julle toegereik en geskenk is, aan te wend vir die behoud en uitbouing van ons staat?

XVII 50. Maar as Gnaeus Pompeius op die huidige oomblik 'n burger in private hoedanigheid in Rome was, sou hy nogtans vir so 'n belangrike oorlog gekies en daarheen gestuur moes word. En aangesien ook hierdie gunstige geleentheid nou by die ander groot voordele gevoeg is, naamlik dat hy juis in daardie omgewing aanwesig is, reeds 'n leër het, en onmiddellik nog leërs kan oorneem by ander generaals wat leërs het, waarom wag ons? Of waarom sou ons nie onder leiding van die onsterflike gode ook hierdie oorlog teen 'n koning toevertrou aan dieselfde man aan wie voorheen ander oorloë tot hoogste heil van ons staat toevertrou is nie?

51. Maar daar sal gesê word Quintus Catulus⁶⁰, 'n uiters deurlugtige man, iemand wat baie lief is vir ons staat en met julle belangrikste eerbewyse beloon is, en so ook Quintus Hortensius⁶¹, 'n man wat met die hoogste onderskeidings van ereamp, rykdom, deugszaamheid en talent bedeel is, stem nie saam met hierdie sienswyse nie. Ek erken dat hulle gesaghebbende mening by baie geleenthede uiters groot gewig by julle gedra het, en dat dit ook gewig behoort te dra. Maar hoewel julle bekend is met die teenoorgestelde⁶² menings van uiters dapper en deurlugtige manne⁶², kan ons daardie menings in hierdie saak nogtans 'n wyle oorslaan, en die waarheid deur 'n beskouing van die feite opspoor. En dit kan des te makliker gedoen word omdat my genoemde opponente toegee dat alles wat ek tot dusver gesê het, waar is, naamlik dat die oorlog sowel dringend as belangrik is, en dat alle voortreflike eienskappe slegs in Pompeius aanwesig is.

52. Wat sê Hortensius dan? As alle magte aan een man toegewys moet word, dan verdien Pompeius dit die meeste, maar alles behoort nietemin nie aan een man oorgedra te word nie. Daardie taal het nou al uit die mode geraak, en is veel eerder deur feite as deur woorde weerlê. Want die einste jy, Quintus Hortensius, het ooreenkomstig jou voortreflike woordrykheid en uitsonderlike redenaarstalent baie dinge op waardige en elegante wyse in die senaat teen daardie dapper man, Aulus Gabinius⁶³, gesê toe hy sy wetsvoorstel in verband met die aanstelling van een opperbevelhebber teen die seerowers aangekondig het, en jy het ook van hierdie einste platform af 'n lang toespraak teen daardie wet gehou.

53. Wat? By die onsterflike gode, as jou mening destyds meer gewig by die Romeinse volk gedra het as die heil en werklike belang van die Romeinse volk self, sou ons dan vandag hierdie roem en hierdie heerskappy oor die ganse wêreld besit het? Of het dit dalk destyds vir jou na heerskappy gelyk toe gesante van die Romeinse volk, quaestors en praetors, gevange geneem is; toe ons van sowel private as openbare verkeer uit al die provin-

sies afgesny was; toe al die seë vir ons so geslote was dat ons reeds nie meer 'n private of openbare aangeleentheid oorsee kon onderneem nie?

XVIII 54. Watter staat was daar ooit voorheen — ek praat nie van die Atheense staat wat die see na bewering eertyds oor 'n taamlike wye gebied beheers het nie; nie van die Karthagers s'n, wat uiters veel met hulle vloot en see-wese vermag het nie; nie van die Rhodiërs⁶⁴ s'n, wie se vaardigheid en roem as seemanne tot in ons tyd voortgeduur het nie — welke staat, sê ek, was voorheen so swak, watter eiland so onbeduidend dat dit nie uit eie krag sy hawens en landerye en een of ander deel van sy gebied of seekus kon verdedig nie? Maar waaragtig, voor die wet van Gabinius moes daardie Romeinse volk wie se naam onoorwinlik in seeslae gebly het tot in ons tyd, etlike opeenvolgende jare lank 'n groot deel, inderdaad verreweg die grootste deel, nie alleen van sy welvaart nie, maar ook van sy aansien en heerskappy ontbeer.

55. Ons wie se voorvaders met hul vloot die konings Antiochus⁶⁵ en Perseus⁶⁶ oorwin, en die Karthagers⁶⁷, uiters ervare mense en ten beste toegerus in die seewese, in alle seeslae verslaan het, ons, sê ek, kon reeds nêrens meer die gelykes van die seerowers wees nie. Ons wat voorheen nie alleen Italië beveilig het nie, maar die veiligheid van al ons bondgenote aan die verste kuste met die aansien van ons ryk kon waarborg, destyds toe die eiland Delos⁶⁸ — so ver van ons in die Egeïese See geleë, en waar almal van oral af met hul vragte handelsware gewoonlik besoek afgelê het — niks te vrees gehad het nie ofskoon dit volgestop was van rykdomme, en klein en sonder 'n verdedigingsmuur; ons, sê ek, moes nie alleen ons provinsies, die seekuste van Italië en ons hawens ontbeer nie, maar selfs reeds die Via Appia⁶⁹! En in daardie tye het amptenare van die Romeinse volk nie skaam gekry om op hierdie einste verhoog te klim nie, hoewel ons voorvaders dit versier met skeepstrofeë⁷⁰ en buit uit vyandelike vlote vir ons nagelaat het.

XIX 56. Die Romeinse volk, Quintus Hortensius, het destyds aangeneem dat jy en die ander wat dieselfde mening gehuldig het, met goeie bedoeling en uit oortuiging gepraat het. Maar in 'n saak waar ons gemeenskaplike heil op die spel was, het dieselfde Romeinse volk verkies om hom eerder deur sy verontwaardiging as deur julle aandrang te laat lei. En so het een wet, een man, een jaar ons nie alleen van daardie ellende en skande bevry nie, maar dit ook bewerk dat ons uiteindelik inderdaad as heersers oor alle volkere en nasies op land en ter see gesien kon word.

57. En daarom lyk dit vir my selfs nog meer onverdiend dat daar tot dusver teenkanting gekom het – sal ek sê teen Aulus Gabinius of teen Gnaeus Pompeius, of, wat nader aan die waarheid is, teen beide? – om te belet dat Aulus Gabinius as Gnaeus Pompeius se onderbevelhebber aangestel word, ofskoon laasgenoemde dit dringend versoek en geëis het. Is die man wat vir so 'n belangrike oorlog 'n onderbevelhebber eis wat hy wil hê, dan nie geskik om sy versoek toegestaan te kry nie, terwyl ander generaals die onderbevelhebbers wat hulle wou hê, saamgeneem het om ons bondgenote te plunder en ons provinsies te beroof? Of behoort die man deur wie se wet veiligheid en aansien tot stand gebring is vir die Romeinse volk en alle ander volkere, geen deel te hê aan die roem van daardie veldheer en daardie leër wat op sy voorstel en op eie gevaar af, op die been gebring is nie?

58. Kon Gaius Falcidius, Quintus Metellus, Quintus Caelius Latiniensis en Gnaeus Lentulus⁷¹ – ek noem hulle almal om eer aan hulle te bewys – dan maar as onderbevelhebbers dien die jaar nadat hulle volkstribune was, terwyl mense net in Gabinius se geval so nougeset is! Hy behoort in hierdie oorlog wat kragtens die wet van Gabinius gevoer word, by hierdie generaal, en by hierdie leër wat hyself deur julle bemiddeling op die been gebring het, selfs buitengewone regte te geniet het! Ek hoop die konsuls sal by die senaat 'n voorstel indien oor sy aanstelling as onderbevelhebber. As hulle aarsel of teësinning sal wees, verklaar ek openlik dat ek dit sal indien, en niemand se vyandige verordening sal my in my vertroue op julle, belet om die reg⁷² en voorreg wat julle toegestaan het te verdedig nie. En ek sal ook aan niks gehoor gee nie behalwe aan die veto, en wat dit betref, sal die manne wat daarmee dreig, na my oordeel self terdeë besin oor wat toelaatbaar is. Ek is inderdaad daarvan oortuig, burgers van Rome, dat slegs Aulus Gabinius met Gnaeus Pompeius geassosieer kan word in die see-oorlog en sy ander krygsprestasies, aangesien Gabinius die oorlog wat gevoer moes word, met julle stemme aan Pompeius as enigste bevelvoerder opgedra het, en Pompeius die oorlog wat aan hom opgedra was, onderneem en afgehandel het.

XX 59. Wat nou nog oorbly, lyk dit my, is dat ek moet praat oor die aansien en opvatting van Quintus Catulus. Toe hy julle gevra het op wie julle jul hoop gaan vestig indien julle alles op Gnaeus Pompeius alleen plaas en iets dan met hom sou gebeur, het hy ryke vrug vir sy manmoed en waardigheid ontvang toe julle feitlik eenstemmig gesê het julle sal julle hoop juis dán op hom vestig. En Pompeius is voorwaar so 'n man dat geen aangeleentheid so groot of so moeilik is dat hy dit nie omsigtig kan lei, onbaatsugtig daarvoor toesig kan hou en met militêre bekwaamheid kan deurvoer

nie. Maar juis in hierdie punt verskil ek baie sterk van Catulus, want hoe onsekerder en kortstondiger die menslike lewe is, des te meer behoort die staat die lewe en bekwaamhede van 'n voortreflike man te benut solank as wat die onsterflike gode dit toelaat.

60. Maar, meen Catulus, daar mag niks nuuts in stryd met die presedente en gebruike van ons voorvaders geskep word nie. Ek sal nie in hierdie stadium melding maak van die feit dat ons voorvaders altyd in vredestryd die gewoonte gehoorsaam, maar hulle in oorlog deur eiebelang laat lei het, en altyd die beginsels vir nuwe besluite by nuwe tydsgebeure aangepas het nie. Ek sal nie melding maak daarvan dat twee baie groot oorloë, die Puniese en die Spaanse⁷³, deur een veldheer beëindig is, en dat twee uiters magtige stede wat ons heerskappy in die hoogste mate bedreig het, Karthago en Numantia, deur dieselfde Scipio⁷⁴ verwoes is nie. Ek sal nie daaraan herinner dat julle en jul voorvaders dit onlangs goedgevind het dat die hoop van ons ryk op Gaius Marius⁷⁵ alleen geplaas word, en dat dieselfde man teen Jugurtha, dieselfde man teen die Cimbriërs, dieselfde man teen die Teutone die oorlog sou lei nie. Dink terug aan hoeveel nuwe maatreëls met volle goedgevinde van Quintus Catulus juis in die geval van Gnaeus Pompeius ingevoer is — in wie se geval Quintus Catulus geen nuwe presedent geskep wil hê nie!

XXI 61. Wat was so sonder presedent as dat 'n baie jong man as burger in private hoedanigheid, in 'n moeilike tyd vir ons staat 'n leër⁷⁶ op die been gebring het? Hy het een op die been gebring. As om in bevel daarvan te wees? Hy was in bevel. As om onder sy leiding volslae sukses te behaal? Hy het dit behaal. Wat was so strydig met die gewoonte as dat militêre opperbevel en 'n leër gegee is aan 'n bloedjong man wie se ouderdom ver tekortgeskiet het vir toelating tot die senatoriale rang⁷⁷, en dat Sicilië en Africa, en die oorlog wat in laasgenoemde provinsie gelei moes word, aan hom toevertrou is? In hierdie provinsies het hy buitengewone onkreukbaarheid, waar-digheid en bekwaamheid aan die dag gelê; in Africa het hy 'n baie groot oorlog afgehandel en 'n seëvierende leër huis toe gebring. Maar wat is so ongehoord as dat 'n Romeinse ridder 'n triomfoptog⁷⁸ hou? Dog ook daardie skouspel het die Romeinse volk belewe! Maar meer nog, ons volk het ook geglo almal moes dit geesdriftig bywoon en saamvier.

62. Wat is so ongewoon as dat 'n Romeinse ridder as 'n prokonsul⁷⁹ na 'n baie groot en uiters gevaarvolle oorlog gestuur is, hoewel daar twee deurlugtige en dapper konsuls beskikbaar was? Hy is gestuur. Altans, toe iemand by daardie geleentheid in die senaat gesê het dat 'n burger in private hoedanigheid nie in die plek van 'n konsul gestuur behoort te word nie, het Lu-

cius Philippus⁸⁰ na bewering geantwoord: ‘‘Na my mening stuur ek hom nie in die plek van een konsul nie, maar in die plek van albei konsuls’’. Soveel hoop dat hy vir die staat sukses sou behaal is daar op hom gevestig, dat die funksie van twee konsuls aan die bekwaamheid van een enkele jongeling toevertrou is. Wat is so uitsonderlik as dat hy kragtens ‘n senaatsbesluit van die wette vrygestel en konsul⁸¹ gemaak is voordat dit kragtens die wette vir hom toelaatbaar was om enige ander⁸² amp te beklee? Wat is so ongelooflik as dat ‘n Romeinse ridder kragtens ‘n senaatsbesluit ‘n tweede⁸³ maal ‘n triomfotog gehou het? Alles wat sedert menseheugenis sonder presedent ingestel is in die geval van alle mense tesame, is nie soveel as dié waarvan ons in die geval van hierdie een man getuie is nie.

63. En al hierdie voorbeelde, so talryk, so belangrik en so sonder presedent soos wat hulle is, het in die geval van een en dieselfde man voortgevloei uit die gesag van Quintus Catulus en die ander deurlugtige manne van sy stand.

XXII Daarom moet hulle oppas dat dit nie uiters onregverdig en ondraaglik gaan wees dat julle hulle gesag met betrekking tot Gnaeus Pompeius se aansien nog altyd aanvaar het, maar dat hulle julle oordeel oor dieselfde man, en die gesag van die Romeinse volk verwerp nie. Veral moet hulle daarop bedag wees omdat die Romeinse volk nou sy gesag in die geval van hierdie man uit eie reg kan verdedig, selfs teen enigeen wat nie daarmee saamstem nie. Want ten spyte van die protes van daardie selfde manne, het julle hom alleen uit al die kandidate gekies, om hom aan die hoof van die oorlog teen die seerowers te kon stel.

64. As julle dit sonder oorleg gedoen, en die belange van die staat nie genoegsaam in ag geneem het nie, dan poog daardie manne tereg om julle politieke geneenthede met hulle raadgewings te lei. Maar as julle destyds ‘n dieper insig gehad het in staatsaangeleenthede en ten spyte van hulle weerstand deur julle eie toedoen eer aan ons ryk, en veiligheid aan die ganse wêreld gebring het, moet daardie hoë here eindelijk ten laaste erken dat hulle en alle ander van hulle sienswyse, die gesag van die gesamentlike Romeinse volk moet gehoorsaam.

En in hierdie oorlog in Asia, teen konings gevoer, word nie slegs daardie militêre bekwaamheid wat enig in Gnaeus Pompeius is nie, maar ook ander groot en veelvuldige geestelike deugde vereis. Dit is moeilik vir ‘n opperbevelhebber wat deur ons gestuur is, om hom in Asia, Cilicië, Sirië en die koninkryke van die binnelandse volkere so besig te hou dat hy oor niks an-

ders as die vyand en roem dink nie⁸⁴. Verder, selfs al is daar sommiges wat uit eergevoel en selfbeheersing matiger is in hulle optrede, dink niemand nogtans dat hulle werklik matig is nie: so groot is die aantal hebsugtiges.

65. Woorde kan nie uitdruk, burgers van Rome, hoe seer ons gehaat is onder vreemde volkere vanweë die onverantwoordelike onregverdigheid van diegene wat ons deur die laaste jare heen met militêre bevel na hulle gestuur het nie. Want welke heiligdom in daardie lande meen julle was vir ons amptenare heilig, watter staat onskendbaar, welke woning genoegsaam gesluit en verskans? Reeds soek hulle na ryk en bemiddelde stede waarteen 'n voorwendsel vir oorlog ingebring kan word uit gretigheid om dit te plunder.

66. Ek sou graag hierdie dinge met Quintus Catulus en Quintus Hortensius, voortreflike en hoogsberoemde manne, onder vier oë wou bespreek. Hulle is immers bewus van ons bondgenote se wonde; hulle sien die mense se rampspoed en hoor hul klagtes. Dink julle dat julle ons leër uitstuur om ons bondgenote teen hul vyande te verdedig, of eerder teen ons bondgenote en vriende onder voorwendsel dat dit teen vyande is? Watter staat is daar in Asia wat die aanmatiging en astrantheid, nie slegs van 'n bevelhebber of onderbevelhebber nie, maar van een enkele krygstribuun kan verdra?

XXIII Daarom, selfs indien julle iemand het wat mag lyk of hy die koning se leërs in 'n gereelde geveg kan oorwin, sal hy nogtans nie die geskikte man wees om na die oorlog teen die konings in Asia gestuur te word nie, tensy hy ook 'n man sal wees wat homself van ons bondgenote se geld kan weerhou, en wat sy hande, oë en sinne van hulle vrouens en kinders, en van die sierade in hul heiligdomme en dorpe, en van die goud en koninklike skatte kan afhou.

67. Dink julle daar is enige vreedsame staat wat ryk is? Dat daar enige ryk staat is wat vir daardie manne vreedsaam lyk? Die seekus, burgers van Rome, het na Gnaeus Pompeius verlang, nie slegs vanweë sy krygsroem nie, maar ook vanweë sy selfbeheersing. Want dit het gesien hoe die praetors met uitsondering van enkeles, jaar na jaar uit openbare geld verryk is, en dat ons niks anders met ons sogenaamde vlote bereik het nie as dat ons klaarblyklik deur groter skande getref is deurdat ons nog meer verliese gely het. Daardie here wat meen dat die opperbevel nie aan een man oorgedra moet word nie, weet natuurlik nie met watter gierigheid, teen welke onkoste en onder watter voorwaardes ons amptenare vandag na die provinsies afreis nie. Net asof ons nie vir Gnaeus Pompeius sowel deur sy eie deugde as die gebreke van ander, vir 'n groot man aansien nie!

68. Aarsel daarom nie om alles aan hierdie man alleen toe te vertrou nie: deur die loop van soveel jare is hy die enigste generaal bevind oor wie ons bondgenote hulle verheug wanneer hy met sy leër in hulle stede aangekom het.

En as julle meen, burgers van Rome, dat ons saak deur gesaghebbende menings gesteun moet word, dan het julle 'n segsman in Publius Servilius⁸⁵, 'n man met die allergrootste ervaring in oorloë van alle soort en in allerbelangrikste aangeleenthede; sy krygsprestasies op land en ter see was so aansienlik dat niemand vir julle 'n gewigtiger segsman behoort te wees wanneer julle oor 'n oorlog beraadslaag nie. Daar is ook Gaius Curio⁸⁶, 'n man wat beloon is met julle grootste eerbewyse, uiters belangrike krygsprestasies gelewer het en bedeel is met die hoogste begaafdheid en wysheid. Daar is Gnaeus Lentulus⁸⁷ in wie julle almal weet daar baie groot insig en gestrengheid setel, ooreenkomstig die uiters belangrike ereampte waarin julle hom aangestel het. Daar is Gaius Cassius⁸⁸, 'n uitsonderlik regskepe, bekwame en standvastige man. Oorweeg derhalwe of dit lyk asof ons met die gesaghebbende menings van hierdie manne in staat is om 'n bevredigende antwoord te gee op die argumente van hulle wat nie met ons saamstem nie.

XXIV 69. In hierdie omstandighede, Gaius Manilius, loof ek eerstens sowel jou wet as jou bedoeling en mening, en ek keur dit met die grootste nadruk goed; tweedens spoor ek jou aan om met die steun van die Romeinse volk by jou mening te bly, en nie die geweld of dreigemente van enigiemand te vrees nie. In die eerste plek glo ek jy het genoeg moed en deursettingsvermoë; tweedens, waar ons hier so 'n groot menigte, vervul met soveel geesdrif teenwoordig sien, soos wat ons nou 'n tweede keer sien by die aanstelling van dieselfde man in die opperbevel, wat is dan die rede waarom ons sou twyfel aan ons saak of aan ons vermoë om ons saak deur te voer? Van my kant af, egter, belowe en bied ek aan jou en die Romeinse volk al die ywer, insig, werkkrag en aanleg wat ek het, ook alles waartoe ek uit hoofde van die Romeinse volk se eerbewys en my mag as praetor in staat is, en alles wat ek deur eie aansien, geloofwaardigheid en standvastigheid vermag – dit alles om hierdie saak deur te voer!

70. En ek roep al die gode tot getuie, veral hulle wat oor hierdie gewyde plek waak en die harte van almal wat 'n openbare loopbaan begin, diep deurgrond: ek doen dit op niemand se versoek nie; ek doen dit ook nie om te kan glo dat Gnaeus Pompeius se guns deur hierdie saak vir my gewen word nie; ook nie om vir my deur die invloedryke posisie van enigiemand beskerming teen gevare, of hulpmiddele vir die verkryging van ereampte

te soek nie. Want in die beskutting van my regskaapenheid sal ek gevare maklik afweer – vir sover 'n mens dit behoort te waarborg. Maar 'n ereamp sal ek nie van 'n enkeling, en ook nie hier van die *rostra* af bekom nie, maar deur daardie einste moeitevolle lewensplan⁸⁹ van my, indien julle goeie wil dit sal toelaat.

71. Daarom verseker ek julle, burgers van Rome, dat ek alles wat ek in hierdie saak op my geneem het, geheel en al in belang van die staat op my geneem het. In plaas daarvan dat ek skynbaar vir myself die een of ander guns gesoek het, besef ek veeleer dat ek my ook vyandskappe, deels bedektes en deels openlikes, op die hals gehaal het, wat vir my onnodig, maar vir julle nie sonder nut is nie. Toegerus met my huidige ereamp en beloon deur sulke groot eerbewyse van julle kant af, het ek egter besluit, burgers van Rome, dat ek aan julle wil, aan die waardigheid van ons staat en die veiligheid van ons provinsies en bondgenote voorkeur behoort te gee bo al my persoonlike voordele en belange.

6. *Die tweede redevoering teen Antonius*

In M. Antonium oratio Philippica secunda

Agtergrond

(Vir die historiese agtergrond van hierdie rede word die leser verwys na die INLEIDING, pp. 16 – 17.)

Na Antonius se felle aanval op hom in die senaat op 19 September 44 v.C., antwoord Cicero met hierdie smaadrede. In die eerste deel (§3 – 43) weerlê hy Antonius se beskuldigings teen hom. In die tweede deel (§43 – 111) val hy Antonius aan in die skerpste taal, en wys op sy foute en skanddade dwarsdeur sy lewe.

Cicero was verstandig genoeg om dit nie werklik in die senaat te lewer nie — dit is eers later gepubliseer. Ongetwyfeld het juis hierdie rede grootliks gelei tot sy dood op 7 Desember 43 v.C.

I 1. Aan welke beskikking van my lot, geagte senatore, sal ek dit toeskryf dat niemand in die afgelope twintig jaar 'n staatsvyand was, wat my nie ook terselfdertyd die oorlog aangesê het nie? En dit is beslis nie nodig dat ek enigiemand by name noem nie: roep hulle maar self in u eie gedagtes voor die gees. Aan my het hulle meer voldoening betaal as wat ek kon wens. Ek verbaas my, Antonius, dat jy nie sidder vir die dood van hulle wie se dade jy naboots nie. En tog was ek in die geval van die ander nie so verbaas oor hierdie soort optrede nie. Immers, geen een van hulle was my persoonlik uit vrye wil vyandiggesind nie: almal is ter wille van die staat deur my aangeval. Maar jy, hoewel nie eers deur 'n enkele woord gekrenk nie, het my uit eie beweging met lastertaal aangeval sodat jy vermeteler as Catilina en kranksinniger as Clodius² kon voorkom. Daarby het jy gemeen dat jou vervreemding van my 'n aanbeveling vir jou sou wees in die oë van dislojale burgers.

2. Wat moet ek dink? Dat ek verag word? Ek sien niks in my lewe of invloed of prestasies of middelmatige redenaarstalent waarop Antonius kan neersien nie. Of het hy dalk geglo dat ek in die senaat baie maklik swartgesmeer kon word? Maar hierdie liggaam het aan talle deurlugtige burgers die getuigskrif gegee dat hulle ons staat goed gelei het, maar alleen aan my dat ek hom gered het. Of wou hy dalk in 'n redenaarswedstryd met my meeding? Dit is voorwaar 'n voorreg. Want wat bied my ryker en oorvloediger stof as om ten behoeve van myself en teen



Marcus Antonius

Antonius te praat? Stellig is die rede dit: hy het gedink hy kon nie aan mense soos hy bewys dat hy 'n vyand van ons vaderland is, tensy hy ook my vyand is nie.

3. Voor ek hom met betrekking tot die ander punte antwoord, sal ek 'n paar woorde sê oor ons vriendskap waarvan hy my beskuldig het as sou ek dit verbreek het. Dit beskou ek immers as 'n baie ernstige aanklag.

II Hy het gekla dat ek by een of ander geleentheid teen sy belange in die hof opgetree het.³ Moes ek dan nie ten behoeve van 'n vertroude vriend en verwant teen 'n vreemdeling optree nie? Nie optree teen invloed wat nie deur die belofte van verdienstelikheid verwerf is nie, maar deur jeug en aantreklikheid? Nie optree teen 'n onreg wat die verweerder deur die guns van 'n uiters onregverdige tribuun se veto gehandhaaf het, en nie deur die praetoriese⁴ reg nie? Maar ek dink die rede waarom jy hierdie aangeleentheid opgehaal het is om jouself bemind te kon maak by die laagste orde⁵, aangesien almal onthou het dat jy die skoonseun van 'n vrygelatene was, en jou kinders die kleinkinders van 'n vrygelatene, Quintus Fadius⁶. Maar jy het jouself tog seker aan my leiding toevertrou – so het jy immers gesê – en dikwels my huis besoek. Voorwaar, as jy dit gedoen het, sou jy beter gesorg het vir jou goeie naam, en ook beter vir jou sedes. Maar jy het dit nie gedoen nie, en as jy sou wou, sou Gaius Curio⁷ jou ook nie toegelaat het om dit te doen nie.

4. Jy het gesê jy het om my ontwil afstand gedoen van jou kandidatuur vir die augursamp⁸. O, die ongelooflike vermetelheid! O, die skaamtelooosheid wat verdien om aan die kaak gestel te word! Want van die oomblik af dat Gnaeus Pompeius en Quintus Hortensius⁹ my as lid voorgestel het omdat die hele kollege my as 'n lid wou hê – dit was immers ook nie toelaatbaar om deur meer as twee genomineer te word nie – was jy bankrot, en het jy gemeen jy sou op geen manier veilig wees tensy ons staat omvergewerp word nie. Maar was jy op daardie tydstip toe Curio nie in Italië was nie, in staat om na die augursamp te streef, of sou jy, toe jy augur geword¹⁰ het, die stemme van een stam sonder Curio kon verwerf het? Selfs sy vriende is vir geweldpleging veroordeel omdat hulle hul alte geesdriftig vir jou beywer het.

III 5. Ewenwel, ek het 'n weldaad van jou benut. Watter weldaad? Tog het ek juis daardie een waarvan jy melding maak, altyd openlik erken. Ek het verkies om te erken dat ek jou iets verskuldig is, eerder as om vir iemand met gebrek aan insig nie dankbaar genoeg te lyk nie. Maar

watter weldaad? Dat jy my nie in Brundisium¹¹ vermoor het nie? Die man wat die seëvierende Caesar persoonlik — hy wat aan jou van al sy struikrowers, soos jy self gewoonlik gespog het, die oppergesag oorgedra het — ongedeerd wou hê en beveel het om na Italië te gaan, sou jy hóm vermoor het? Veronderstel jy sou dit kon doen. Wat is 'n weldaad van struikrowers anders, geagte senatore, as dat hulle 'n mens daaraan kan herinner dat hulle die lewe geskenk het aan diegene aan wie hulle dit nie ontruk het nie? Maar as dit 'n weldaad was, sou die moordenaars van die man deur wie hulle gered was — en jyself noem hulle gewoonlik uiters beroemde manne — nooit sulke groot roem behaal het nie. Maar wat se soort weldaad is dit dat jy jouself weerhou het van 'n goddelose misdaad? En in hierdie omstandighede moes dit vir my nie so weldadig voorgekom het dat jy my nie vermoor het nie, maar eerder be-treurenswaardig dat jy dit straffeloos kon doen.

6. Maar laat ons dit as 'n weldaad beskou, aangesien geen groter wel-daad van 'n struikrower ontvang kon word nie: waarin kan jy my on-dankbaar noem? Moes ek dalk nie gekla het oor die vernietiging van ons staat, om nie die indruk van ondankbaarheid teenoor jou te geskep het nie? Maar daardie jammerlike en inderdaad smartlike klag¹² van my — ek was daartoe verplig uit hoofde van hierdie rang¹³ waarin die senaat en die Romeinse volk my geplaas het — wát het ek daarin op beledigen-de wyse gesê, wát nie met selfbeheersing, wát nie op vriendelike toon nie? Voorwaar, watter selfbeheersing het dit nie beteken om myself te weerhou van skeldtaal terwyl ek oor Marcus Antonius kla nie! Veral daar jy die reste van ons staat vernietig het; daar alles¹⁴ by jou huis in die mees skaamtelose handeldrywery te koop aangebied is; daar jy erken het dat die wette¹⁵ wat nooit afgekondig is nie, sowel in jou eie belang as deur jouself voorgestel is; daar jy as augur die waarneming van voor-tekens, en as konsul die veto afgeskaf het; daar jy op die allerskandalig-ste wyse dig omring was deur gewapende begeleiers; daar jy, uitgemergel deur wyn en ontug, dag na dag alle denkbare vieslikhede onderneem het in jou skaamtelose huis.

7. Maar ek — asof my stryd teen Marcus Crassus was teen wie ek me-nigmaal fel gestry het, en nie teen een uiters gemene swaardvegter nie — het in my ernstige klag in belang van ons staat niks oor die man gesê nie. Ek sal dit dus vandag bewerk dat hy besef watter groot weldaad hy toe van my ontvang het.

meenskapslewe, het selfs 'n brief wat hy beweer het dat ek aan hom gestuur het, in die openbaar voorgelees. Want watter persoon, as hy maar net effens vertrouwd was met die gewoontes van ordentlike mense, het al ooit een of ander aanstoot as voorwendsel gebruik en 'n brief, deur 'n vriend aan hom gestuur, te voorskyn gehaal en in die openbaar voorgelees? Wat anders is dit as om die broederskap van die lewe uit ons lewe te ban, en om die gesprek tussen vriende wat ver van mekaar geskei is, te vernietig? Hoe baie grappe is daar gewoonlik in 'n brief, grappe wat dwaas sou voorkom as hulle openbaar gemaak word! Hoe baie ernstige dinge wat tog ook onder geen omstandighede algemeen bekend gemaak moet word nie!

8. Laat dít die bewys wees van sy onwellewendheid; kyk nou na sy ongelooflike dwaasheid. Wat kan jy van jou kant aanvoer, welsprekende kêrel – waarvoor ten minste Seius Mustela en Numisius Tiro¹⁶ jou aansien? En aangesien hulle juis op hierdie oomblik met swaarde¹⁷ omgord binne sig van die senaat staan, sal ek jou ook as welsprekend beskou as jy aantoon hoe jy hulle op 'n aanklag van moord sal verdedig. Maar wat, vra ek jou, sou jy van jou kant aanvoer as ek ontken dat ek ooit daardie brief aan jou gestuur het? Met watter getuie sou jy my oortuig? Dalk met die handskrif? Op hierdie gebied het jy mos 'n grondige, winsgewende kennis¹⁸. Hoe sou jy kon? Dit is immers in my sekretaris se handskrif. Nou beny ek jou leermeester¹⁹ omdat hy jou teen so 'n hoë salaris soos wat ek aanstons sal aantoon, leer om niks te begryp nie.

9. Want wat is minder kenmerkend, ek sê nie van 'n redenaar nie, maar van 'n intelligente mens, as om 'n teenstander iets van so'n aard teë te werp dat die teëwerper nie verder kan voortgaan indien sy teenstander dit met 'n enkele woord ontken het nie? Maar ek ontken dit nie, en juis met wat jy daar gedoen het kan ek jou oortuig, nie alleen van jou onwellewendheid nie, maar ook van jou waansin. Want watter woord in daardie brief is nie vol wellewendheid, diensvaardigheid en goedgesindheid nie? Maar jou hele beskuldiging is dat ek in daardie brief nie sleg dink van jou nie; dat ek skryf asof aan 'n medeburger en regskepe man en nie asof aan 'n skurk en struikrower nie. Ek sal egter nie jou brief openbaar maak nie, hoewel ek dit tereg sou kon doen daar ek deur jou aangeval is. Daarin versoek jy my om jou toe te laat om 'n sekere man²⁰ uit ballingskap terug te roep, en jy sweer dat jy dit nie teen my sin sal doen nie. En jy het my verlof daartoe gekry. Want waarom sou ek my in die weg plaas van jou roekeloosheid wat nòg deur die aansien

van hierdie liggaam, nòg deur die goeie naam van die Romeinse volk, nòg deur enige wette in bedwang gehou kon word.

10. Ewenwel, wat was jou bedoeling om dit van my te vra, as die man om wie se ontwil jy dit gevra het reeds deur 'n wet van Caesar teruggeroep was? Maar natuurlik wou hy hê dat ek 'n saak moes goedkeur waarin geen goedkeuring, selfs nie sy eie, iets werd was nie daar die wet reeds deurgevoer was.

V

Maar, geagte senatore, aangesien ek iets ten behoeve van myself en baie dinge teen Antonius moet sê, versoek ek u een ding: om my welwillend aan te hoor terwyl ek ten behoeve van myself praat. Die ander doel sal ek self bereik, naamlik, dat u aandagtig luister wanneer ek teen hom praat. Terselfdertyd vra ek die volgende: as u my selfbeheersing en beskeidenheid in sowel my lewe as my redevoering ken, moet u nie dink dat ek myself vandag vergeet het wanneer ek daardie man antwoord soos hy my uitgedaag het nie. Ek sal hom nie behandel soos 'n konsul nie; hy het my selfs nie soos 'n oud-konsul behandel nie. En tog is hy onder geen omstandighede 'n konsul nie, deels omdat hy so 'n lewe voer, deels omdat hy die politiek so bedryf, en deels omdat hy op daardie manier konsul geword het²¹. Maar ek is onbetwisbaar 'n oud-konsul.

11. Hy het my dus my konsulskap voor die kop gegooi sodat u kon begryp vir welke soort konsul hy homself uitgegee het. En daardie konsulskap, geagte senatore, was bloot in naam myne, maar in werklikheid u s'n. Want wat het ek besluit, wat het ek uitgevoer, wat het ek gedoen, behalwe in ooreenstemming met die raad, gesag en uitgesproke mening van hierdie liggaam? Het jy, wyse man – hy is nie net welsprekend nie – die vermetelheid gehad om al hierdie dinge af te kraak in die teenwoordigheid van hulle deur wie se raad en wysheid dit uitgevoer is? Want wie behalwe jy en Publius Clodius is daar gevind, wat vermetel genoeg was om my konsulaat af te kraak? Voorwaar, Clodius se lot wag op jou, net soos dit op Gaius Curio gewag het, want daardie wese²² wat vir elkeen van hulle noodlottig was, woon in jou huis.

12. Marcus Antonius is ontevrede met my konsulaat. Maar Publius Servilius was tevrede daarmee – om hom maar eerste te noem van die destydse oud-konsuls wat in die jongste tyd gesterf het. Quintus Catulus wie se invloed altyd in ons staat sal bly voortleef, was tevrede daarmee. Die twee Luculli, Marcus Crassus, Quintus Hortensius, Gaius Curio, Gaius Piso, Manius Glabrio, Manius Lepidus, Lucius Volcatius en Gaius Figu-

lus was tevrede daarmee, asook Decimus Silanus en Lucius Murena wat toe²³ die aangewese konsuls was. Dieselfde stand van sake wat vir die oud-konsuls bevredigend was, was ook bevredigend vir Marcus Cato²⁴ wat homself met sy heengaan uit die lewe baie onaangename dinge gespaar het, veral dat hy jou nie as 'n konsul gesien het nie. Maar in die besonder het Gnaeus Pompeius my konsulaat goedgekeur. Die oomblik toe hy my na sy vertrek uit Sirië²⁵ sien, het hy my omhels en gelukgewens en gesê dat hy ten gevolge van my weldaad weer sy vaderland sou sien. Maar waarom noem ek enkelinge? Die volgepakte senaat was so tevrede dat daar niemand was wat nie aan my soos aan 'n vader²⁶ dank betuig het, en wat nie sy lewe, sy besittinge, sy kinders en ons staat tot my krediet geboek het nie.

VI

13. Maar aangesien ons staat beroof is van daardie manne wat ek genoem het – so baie en sulke voortreflikes – laat ons nou by die lewendes kom, van wie twee uit die getal oud-konsuls nog oorbly. Nadat ek daardie maatreëls uitgevoer het wat jy afkeur, het Lucius Cotta, 'n man met baie groot aanleg en insig, in uiters luisterryke woorde 'n dankfees tot my eer verorden, en juis daardie oud-konsuls wat ek flus genoem het, en die hele senaat het daarmee saamgestem. Dit is 'n eer wat vóór my, sedert die stigting van ons stad, nog aan niemand in siviele hoedanigheid verleen is nie.

14. Met hoe 'n kragtige toespraak, met welke fermheid, met watter gestrengheid het Lucius Caesar, jou oom, nie sy stem uitbring teen sy suster se man, jou stiefvader²⁸ nie! Toe jy Lucius Caesar as die ontwerper en leermeester van al jou planne en jou hele lewe behoort te gehad het, het jy verkies om eerder die ewebeeld van jou stiefvader as van jou oom te wees. Hoewel geen verwant van hom nie, het ek as konsul hierdie man se raad gebruik. Het jy, die seun van sy suster, ooit enigiets in verband met politieke aangeleenthede na hom verwys? Maar na wie verwys hy dit? O onsterflike gode! Natuurlik na hulle van wie se verjaarsdae ons selfs moet hoor.

15. Vandag kom Antonius nie af²⁹ nie. Waarom? Hy gee 'n verjaarsdagmaal in sy tuine. Vir wie? Ek sal niemand by name noem nie: neem aan dit is vir 'n Phormio, vir 'n Gnatho, of selfs vir 'n Ballio³⁰. O die skandelijke afskuwelikheid van die man! O die ondraaglike skaamteloosheid, gemeenheid en wellus! Nieteenstaande die feit dat die hoofsenator, 'n uitsonderlike burger, so na aan jou verwant is, sou jy niks in verband met die politiek na hom verwys nie? Sou jy dit verwys na hulle

wat geen besittinge van hulle eie het nie, maar wat joune uitdrink? Jou konsulaat is natuurlik heilsaam vir Rome, en myne was verderflik.

VII

Het jy jou eergevoel tesame met jou eerbaarheid dermate verloor dat jy so'n iets durf sê het in daardie tempel waarin ek gewoonlik die senaat wat destyds die magtige leier van die wêreld was, om raad gevra het, maar waarin jy die allergrootste skurke met swaarde in die hand opgestel het?

16. Jy het dit boonop gewaag – wat is daar egter wat jy nie waag nie? – om te sê dat die hang van die Capitolyne heuwel tydens my konsulaat van gewapende slawe gewemel het. Ek veronderstel ek het die senaat geweld aangedoen sodat daardie goddelose senaatsbesluite uitgevoer kon word! Ag, ellendeling, of daardie dinge nie aan jou bekend is nie – jy ken immers niks goeds nie – en of hulle wel is, hoe kon jy so skaamteloos praat in die teenwoordigheid van sulke mense? Want watter Romeinse ridder, welke adellike jongman behalwe jy, watter lid van enige stand, wat onthou het hy is 'n Romeinse burger, het hom nie teen die hang van die Capitolyne heuwel bevind nie? En wie het hom nie vir krygsdiens aangemeld toe die senaat in hierdie tempel vergader was nie? Trouens, daar was nie genoeg klerke nie, en die lyste kon nie al die vrywilligers se name bevat nie.

17. Want toe misdadigers³¹ hul skuld in verband met die vernietiging van hul vaderland bely het nadat hulle daartoe gedwing is deur die inligting van hul medepligtiges, hul eie handskrif, en as 't ware deur die stem van hul briewe, en erken het dat hulle eenparig besluit het om ons stad aan die brand te steek, ons burgers te vermoor, Italië te verwoes en ons staat uit te wis, wie kon daar gewees het wat nie aangevuur sou word om ons gemeenskaplike veiligheid te verdedig nie? Veral toe die senaat en die Romeinse volk so 'n leier gehad het, dat dieselfde met jou sou gebeur het as wat hulle te beurt geval het as daar nou een soos hy was! Hy sê die lyk van sy stiefvader is nie deur my oorhandig om begrawe te word nie. Dit, voorwaar, het selfs Publius Clodius nooit gesê nie, en omdat ek tereg sy vyand was, is ek jammer dat jy hom reeds in alle vergrype die loef afgesteek het.

18. Maar hoe het jy op die gedagte gekom om my daaraan te herinner dat jy aan huis van Publius Lentulus grootgemaak is? Of was jy dalk bang ons sou dink jy kon nie van nature tot so'n skurk ontwikkel het, as opvoeding nie ook nog bygekom het nie?

VIII Tog was jy so onnosel dat jy in jou hele toespraak met jouself baklei het, dat jy dinge gesê het wat nie alleen onsamehangend was nie, maar volkome verbandloos en teenstrydig. Gevolglik was jou stryd nie soseer teen my as teen jouself nie. Jy het deurentyd erken dat jou stiefvader by so'n ontsaglike misdaad betrokke was, maar jy het beswaar gehad dat hy gestraf is. Wat dus by uitstek my verantwoordelikheid was, het jy geloof; wat geheel en al die senaat s'n was, het jy afgekeur. Want die arrestasie van die skuldiges was my verantwoordelikheid, en die straf die senaat s'n. Die welsprekende kêrel besef nie dat die man³² teen wie hy praat, deur hom geprys, en hulle³² in wie se teenwoordigheid hy praat, sterk berispe word nie.

19. Verder, hoeveel, ek sê nie roekeloosheid nie (hy wil immers graag roekeloos wees) maar dwaasheid (wat hy allermens bedoel) is dit nie om melding te maak van die hang van die Capitolyne heuwel wanneer gewapende manne tussen ons banke rondbeweeg, wanneer manne in hierdie heiligdom van die godin Eendrag met swaard in die hand opgestel staan? En dit, o onsterflike gode, in die heiligdom waarin daar tydens my konsulaat heilsame besluite uitgespreek is waardeur ons tot vandag bly lewe het! Beskuldig die senaat; beskuldig die ridderorde wat toe eng verbonde was met die senaat; beskuldig al die stande en al die burgers, solank jy net erken dat hierdie liggaam³³ op juis hierdie oomblik deur Ituraeërs³⁴ omsingel word. Jy sê hierdie dinge so skaamteloos, nie vanweë jou roekeloosheid nie, maar omdat jy nie die ontsaglike teenstrydigheid van dinge raaksien nie. Jy begryp voorwaar niks. Want wat is gekker as om 'n ander te verwyt oor wapens wat vir ons staat redding gebring het, wanneer jyself wapens opgeneem het wat hom in die verderf gestort het?

20. Maar in 'n stadium³⁵ wou jy ook geestig wees. Goeie gode, hoe min het dit by jou gepas! Jy kon immers 'n bietjie gevatheid by jou komediant-vrou oorgeneem het. "Laat wapens wyk voor die toga."³⁶ Nouja? Het die wapens dan nie destyds gewyk nie? Maar daarna het die toga voor jôu wapens gewyk. Laat ons dus vra of dit beter is dat die wapens van skurke voor die vryheid van die Romeinse volk wyk, of dat ons vryheid voor jou wapens wyk. En wat my poësie betref, sal ek jou ook nie verder antwoord nie. Ek sal net kortliks sê dat jy geen begrip daarvan het nie, en ook totaal niks van enige letterkunde nie. Daarbenewens het ek nog nooit ons staat of my vriende in die steek gelaat nie, en dit tog deur bykomende arbeid met elke soort geskrif bewerkstellig dat my nagwake en wetenskaplike studies sowel 'n mate van nut vir die jeug, as 'n mate

van eer aan die Romeinse volk gebring het. Maar sulke dingetjies pas nie by hierdie geleentheid nie: laat ons gewigtiger sake in oënskou neem.

IX

21. Jy het gesê Publius Clodius is op my aanstigting doodgemaak. Wat sou die mense wel gedink het as hy by daardie geleentheid vermoor was toe jy hom in die forum ten aanskoue van die Romeinse volk swaard in die hand agtervolg het? Jy sou daar korte mette met hom gemaak het as hy nie die trappe van 'n boekverkoper se winkel opgestorm, dit verskans, en jou aanslag gestuit het nie! Ek erken, ek het jou daarin inderdaad gesteun; dat ek jou daartoe oorreed het, beweer selfs jý nie. Maar vir Milo kon ek nie eers steun nie; hy het immers klaargespeel met Clodius voordat iemand 'n vermoede gehad het dat hy dit sou doen. Maar ek het hom mos daartoe oorreed! Natuurlik, Milo se geestesgesteldheid was mos sodanig dat hy geen diens aan die staat kon bewys sonder iemand om hom aan te por nie. Maar ek was bly daaroor. Nouja? Moes ek dan alleen bedroef wees by so'n groot vreugde van ons ganse burgery?

22. En tog was daar 'n ondersoek in verband met Clodius se dood – weliswaar nie verstandig genoeg gereël nie. Want watter doel het dit gedien dat 'n ondersoek in verband met iemand wat 'n mens vermoor het, kragtens 'n nuwe wet gehou word wanneer 'n ondersoek reeds kragtens wet ingestel was? Ewenwel, 'n ondersoek is ingestel. Het jý dus opgeduik om na soveel jare 'n aantyging teen my te maak, wat niemand teen my gemaak het toe die saak onder behandeling was nie?

23. Maar met betrekking tot die feit dat jy durf sê het – en dit in 'n woordryke verklaring – dat Pompeius deur my bemoeiing van Caesar se vriendskap vervreem is, en dat ek om daardie rede te blameer is vir die ontstaan van die burgeroorlog: daarin het jy jou vergis, inderdaad nie in die kwessie as geheel nie, maar, en dit is die belangrikste, in die chronologiese volgorde.

X

Tydens die konsulaat van Marcus Bibulus³⁷, 'n uitmuntende burger, het ek geen steen onaangeroer gelaat nie en met alles waartoe ek in staat was hard probeer om vir Pompeius van sy bondgenootskap met Caesar te laat afsien. Hierin was Caesar suksesvoller. Hy persoonlik het immers vir Pompeius vervreem van my vertroulike omgang met hom. Maar nadat Pompeius homself geheel en al aan Caesar oorgegee het, waarom sou ek probeer het om hom van laasgenoemde weg te trek? Om daarop te hoop, sou die kenmerk gewees het van 'n dwaas; om hom te oorreed, dié van 'n onbeskaamde.

24. By twee geleenthede het ek egter vir Pompeius iets aangeraai wat teen Caesar gemik was. Ek sou wou hê jy moet dit kritiseer, as jy kan: die een, dat hy nie Caesar se opperbevel³⁸ met vyf jaar moes verleng nie; die tweede, dat hy nie moes toelaat dat 'n wet deurgevoer word wat daarop gemik was dat Caesar se kandidatuur³⁹ in sy afwesigheid in ag geneem sou word nie. En as ek hom tot enigeen van die twee kon oorreed het, sou ons nie in hierdie ellendes verval het nie. Toe Pompeius reeds sowel ál sy eie as ons staat se magsmiddele aan Caesar oorgedra het, en hy te laat begin besef het wat ek lank tevore voorsien het, en toe ek bemerk dat 'n goddelose oorlog oor ons staat gebring word, het ek eweneens nooit opgehou om vrede, eensgesindheid en versoening aan te raai nie. My woorde is aan baie bekend: "Ek wou, Gnaeus Pompeius, dat jy òf nooit met Caeaser 'n bondgenootskap gesluit, òf dit nooit verbreek het nie! Die een alternatief sou 'n kenmerk gewees het van jou karakter, die ander van jou insig." Dit, Marcus Antonius, was nog altyd my leidende beginsels sowel ten opsigte van Pompeius as ons staat. En as hulle 'n uitwerking gehad het, sou ons staat staande gebly het, en jy sou vanweë jou skanddade, armoede en berugtheid ten gronde gegaan het.

XI

25. Maar hierdie dinge is ou beskuldigings; die een dat Caesar op my aanstigting vermoor is, is egter nuut. Teen hierdie tyd vrees ek, geagte senatore, dat dit mag lyk – en dit is uiters skandalig – asof ek vir my 'n skynverdediger aangestel het wat my nie slegs met my eie roemryke daade vereer nie, maar selfs met die van andere. Want wie het my naam onder die van die deelnemers aan daardie allerroemrykste daad gehoor? Maar wie se naam is geheim gehou as hy in daardie groep was? Geheim gehou, sê ek? Wie s'n is nie onmiddellik openbaar gemaak nie? Ek sou eerder sê party mense het daarmee gespog, om die indruk te verwek dat hulle in die vennootskap was hoewel hulle nie medepligtig was nie. Dit eerder, as dat iemand wat wel medepligtig was sy naam verswyg wou hê!

26. Verder, hoe waarskynlik is dit dat my naam onopgemerk kon bly tussen soveel betrokkenes, deels onbekendes en deels jongmanne, wat niemand se naam geheim gehou het nie? Maar indien daardie manne wat die daad gepleeg het, raadgewers vir die bevryding van ons vaderland nodig gehad het, sou ék dan die Brutusse⁴⁰ aangedryf het? Hulle albei het immers dag na dag die borsbeeld van Lucius Brutus⁴⁰ voor oë gehad, en een van hulle⁴¹ ook dié van Ahala⁴¹! Sou hierdie manne met sulke voorouers dus eerder by vreemdelinge as by hul eie familie raad gevra het, en eerder by die buitewêreld as by hulle eie huis? Wat? Ek veron-

derstel Gaius Cassius⁴² wat uit daardie familie stam wat enersyds nie die oorheersing, en andersyds nie die invloed van enigiemand anders kon verduur nie, het my as sy raadgewer nodig gehad: selfs sonder sy beroemde helpers sou hy mos die taak⁴³ aan die monding van die Kydnosrivier in Cilicië afgehandel het, indien Caesar op die oewer geland het waarop hy besluit het, en nie op die teenoorgeleë een nie.

27. Was dit my raad wat vir Gnaeus Domitius⁴⁴ aangevuur het om ons vryheid te herwin, en nie die ondergang van sy vader, 'n baie beroemde man, nie die dood van sy oom en die verlies van sy eie aansien nie? Of het ek dalk vir Gaius Trebonius oorrede? Ek sou selfs nie gewaag het om hom raad te gee nie! En aan hom is ons staat selfs nog groter dank verskuldig daar hy die vryheid van die Romeinse volk bo die vriendskap van een man gestel, en verkies het om eerder die verdrywer van tirannie as 'n deelgenoot daarvan te wees. Of het Lucius Tillius Cimber dan my raad gevolg? Ek het my eerder verbaas dat hy daardie daad verrig het, as dat ek geglo het hy sou dit doen – verbaas omdat hy nie aan weldade aan homself gedink het nie, maar aan sy vaderland. Verder, die twee Servilii – sal ek hulle Cascas of Ahalas noem? – meen jy ook hulle is deur my oorreding aangevuur, eerder as deur liefde vir hulle land? Dit sou te lank neem om die res deur te gaan, maar dat daar so baie was, is heerlik vir ons staat en roemryk vir hulleself.

XII

28. Onthou tog hoe die skerpsinnige kêrel my van my skuld oortuig het. "Direk na Caesar vermoor is", het hy gesê, "het Brutus onmiddellik die bloedbesmeerde dolk hoog in die lug gelig, Cicero by name aangeroep, en hom gelukgewens met die herwinning van die vryheid". Waarom allereers vir my? Omdat ek iets daarvan geweet het? Waarskynlik was die rede om my aan te spreek dít: toe hy 'n daad volbring het wat volkome gelykwaardig is aan die dinge wat ek verrig het, het hy my allereers tot getuie geroep dat hy my mededinger was in roemryke dae.

29. Maar jy, onnoselste van alle mense, begryp jy nie dat as dit 'n misdaad is om te gewens het dat Caesar vermoor word – jy beskuldig my mos daarvan – dit dan ook 'n misdaad is om bly te gewees het oor Caesar se dood nie? Wat is immers die verskil tussen die een wat 'n daad aanbeveel en een wat dit goedkeur? Of watter verskil maak dit of ek wou hê dat dit gedoen moes word, en of ek my verheug nadat dit gedoen is? Is daar dus enigiemand (behalwe diegene wat bly was dat Caesar as koning regeer het) wat òf nie wou hê dat dit gebeur nie, òf dit afgekeur het nadat dit gebeur het? Derhalwe is ons almal skuldig. Want alle goeie

burgers het vir Caesar vermoor, sover as wat dit in hulleself geleë was. By sommiges het die voorneme ontbreek, by ander die moed, en by nog ander die geleentheid; die wil by niemand nie.

30. Let dan nou op die stompsinnigheid van die man, of sal ek sê, van die skaap. Want hy het die volgende gesê: "Brutus, en ek noem sy naam om hom eer te bewys, het die bloedbevlekte dolk vasgehou en hard na Cicero geroep. Daaruit moet afgelei word dat hy medepligtig was". Dus noem jy my 'n misdadiger omdat jy vermoed dat ek iets vermoed het, maar die man wat die dolk druppelend van bloed voor hom gehou het, hý word deur jou genoem om aan hom eer te bewys? Laat dit so wees; laat jou woorde sulke stompsinnigheid bevat. Hoeveel groter is dit nie in jou daad en opvattinge nie! Besluit ten slotte, meneer die konsul, wat jy van die saak van die Brutusse, Gaius Cassius, Gnaeus Domitius, Gaius Trebonius en die ander wil dink. Slaap jou roes uit, sê ek, en word nugter. Of moet ons dalk fakkels bring om jou wakker te maak waar jy sorgeloos slaap oor so'n belangrike saak? Sal jy dan nooit verstaan dat jy moet besluit of die manne wat daardie daad volvoer het, moordenaars of beskermers van ons vryheid is nie?

XIII

31. Lê jou dan 'n wyle daarop toe, en wees vir 'n oomblik ontvanklik vir die denke van 'n nugter mens. Ek wat 'n intieme vriend van hulle is – soos ek self toegee – en hul mededader – soos ek deur jou beskuldig word – sê daar is geen middeveg nie. Ek erken dat as hulle nie die bevryders van die Romeinse volk en die redders van ons staat is nie, hulle erger as sluipmoordenaars, erger as moordenaars, erger selfs as vadermoordenaars is, indien dit naamlik afgrysliker is om die vader van jou vaderland te vermoor as om jou eie vader te vermoor. Jy, wyse en besonne kêrel, wat noem jy hulle? As jy hulle vadermoordenaars noem, waarom het jy altyd hulle name in sowel hierdie liggaam as voor die volk genoem om aan hulle eer te bewys? Waarom is Marcus Brutus op jou voorstel van die wetlike voorskrifte⁴⁵ vrygestel as hy meer as tien dae van die stad afwesig sou wees? Waarom is die Apollo-spele⁴⁶ met ongehooflike eerbetoen aan Marcus Brutus gevier? Waarom is daar provinsies⁴⁷ aan Brutus en Cassius toegeken, waarom is hul quaestors⁴⁸ vermeerder, waarom is die getal onderbevelhebbers⁴⁸ vergroot? Al hierdie dinge is gewis jou werk. Hulle is dus nie moordenaars nie. Gevolglik is hulle na jou oordeel ons bevryders, aangesien daar beslis geen derde moontlikheid kan wees nie.

32. Wat makeer? Ek maak jou tog nie deurmekaar nie? Want dalk be-

gryp jy dinge wat effens sonder logiese verband gestel word, nie goed genoeg nie. Maar nogtans is die hoofpunt van my slotsom dit: aangesien jy hulle van misdaad vrygespreek het, verdien hulle ook na jou oordeel die allerrykste belonings ten sterkste. Derhalwe trek ek nou my woorde terug⁴⁹. Indien iemand dalk sou vra of wat jy my voor die kop gegooi het waar is, sal ek aan hulle skryf om dit aan niemand te ontken nie. My vrese is egter dit: òf die feit dat dit vir my geheim gehou is, is vir hulle self nie eerbaar nie, òf die feit dat ek genooi was en daarvoor teruggedeins het, is vir my uiters skandelik. Immers, welke grootser daad is al ooit verrig, by die heilige Jupiter! nie alleen in hierdie stad nie maar in die hele wêreld? Watter daad is roemryker of kan om beter redes te vertrou word aan die ewigduurende herinnering van die mensdom? Sluit jy my in in die vennootskap van die volvoerders van hierdie plan, as 't ware soos in die Trojaanse perd saam met die aanvoerders?

33. Ek weier nie; ek bedank jou selfs – met welke bedoeling jy dit ook al doen. Want die daad is so groots dat ek die haat wat jy teen my wil aanstook, geringer ag as die roem daaraan verbonde. Is daar immers 'n gelukkiger lot vir die mense wat jy openlik verkondig deur jou uit die land gedryf en verban is⁵⁰? Watter plek is òf so verlate òf so onbeskaaf, dat dit die indruk gee asof dit daardie mense nie aanspreek en vriendelik ontvang wanneer hulle sy gebied betree het nie? Welke bevolking is so onverfynd dat hulle nie glo hulle het die grootste beloning van hul lewe ontvang, wanneer hulle dié mense te sien gekry het nie? Wat meer is, watter nageslag sal so vergeetagtig, watter skriftelike optekening so ondankbaar gevind word, dat dit nie hulle roem met ewige herinnering sal vereer nie? Voorwaar, neem my maar op in so'n groep.

XIV

34. Maar ek vrees daar is een saak waarvan jy nie hou nie. Want as ek een van hulle was, sou ek nie alleen die tiran nie, maar ook alle tirannie uit ons staat verwyder het. En as dit my griffel was daardie, soos die mense sê, glo my, sou ek nie slegs een bedryf nie, maar die hele toneelstuk voltooi⁵¹ het. En tog, as dit 'n misdaad is om te wou hê dat Caesar vermoor moes word, om hemelwil, Antonius, kyk wat daar vir jou voorlê! Dit is alom bekend dat jy so'n iets te Narbo⁵² saam met Gaius Trebonius beplan het, en ons het gesien dat jy vanweë jou verbintenisse met die plan deur Trebonius eenkant toe geroep word die oomblik toe Caesar doodgemaak is. Maar ek loof jou – kyk op hoe 'n vriendskaplike voet verkeer ek met jou – omdat jy eenmaal aan iets goeds gedink het; omdat jy dit nie onthul het nie, bedank ek jou; omdat jy dit nie gedoen het nie, vergewe ek jou. Daardie daad het 'n man gevra.

35. Maar as iemand jou hof toe sou neem en gebruik sou maak van die bekende vraag van Cassius⁵³, naamlik “tot wie se voordeel was dit?”, sorg dan om hemelswil dat jy nie in die verleentheid kom nie. En tog, soos jy dikwels gesê het, daardie daad was beslis tot voordeel van almal wat nie slawe wou wees nie, maar veral vir jou wat nie alleen geen slaaf is nie, maar wel 'n tiran; jy wat jouself van 'n ontsaglike skuldelaas bevry het by die tempel van Ops⁵⁴; jy wat met behulp van dieselfde rekeningstate 'n onberekenbare som geld verkwis het; jy na wie soveel artikels uit Caesar se huis weggedra is; jy in wie se huis daar 'n hoogs winsgewende fabriek is vir vervalste aantekeninge en handtekeninge, ja, 'n allerskandaligste mark vir grond, dorpe, vrystellings van pligte en belastingverhogings.

36. Welke omstandigheid kon immers jou armoede en skuld verlig, behalwe die dood van Caesar? Jy kom my ietwat verward voor: is jy 'n bietjie bang dat dit mag lyk asof hierdie misdaad op jou betrekking het? Ek wil jou gerus stel: niemand sal dit ooit glo nie; dit lê nie in jou lyn om verdienstelik teenoor ons staat op te tree nie; die staat het deurlugtige manne as die ontwerpers van daardie allerskoonste daad. Ek sê maar net dat jy verheug was daaroor, en ek beskuldig jou nie dat jy dit gedoen het nie. Ek het op die ernstigste aantygings geantwoord: nou moet ek ook op die res antwoord.

XV

37. Jy het my my verblyf in Pompeius se kamp⁵⁵ en daardie hele periode voor die kop gegooi. Soos ek gesê het, indien my raad en invloed juis in daardie tyd die deurslag gegee het, sou jy vandag 'n bedelaar, en ons vry mense gewees het. Ook sou die staat nie soveel generaals en leërs verloor het nie. Want ek erken: toe ek voorsien dat die dinge wat gebeur het, sou gebeur, het ek in sulke diepe droefheid verkeer as waarin alle regskepe burgers sou verkeer het indien hulle dieselfde voorsien het. Ek het smarte gely, ja, smarte gely, geagte senatore, by die besef dat ons staat wat eenmaal deur u en my beleid gered is, binne 'n kort tydjie te gronde sou gaan. En ek was voorwaar ook nie so onkundig en onervare in landsake, dat ek geestelik gebroke was vanweë my hunkering na die lewe nie. Ek het immers geweet dit sou my met beklemmende angste verteer solank dit voortduur, maar as ek dit neerlê sou ek van alle sorge bevry wees. Ek wou hê daardie voortreflike manne, die ligte van ons staat, moes bly lewe – soveel oud-konsuls, soveel oudpraetors, soveel hoogagbare senatore, en verder nog die ganse fleur van ons adel en jeug, asook die leërs bestaande uit ons allerbeste burgers. As hulle bly lewe het, al was dit onder onregverdige vredesvoorwaardes

– vir my het vrede met medeburgers immers voordeliger gelyk as burgeroorlog – sou ons vandag nog ons staat besit het.

38. As hierdie mening geseëvier het, en as veral daardie mense aan wie se lewe ek gedink het, my nie teengestaan het omdat hulle deur hoop op vrede meegesleur was nie – om ander redes nou maar oor te slaan – sou jy beslis nooit in hierdie liggaam, of liewer, nooit in hierdie stad 'n plek gehad het nie. Maar my toespraak het mos Gnaeus Pompeius se goedgesindheid van my vervreem. Het hy dalk enigiemand hoër geag as vir my, of met enigiemand meer dikwels gesprekke of raad gewissel? En dit was inderdaad 'n groot ding om steeds by dieselfde gewoonte van vriendskaplike betrekkinge te bly al het ons oor die hoogste belang van ons staat verskil. Ek het altyd insae gekry in sy gevoelens en beskouinge, en hy, aan die ander kant, in myne. Ek was altyd allereers bedag op die behoud van ons burgers sodat ons later aan ons aansien kon dink, maar hy eerder op onmiddellike aansien. Omdat elkeen van ons egter geweet het wat hy nastreef, was ons verskil juis daarom draagliker.

39. Maar hulle wat hom op die vlug van Pharsalus na Paphos⁵⁶ gevolg het, weet wat daardie unieke en byna goddelike man van my gedink het. Nooit het hy van my melding gemaak as dit nie eervol en vol allervriendelikste gevoel van gemis was nie, terwyl hy toegegee het dat ek groter versiendheid gehad het en hy beter vooruitsigte. En durf jy my beskimp met die naam van daardie man as jy erken dat ek sy vriend, en jy die opkoper van sy goedere was?

XVI

Laat ons dan maar daardie oorlog waarin jy alte geseënd was, oorslaan. Ek sal selfs nie eers antwoord op jou bewering in verband met die grappe wat ek in die kamp gemaak het nie. Daardie kamp was inderdaad vol sorge, maar in welke verstoorde omstandighede mense ook al verkeer, ontspan hulle tog dan en wan na die gees as hulle maar net mense is.

40. Die feit, egter, dat een en dieselfde kêrel enersyds my droefheid, en andersyds my grapmakery afkeur, is 'n sterk bewys dat ek in albei gematig was. Jy het gesê daar kom geen erflatings⁵⁷ vir my nie. Mag hierdie aantyinging maar waar gewees het! Dan sou meer van my vriende en verwante nog gelewe het. Maar hoe het jy op daardie gedagte gekom? Ek het immers meer as twintig miljoen sestertii⁵⁸ aan ontvangste uit erflatings geboek. En tog gee ek toe dat jy gelukkiger was op daardie gebied. Niemand behalwe 'n vriend het my sy erfgenaam gemaak nie, en gevolglik was daar 'n mate van hartseer verbonde aan daardie voor-

deel – as dit enige voordeel was. Maar 'n man vir wie jy nog nooit eers gesien het nie, Lucius Rubrius⁵⁹ van Casinum, het jou sy erfgenaam gemaak.

41. En voorwaar, kyk tog hoe hoog daardie man van wie jy nie weet of hy wit of swart was nie, jou geag het. Hy het sy eie broer se seun oor die hoof gesien; 'n Romeinse ridder van baie hoë aansien en 'n boesemvriend van hom, Quintus Fufius, se seun noem hy nie eers nie, ofskoon hy hom herhaaldelik in die openbaar as sy erfgenaam aangewys het. Hy het jou vir wie hy nog nooit gesien, of beslis nog nooit gegroet het nie, sy erfgenaam gemaak. As dit nie vir jou lastig is nie, sê my asseblief hoe Lucius Turselius⁶⁰ se gesig gelyk het, hoe hy gebou was, in welke vrystad hy gewoon, en tot welke stam hy behoort het. “Ek weet niks”, sal jy sê, “behalwe welke landgoedere hy besit het”. Hy het dus sy broer onterf en jou sy erfgenaam gemaak. Daarbenewens het Antonius hom talryke vermoëns van wildvreemde mense toegeëien asof hy hul erfgenaam was, nadat hy die regte erfgename met geweld uit hul erfenis verdryf het.

42. Intussen was ek baie verbaas dat jy vermetel genoeg was om melding te maak van erflatings, terwyl jy self nie jou eie vader se erflating in besit geneem het nie.

XVII

Was dit om hierdie aantygings te versamel, jou opperste dwaas, dat jy soveel dae lank die redenaarskuns in 'n ander man se villa⁶¹ geoefen het? Hoewel, soos jou beste vriende by herhaling sê, jy oefen om nugter te word, nie om jou verstand te skerp nie. Maar jy gebruik mos 'n onderwyser⁶² om skerts in julle geselskap aan die gang te sit, 'n professor in die redenaarskuns volgens jou en jou drinkebroers se oordeel. Jy het hom ook verlof gegee om net wat hy wou teen jou te sê, 'n heeltemal gevatte kêrel – maar dit is 'n maklike tema om spitsvondighede teen jou en jou kamerade kwyt te raak. Kyk tog welke verskil daar is tussen jou en jou grootvader⁶³. Hy het rustig gesê wat dienlik was vir sy saak; jy sê op volle vaart dinge wat jou saak benadeel.

43. Maar watter ontsaglike besoldiging is aan die professor gegee! Luister, luister, geagte senatore, en neem kennis van ons staat se wonde. Vyfhonderd hektaar vlaktegrond van Leontini⁶⁴ het jy aan die retor Sextus Clodius toegedeel, en dit inderdaad belastingvry⁶⁵, sodat jy teen so'n ontsaglike skade vir die Romeinse volk kon leer om niks te weet nie. Dit, allervermetelste kêrel, is tog seker nie ook kragtens Caesar se

notas gedoen nie? Maar ek sal in 'n later stadium⁶⁶ sowel oor die grond van Leontini as van Campanië praat – grond wat hy aan ons staat ont-ruk, en met allergemeenste besitters besoedel het. Aangesien ek voldoen-de op sy beskuldigings geantwoord het, moet ek nou sekere dinge oor my sedemeester en kleingeestige kritikus self sê. Tog sal ek nie alles ten volle meedeel nie, sodat ek telkens nuut bewapen kan kom indien ek weer en weer op lewe en dood moet veg, soos dit wel die geval gaan wees. Sy menigvuldige vergrype en sondes sal my ryklik geleentheid gee daarvoor.

XVIII 44. Wil jy dus hê ons moet jou lewe van jou jongelingsjare af nagaan? Ek dink so; laat ons dan van meet af aan begin. Herinner jy jou dat jy bankrot gespeel het toe jy nog onmondig⁶⁷ was? “Dit”, sal jy sê, “was my pa se skuld”. Ek gee dit toe; dis immers 'n verweer vol kinderliefde. Een ding is egter kenmerkend van jou vermetelheid, en dit is dat jy in die “veertien rye” gaan sit het, terwyl 'n bepaalde plek kragtens Ros-cius⁶⁸ se wet vir bankrot persone vasgestel was, afgesien daarvan of iemand deur 'n blaps van die noodlot of sy eie skuld bankrot geraak het. Jy het die manstoga geneem en onmiddellik 'n vrouekleed daarvan ge-maak. Eers was jy 'n allemansligtekooi met 'n vaste prys – en dit nie gering nie – vir jou skanddaad. Maar spoedig het Curio⁶⁹ tussenbei ge-tree. Hy het jou van jou broodwinning as ligtekooi af weggeneem en jou in 'n bestendige en vaste huwelik betrek, net asof hy jou 'n vrouege-waad geskenk het.

45. Nog nooit was 'n slaaf wat ter bevrediging van wellus gekoop is, so in die mag van sy baas as wat jy in Curio s'n was nie. Hoeveel maal het sy vader jou nie uit sy huis gesmyt nie? Hoeveel wagte het hy nie uitgeplaas om te belet dat jy sy drumpel binnetree nie? Ten spyte daar-van is jy toe onder dekking van die nag deur die dakteëls neergelaat, terwyl wellus jou aanspoor en die loon jou aandryf. Daardie huis kon hierdie skanddade nie langer verduur nie. Besef jy dat ek van dinge praat wat my baie goed bekend is? Herinner jou daardie tyd toe Curio, die va-der, diep bedroef in sy bed gelê het terwyl sy seun hom voor my voete op die grond gewerp, en jou met trane in sy oë aan my beskerming op-gedra het. Hy het my gesmeek om hom teen sy vader te verdedig indien hy sesmiljoen⁷⁰ sestertii van hom sou eis, want vir soveel, het hy gesê, het hy vir jou borg gestaan. Brandend van liefde het hy egter die per-soonlike versekering gegee dat hy in ballingskap sou gaan omdat hy die gemis deur van jou geskei te wees, nie kon verduur nie.

46. Watter groot onheile het ek nie in daardie tyd vir 'n skitterende familie gelenig, oftewel beëindig nie! Ek het die vader oorreed om sy seun se skuld te betaal, om die jongman met hul familiebesit te red omdat hy bedeel is met die allergrootste belofte van sowel gees as aanleg, en om hom kragtens sy vaderlike reg en gesag nie alleen intieme vriendskap nie, maar ook enige ontmoeting met jou te belet. As jy onthou het dat ek al hierdie dinge gedoen het, sou jy dit nog gewaag het om my met beledigende taal uit te daag as jy nie op die swaarde wat ons hier voor ons sien, vertrou het nie?

XIX

47. Maar laat ons nou sy misdadige ontug oorslaan: daar is sekere dinge wat ek nie op 'n fatsoenlike wyse kan vermeld nie. Jy sou dit egter met minder skroom kon doen omdat jy jouself skuldig gemaak het aan dinge wat jy nie van 'n vyand met skaamtegevoel sou kon aanhoor nie. Kyk egter nou na die oorblywende verloop van sy lewe wat ek net vinnig sal aanraak. My geheue haas my immers voort na dié dinge wat hy in die burgeroorlog te midde van die allergrootste ellendes van ons staat gedoen het, en na die dinge wat hy nog dag na dag doen. En ofskoon hierdie dinge veel bekender is aan u as aan my, versoek ek u nogtans om aandagtig daarna te luister – soos u wel doen. Want by sulke sake is dit nie alleen die kennis van die feite nie, maar ook die herinnering daaraan wat mense se gemoedere gaande behoort te maak. Nietemin glo ek ons moet die gebeure tussenin kortknip, om nie alte laat by die jongstes te kom nie.

48. Die man wat melding maak van sy gunsbewyse aan my, was 'n boesemvriend van Clodius⁷¹ tydens sy tribunaat; hy was die fakkel van al die brandende hartstogte van daardie man in wie se huis hy ook reeds toe al 'n sekere ding⁷² in die skild gevoer het. Hyself weet baie goed waarvan ek praat. Daarna het die reis na Alexandrië gekom – teen die wil van die senaat, en teen staatsbelang en godsdienstige besware in. Maar hy het mos vir Gabinius⁷³ as sy leier gehad, en saam met hóm kon hy uiters gevoeglik enige sonde doen. Wat was daarna die aard van sy terugkeer van daar af en hoe het dit verloop? Uit Egipte na die uiteindes van Gallië⁷⁴, voor hy huis toe gekom het! Maar watter huis? Elkeen het immers in daardie dae⁷⁵ sy eie huis besit, maar nêrens was daar een van jou nie. 'n Huis, sê ek? Welke oord was daar in die wêreld, waar jy jou voet op jou eie grond kon plaas, behalwe net Misenum⁷⁶ wat jy gesamentlik met jou vennote besit het asof dit nog 'n Sisapo⁷⁷ was?

XX

49. Jy kom uit Gallië aan om na die quaestorsamp te ding. Wees man-

moedig genoeg om te sê jy het eers jou moeder besoek voor jy na my toe gekom het. Ek het reeds vroeër 'n brief van Caesar ontvang met die versoek dat ek maar jou verskoning⁷⁸ moes aanvaar, en daarom het ek nie toegelaat dat jy selfs praat van erkentlikheid nie. Daarna is ek deur jou geëer, en het ek jou bygestaan in jou kandidatuur vir die quaestorskap. Inderdaad het jy op hierdie tydstip probeer om vir Publius Clodius – met die goedkeuring van die Romeinse volk – in die forum te vermoor. En hoewel jy dit uit eie beweging probeer doen het, en nie op my aandrang nie, het jy nietemin 'n openlike verklaring gemaak met die strekking dat jy my na jou mening nooit genoegdoening sou verskaf vir jou onregte teenoor my, tensy jy hom doodgemaak het nie. En in hierdie verband wonder ek waarom jy sê Milo⁷⁹ het daardie daad op my aandrang gepleeg, terwyl ek jou nooit aangespoor het toe jy my uit eie beweging daardie selfde diens aangebied het nie. En tog het ek verkies dat daardie daad eerder aan jou strewe na roem as aan my invloed toegeskryf word, as jy daarmee sou volhard het.

50. Jy het quaestor⁸⁰ geword: onmiddelik daarna het jy na Caesar gehardloop, sonder 'n senaatsbesluit⁸¹ sonder dat daar geloot⁸¹ is, sonder 'n wettige⁸¹ reëling. Want na die ineenstorting van jou geldsake het jy mos gedink dit was die enigste toevlugsoord op aarde vir armoede, skuld en slegtigheid. Nadat jy jou daar volgelaai het met Caesar se kwistige geskenke en jou eie plunderinge – as “om jouself vol te laai” beteken “om te plunder wat jy onmiddellik weer verkwis” – het jy in armoede op die tribunaat⁸² losgestorm om in daardie amp, indien moontlik, net soos jou man⁸³ te kon wees.

XXI

Hoor nou, asseblief, nie van daardie oneerbare en onbeheersde dade wat hy persoonlik teen homself en die eer van sy huis gepleeg het nie, maar van die goddelose en misdadige dinge wat hy teen ons en ons hawe en goed, dit wil sê, teen ons staat as 'n geheel gedoen het. U sal immers vind dat al ons ongeluk aanvanklik uit die misdaad⁸⁴ van hierdie man gespruit het.

51. Want toe u op 1 Januarie tydens die konsulaat⁸⁴ van Lucius Lentulus en Gaius Marcellus begeer het om ons wankelende en haas ineenstortende staat te stut, en juis Gaius Caesar se belange wou dien mits hy gesonde verstand aan die dag sou lê, het Antonius sy verkoopte en verpande tribuunskap teenoor u planne gestel, en so sy nek blootgestel aan daardie byl waardeur menige vir geringer oortredings gesterf het. Teen jou, Marcus Antonius, het die senaat – inderdaad toe nog onge-


skonde omdat soveel leidende ligte nog nie uitgedoof was nie — daardie dekreet⁸⁵ uitgevaardig wat volgens die gebruik van ons voorvaders gewoonlik teen 'n burgerlike vyand uitgevaardig is. En jy het die vermetelheid gehad om voor die senaat teen my te praat, ofskoon ek deur hierdie liggaam as die redder van ons staat, en jy as sy vyand beskou is? Die vermelding van daardie misdaad van jou is 'n tydlank gestaak, maar die herinnering daaraan is nie uitgewis nie. Solank die mensegeslag, solank die naam van die Romeinse volk bestaan — en dit sal voorwaar ewigdurend wees as jy dit toelaat — sal daardie verderfbringende veto van jou vermeld word.

52. Wat was die senaat so hartstogtelik, so onbesonne besig om te doen, toe jy as enkele jongman die hele liggaam verhinder het om oor die heil van ons staat te besluit — en nie net eenmaal nie, maar herhaaldelik — en toe jy ook nie toegelaat het dat daar oor die bevoegdheid van die senaat met jou onderhandel word nie? Want om wat anders het dit gegaan as dat jy nie moes verlang dat ons staat totaal uitgewis en omvergewerp word, toe nòg ons staatsleiers met hul versoeke, nòg die ouer mense met hul vermanings, nòg die volgepakte senaat met hul onderhandelings, jou van jou verkoopte en verpande mening kon afkry nie? Toe eers, nadat talryke uitweë vooraf op die proef gestel is, is jy onvermydelik die wond toegedien wat aan enkeles voor jou toegedien is — en van hulle het nie een ongedeerd daarvan afgekom nie.

53. Eers toe het hierdie liggaam wapens gereik aan die konsuls en die ander amptenare en maghebbers, om teen jou op te tree. En jy sou hieraan nie ontkom het, as jy jou nie na Caesar se leërmag begewe het nie.

XXII Jy, ek sê jy, Marcus Antonius, het eerste aan Gaius Caesar in sy begeerte om totale verwarring te skep, 'n voorwendsel verskaf om oorlog teen sy vaderland te voer. Wat anders het Caesar immers gesê? Watter ander rede het hy vir sy allerwaansinnigste voorneme en daad aangevoer, as dat die veto geminag, die reg van die tribune afgeskaf, en Antonius deur die senaat aan bande gelê is? Hoe vals, hoe niksseggend hierdie aantygings was, slaan ek oor, veral aangesien daar vir niemand enige geldige rede hoegenaamd kan bestaan om wapens teen sy vaderland op te neem nie. Maar ek sê niks van Caesar nie: onbetwyfelbaar moet jy erken dat die oorsaak van 'n allerverderflikste oorlog in jou persoon geleë was.

54. O ellendig is jy as jy dié dinge verstaan, en nog ellendiger as jy nie verstaan dat hierdie gebeurtenis in die letterkunde opgeteken, en aan



Julius Caesar

die herinnering oorgelewer word, en dat selfs die nageslagte van alle eeue dit nooit sal vergeet nie. Hulle sal nooit vergeet dat die konsuls uit Italië verdryf is nie, en saam met hulle Gnaeus Pompeius wat die sieraad en lig van die Romeinse volk se oppergesag was; dat al die oud-konsuls wat gesond genoeg was om daardie rampspoedige vlug mee te maak, dat die praetors, die oud-praetors, die volkstribune, 'n groot deel van die senaat, die ganse jong geslag, ja, in een woord, dat ons staat verdryf en uit sy woonstede verban is!

55. Net soos die oorsaak van bome en bosse in hul sade geleë is, so was jy dus die saad van hierdie allersmartlikste oorlog. U is bedroef daaroor dat drie leërs van die Romeinse volk vernietig is: Antonius het hulle vernietig. U mis u mees vooraanstaande burgers: ook hulle het Antonius aan u ontruk. Die invloed van hierdie liggaam is verpletter: Antonius het dit verpletter. Ten slotte, as ons alles wat ons sedertdien gesien het reg beoordeel — en welke onheil het ons nie gesien nie? — sal ons dit op een man se rekening plaas: Antonius s'n. Net soos Helena vir die Trojane die oorsaak van oorlog was, so was Antonius dit vir hierdie staat: die oorsaak van verderf en ondergang! Die res van sy tribunaat was net soos die begin daarvan. Hy het alles teweeggebring wat die senaat onmoontlik gemaak het om gedoen te word, toe ons staat nog ongeskonde was. Ewenwel, verneem nou van sy misdaad binne 'n misdaad.

XXIII


56. Hy het talryke rampsalige ballinge in hul burgerregte herstel: onder hulle was daar geen melding van sy oom⁸⁶ nie. Indien hy streng was, waarom nie teen almal nie? Indien genadig, waarom nie teenoor sy eie familie nie? Maar ek praat nie nou van die ander nie: Antonius het vir Licinius Lenticula⁸⁷, sy dobbelmaat wat vir dobbelary veroordeel was, in sy regte herstel — asof dit voorwaar verbode was om saam met 'n veroordeelde te speel! Hy het dit egter gedoen om met behulp van die wet die bedrag⁸⁸ wat hy met dobbelspel verloor het, te kon terugbetaal. Welke rede het jy aan die Romeinse volk gegee waarom hy in sy regte herstel moes word? Dat hy in sy afwesigheid aangekla is, veronderstel ek; dat hy veroordeel is sonder dat die verdediging aangehoor is; dat daar geen wettige uitspraak op die aanklag van dobbelary teen hom was nie; dat hy deur wapengeweld oorval is; laastens — en dit is in die geval van jou oom gesê — dat die hof omgekoop is? Nie een hiervan nie, maar wel: "Hy is 'n goeie man, en ons staat waardig". Dit is inderdaad glad nie ter sake nie. Tog sou ek hom kon verskoon indien dit wel die geval was, aangesien dit mos niks beteken om veroordeel te gewees het nie. Erken iemand wat die gemeenste van alle mense — een wat nie gearsel

het om selfs in die forum met die dobbelsteen te speel nie en kragtens die wet op dobbelary veroordeel is – in sy volle regte herstel het, dan nie self heel openlik wat sy eie liefhebberij is nie?

57. Maar toe Caesar gedurende dieselfde tribunaat na Spanje⁸⁹ vertrek, en Italië aan Antonius oorgelewer het om vertrap te word, hoe het hy nie kruis en dwars rondgereis, hoe het hy nie van vrystad na vrystad getrek nie! Ek weet ek is nou besig met dinge wat goed bekend is in die gesprekke van almal, en dat die dinge wat ek sê, en nog gaan sê, bekender is aan almal wat toe in Italië was, as aan my wat nie daar was nie.⁹⁰ Ek sal nietemin die gebeure een vir een aandui, ofskoon my relaas geensins julle kennis van die feite sal kan bevredig nie. Het ons immers al gehoor dat daar ooit op aarde so'n ontsaglike skande, sulke uiterste gemeenheid en so'n groot skanddaad bestaan het?

XXIV

58. Die volkstribuun het altyd op sy Keltiese strydwa gery; liktore⁹¹ met lourieromkransde roedebundels het dit gewoonlik vooruitgegaan, en tussen hulle is 'n aktrise in 'n oop drastoel saamgedra. Die gesiene vryburgers uit die dorpe, wat gedwonge nadergekom het om dit te ontmoet, het haar gewoonlik nie op haar bekende verhoognaam⁹² nie, maar as Volumnia begroet. Daarna het 'n wa met Antonius se handlangers, allergemeenste metgeselle, gevolg; die verstote moeder het na haar onrein seun se vriendin gevolg, asof dié haar skoondogter was. O die rampspoedige vrugbaarheid van dié arme vrou! Die spore van hierdie skanddade het Antonius op al die vrystede, prefektore⁹³, kolonies, kortom, op die hele Italië afgedruk.



Die fasces (die byle in roedebundels gewikkel wat die liktore voor belangrike Romeinse amptenare uit gedra het)

59. Kritiek op die res van sy daade, geagte senatore, is werklik moeilik en gevaarlik. Hy het deelgeneem aan die burgeroorlog; hy het hom versadig met die bloed van medeburgers wat niks met hom gemeen gehad het nie. Hy was gelukkig, indien geluk moontlik is by 'n misdaad. Maar aangesien ons nie die oudgediendes te na wil kom nie – ofskoon die soldate se saak van joune verskil: hulle het immers hul leier gevolg, maar jy het hom opgesoek – sal ek nogtans niks oor die sóórt oorlog sê nie om te voorkom dat jy my by hulle gehaat maak. Jy het as oorwinnaar van Thessalië af na Brundisium teruggekeer met die legioene. Daar het jy my nie vermoor nie. Wat 'n groot guns!, want ek erken jy kon dit gedoen het. Tog was nie een van die manne wat in daardie stadium in jou gevolg was, nie van oordeel dat ek gespaar moes word nie.


60. Want so groot is mense se liefde vir hul vaderland, dat ek selfs vir jou legioene onaantasbaar was omdat hulle onthou het dat hul vaderland deur my gered is. Maar gestel jy het iets aan my geskenk deurdat jy my dit nie ontnem het nie, en dat ek my lewe uit jou hand hou omdat dit nie deur jou aan my ontruk is nie: het jou beledigings my toegelaat om hierdie genadedaad van jou te beskou soos wat ek dit probeer beskou het, veral daar jy besef het dat jy hierdie dinge van my sou hoor?

XXV 61. Jy het na Brundisium toe gekom, altans na die skoot en omhelsing van jou balletdanseresse. Wat makeer? Ek lieg tog nie, of hoe? Hoe elendig is dit om nie iets te kan ontken wat uiters skandelik is om te erken nie! As jy jou nie geskaam het voor die inwoners van die vrystede nie, dan selfs ook nie voor die leër van oudgediendes nie? Want watter soldaat was daar wat haar nie in Brundisium gesien het nie? Watter een het nie geweet dat sy soveel dae gereis het om jou te kom gelukwens nie? Watter een was nie spyt dat hy so laat agtergekom het hoe 'n nikswerd mens hy gevolg het nie?

62. Andermaal was daar 'n deurkruising van Italië met dieselfde aktrise as jou metgesel. Weer eens ongevoelige en jammerlike inkwartiering van soldate in die dorpe, en in die stad 'n afskuwelike plundering van goud, silwer, en veral wyn. Daarby het nog gekom dat Antonius deur bemiddeling van sy vriende, en sonder Caesar se medewete – omdat hy in Alexandrië was – as bevelvoerder van die ruitery aangestel is. Toe het hy geglo hy kon uit eie reg met Hippas⁹⁴ saamlewe en die lewering van kontrakperde⁹⁵ aan die akteur Sergius oorlaat; toe het hy nie vir homself die huidige⁹⁶ huis wat hy tans met moeite behou, uitgekies om in te woon nie, maar Marcus Piso s'n. Waarom sou ek sy verordeninge

vermeld, waarom sy plunderings, waarom die erflatings wat aan hom bemaak is, waarom die erflatings wat hy wederregtelik van ander afge- neem het? Sy armoede het dit genoodsaak; hy het nie geweet waarheen om hom te draai nie. So'n groot erflating het hom nog nie van die kant van Lucius Rubrius⁹⁷ te beurt geval nie, ook nie van die kant van Lucius Turselius⁹⁷ nie. Hy het nog nie skielik as onverwagte erfgenaam in die plek getree van Pompeius en baie ander wat uit Rome afwesig was nie. Hy moes in die styl van rowers lewe, met die gevolg dat hy net soveel besit het as wat hy in staat was om te roof.

63. Maar laat ons hierdie dinge wat van sy kragtiger boosaardigheid getuig, oorslaan: laat ons liever praat van sy uiters afskuwelike soort ligsinnigheid. Met daardie keelgat van jou, daardie longe, daardie swaard- vegterskrag van jou hele liggaam, het jy met Hippias se troue soveel wyn gesuip dat jy die volgende dag ten aanskoue van die Romeinse volk moes braak. Wat 'n skandalige ding, nie alleen om te sien nie, maar ook om van te hoor! Wie sou dit nie as skandelik beskou het as dit tydens die banket juis by die lediging van jou ontseglie drinkbekers met jou ge- beur het nie? Tog het die bevelvoerder van die ruitery voor wie dit 'n skande sou wees om te hik, in 'n vergadering van die Romeinse volk en by die uitvoering van sy amptelike plig, gebrak en sy skoot en die hele tribune⁹⁸ deurdrenk met-brokkies kos wat sterk na wyn geruik het. Maar dit erken hy self, is een van sy veragtelike dade: laat ons by die glansrykes kom.



Ampstoel (sella curulis)

XXVI 64. Caesar het as 'n gelukkige man van Alexandrië af teruggekeer⁹⁹ – in ieder geval, so het hy gedink. Maar na my mening kan niemand wat ongeluk bring vir sy staat, gelukkig wees nie. Die spies¹⁰⁰ is voor die tempel van Jupiter Stator ingeplant, en die eiendom van Gnaeus Pompeius – wee my! want my trane is opgehuil maar die smart bly ingeprent in my hart – die eiendom, sê ek, van Gnaeus Pompeius die Grote is onderwerp aan die skril stem van die afslaer. By daardie een geleentheid het die burgery sy knegskap vergeet en gekreun, en hoewel hulle gees verslaaf was omdat vrees alles in sy mag gehou het, was die kreun van die Romeinse volk tog vry. En terwyl almal in afwagting staan om te sien wie so goddeloos, so waansinnig, so vyandig teen gode en mense sou wees om die vermetelheid aan die dag te lê om te bie op daardie misdadige veiling, is daar niemand gevind behalwe Antonius nie – en dit nog nieteenstaande die feit dat so baie mense wat enigets anders sou waag, om daardie spies geskaar was! Net hy is gevind om dit te waag waarvoor die roekeloosheid van almal die wyk geneem en teruggedeins het.

65. Het so 'n ontsaglike stompsinnigheid, of, om dit meer korrek te stel, so 'n ontsaglike waansin jou beetgepak dat jy nie weet dat jy vervloek en verafsku word deur die Romeinse volk, en dat al die gode en alle mense tans jou vyande is en in die toekoms sal wees nie? Eerstens, omdat jy, 'n man van jóú stand, 'n opkoper van verbeurdverklaarde eiendom is, en tweedens, omdat jy die opkoper van Pompeius se eiendom is. Maar hoe onbeskaamd het die brasser onmiddellik losgestorm op die hawe en goed van daardie held deur wie se dapperheid die Romeinse volk vir buitelandse nasies 'n groter verskrikking was, maar deur wie se regverdigheid ons volk ook meer geliefd was by hulle!

XXVII Toe hy hom dus skielik op daardie held se besittinge stort, was hy uitgelate van vreugde soos 'n komedie-karakter: nou arm, skielik ryk. Maar, soos dit in 'n werk van een of ander digter staan: “Euwel gewin gaan op euwele wyse tot niet”¹⁰¹.

66. Dit is ongelooflik en grens aan 'n wonderwerk hoe hy daardie groot vermoë in so 'n paar, ek sê nie maande nie, maar dae uitgemors het. Daar was 'n reusehoeveelheid wyn, 'n enorme gewig aan silwergerei, kosbare kledingstukke, 'n groot hoeveelheid pragtige, en in baie opsigte voortreflike huisraad, seker nou nie dié van 'n buitensporig swierige mens nie, maar tog van 'n ryke. Hiervan was daar binne 'n paar dae niks oor nie.

67. Welke Charybdis¹⁰² is so gulsig? Sê ek Charybdis? As sy bestaan het, was sy maar net een ondier: dit lyk asof die oseaan, so help my die god van trou, nouliks soveel dinge wat so verspreid en op plekke so ver van mekaar bewaar was, so vinnig kon verswelg het. Vir hom was niks toegesluit, niks verseël, niks geïnventariseer nie. Hele voorraadkamers is aan die allerslegste mense oorgelaat; sommige artikels is deur die akteurs weggeraap, ander deur die aktrises. Sy huis was volgepak van dobbelaars, en gevul met besope gaste. Hele dae lank is daar gefuif, en dit op baie plekke. Dikwels het daar ook nog dobbelverliese bygekom – die kêrel was immers nie altyd gelukkig nie. In die slawese kamers sou jy hul beddens bedek kon sien met Gnaeus Pompeius se purper spreie. Daarom, hou op om verbaas te wees dat hierdie dinge so vinnig opgebruik is. So 'n ontsaglike verkwisting sou nie alleen die vermoë van een man nie – al is dit ruim soos Pompeius s'n was – maar stede en koninkryke spoedig kon verslind het. Net so het hy ook die huis en tuine verslind.

68. O die ontsaglike vermetelheid! Het jy die vermetelheid gehad om daardie huis selfs binne te gaan, om daardie allerheiligste drumpel te betree, om jou liederlike gesig vir die huisgode van daardie woning te wys? Die huis wat niemand oor 'n betreklike lang tydperk kon aanskou, niemand sonder trane kon verbygaan nie! Het jy jou nie geskaam om so lank jou intrek in hierdie huis te neem nie? Want in hierdie huis, hoewel jy geen bepaalde smaak het nie, kan tog niks vir jou aangenaam wees nie.

XXVIII Of dink jy dat jy jou eie huis binnegaan wanneer jy daardie skeepsnebe¹⁰³ in die voorhuis sien? Dit is onmoontlik. Want hoe seer jy ook al sonder verstand en gevoel mag wees – soos jy is – jy ken nogtans jouself en jou besittinge en jou vriende. Ek glo inderdaad dat jy nóg wanneer jy wakker is, nóg in jou slaap geestelik tot rus kan kom. Hoe gewelddadig en rasend jy ook al mag wees – soos jy is – moet jy noodwendig doodbenoud uit jou slaap wakker skrik, en ook dikwels besete raak terwyl jy wakker is, wanneer die gestalte van dié uitsonderlike man aan jou voorgehou word.

69. Ek is voorwaar jammer vir die mure en dak self. Want wat het daardie huis ooit gesien behalwe kuisheid? Wat, behalwe dit wat uit die allerbeste sedes en die onberispelikste lewenswyse gebore is? Daardie man was immers, geagte senatore, soos u self weet, beroemd in die openbaar en bewonderenswaardig in sy privaat lewe. Hy verdien ook nie groter lof vanweë sy prestasies in die buiteland, as vanweë sy huislike instel-

lings nie. In hierdie man se huis is daar vandag hole van ontug in plaas van slaapkamers, en vreetplekke in plaas van eetkamers. En tog ontken hy dit dadelik. Moenie ondersoek instel nie; hy het 'n brawe mens geword: hy het daardie aktrise van hom beveel om haar tassies te pak, haar die huissleutels kragtens die Twaalf Tafels¹⁰⁴ ontnem, en haar uit sy huis gejaag. Hoe 'n beproefde burger het hy ineens geword, hoe voorbeeldig! Uit hierdie man se hele lewe is daar niks eerbaarder as dat hy van 'n aktrise geskei het nie.

70. Maar hoe dikwels gebruik hy die uitdrukking, “sowel 'n konsul as 'n Antonius” — dit wil sê “sowel 'n konsul as 'n uiters skaamtelose vent”, “sowel 'n konsul as 'n uiters gemene mens”. Want wat anders beteken “Antonius”? As aansien immers in 'n naam aangedui was, glo ek, sou jou grootvader homself by geleentheid “sowel 'n konsul as 'n Antonius” genoem het. Dit het hy homself nooit genoem nie. Ook my kollega in die konsulsamp, jou oom, sou homself so genoem het — behalwe as jy die enigste Antonius is. Maar ek praat nie verder van daardie sondes wat nie uitsluitlik eie is aan die rol waarin jy ons staat gekasty het nie. Ek kom terug op jou presiese rol, dit wil sê, op die burgeroorlog wat deur jou toedoen ontstaan het, en aangeblaas en onderneem is.

XXIX

71. Uit lafhartigheid en wellus, het jy jou aan hierdie oorlog onttrek¹⁰⁵. Jy het burgerbloed geproe, of liever, opgeslurp. In die slag by Pharsalus was jy in die voorste linie. Jy het Lucius Domitius¹⁰⁶, 'n man van baie groot faam en hoë rang, vermoor. Jy het ook nog talle ander wat uit die geveg gevlug het — manne vir wie Caesar dalk sou gespaar het, soos hy 'n aantal wel gespaar het — agtervolg en op die allerwreedste manier neergevel. En watter rede het daar bestaan waarom jy nie vir Caesar na Africa gevolg het, nadat jy sulke groot prestasies van hierdie aard gelewer het nie, veral daar so 'n groot deel van die oorlog nog oorgebly het? Wat was dus jou verhouding met Caesar self na sy terugkeer uit Africa? In hoedanige tel was jy? Jy wat die betaalmeester was van hierdie veldheer, die bevelhebber van hierdie diktator se ruitery, sy regterhand¹⁰⁷ in die oorlog, die leidsman van sy wreedheid, die deelgenoot aan sy oorlogsbuit, en soos jy self herhaaldelik gesê het, sy seun kragtens sy testament, jy is tot verantwoording geroep oor die geld wat jy verskuldig was vir die huis, die tuine en die opkoop van verbeurdverklaarde goedere.

72. Eers het jy heel parmantig geantwoord en — om nie die indruk te skep dat ek alles tot jou diskrediet sê nie — jy het amper billike en reg-

verdige dinge kwytgeraak: 'Van my eis Gaius Caesar geld? Waarom eerder hy van my as ek van hom? Of het hy dalk sonder my oorwin? Maar dit kon hy beslis nie regkry nie. Ek het aan hom die voorwendsel vir burgeroorlog verskaf en verderflike wette voorgestel. Ek het die wapen opgeneem teen die konsuls en veldhere van die Romeinse volk, teen die senaat en die volk van Rome, teen my vaderlandse gode en altare en haarde, ja, teen my vaderland, Hy het tog seker nie vir homself alleen die oorwinning behaal nie, of hoe? Waarom sou mense wat gesamentlik 'n misdaad gepleeg het, nie ook gesamentlik die buit deel nie?' Jy het jou regte geëis, maar wat het dit gehelp? Hy was magtiger as jy.

73. Hy het dus jou aansprake geïgnoreer en soldate na jou en jou borge gestuur. Toe, skielik, is daardie beroemde vendusielys¹⁰⁸ deur jou te voorskyn gebring. Hoe het die mense tog gelag! Om te dink dat dit so 'n yslike lang lys was, so 'n verskeidenheid, so 'n groot aantal eiendomme, en daarvan was daar niks behalwe sy deel van Misenum wat die verkoper sy eie kon noem nie. Die verkoping was voorwaar 'n klaglike skouspel: kledingstukke van Pompeius, nie veel nie, en dit nog besoedel; sekere ingeduike silwervase van dieselfde man, en smerige slawe. Gevolglik het dit ons hartseer gemaak dat daar nog iets van daardie beroemde relikwieë was wat ons kon aanskou.

74. Kragtens 'n verordening van Caesar het die erfgename van Lucius Rubrius egter hierdie verkoping verbied. Die deugniet was vas: hy het nie geweet waarheen om hom te draai nie. Intendeel, juis op hierdie tydstip is 'n moordenaar wat deur daardie vent gestuur was, na bewering in Caesar se huis betrap met 'n dolk in sy hand. En hieroor het Caesar in die senaat 'n klag gelê en openlik teen jou uitgevaar. Caesar vertrek na Spanje¹⁰⁹ nadat hy jou vanweë jou armoede 'n paar dae uitstel verleen het. Selfs toe volg jy hom nie. Het jy wat so 'n vaardige swaardvegter is, so gou jou ontslagsta^{f10} gekry? Sou iemand dus bang wees vir hierdie kêrel wat in belang van sy eie party, dit wil sê, in belang van sy eie fortuin so papbroekig was?

XXX

75. In 'n stadium het hy uiteindelik na Spanje vertrek, maar na hy weer, kon hy dit nie in veiligheid bereik nie. Hoe het Dolabella¹¹¹ dit dan bereik? Daardie party, Antonius, moes jy òf nie ondersteun het nie, òf tot die bittereinde verdedig het toe jy dit wel ondersteun het. Driemaal het Caesar op lewe en dood teen medeburgers geveg: in Thessalië, Africa en Spanje. Dolabella was by al hierdie gevegte teenwoordig: in die Spaanse oorlog is hy selfs gewond. As jy my mening vra, ek sou wou hê hy

moes nie daar gewees het nie. Maar terwyl 'n mens sy aanvanklike besluit moet kritiseer, moet sy standvastigheid nogtans geloof word. Maar jy, wat is jy werd? Gnaeus Pompeius se seuns het daardie tyd in die eerste plek probeer om hul vaderland terug te wen. Ons aanvaar dit, toegee dat dit die gemeenskaplike mikpunt van hulle party was. In die tweede plek het hulle hul voorvaderlike gode, altare, haarde en eie familiewoning probeer herwin, dinge wat jy met geweld in besit geneem het. Toe hul wettige eienaars hierdie dinge met die wapen probeer terugkry – hoewel, welke geregtigheid kan daar te midde van die allergrootste ongeregtighede bestaan? – nietemin, wie was toe die meeste geregtig om teen Pompeius se seuns te veg? Wie? Jy, die opkoper van hul hawe en goed!

76. Of was dit dalk reg dat Dolabella in jou plek in Spanje geveg, terwyl jy in Narbo die tafels van jou gashere bekots het? Maar watter terugkeer uit Narbo! Hy het my ook keer op keer gevra waarom ek so skielik in die middel van my reis omgedraai het. Onlangs¹¹², geagte senatore, het ek die rede vir my terugkeer verduidelik. Indien ek kon, wou ek ons staat selfs nog voor 1 Januarie tot diens wees. Maar met betrekking tot jou vraag hoe ek teruggekeer het: eerstens, in die daglig, en nie in die donker nie; tweedens, met skoene en 'n toga aan, en nie met Galliese sandale en 'n mantel nie. Maar jy staar my dan aan en gee beslis die indruk asof jy woedend is! Voorwaar, jy sou jou dadelik met my versoen as jy kon weet hoe ek my skaam oor jou liederlike gedrag waaroor jy jouself nie skaam nie. Van al die skanddade van alle mense het ek nog geen skandeler een gesien, en van geeneen gehoor nie. Ofskoon jy in jou eie oë die bevelvoerder van die ruitery was, en ofskoon jy na die konsulkamp vir die volgende jaar geding het – of liewer, gebedel het daarvoor – het jy geklee in Galliese sandale en 'n mantel deur die vrystede en kolonies van Gallië gesnel, by wie ons in die ou dae toe daar nog geding is na die konsulaat en dit nie afgebedel is nie, gewoonlik gaan stemme werf het vir hierdie amp.

XXXI

77. Maar kyk na die man se karakterloosheid. Toe hy ongeveer vieruur die middag by die Rooi Rotse¹¹³ aankom, het hy hom in een of ander kroegie gaan verstop, en terwyl hy daar weggkruip, aangehou drink tot die aand toe. Vandaar het hy vinnig met 'n ligte eenperdkarretjie stad toe gery, en met toegewoelde kop by sy huis aangekom. “Wie is dit?” vra die portier. “'n Bode van Marcus af”, antwoord hy. Dadelik word hy gebring na die vrou¹¹⁴ om wie se ontwil hy gekom het, en hy oorhandig aan haar 'n brief. Toe sy dit in trane lees – want dit was op 'n ver-

liefde toon geskryf en die hoofboodskap daarvan was dat hy voortaan niks te doen sou hê met daardie aktrise nie; dat hy al sy liefde vir laasgenoemde laat vaar, en op die leseres oorgeplaas het – toe die vrou nog oorvloediger tranes stort, kon die jammerhartige kêrel dit nie verduur nie: hy het sy gesig ontbloot en haar om die nek geval. O die nikswerd vent! Want wat anders kan ek sê? Ek kan niks paslikers sê nie. Dus het jy ons stad deur 'n nag van verskrikking, en Italië deur angs van baie dae in verwarring¹¹⁵ gestort, sodat jou vrou jou, haar verwende skattebol¹⁶, op verrassende wyse te sien kon kry toe jy jouself onverwags aan haar vertoon het? Om daardie rede dus?

78. En tuis het jy inderdaad 'n rede gehad om terug te keer, naamlik die liefde, maar daarbuite 'n nog beskamender een, naamlik om te verhoed dat Lucius Plancus¹¹⁷ jou borge se eiendom verkoop. Maar toe 'n volkstribuun jou voor 'n openbare vergadering laat optree, en jy verklaar dat jy ter wille van jou persoonlike sake gekom het, het jy die volk selfs skerp geestig ten koste van jou gemaak. Maar dit is alte veel oor kleinigheidjies: laat ons by die belangriker dinge kom.

XXXII

Toe Caesar uit Spanje aan die terugkeer was, het jy baie ver voortgeruk om hom te gaan ontmoet. Vinnig het jy gegaan, vinnig het jy teruggekeer, sodat hy jou kon leer ken, indien nou nie juis as 'n dapper man nie, dan tog wel as 'n flinke. Weer eens het jy – ek weet nie hoe nie – sy intieme vriend geword. Caesar het nou maar in die algemeen hierdie manier gehad: as hy besef het dat 'n man volkome geruïneerd is deur skuld en in armoede verkeer, en dat die einste man 'n nikswerd, roekelose vent is, het hy hom graag in sy intieme vriendekring ontvang.

79. Daar jy ten beste aanbeveel was deur hierdie kwalifikasies, is jy op Caesar se bevel tot konsul verklaar, en inderdaad saam met homself. Ek kla nie oor Dolabella wat by daardie geleentheid eers aangepor en verlei, maar toe vir die gek gehou is nie. Wie weet nie hoe groot julle albei se verraad in hierdie aangeleentheid teen Dolabella was nie? Caesar het hom verlei om homself verkiesbaar te stel, maar hom die belofde en gewaarborgde konsulaat ontfutsel en dit self oorgeneem; jy het jou goedkeuring geheg aan sy verraad. Nuwejaarsdag breek aan; ons word na die senaatsitting gedwing; daar het Dolabella veel uitvoeriger en beter voorbereid as wat ek nou is, teen Antonius uitgevaar.

80. Maar goeie hemel, die dinge wat dié man in sy toorn gesê het! In die eerste plek, hoewel Caesar aangedui het dat hy voor sy vertrek vir

Dolabella sou beveel om konsul te wees – en hulle beweer hy was geen koning nie, hy wat altyd iets van daardie aard gedoen of gesê het – maar hoewel Caesar so gesê het, het hierdie voortreflike augur¹¹⁸ toe gesê hy is bedeel met 'n priesterskap van so 'n aard dat hy die verkiesings met behulp van die waarneming van voortekens òf kon verhinder òf nietig verklaar, en hy het in volle erns die versekering gegee dat hy dit sou doen. Hoor eers die man se ongelooflike onnoselheid in hierdie aangeleentheid.

81. Hoe dan nou? As jy nie augur was nie, maar konsul, sou jy minder in staat gewees het om te doen wat jy beweer het jy kragtens jou priesterlike reg kon doen? Waarskynlik nog makliker. Want ons¹¹⁹ augurs besit slegs die reg van aankondiging¹¹⁸, maar die konsuls en die ander amptenare ook die reg van waarneming¹¹⁸. Toemaar, hy het dit uit onkunde gesê. Kennis van die wet moet 'n mens ook nie eis van 'n man wat nooit nugter is nie. Maar kyk na sy onbeskaamdheid. Baie maande tevore het hy in die senaat verklaar dat hy Dolabella se verkiesing òf met behulp van die voortekens sou verhinder, òf dit sou doen wat hy wel gedoen het¹²⁰. Kan enigiemand voorspel welke beletsel daar in die voortekens gaan wees, behalwe die een wat vasbeslote was om wel tekens aan die hemel waar te neem? Maar dit word in die loop van 'n verkiesing deur die wette verbied, en as iemand tekens aan die hemel waargeneem het, moet hy dit nie aankondig terwyl die verkiesing aan die gang is nie, maar voordat dit gehou word. Ewenwel, onkunde sit hier aan sy onbeskaamdheid vasgeknop: hy weet nie wat 'n augur betaam, en hy doen ook niks wat 'n mens met eergevoel betaam nie.

82. En dink nou aan sy konsulaat van daardie dag af tot en met 15 Maart¹²¹. Watter laer amptenaar was al ooit so nederig, so kruiperig? Hy kon niks self doen nie; hy moes om alles vra; hy het sy kop by die agterkant¹²² van die draagstoel ingesteek en van sy kollega gunste gevra wat hy kon verkoop.

XXXIII Nou breek die dag van Dolabella se verkiesing aan. Die loting vir die senturie¹²³ wat eerste moet stem, vind plaas; hy sit doodstil. Die uitslag word bekend gemaak; hy swyg. Die eerste klas¹²⁴ word opgeroep, daarna, soos gewoonlik, die ses benoemde riddercenturieë¹²⁵, en toe die tweede klas. En dit alles het gouer gebeur as wat ek dit gesê het.

83. Toe die saak afgehandel is, sê ons voortreflike augur – jy sou hom 'n Gaius Laelius¹²⁶ kon noem: "Verdaging". O die buitengewone skaam-

teloosheid! Wat het jy dan gesien, wat het jy bemerk, wat het jy gehoor? Want jy het nie gesê dat jy tekens aan die hemel waargeneem het nie, en jy sê dit vandag ook nie. Daardie beletsel het hom dus voorgedoen, die een wat jy reeds op 1 Januarie voorsien het sou gebeur en wat jy so lank voor die tyd verkondig het. Derhalwe het jy, by Herkules, die voortekens valslik versin – tot groot rampspoed vir jou, hoop ek, eerder as vir die staat! Jy het die Romeinse volk verstrik met 'n godsdienstige gebruik; as augur het jy aan 'n augur ongunstige voortekens vermeld, as konsul aan 'n konsul¹²⁷. Ek wil nie meer sê nie, om nie die indruk te skep asof ek Dolabella se ampshandeling wat noodwendig in een of ander stadium aan ons kollega¹²⁸ voorgelê sal word, ondermyn nie.

84. Maar hoor nou die aanmatiging en vermetelheid van die man. So lank as wat jy dit so wil hê, is Dolabella 'n konsul in stryd met die voortekens; wanneer jy dit dan weer anders wil hê, is hy met inagneming van die voortekens verkies. As dit niks tel wanneer 'n augur 'n aankondiging maak in die woorde waarin jy jou aankondiging gemaak het nie, erken dan dat jy nie nugter was toe jy “Verdaag” gesê het nie. Maar as daar 'n ander betekenis in daardie woorde van jou skuil, eis ek as augur van my kollege om te weet wat dit is.

XXXIV Maar laat ek nou by die Lupercalia¹²⁹ kom, om te verhoed dat my toespraak dalk een glorieryke daad uit die menigvuldige heldedade van Marcus Antonius oorslaan. Hy verberg dit nie, geagte senatore: hy is duidelik verontrus; hy sweet, hy word bleek. Hy kan doen wat hy wil, solank hy nie braak soos hy in die Minuciese suilegang gedoen het nie. Watter verdediging kan daar wees vir so 'n ontsaglike skandaligheid? Ek wil graag hoor, sodat ek kan sien waar so 'n geweldige besoldiging aan sy onderwyser¹³⁰ in welsprekendheid is, en waar die Leontynse vlakke¹³⁰ na vore kom.

85. Jou kollega¹³¹ het op die *rostra* gesit, geklee in 'n purper toga, op 'n goue stoel, sy kop omkrans. Jy stap met die trappe op, jy nader die stoel – 'n Lupercus was jy alleen op voorwaarde dat jy moes onthou jy was ook konsul – jy wys die kroon. 'n Kreun styg op uit die ganse forum. Waar het die kroon vandaan gekom? Jy het dit immers nie van die grond af opgetel nie, maar jou misdadig beplan en die ding voorbedag van jou huis af daarheen gebring. Onder roumisbaar van die volk het jy probeer om die kroon op sy kop te plaas; onder byval het hy dit van die hand gewys. Omdat jy die ontwerper was van die monargie, en die man wat jy as kollega gehad het as jou baas wou hê, is net jy

dus bereid bevind, jou skurk, om uit te toets wat die Romeinse volk kon verduur en ly.

86. Maar jy het selfs probeer om sy meegevoel te wen: jy het jou as smekeling voor sy voete gewerp. Wat het jy hom versoek? Om sy slaaf te wees? Jy moes dit slegs vir jou alleen versoek het, jy wat van jongs af so gelewe het dat jy jou alles laat welgeval het en sonder voorbehoud diensbaar was. Daardie opdrag het jy gewis nie van ons en die Romeinse volk gehad nie. Hoe skitterend was jou welsprekendheid toe jy die volk nakend¹³² toegespreek het! Wat is leliker, wat afskuweliker, wat verdien alle denkbare strawwe meer as daardie daad van jou? Jy wag tog nie tot ons jou met prikkels steek nie, of hoe? Hierdie toespraak van my verskeur en bespat jou met bloed – as jy nog 'n greintjie gevoel het! Ek vrees ek verminder die roem van ons aansienlikste manne, maar nogtans sal ek praat want ek word daartoe aangedryf deur smart. Wat is smadeliker as dat die man wat die kroon op Caesar se kop gesit het nog lewe, terwyl almal erken dat Caesar tereg vermoor is hoewel hy dit van die hand gewys het.

87. Maar hy het boonop beveel dat die volgende by Lupercaliëdag in die kalender bygeskryf word: “Marcus Antonius die konsul, het die koningskap op bevel van die volk aan Gaius Caesar, die lewenslange diktator, aangebied. Caesar wou dit nie aanneem nie”. Nou ja, nou is ek altermens verbaas dat jy ons rus verstoort; dat jy nie alleen ons stad nie, maar ook die daglig haat; dat jy saam met die mees verdorwe rowers suip, nie alleen gedurende die dag nie, maar die hele dag lank. Waar sal jy immers in vrede verwy? Watter plek kan daar vir jou wees binne die sfeer van die wette en geregshowe wat jy so effektief as wat jy kon, met koninklike despotisme afgeskaf het? Is Lucius Tarquinius uitgedryf, en Spurius Cassius¹³³, Spurius Maelius en Marcus Manlius doodgemaak met die doel dat 'n koning baie eeue daarna deur Marcus Antonius in Rome ingestel kon word¹³⁴?

XXXV 88. Maar laat ons terugkom op die voortekens waaroor Caesar op 15 Maart in die senaat sou praat. Ek vra jou: wat sou jy toe gedoen het? Wat my betref, ek het herhaaldelik gehoor dat jy voorbereid gekom het, daar jy aangeneem het dat ek 'n toespraak sou lewer oor die versinde voortekens wat desnietemin gehoorsaam moes word. Tot heil van ons staat is daardie dag deur die noodlot weggevee. Het Caesar se dood ook jou opvatting van die voortekens weggevee? Maar ek het nou by 'n tydvak gekom wat voorrang moet geniet bo daardie sake waarin my toe-

spraak sy weg gebaan het¹³⁵. Hoe het jy nie gevlug, hoe bang was jy nie op daardie glorieryke dag nie! Hoe het jy nie vanweë die bewustheid van jou misdade gewanhoop aan jou lewe, toe jy na daardie vlug heimelik teruggekeer het na jou huis toe, danksy die vriendelikheid van hulle wat wou hê dat jy veilig moes wees solank jy maar net gesonde verstand aan die dag sou lê nie!

89. O my vergeefse en immer alte ware voorspellings van die dinge wat sou kom! Toe ons beroemde bevryders wou hê dat ek na jou toe moes gaan om jou aan te moedig om ons staat te verdedig, het ek op die Capitolum herhaaldelik aan hulle gesê dat jy alles sou belowe solank jy bang was, maar dat jy die oomblik dat jy ophou vrees, presies jou vorige self sou wees. En so, terwyl die ander oud-konsuls aanhoudend na jou toe gegaan en teruggekeer het, het ek by my mening gebly. Ek het jou nie op daardie dag, en ook nie die volgende dag gesien nie, en ek het ook geglo dat geen vennootskap tussen voortreflike burgers en 'n allerbrutaalste vyand deur enige belofte bekragtig kon word nie. Twee dae later het ek na die tempel van Tellus¹³⁶ gegaan, en dit inderdaad teen my sin, want gewapende manne het al die toegange beset.

90. Watter dag was daardie nie vir jou nie, Antonius! Ofskoon jy skielik as my persoonlike vyand te voorskyn getree het, het ek jou tog jammer gekry omdat jy so ontevrede was met jouself¹³⁷.

XXXVI By die onsterflike gode, watter man, hoe 'n groot man sou jy nie ge-wees het as jy jou gesindheid van daardie dag¹³⁸ kon behou het nie! Ons sou nou vrede gehad het, die vrede wat gesluit is deur toedoen van 'n seun van hoë geboorte wat as gyselaar¹³⁹ gedien het, naamlik die klein-seun van Marcus Bambalio. Hoewel vrees — geen durende leermeester van plig nie — jou 'n goeie man gemaak het, het jou roekeloosheid, daardie eienskap wat jou nooit verlaat solank jy vry is van vrees nie, jou 'n skurk gemaak. En tog het jy destyds toe mense jou as 'n baie goeie man beskou het (hoewel ek beslis verskil het), op 'n uifers skurkagtige wyse die leiding geneem by die tiran se begrafnis — as dit 'n begrafnis¹⁴⁰ was.

91. Van jou het daardie pragtige lofrede op die dooie gekom, van jou die verwekking van medelye, van jou die oproep. Jý, ek sê jý het daardie fakkels aan die brand gestee, sowel dié waarmee hy halfverbrand is, as dié waarmee Lucius Bellienus¹⁴¹ se huis aan die brand gestee is en tot op die grond afgebrand het. Jy het daardie aanvalle van gemene boewe en grotendeels slawe (ons het hulle met mag en geweld afgeweer) op

ons huise losgelaat. Nietemin het die einste jy, as 't ware asof jy die brande se roet van jou afgewas het, op die oorblywende dae voortreflike senaatsbesluite op die Capitolium laat aanneem, waardeur bepaal is dat geen kennisgewing van vrystelling van belasting of enige ander begunstiging na 15 Maart aangespyker mog word nie. Jyself onthou wat jy van die ballinge, en jy weet wat jy van die vrystelling van belasting gesê het. Maar jou beste daad was dat jy die titel "Diktator lewenslank"¹⁴² uit ons staat geban het. En deur hierdie daad het dit voorwaar gelyk asof so 'n groot afsku van die monargie jou beetgepak het, dat jy vanweë die vrees vir die jongste diktator enige aanduiding daarvan vernietig het¹⁴³.

92. Vir ander mense het dit gelyk asof ons staat herstel was, maar vir my geensins, omdat ek met jou aan die stuur alle soorte skipbreuk gevrees het. Het hy my dus bedrieg, of kon hy langer iets anders as hyself wees? Voor u oë is kennisgewings oral op die Capitolium aangespyker en vrystellings van belasting is nie alleen aan individue nie, maar ook aan ganse nasies verkoop; ons burgerreg is nie langer aan enkelinge gegee nie, maar aan hele provinsies. As hierdie dinge dus blywend is – dinge wat nie blywend kan wees as ons staat bly voortbestaan nie – het u, geagte senatore, hele provinsies verloor, en is nie alleen die belastinginkomste nie, maar ook die heerskappy van die Romeinse volk verklein deur hierdie man se privaatmark.

XXXVII 93. Waar is die 700 miljoen sestertii wat in die rekeningstate in die tempel van Ops¹⁴⁴ verskyn? Inderdaad is dit miljoene van daardie bloedbevlekte¹⁴⁵ geld, maar tog geld wat ons van oorlogsbelasting sou kon bevry het as dit nie teruggegee is aan wie dit behoort het nie. Hoe het jy dit egter reggekry om voor 1 April nie meer die veertig miljoen sestertii te skuld, wat jy op 15 Maart skuldig was nie? Die gunste wat van jou trawante gekoop is – nie sonder jou medewete nie – is ontelbaar, maar een buitengewone verordening in verband met koning Deiotarus¹⁴⁶, 'n groot vriend van die Romeinse volk, is op die Capitolium bekend gemaak: na die uitvaardiging daarvan was daar niemand wat selfs in sy smart sy lag kon hou nie.

94. Vir wie was Caesar immers 'n groter vyand, as vir Deiotarus? Vir hom was Caesar net so 'n groot vyand soos vir hierdie liggaam, die ridderorde, die mense van Marseille en soos vir almal wat na sy gevoel 'n liefde vir die staatsbestel van die Romeinse volk gekoester het. Dus het koning Deiotarus die guns van die gestorwe Caesar geniet, terwyl hy van die lewende Caesar geen regverdigheid en goedheid verkry het,

of hy nou persoonlik, en of hy deur gesante met hom onderhandel het nie. Toe Caesar by hom was, het hy sy gasheer verwyte toegeslinger, 'n rekening opgemaak en die geld opgeëis, een van sy Griekse gevolg in die koning se vorstedommetjie geplaas, en hom beroof van Armenië wat deur die senaat aan hom geskenk was. Dit het hy as lewende ge-roof, en as dooie gee hy dit nou terug.

95. Maar met welke woorde? Nou: "Dit lyk vir my billik", en dan: "Dit lyk vir my nie onbillik nie". 'n Verbasende formulering! Maar Caesar het nooit gesê – ek het immers altyd vir Deiotarus in sy afwesigheid bygestaan – dat iets wat ons vir die koning geëis het vir hom billik lyk nie. 'n Skuldbewys vir tienmiljoen sesterti is deur bemiddeling van sy gesante opgestel – eerlike manne, maar skroomvallig en onervare – sonder om na my of die oorblywende gasvriende van die koning se mening te vra, en wel in die vrouevertrek¹⁴⁷ waar uiters baie dinge verkoop is en nog verkoop word. Ek raai jou aan om goed na te dink oor wat jy op grond van daardie skuldbewys gaan doen, want die oomblik toe die koning van Caesar se dood verneem, het hy self uit eie beweging, sonder enige "notas" van Caesar, sy besittinge op eie verantwoordelikheid teruggeneem.

96. Die wyse man het geweet dat die wet nog altyd so was dat mense van wie eiendomme geroof is, alles wat deur tiranne geroof is weer kon terugneem nadat die tiranne vermoor is. Geen regsgeleerde nie, selfs nie eers daardie man wat slegs in jou oë 'n regsgeleerde is en met behulp van wie jy hierdie dinge doen, sal dus beweer dat daar op grond van daardie skuldbewys iets verskuldig is vir dinge wat voor die onderteke-ning van die skuldbewys teruggeneem is nie. Want hy het niks van jou gekoop nie, maar voordat jy sy eie eiendom aan hom kon verkoop, self besit geneem daarvan. Hy was 'n man; ons wat die man op wie se aan-drang dit gebeur het haat, maar sy dade handhaaf, moet inderdaad ver-ag word.

XXXVIII 97. Waarom sal ek praat van die eindelose notaboekies, en die ontel-bare aantekeninge in eie handskrif? Daar is selfs smouse om hierdie dinge in die openbaar te koop aan te bied asof dit toegangskartjies vir gla-diatorvertonings is. Gevolglik word sulke groot hope geld in sy huis op-gestapel dat die bedrae tans afgeweeg en nie uitgetel word nie. Maar hoe blind is hebsug tog! Onlangs is 'n kennisgewing aangebring waar-kragtens die rykste gemeenskappe van Kreta vrygestel word van belas-

tings, en die bepaling bevat dat Kreta ná die goewerneurskap van Marcus Brutus, die prokonsul, nie langer 'n provinsie sal wees nie. Is jy by jou volle verstand? Moet jy nie in 'n dwangbaadjie vasgebind word nie? Of kon Kreta deur 'n verordening van Caesar vrygestel word ná Marcus Brutus se vertrek, wanneer Kreta geen betrekking op Marcus Brutus gehad het toe Caesar nog gelewe het nie¹⁴⁸? Maar deur die verkoop van hierdie verordening — u moet tog nie dink dat dit sonder gevolge is nie — het u die provinsie Kreta verloor.

98. Hoegenaamd niemand was al 'n koper van enigiets waarby Antonius nie as verkoper betrokke was nie. En het Caesar die wet wat jy betreffende die ballinge bekend gemaak het, voorgestel? Ek hoon niemand se ongeluk nie. Ek maak slegs beswaar, eerstens, dat die terugkeer van manne wie se geval Caesar as verskillend¹⁴⁹ beskou het, deur die modder gesleep is; tweedens weet ek nie waarom jy nie aan die ander dieselfde guns verleen nie — daar is immers nie meer as drie of vier oor nie. Waarom geniet almal wat in dieselfde ongeluk verkeer, nie jou medelye in dieselfde mate nie? Waarom behandel jy hulle soos jy jou oom behandel het? In verband met hóm wou jy mos nie 'n wet voorstel toe jy dit in verband met die ander gedoen het nie. Jy het jou oom selfs aangespoor om hom vir die sensorskap verkiesbaar te stel, en jy het sy verkiesingsveldtog gereël, 'n veldtog wat sowel mense se lagbuie as besware¹⁵⁰ ontlok het.

99. Maar waarom het jy nie daardie verkiesing gehou nie? Dalk omdat 'n volkstribuun weerlig aan die linkerkant¹⁵¹ aangekondig het? Wanneer iets in jou belang is, is daar geen voortekens nie; wanneer dit in een van jou verwante s'n is, word jy 'n man met gewetensbesware. Hoe nou? Het jy dan nie dieselfde man in die geval van die sewemanskap¹⁵² in die steek gelaat nie? Want iemand het intussen verskyn, glo ek, aan wie jy dit nie sonder lewensgevaar sou kon weier nie. Jy het die man vir wie jy soos 'n vader moes geëer het — as daar enige kinderliefde in jou hart was — met allerhande beledigings belaa. Jy het van sy dogter, jou niggie, geskei nadat jy 'n ander huweliksmaat¹⁵³ gesoek en reeds vooraf getoets het. Dit is nie al nie: jy het 'n allerkuisste vrou van ontug beskuldig. Wat kan ek nog byvoeg? Jy was nie daarmee tevrede nie. Op 1 Januarie het jy die vermetelheid gehad om in die volgepakte senaat, terwyl jou oom daar sit, te sê dat die oorsaak van jou verbittering teen Dolabella was omdat jy uitgevind het dat hy jou niggie, jou eggenote, onteer het. Wie kan oordeel of dit skaamteloser was dat jy dit in die senaat, of gemener dat jy dit teen Dolabella, of skandelik dat jy dit ten

aanhore van die vader, of wreder dat jy dit so brutaal, so gewetenloos teen daardie arme vrou gesê het?

XXXIX 100. Maar laat ons terugkom na die aantekeninge in eie handskrif. Wat-ter geregtelike ondersoek was daar van jou kant? Want Caesar se reëlings is ter wille van vrede deur die senaat bekragtig, altans die wat wel van Caesar gestam het, en nie die wat Antonius beweer het van Caesar gestam het nie. Waarvandaan breek daardie aantekeninge skielik te voorskyn, en op wie se gesag word dit gepubliseer? As dit vals is, waarom word erkenning daaraan verleen? As dit eg is, waarom word dit verkoop? Maar daar is besluit dat jy en 'n senaatskommissie vanaf 1 Junie gesamentlik 'n geregtelike ondersoek in verband met Caesar se reëlings sou hou. Welke kommissie was daar, vir wie het jy ooit byeengeroep, en op watter 1 Junie het jy gewag? Dalk daardie een waarop jy dig omring deur gewapende begeleiers teruggekeer het na jy die kolonies van oud-gediendes deurkruis het?

Ag, heerlik was daardie deurtog van jou in April- en Meimaand, destyds toe jy selfs probeer het om 'n kolonie in Capua aan te lê! Ons weet hoe jy vandaar vertrek, of liewer, byna nie vertrek het nie¹⁵⁴.

101. En nou dreig jy hierdie stad. Ek wou dat jy probeer om daar 'n kolonie aan te lê, sodat die woord 'byna' eindelijk weggelaat kan word! Maar hoe welbekend is daardie reis van jou in die buiteland! Waarom sou ek die voorbereidings vir ontbyt, waarom jou waansinnige dronkenskap vermeld? Dis jou verliese daardie; die volgende is egter ons s'n. Toe die Campaanse gebied van belastings onthef is sodat dit aan die soldate gegee kon word, het ons nogtans gemeen dat ons staat 'n swaar wond toegedien word; tog het jy dié gebied tussen jou dis- en dobbel-spelgenote verdeel. Ek praat van die akteurs en aktrises, geagte senatore, wat in die Campaanse gebied as koloniste geplaas is. Waarom sou ek nou oor die Leontynse gebied kla? Hierdie Campaanse en Leontynse landerye is in die ou dae tog beslis as uiters voordelige en winsgewende eiendomme in besit van die Romeinse volk beskou. Drieduisend akker aan 'n medikus: en wat as hy jou sou genees het? Aan 'n onderwyser in welsprekendheid tweeduisend: en wat as hy daarin kon slaag om jou welsprekend te maak?

XL 102. Maar laat ons terugkom op sy Italiaanse reis. Jy het 'n kolonie gestig in Casilinum¹⁵⁵ waar Caesar vantevore een gestig het. Jy het my

weliswaar per brief geraadpleeg in verband met Capua, maar ek sou jou dieselfde antwoord gegee het in verband met Casilinum. Jou vraag was of jy regtens 'n nuwe kolonie kon stig waar daar reeds 'n kolonie was. Ek het geantwoord dat 'n nuwe kolonie nie regtens gestig kon word waar daar reeds 'n kolonie met inagneming van die voortekens gestig was nie, op voorwaarde dat die bestaande kolonie in veiligheid verkeer. Ek het ook teruggeskryf dat nuwe koloniste wel geregistreer kon word. Maar oormoedig van vermetelheid het jy die ganse voortekenreg geskend en die kolonie Casilinum gestig waar een 'n paar jare tevore¹⁵⁶ gestig was, sodat jy die vlag kon hys en met 'n ploeg die grense kon trek¹⁵⁷. En met die skaar van daardie ploeg het jy byna die stadspoort van Capua deurgeploeg, met die gevolg dat die grondgebied van 'n bloeiende kolonie verklein is.

103. Van hierdie skending van godsdienstige voorskrifte af, storm jy los op Marcus Varro¹⁵⁸ — 'n uiters eerbiedwaardige en regskepe man — se plaas by Casinum. Met welke reg? Met watter onbeskaamdheid? 'Met dieselfde', sal jy sê, 'waarmee ek op die landgoedere van Lucius Rubrius en Lucius Tersellius se erfgename, en tallose ander besittinge losgestorm het'. En as jy hulle op 'n veiling gekoop het, moet die veiling geldig wees, moet die rekeningstate geldig wees, op voorwaarde dat dit Caesar s'n is, en nie joune nie. Dit moet dié wees waarvolgens jy in die skuld was, nie die waarmee jy jouself van jou skuld bevry het nie. Maar wie sê Varro se plaas by Casinum was te koop? Wie het die spies, die teken van daardie veiling gesien? Wie het die stem van die afslaer gehoor? Jy beweer jy het 'n agent na Alexandrië gestuur om dit van Caesar te koop, daar dit baie lastig sou gewees het om op Caesar self te wag.

104. Ewenwel, wie het ooit gehoor dat enigiets van Varro se besittings gekonfiskeer was? Niemand se veiligheid was immers vir meer mense 'n bron van kommer nie! Hoe nou? As Caesar selfs aan jou geskryf het om dit terug te gee, wat kan 'n mens dan in sterk genoeg taal sê van sulke ontsaglike onbeskaamdheid? Verwyder 'n rukkie daardie swaarde wat ons sien: spoedig sal jy begryp dat Caesar se veiling een ding is, en jou aanmatiging en vermetelheid 'n ander. Want nie alleen die eienaar sal jou van daardie woning af wegjaag nie, maar enige vriend, buurman, gas, of opsigter.

XLI En hoeveel dae lank het jy op allerskandaligste wyse in daardie villa ge-
 fuif! Van nege-uur in die môre af is daar gesuip, gedobbel en gebrak. O, hoe ongelukkig was die huis self met 'n eienaar so verskillend — en

tog, hoe was Antonius die eenaar? – nietemin, deur hoe 'n verskillende man is dit bewoon!

105. Marcus Varro het dit immers as 'n herberg vir sy studies bedoel, nie vir wellus nie. Watter gesprekke het daar nie voorheen in daardie villa plaasgevind nie! Watter oorpeinsinge! Welke werke is daar nie skriftelik vasgelê nie! Die reg van die Romeinse volk, die gedenkstukke van ons voorouers, die grondbeginsels van die ganse wysbegeerte en die ganse wetenskap! Maar met jou as bewoner – want dit was nie as eenaar nie – het alles gedreun van die stemme van besopenes, het die klipvloere geswem, en die mure gedrup van wyn, het vrygebore seuns met skandknappe, en ligtekooie saam met gesinsmoeders verkeer. Mense het van Casinum, Aquinum en Interamna af gekom om jou hul môregroet te bring: niemand is binnegelaat nie. En dit inderdaad tereg, want by 'n allerafskuwelikste mens het die onderskeidingstekens van sy ereamp hul glans verloor.

106. Toe hy vandaar na Rome vertrek en Aquinum nader, het 'n werklik groot skare hom tegemoet gegaan, want dit is 'n digbevolkte vrystad. Maar die vent is in 'n toe drastoel deur die dorp gedra soos 'n dooie. Die inwoners van Aquinum het dwaas opgetree: ewenwel, hulle het nog altyd aan die pad¹⁵⁹ gewoon. Wat dan van die mense van Anagnia? Hoewel hulle van die pad af geleë was, het hulle daarheen afgekom¹⁵⁹ om die kêrel te groet, net asof hy 'n konsul was. Dis ongelooflik om te sê, maar almal was dit eens dat niemand teruggegroet is nie, en dit nog ten spyte van die feit dat hy twee manne van Anagnia in sy gevolg gehad het, Mustela en Laco, van wie die een 'n meester in swaardgevegte is, die ander in drinkgelag.

107. Waarom sou ek melding maak van daardie dreigemente en beledigings van die kêrel, waarmee hy die Sidicini aangeval, en die inwoners van Puteoli geteister het omdat hulle vir Gaius Cassius en die twee Brutusse as hul beskermhere aangeneem het? Ja, hulle het hierdie manne met groot geesdrif, agting, goedgesindheid en waardering ontvang, en nie met wapengeweld soos vir jou en Basilus en ander net soos julle, vir wie niemand as afhanklikes sou wil hê, laat staan nog 'n afhanklike van hulle sou wil wees nie.

XLII

Intussen, gedurende jou afwesigheid, watter dag was daardie nie vir jou kollega¹⁶⁰, toe hy in die forum daardie grafmonument¹⁶⁰ wat jy gewoonlik aanbid het, omvergewerp het nie! Toe hierdie gebeurtenis aan jou

gerapporteer is, het jy volgens die eenstemmige getuienis van almal wat saam met jou was, ineengestort. Wat later gebeur het, weet ek nie – ek glo vrees¹⁶¹ en dreigende wapens het die oorhand gekry – maar jy het jou kollega van die hemel af aarde toe neergehaal¹⁶² en bewerkstellig, inderdaad nie toe al dat hy net soos jy sou wees nie, maar beslis dat hy anders as hyself sou wees.

108. Maar watter terugkeer vandaar na Rome, watter ontsteltenis van die hele stad! Ons het vir Cinna met sy alte grote mag, en vir Sulla daarna met sy despotisme onthou; onlangs het ons vir Caesar gesien met sy tirannie. Swaarde was daar waarskynlik ook, maar hulle was verberg en nie so baie nie. Maar hoe verontrustend, hoe omvangryk is jou barbaarsheid nie! In marsorde en met swaard in die hand volg jou lyfwag jou; ons sien dat draagstoele vol skilde saamgedra word. En daar hierdie dinge reeds 'n geruime tyd lank gebeur, geagte senatore, het ons deur die gewoonheid daarvan ongevoelig geraak. Toe ons op 1 Junie, soos bepaal, die senaat wou binnegaan, het ons skielik paniekbevange van vrees geraak en in alle rigtings gevlug.

109. Maar Antonius wat niemand gemis het omdat hy die senaat nie nodig gehad het nie en eerder bly was oor ons vertrek, het dadelik daar die verstommende streke van hom uitgehaal. Die man wat Caesar se aantekeninge in eie handskrif vir eie gewin verdedig het, het Caesar se wette, en daarby baie goeie wette, nietig verklaar met die doel om ons staat omver te werp. Hy het die tydsduur van die goewerneurskap in die provinsies verleng, en hoewel hy Caesar se verordeninge moes verdedig het, het hy hulle in sowel die openbare as private sfeer ongeldig verklaar. In die openbare sfeer is niks gewigtiger as 'n wet nie; in die privaat sfeer is 'n testament die geldigste dokument. Sommige wette het hy sonder vooraf aankondiging opgehef, ander het hy uitgevaardig net om hulle weer op te hef. Hoewel 'n testament nog altyd selfs vir die eenvoudigste burgers gehandhaaf is, het hy dit ongeldig gemaak. Die beeldhouwerke en skilderye wat Caesar tesame met sy park aan die Romeinse volk bemaak het, het hierdie man deels na Pompeius se park en deels na Scipio se villa laat wegdra.

XLIII

110. En jy is nougeset in jou herinnering aan Caesar, en lief vir hom al is hy dood? Watter groter eer het hom te beurt geval as dat hy 'n kultusbed¹⁶³, 'n standbeeld, 'n tempelgewel en 'n priester gekry het? Soos vir Jupiter, Mars en Quirinus, so is daar dus vir die goddelike Julius ook 'n priester, en wel ene Marcus Antonius? Waarom talm jy dan? Waar-

om word jy nie georden nie? Kies 'n dag, kry 'n augur om jou te orden. Ons is mos kollegas en niemand sal weier nie. O jou afskuwelike mens, of dit nou is omdat jy die priester van 'n tiran of van 'n dooie is! Ek vra vervolgens of jy nie weet watter dag vandag is nie. Weet jy nie dat dit gister¹⁶⁴ die vierde dag van die Romeinse spele¹⁶⁴ op die renbaan was, en dat jy self by die volk voorgestel het dat nog 'n vyfde dag aan Caesar toegeken moes word nie? Waarom is ons nie in feesgewaad geklee nie? Waarom duld ons dit dat 'n eerbewys wat kragtens jou wet aan Caesar toegestaan is, nagelaat word? Of het jy dalk toegelaat dat die openbare dankfees deur die toevoeging van 'n dag ontwy word, terwyl jy nie wou hê dat dit met die kultusbeddens moes gebeur nie? Jy moet godsdienstige voorskrifte òf oral afskaf òf op elke gebied handhaaf.

111. Jy vra of ek daarmee genoeë neem dat Caesar 'n kultusbed, 'n tempelgewel en 'n priester het. Ek neem beslis met geeneen van daardie dinge genoeë nie: maar jy wat Caesar se verordeninge verdedig, wat kan jy as rede aanvoer waarom jy sommiges verdedig en ander minag? Tensy jy dalk wil erken dat jy alles aan jou eie voordeel meet, en nie aan sy aansien nie! Wat, vra ek, antwoord jy hierop? Ek sien immers uit na jou welsprekendheid. Ek het jou grootvader as 'n baie welsprekende redenaar leer ken, maar vir jou as 'n selfs nog openliker¹⁶⁵ man in jou redevoering. Jou grootvader het die volk nooit nakend toegesprek nie: ons het jou bors, die bors van 'n openhartige mens aanskou. Sal jy hierop antwoord, of sal jy dit waag om jou mond hoegenaamd oop te maak? Sal jy enigtiets in my lang, lang toespraak vind waarop jy met sekerheid kan antwoord?

XLIV

112. Maar laat ons dinge wat verby is, ter syde laat: verdedig hierdie een dag, ek sê een dag, hierdie dag van vandag, hierdie oomblik waarop ek praat – as jy kan. Waarom is die senaat omsingel deur 'n kordon gewapende manne? Waarom hoor jou trawante my swaard in die hand aan? Waarom staan die vleueldeure van die tempel van Eendrag nie oop nie? Waarom bring jy die allerbarbaarste mense van alle volke, die Ituraeërs, gewapen met pyl en boog na die forum toe af? Hy sê hy doen dit ter wille van sy eie beskerming. Is dit dan nie 'n duisend maal beter om te sterf, as om nie in 'n mens se eie staat sonder die beskerming van gewapende manne te kan lewe nie? Maar daardie beskerming van jou, glo my, is geen beskerming nie: jy behoort omring te wees deur die toegeneentheid van goedgesindheid van jou medeburgers, nie deur wapens nie!

113. Die Romeinse volk sal daardie wapens van jou afgryp en uit jou hande wring – en mag dit gebeur sonder dat ons vernietig word! Maar hoe jy jou ook al teen ons gedra het, solank as wat jy jou van daardie planne bedien, glo my, kan jy nie lank bly lewe nie. Immers, daardie allermins suinige vrou van jou – en ek beskryf haar sonder belediging – is al te lank haar derde paaient¹⁶⁶ aan die Romeinse volk verskuldig. Die Romeinse volk hét die manne aan wie hy die roer van ons staat kan aanbied. Waar hulle hul ook al in die wêreld bevind, dāar is ook die ganse beskerming van ons staat, of liewer, die staat self, wat hom tot dusver slegs gewreek, maar nog nie sy kragte herwin het nie. Gewis en seker het ons staat jongmanne van die hoogste adel wat gereed staan om hom te verdedig. Laat hulle uit oorwegings van eie rus en vrede terugstaan soveel as wat hulle wil; hulle sal nogtans deur die staat teruggeroep word. Die woord ‘vrede’ is soet, en die toestand self heilbrennend, maar daar is ’n baie groot verskil tussen vrede en knegskap. Vrede is ongestoorde vryheid; knegskap wat nie alleen met oorlog nie, maar selfs met die dood afgeweer moet word, is die ergste van alle euwels.

114. Maar as ons bevryders hulle nou aan ons oë onttrek het, het hulle tog die voorbeeld van hulle daad agtergelaat. Hulle het gedoen wat niemand nog gedoen het nie. Brutus het vir Tarquinius wat destyds koning was toe dit nog in Rome toelaatbaar was om een te wees, met oorlog geteister; Spurius Cassius, Spurius Maelius en Marcus Manlius¹⁶⁷ is bloot vanweë die verdenking dat hulle na die koningskap gestrewe het, om die lewe gebring. Ons huidige bevryders was egter die eerste manne wat met swaarde ’n aanval gemaak het, nie op iemand wat na die koningskap gestreef het nie, maar op een wat reeds ’n koning was. En hierdie daad is in sigself nie alleen roemryk en heerlik nie, maar dis ons ook voor oë gestel om nagevolg te word, veral daar hulle ’n roem verwerf het wat, so glo ek, noulks deur die hemel bevat kan word. Want hoewel daar genoeg beloning was in juis die medepligtigheid aan ’n uiters roemryke daad, meen ek nietemin dat ’n sterfing nie onsterflikheid moet verag nie.

XLV

115. Herinner jou dus daardie dag, Marcus Antonius, waarop jy die diktatorskap afgeskaf het. Stel jou die blydskap van die senaat en die Romeinse volk voor oë en vergelyk daarmee hierdie handeldrywery van jou en jou vriende: dan sal jy insien hoe groot die verskil is tussen roem en wins. Maar net soos mense wat vanweë een of ander siekte of verlamming van ’n sintuig, nie die lekker smaak van voedsel proe nie, so het die wellustiges, die gieriges en mense met ’n geneigdheid tot mis-

daad, gewis geen smaak vir ware roem nie. Maar as roem jou nie tot korrekte handeling kan aanlok nie, kan selfs vrees jou dan nie van jou allergemeenste dade laat afsien nie? Jy vrees nie die geregshowe nie. As dit op grond van jou onskuld is, noem ek jou gelukkig. Maar as mag die rede is, begryp jy dan nie waarvoor 'n man te vrese het wat op hierdie wyse nie bang is vir die geregshowe nie?

116. Want as jy nie bang is vir dapper manne en uitnemende burgers omdat hulle deur gewapende wagte van jou lyf af gehou word nie, sal jou eie trawante, glo my, jou nie langer verdra nie. Maar watter soort lewe is dit om dag en nag jou eie mense te vrees? Tensy jy dalk jou mense onder verpligting hou met groter gunste as waarmee Caesar sekere van sy moordenaars onder verpligting gehad het, of in enige opsig met hom vergelyk kan word. In hom was daar genie, insig, geheue, belesenheid, sorgvuldigheid, oorleg, omsigtigheid; hoewel dit verderflik was vir ons staat, het hy tog darem belangrike oorlogsprestasies gelewer; hy het dit baie jare lank oorweeg om alleenheerser te wees, en sy voorname met groot inspanning onder groot gevare ten uitvoer gebring; hy het die onkundige massa gedwee gehou met skouspele, gedenktekens, openbare geskenke en feesmale; hy het sy aanhangers met belonings, en sy teenstanders met lankmoedigheid aan hom gebind. Kortom, deels deur vrees, deels deur toegeeflikheid, het hy reeds ons vry staat daaraan gewoond gemaak om slawe te wees.

XLVI

117. Wat jou maghonger betref, kan ek jou met Caesar vergelyk, maar in alle ander opsigte is jy geensins vergelykbaar met hom nie. Uit die talryke euwels wat deur hom op ons staat ingebrand is, is hierdie seën nogtans gebore: die Romeinse volk het nou geleer hoever hy elkeen durf glo, aan wie hy hom kan toevertrou, en teen wie hy op sy hoede moet wees. Dink jy nie daaraan, en besef jy ook nie dat dit vir dapper manne genoeg is om te geleer het hoe heerlik in die uitvoering, hoe aangenaam in die voordeel wat dit meebring, en hoe roemryk in die oordeel van mense dit is om 'n tiran dood te maak nie? Of sal die mense jou dalk verdra, as hulle hóm nie verdra het nie?

118. Glo my, hierna sal hulle wedywerend op hierdie taak afsnel en nie op 'n talmende geleentheid wag nie.

Ek versoek jou, Marcus Antonius, dink dan tog eindelik aan ons staat; neem in oënskou van wie jy afstam, nie saam met wie jy lewe nie. Behandel my soos jy wil, maar versoen jou met ons staat. Wat jouself be-

tref, moet jy maar toesien; wat my betref, sal ek 'n persoonlike verklaring aflê. As jongman het ek ons staat verdedig, en ek sal hom nie as ouman in die steek laat nie. Ek het Catilina se swaarde geminag, en vir joune sal ek nie bang word nie. Inteendeel, ek sou met genoeë my lewe aanbied as die vryheid van ons staat onmiddellik deur my dood verweselik kan word, sodat die smart van die Romeinse volk uiteindelik geboorte kan gee aan dit waaraan dit lank reeds swanger is!

119. En inderdaad, as ek byna twintig jaar gelede in juis hierdie tempel gesê het dat die dood nie vir 'n oud-konsul te vroeg kan kom nie, met hoeveel meer reg sal ek nou sê dat dit nie vir 'n ouman die geval is nie? Voorwaar, geagte senatore, die dood is vir my in hierdie stadium selfs iets begeerliks, noudat ek die genot gesmaak het van wat ek verwerf en volbring het. Ek verlang slegs die volgende twee dinge: eerstens, dat ek die Romeinse volk in my sterwensuur as 'n vry man mag agterlaat — geen groter seën as dit kan die onsterflike gode my gun nie; tweedens, dat elkeen se loon in ooreenstemming met sy verdienstelikheid teenoor ons staat mag wees.

NOTAS

Inleiding

1. Die Romeinse ampte in Cicero se tyd het geen salaris behels nie, maar was ereampte (*honores*) wat aan die bekleër daarvan eer, aansien en invloed besorg het. Daar was 'n vasgestelde volgorde (*certus ordo*) van ampte, in stygende belangrikheid, wat as die *cursus honorum* bekend gestaan het. Die normale volgorde was: *quaestor*, *aedilis* of *tribunus plebis*, *praetor*, *consul*, *censor*.
2. Sedert Sulla was daar 'n kollege van 15 priesters onder voorsitterskap van 'n hoëpriester (*pontifex maximus*) wat toesig gehou het oor die hele staatsgodsdienst en alle godsdienstige gebruike van Rome, en ook die belangrikste gebeurtenisse van elke jaar in die *Annales maximi* opgeteken het.
3. In sy *Pro Sestio* 45, gee Cicero 'n definisie van *optimates* en *populares*. Daarvolgens is die verskil tussen die twee groepe nie een van stand of herkoms nie, maar eerder een van politieke benadering. Hulle was ook nie politieke partye in die moderne sin van die woord nie. In die breë gesien, het die *optimates* die belange van die tradisionele gesagsorde hooggehou, terwyl die *populares* daarop aanspraak gemaak het dat hulle die belange van die hele volk behartig het en dus geredeliker voorstanders was van veranderings in die politieke stelsel.
4. Aanvanklik, in die koningstydperk, was daar slegs twee *quaestores*. Met verloop van tyd het hulle meer geword totdat Sulla die aantal *quaestores* tot twintig vergroot het, en Caesar tot veertig. Verder het Sulla 'n minimum ouderdom van 30 jaar neergelê vir die bekleding van hierdie amp, dit verpligtend gemaak vir die *cursus honorum*, en die bekleër daarvan outomaties 'n lid van die senaat laat word. In Cicero se tyd was die *quaestor* hoofsaaklik 'n finansiële amptenaar onder toesig van die senaat, die konsuls en die sensors. Hy het in Rome beheer uitgeoefen oor die skatkis en gewaak oor staatsinkomste en -uitgawes. Ook moes hy toesig hou oor die staatsargief waarin wette, senaatsbesluite en sensorlyste bewaar is. As hy *quaestor* in 'n provinsie was, het hy nie slegs beheer oor finansies (soldy, oorlogsbuit) gehad nie, maar moes hy soms as plaasvervanger van die veldheer of die goewerneur optree, en as sodanig bevel voer oor militêre eenhede.
5. In Cicero se tyd het 'n *praetor* sy ampstermyn van een jaar in Rome voltooi, en die volgende jaar is hy as *pro-praetor* (d.w.s. amptenaar met die magte van 'n praetor) na 'n provinsie gestuur om daar as goewerneur te dien. Vgl. n. 9 hieronder.
6. Oorspronklik was die *tribuni aerarii* amptenare wat oorlogsbelasting gein en soldy aan die soldate van die verskillende stamme (*tribus*) uitbetaal het. Later is laasgenoemde funksie deur die *quaestores* oorgeneem. Dit wil voorkom of hulle in die eerste eeu v.C. 'n soortgelyke stand as die van *equites* (die ridderorde) gevorm het, met dié verskil dat hulle nie aan dieselfde sensuskwalifikasies onderworpe was nie. Ander geleerdes beskou hulle as 'n stand tussen die *equites* en die *plebs*.
7. Die *aediles* was oorspronklik twee ondergeskikte amptenare van slegs die plebejerstand (*aediles plebeii*). In 367 v.C. is twee bykomstige *aediles* uit die patrisiërstand gekies met die amptelike benaming van *aediles curules*. Nog later kon plebejers ook *aediles curules* word, en is die amp om die beurt deur die twee stande gevul. Die *plebeii* se plig was om die plebejiese spele (*ludi Ceriales* en *ludi plebeii*) te reël, terwyl die *curules* verantwoordelik was vir die omvangryker spele van die hele volk (*ludi Romani* en die

Megalasia). Gesamentlik was alle *aediles* verantwoordelik vir die toesig oor openbare geboue, die skoonhou en onderhoud van strate en watergeleidings, die prys- en kwaliteitsbeheer van lewensmiddele, die gereelde toevoer van koring en die beheer oor die mark en handelsverkeer.

8. Die woord *praetor* is etimologies verbind met *prae-ire* = "om voor te loop/te lei". Die Romeinse se hoogste amptenaar is aanvanklik *praetor* genoem (maar later *consul*) en hul funksie was waarskynlik meer militêr van aard. Volgens tradisie is die eerste *praetor* egter in 366 v.C. verkies om die gereg in Rome te administreer, vandaar sy naam *praetor urbanus*. Met die groei van die Romeinse ryk is die aantal *praetores* verhoog. Na Sulla se hervormings was daar in Cicero se tyd agt *praetores* wat as voorsittende regters van die *quaestiones perpetuae* (vgl. inleiding, p. 4) gedien het. Met sy ampsaanvaarding het 'n *praetor* gewoonlik 'n *edictum* uitgevaardig waarin hy die hoofbeginsels van sy jurisdiksie uiteengesit het. Hierdie *edicta* is gesamentlik die "praetoriese reg" genoem.
9. Die *consul* was Rome se hoogste siviele en militêre amptenaar gedurende die Republiek. Volgens die tradisie was daar van die begin af twee *consules* met eweveel magte, om te voorkom dat alleenheerskappy ooit weer in Rome sou ontstaan.
10. Kyk nota 1 by Die tweede redevoering van Antonius vir 'n verduideliking van die naam *Philippicae*.

1. Pleitrede vir Sextus Roscius van Ameria

1. Die *denarius* en die *sestertius* was Romeinse silwer muntstukke waarvan die waarde vandag moeilik te bepaal is.
2. Vir 'n bondige uiteensetting van Sulla se lewe en politieke loopbaan word die leser verwys na *The Oxford Classical Dictionary*.
3. Swaardvegters of gladiatore was gewoonlik krygsgevangenes, slawe of veroordeelde misdadigers wat in 'n skool (*ludus*) onder streng dissipline deur 'n professionele afrigter (*lanista*) opgelei is om gewapende tweegevegte – gewoonlik tot die dood – in die arena te lewer tot vermaak van die publiek. Uit die aard van die saak was gladiatore roekelose mense wat tot enige misdaad in staat was. Twee van die aanklaers in hierdie saak, die twee Titus Rosciusse, word deur Cicero gladiatore genoem. Vgl. § 17 hieronder.
4. Die praetor wat as voorsittende regter van die hof optree.
5. Na die Bondgenote-oorlog (91–89) het die meeste dorpe en stede in Italië Romeinse burgerskap verkry kragens die Lex Julia en die Lex Plautia Papiria. Sulke dorpe is *municipia* of vrystede genoem omdat hulle selfregerend met 'n eie senaat, genoem *decuriones*, en amptenare was. Ameria, 'n dorp in Umbrië en ongeveer 85 km noord van Rome, is deur 100 *decuriones* bestuur, aan die hoof waarvan 10 afdelingshoofde, die *decem primi*, gestaan het. Hierdie liggaam kan as "stadsbestuur" of "stadsraad" vertaal word. Die 10 hoofde het gewoonlik as gesante opgetree.
6. Die families hier genoem is almal beroemde families in die Romeinse geskiedenis. Q. Caecilius Metellus Pius was medekonsul van Sulla in 80, die jaar waarin Roscius verhoor is.

7. Hierdie baddens was na aan die *Circus Flaminius* geleë.
8. Volaterrae was 'n versterkte stad in Noord-Etrurië waar 'n groot groep ondersteuners van Marius tot in 79 hardnekkig weerstand gebied het teen Sulla.
9. Vgl. nota 5 hierbo.
10. In hierdie stadium is die dekreet waarskynlik deur die klerk van die hof voorgelees. Direk daarna gaan Cicero voort met sy betoog.
11. Ek lees *insolentius* i.p.v. *lentius*.
12. Caecilia Metella, dogter van Quintus Caecilius Metellus Balearicus, wat as konsul die seerowers in 123 by die Baleariese eilande oorwin het – vandaar sy bynaam. Hy was sensor in 120. Sy seun Quintus Caecilius Metellus Nepos was konsul in 98.
13. In §§ 71–72 van hierdie rede vertel Cicero hoe 'n vadermoordenaar vir sy straf nakend in 'n leersak toegenaai, en so, ontnem van die lig en lug wat hy besoedel het, in 'n stromende rivier gegooi word om te verdrink. In sy *De Inventione* 2.50.149 vertel hy meer van hierdie straf: die moordenaar se kop en gesig word in 'n diervel toegedraai en vasgebind, houtskoene word vir hom aangetrek, en daarna word hy in die tronk gestop totdat die leersak gereed is.
Pandectae 48.9.9 bepaal as straf vir die vadermoordenaar “dat hy met bloeddurwekte latte geslaan word, daarna saam met 'n hond, 'n haan, 'n slang en 'n aap in 'n leersak toegenaai word, en dat die sak dan in die onmeetlike see gegooi word”. Verskeie verklarings vir die teenwoordigheid van die diere is al aan die hand gedoen, o.a.: die slang as simbool van alle kwaad en die aartsvyand van die mens, en die aap as die afstootlike karikatuur van die mens, word geassosieer met die vadermoordenaar; die hond is die bewaker, en die haan die wakkermaker van die vermoorde, en omdat hulle hul werk so swak gedoen het, word hulle saam met die moordenaar doodgemaak. (Vgl. J.C. Nicol. *M. Tulli Ciceronis Pro Sexto Roscio Amerino Oratio* C.U.P. 1954, p. xxi–xxii.)
14. Cicero gee voor dat dit die aangeklaagde se eie woorde is, bloot om die hof se meegevoel vir laasgenoemde te probeer wek.
15. C. Flavius Fimbria, 'n vurige ondersteuner van C. Marius, en 'n aktiewe deelnemer aan die massamoorde op Sulla se ondersteuners gedurende Marius se laaste konsulskap in 86. In dieselfde jaar vergesel hy die konsul L. Valerius Flaccus na die Ooste waar laasgenoemde die bevel by Sulla moes oorneem. Fimbria vermoor vir Flaccus daar, maar toe sy eie troepe oorloop na Sulla, het hy selfmoord gepleeg.
16. Q. Mucius Scaevola, die *pontifex* (hoëpriester). Hy was 'n beroemde redenaar en regsgeleerde en leermeester van Cicero. In 86 is hy deur Fimbria aangeval, maar hy het dit oorleef. Hy was 'n aanhanger van die aristokratiese party, en het gestrewe na 'n vergelyk tussen die Mariane en Sullane. In 82 is hy egter deur die praetor Damasippus op bevel van Marius die jongere vermoor.
17. Cicero insinueer hier die Erucius nie weet wie sy vader was nie.
18. Die blyspeldigter Statius Caecilius (220–168 v.C.), 'n oorgangsfiguur tussen Plautus en Terentius. Hy het stukke van die Griekse Nuwe Komedie verwerk, veral van Menander. Cicero verwys waarskynlik na Menander se stuk *Hypobolimaïos* (= Die onwettige kind) waarin 'n ou man twee seuns gehad het: 'n wettige een, Eutychus, wat hy op die platteland laat opvoed het, en 'n onwettige, Chaerestratus, wat hy by hom in die stad gehou het.
19. Veii was in die 5e eeu v.C. 'n baie belangrike Etruskiese stad, en een van Rome se

- groot teenstanders. Dit is egter in 396 deur die diktator Furius Camillus verwoes, waarna dit sy belangrikheid verloor het. Dit het ongeveer 16 km N.-N.-Wes van Rome, in Etrurië gelê.
20. Daar is 'n hele aantal verhale in die vroeë Romeinse geskiedenis, wat die primitiewe landelike lewe van groot generaals beklemtoon. Cicero sinspeel waarskynlik op drie van die bekendstes: Lucius Quintus Cincinnatus wat besig was om sy akkers te bewerk toe die diktatorskap hom in 458 aangebied is; Manius Curius Dentatus wat deur Pyrrhus se gesante op sy plasie gevind is waar hy besig was om sy skamele aandete voor te berei, en telkens, na belangrike staatsopdragte, weer na sy plasie teruggekeer het. Kyk volgende nota vir die derde geval.
 21. Waarskynlik Gaius Atilius Regulus Serranus, konsul in 257 en 250. Sy bynaam is afgelei van *serere* (om te saai). Ons vind hom ook by Vergilius, *Aen.* 6,844: *te sulco, Serrane, serentem* ('Jy, Serranus, wat die saad in die ploegvoor saai').
 22. Dit is nie bekend wanneer die *Lex Remnia* ingestel is nie. Geleerdes neem aan dat dit as straf vir 'n aanklaer wat willens en wetens 'n valse aanklag lê, bepaal het dat die letter K, die beginletter van *Kalumniator* (valse aanklaer), op sy voorkop ingebrand word, waarna hy nie meer as aanklaer mog optree nie, en van alle ereampte uitgesluit was.
 23. Dit verwys na die godin Juno se heilige ganse wat op die *Capitolium* ('n vesting en heiligdom op die *Mons Capitolinus*, een van Rome se heuwels) aangehou is. Hul gesnater het die wagte in die vesting, tydens die nagaanval deur die Galliërs in 390 v.C., wakker gemaak, en daardeur die heiligdom gered. Daarna het die gebruik ontstaan om ganse op staatskoste daar aan te hou.
 24. Natuurlik die letter K. Vgl. nota 22 hierbo.
 25. Die *Kalendae* was die eerste dag van elke maand, die dag waarop rekenings vereffen moes word.
 26. 'n Ou hawestad in Latium, in vroeër tye Anxur genoem.
 27. Die Griekse treurspeldigter Aeschylus beskryf hoe Orestes sy moeder Clytaemnestra gedood het omdat sy sy vader Agamemnon vermoor het, en toe deur die Furieë of wraakgodinne met brandende fakkels agtervolg en tot waansin gedryf is.
 28. Solon (c. 640/635 – kort na 561/560 v.C.) was 'n beroemde Atheense staatsman, en die eerste digter van die Atheense letterkunde. Hy het verreikende konstitusionele hervormings ingestel wat arm Atheners groot politieke en finansiële voordele besorg het. Hy was een van die sewe wyse manne van Griekeland.
 29. Vgl. nota 13 hierbo.
 30. Dit is nie met juistheid te bepaal welke persone hier bedoel word nie. Moontlik is dit P. Cornelius Scipio Nasica, 'n neef van die Nasica wat vir Tiberius Gracchus in 133 v.C. vermoor het. Hy was praetor in 94. Marcus Metellus se praenomen ontbreek in die manuskrip, maar hy was waarskynlik die broer van Q. Metellus Creticus, die praetor van 69.
 31. Volgens Griekse en Romeinse gewoonte is getuienis van slawe nooit anders as met foltering afgeneem nie. Daar is geglo dat iemand wat nie 'n vry mens was nie, nie die waarheid kon praat behalwe op die pynbank nie.
 32. Cicero se woordspeling op *sectores* (= opkopers van verbeurdverklarde goedere) kan in Afrikaans nie presies weergegee word nie. *Sector* beteken basies "snyer/afsnier". Waarom die opkopers so genoem is, is onseker: òf omdat hulle die goedere in kleiner

hoeveelhede verdeel (opgesny) het om weer te verkoop, of omdat hulle dele of persentasies van die koopprys van die goedere moes "afkap" en inbetaal ter dekking van skulde op die goedere.

33. Cicero sinspeel op die moorde wat Capito gepleeg het.
34. Lucius Cassius Longinus Ravilla, konsul 127 v.C. het bekend gestaan as 'n buitengewoon streng regter. Sy *cui bono?* (tot wie se voordeel?) het net soos sy naam spreekwoordelik geword.
35. Die "slag van Cannae" is spreekwoordelik gebruik vir die proskripsies van Sulla. By Cannae en die Trasumennusmeer het Hannibal derduisende Romeine in die stoflaat byt.
36. Die Serviliusmeer was naby die forum geleë. Daar, sowel as op die forum, is die koppe van die vermoorde voëlvryverklaardes ten toon gestel.
37. 'n Sitaat uit die *Achilles*, 'n tragedie van Ennius. Frigiese = Trojaanse. Die Trojaanse held Hektor het 'n deel van die Griekse vloot aan die brand gestee. Die Griekse held Odysseus is in hierdie geveg gewond; hy vlug na Achilles se tent waar Aias hom vra waarom hy gevlug het. Die sitaat is Odysseus se antwoord op die vraag. Cicero pas dit toe op die groot aantal moorde.
38. Oor die mense wat hier opgenoem word, is niks verder bekend as dat hulle beroepsaanklaers moes gewees het wat in Sulla se proskripsies die lewe gelaat het, en dat die grys Antistius die koning van die aanklaers was.
39. Die "wonde" wat hulle versorg het, was die "skulde" wat hulle met die voëlvryverklaardes se geld kon delg.
40. Die middagmaal (*cena*) was die Romeine se hoofmaaltyd. Dit het gewoonlik teen 15h00 begin, en normaalweg 'n paar ure lank aangehou.
41. Achilles se wadrywer, bekend om sy vinnige jaery. Sy naam word metonimies gebruik vir enige wadrywer.
42. 'n Erepalmtak was die oorwinnaar se oorwinningsteken. 'n Lintversierde palmtak is toegeken vir 'n spesiale oorwinning.
43. In oerou tye was dit glo die Romeine se gewoonte om sestigjarige mans van die Subliusbrug af in die Tiber te stamp, as offerande aan die gode van die onderwêreld. In Cicero se tyd is hierdie gewoonte jaarliks op die *Ides* van Mei (= 15 Mei) herdenk deur strooipoppe in die Tiber te gooi. Capito het skynbaar 'n werklike man, jonger as sestig jaar, in die Tiber afgestamp.
'n Ander verklaring is dat manne van sestig jaar in Rome nie meer stemreg gehad het nie, en dus uit die brûe, dit wil sê smal toegange tot die stemplek geweer is. In hierdie geval sou Capito dan iets gewelddadigs gepleeg het teenoor 'n man wat jonger as sestig, en dus tog stemgeregtig was.
44. P. Cornelius Scipio Aemilianus, kortweg Scipio Africanus, die vernietiger van Karthago in 146 v.C.
45. 'n Toespeling op die naam Chrysogonus wat "uit goud gebore" beteken, asook op Chrysogonus se rykdom.
46. L. Valerius Flaccus het as *interrex* in 82 v.C. die *Lex Valeria* ingestel waardeur diktatoriale magte aan Sulla toegeken is.
Die *Lex Cornelia de proscriptione* is einde 82 v.C. deur Sulla uitgevaardig om die uitwissing van sy politieke teenstanders te wettig.
47. Hierdie volkere het in die mees suidelike deel van Italië gewoon. Cicero vergelyk Chry-

- sogonus se paleis met 'n beskeie woonhuis wat met alle redelike geriewe toegerus is.
48. Hierdie vase was vervaardig uit die beroemde Korinthise brons, 'n mengsel van goud, silwer en koper, en was baie duur; so ook die vase van die eiland Delos.
 49. Dit was of 'n draagbare stoof, of 'n apparaat om disse warm te hou.
 50. Ek lees *conviciis* in plaas van *conviviis*.
 51. Met ander woorde Romeinse burgers, hier sarkasties gebruik, want Romeinse burgers moes dit benede hul waardigheid ag om met 'n vrygelatene om te gaan.
 52. 'n Ooreenkoms tussen die aanhangers van Marius (Mariane) en die van Sulla (Sullane).
 53. Elke Romeinse burger het 'n ring gedra, of van goud of van yster. Die goue ring was 'n kenteken van senatore en ridders, terwyl die een van yster deur gewone burgers gedra is. Die afgee van sy ring beteken die afstaan van alle aanspraak op familieregte.
 54. Vgl. nota 12 hierbo. Haar deurlugtige ooms was Marcus Caecilius Metellus wat in 114 'n opstand in Sardinië onderdruk het, en Gaius Caecilius Metellus wat die Thraciërs in 113 oorwin het.
 55. Waarskynlik Marcus Valerius Messala wat in 53 konsul was. Ten tye van die proses was hy slegs 16 jaar oud, en om 'n aanklag te kon indien, moes 'n Romeinse burger 17 jaar oud wees.

2. Die eerste redevoering teen Catilina

1. Die Palatium was een van Rome se sewe heuwels, en 'n belangrike militêre pos in tye van onrus. Die aand voor hy hierdie toespraak gehou het, het Cicero dit met bykomstige troepe laat beset. Op hierdie heuwel is keiser Augustus se woning later opgerig, en het *palatium* gaandeweg die betekenis "paleis" verkry.
2. Die senaatsitting is in die tempel van Jupiter Stator teen die noordelike hang van die Palatium gehou, juis vanweë die beskerming van die troepe op die heuwel.
3. Volgens Sallustius (*Cat.* 17) was hulle die volgende: 1. Uit die senatoriale stand: P. Lentulus Sura, P. Autronius, L. Cassius Longinus, C. Cethegus, P. en Servius Sulla, L. Vargunteius, Q. Annius, M. Porcius Laeca (by wie se huis die vergadering gehou is), L. Bestia, Q. Curius. Vgl. nota 5 by Die vierde redevoering teen Catilina.
2. Uit die ridderstand: M. Fulvius Nobilior, L. Statilius, P. Gabinius Capito, C. Cornelius, en 'n hele aantal vooraanstaande manne uit die kolonies en vrystede.
4. Sy volle naam was Publius Cornelius Scipio Nasica Serapio (konsul 138 v.C.). Toe die konsuls in 133 v.C. nie geweld wou gebruik teen die hervormer Tiberius Gracchus nie, het 'n aantal senatore en ander vyande van Gracchus, met P. Scipio aan die spits, die man en sy ondersteuners bestorm, en hom en driehonderd van sy volgelinge met knuppels en steniging om die lewe gebring.
5. Hy was *magister equitum* van die diktator Quintius Cincinnatus in 439 v.C. Spurius Maelius was 'n ryk plebejer wat tydens die hongersnood van 440 v.C. in Rome, koring opgekoop en gratis aan die armes uitgedeel het. Daaroor is hy beskuldig van revolusionêre optrede. Toe hy gedaag is om voor Cincinnatus se regbank te verskyn, het hy geweier, en C. Servilius Ahala het hom onmiddellik neergevel.
6. Die senaat.

7. Hy was konsul in 121 v.C. en het 'n leidende rol gespeel in amptelike optrede wat tot die dood van Gaius Gracchus aanleiding gegee het.
8. Gaius Gracchus se vader, Tiberius Sempronius Gracchus, was twee maal konsul en later sensor. Sy moeder was Cornelia, die dogter van P. Scipio Africanus Maior.
9. M. Fulvius Flaccus, konsul in 125 v.C., is in 121 saam met sy twee seuns deur Opi-mius (nota 7) gedood omdat hy 'n ondersteuner van Gaius Gracchus was.
10. In 100 v.C. het die senaat aan genoemde konsuls kragtens 'n *Senatus Consultum Ulti-mum* (die aankondiging van 'n openbare noodtoestand) magte verleen om die verre-gaande geweldpleging van die demagoë Lucius Appuleius Saturninus en Gaius Servi-lius Glaucia te onderdruk. Hoewel laasgenoemde twee tot voor die senaat se opdrag Marius se politieke bondgenote was, het hy hulle in die uitvoering van sy plig op die Capitolium (wat deur hulle magte beset was) tot oorgawe gedwing deur hulle water-toevoer af te sluit. Om te voorkom dat hulle deur die gepeupel gelynych word, het hy hulle in die senaatshuis opgesluit, maar die gepeupel het deur die dak ingebreek en hul-le met die teëls doodgegooi. Cicero stel dus die saak nie heeltemal korrek nie.
11. Ek vertaal die term *patres conscripti* met "geagte senatore". Toegepas op senatore het *patres* oorspronklik dieselfde beteken as *patricii*, daar slegs patrisiërs in die koningstyd-perk van Rome sitting gehad het in die senaat. Die laaste koning, Tarquinius Superbus, het baie senatore laat vermoor, en nadat hy uit Rome verdryf is, is die senaat aangevul met senatore uit die ridderstand, en nog later weer deur manne uit die plebejerstand. *Conscripti* kan òf 'n byv.nw. wees wat "ingeskryfde", òf 'n s.nw. wat "bygeskryf-des" beteken, en sonder die voegwoord "en" aan "patres" gekoppel is. In eersge-noemde betekenis is *patres conscripti* dan "ingeskrewe vaders", d.w.s. die *patricii* wat deur die konings gekies is om as hul senatore op te tree, en wie se name op 'n lys ingeskrywe is, om hulle te onderskei van die ander *patricii*. As *conscripti* 'n s.nw. is, beteken *patres conscripti* "vaders en bygeskryfdes", waar *patres* oorspronklik net na die patrisiese senatore verwys, en *conscripti* na senatore van die ander stande, en wie se name bygeskryf is op die lys van patrisiese senatore. In ieder geval, die senaat as geheel is tradisioneel as *patres conscripti* aangespreek.
12. Tans Palestrina, suidoos van Rome geleë. Met die besetting daarvan sou Catilina een van die sterkste militêre poste in Latium in sy mag kry.
13. Belangrike Romeinse amptenare en beskermhere (*patroni*) het gewoonlik vroeg in die môre besoekers ontvang wat eer aan hulle kom bewys.
14. Cicero wys waarskynlik na die standbeeld van Jupiter Stator in wie se tempel die se-naatsitting plaasvind.
15. In die periode tussen 'n amptenaar se verkiesing (gewoonlik in Julie) en die aanvaar-ding van sy amp (1 Januarie die volgende jaar), is na hom verwys as die "verko-se" of "aangewese" (*designatus*) amptenaar.
16. Die *Campus Martius*, 'n terrein gewy aan Mars, net buite Rome se stadsgrens (*pome-rium*) geleë, en gebruik vir troepemonstering, sportbeoefening deur die publiek, en vir verkiesings deur die *comitia centuriata*.
17. Nadat Catilina sy eerste vrou vermoor het, het hy ook sy seun by haar vermoor, omdat hy met Aurelia Orestilla in die huwelik wou tree, en sy geweier het om 'n opgegroeide stiefseun in haar huis te hê.
18. Cicero praat hier op 8 Desember 63 v.C. Die terugtrekking van lenings (waarvan Catili-

- na baie gemaak het) het op die eerste dag van elke maand, naamlik die *Kalendae* plaasgevind, maar die lener moes eers daarvan in kennis gestel word, naamlik op die *Ides* (of die 13de of die 15de) van die vorige maand. Cicero voorspel dus dat Catilina op 13 Desember 63 in kennis gestel sal word dat sy lenings ingetrek is.
19. Cicero verwys na Catilina se eerste sameswering (vgl. "Agtergrond") in 66 v.C. toe M. Aemilius Lepidus en C. Volcatius Tullus die konsuls was.
 20. Die *comitium* was 'n oop vergaderplek in die forum.
 21. Die metafoor is ontleen aan die skermkuns in die gladiatorskole.
 22. Dus nie deur 'n stoot met sy eie swaard te pareer nie, maar bloot deur 'n lyfbeweging.
 23. Manius Aemilius Lepidus was konsul in 66 v.C. Nadat die senaat berig ontvang het dat Manlius op 27 Oktober in Etrurië die wapen opgeneem het teen die staat, het L. Aemilius Paullus vir Catilina aangekla van geweldpleig (*vis*), waarop laasgenoemde aangebied het om deur enige vooraanstaande burger onder bewaking gehou te word. Niks het van hierdie saak geword nie.
 24. Cicero is hier ironies. Catilina se teenwoordigheid by die vergadering in Laeca se huis toon hoe onsorgvuldig hy bewaak is.
 25. Cicero beweer dat dit teen sy beginsels is om so hardvogtig op te tree, maar die eintlike rede is omdat die senaat nie 'n gereghof was, en dus nie so'n vonnis wettig kon vel nie.
 26. Publius Sestius was in 63 v.C. quaestor. In 57 het hom as volkstribuun sterk beywer vir Cicero se herroeping uit ballingskap. In 56 het Cicero hom verdedig (*Pro Sestio*) teen 'n beskuldiging van geweldpleging gedurende sy tribuunskap.
 27. Marcus Marcellus was 'n intieme vriend van Cicero. Hy was konsul in 51, en 'n verbeete teenstander van Julius Caesar. Na Caesar se oorwinning is Marcellus verban, maar hy is begenadig en in 46 uit ballingskap herroep. In sy *Pro Marcello* bedank Cicero Caesar vir Marcellus se terugroeping.
 28. Ek lees die sin met weglating van *tua*.
 29. Sedert Marius se leërhervormings was die adelaar die veldteken vir 'n legioen in sy geheel. Sallustius (*Cat.* 59) beweer dat die adelaar hier ter sprake deur Marius in sy stryd teen die Cimbriërs gebruik is. Juis aan hierdie adelaar sou Catilina groot waarde geheg het, veral omdat hy homself beskou het as Marius se opvolger as leier van die *populares*.
 30. Cicero oordryf hier. Hy self noem slegs een so'n geval. Vgl. hierbo, nota 4.
 31. 'n Romeinse burger kon in kriminele sake by die volk appèl aanteken (*provocatio*) teen die vonnis van 'n amptenaar. Hierdie reg is blykbaar die eerste maal erken deur die *Lex Valeria* van 509 v.C. Die *Lex Porcia* van 197 v.C. het bepaal dat 'n burger die doodstraf of géselhoue kon vryspring deur in ballingskap te gaan. Die *Lex Sempronia de capite civium*, deurgevoer deur Gaius Gracchus in 123 v.C., het die beginsel dat die finale oordeel oor 'n burger se lewe by die volk berus het, herbevestig.
 32. Die tribune (*tribunal*) was 'n verhoog in die forum waar die stadspraetor op sy ampstoel (*sella curulis*) gesit het om sake tussen Romeinse burgers aan te hoor. Cicero impliseer dat Catilina en sy bende die stadspraetor probeer intimideer het. Vgl. nota 98 by Die tweede redevoering teen Antonius.
 33. Pyle met pikdeurweekte uitgepluiste touwerk vooraan vasgebind. Laasgenoemde is aan die brand gestee en die pyl dan afgeskiet om brand te stig. Die naam *malleolus* (= klein hamertjie) is waarskynlik daaraan gegee vanweë die hamervormige kop wat so'n behandelde pyl vertoon het.

34. Hierdie woorde rig Cicero aan die standbeeld van Jupiter in die tempel waar die senaat-sitting gehou word.

3. Die vierde redevoering teen Catilina

1. Vgl. nota 16 by Die eerste redevoering teen Catilina. *Auspicious* beteken eintlik die waarneming van voëls om uit hulle gedrag, vlug of geluide voortekens te kry wat aandui of die gode 'n bepaalde amptelike handeling goedkeur of nie. Die verkiesing van konsuls op die Campus Martius het gereeld gepaard gegaan met die waarneming van voortekens.
2. Die *sella curulis* of ampstoel (vgl. nota 32 by Die eerste redevoering teen Catilina). Dit was 'n met ivoor ingelegde stoel waarop die konsuls, praetors en *aediles curules* by amptelike geleenthede gesit het.
3. Omdat soveel vooraanstaande manne, o.a. Caesar en Crassus, skynbaar by die sg. Eerste Catilinarie se Sameswering betrokke was, het Cicero natuurlik sekere inligting verswyg.
4. Priesteresse van die godin Vesta (aanvanklik vier, maar later ses). 'n Vestaalse maagd is tussen haar sesde en tiende lewensjaar deur die *pontifex maximus* gekies, of deur haar ouers aangebied om 'n priesteresse van Vesta te word. Sy moes 'n gelofte van kuisheid aflê, die heilige vuur in die tempel Vesta brandend hou, in tye van nood vir die Romeinse volk as geheel bid, sorg vir die reinigingsmiddele by offerandes, en dertig jaar lank in diens van die godin bly. Sou sy haar belofte van kuisheid verbreek, is sy lewend begrawe.
5. Publius Cornelius Lentulus Sura is kort na sy konsulskap in 71 v.C. deur die sensors uit die senaat geskop vanweë onbetaamlike gedrag. In 63 is hy vir 'n tweede keer tot praetor verkies, en in hierdie amp was hy 'n belangrike leier in Catilina se sameswering in hierdie jaar. Op grond van 'n voorspelling in die Sibillynse boeke en die uitsprake van waarsêers was hy oortuig daarvan dat hy die derde Cornelius was (die vorige twee was Cinna en Sulla) wat deur die lot bestem was om heerskappy oor Rome te verkry. Hy was een van die vyf samesweerders wat tereggestel is.
6. Terentia.
7. Tullia.
8. Marcus.
9. Gaius Calpurnius Piso Frugi, Tullia se eerste man. Daar hy eers in 58 v.C. quaestor geword het, kon hy by hierdie senaatsitting in 63 nog nie binne in die tempel sit nie, en het hy waarskynlik tussen die toeskouers by die oop tempeldeure gestaan.
10. Sedert die ontstaan van die amp (500–450 v.C.) tot ongeveer die 4e–3e eeu v.C. kon 'n volkstribuun (*tribunus plebis*) twee agtereenvolgende jare tot die amp verkies word. Daarna is dit as onkonstitusioneel verklaar. Toe Tiberius Gracchus dus tydens sy eerste jaar as volkstribuun (133 v.C.) vir sy herverkiesing die volgende jaar begin werk het, is hy deur senatore en ander vyandige elemente vermoor vir sy onkonstitusionele optrede. Vgl. ook nota 4 by Die eerste redevoering teen Catilina.
11. Gaius Gracchus, jonger broer van Tiberius (nota 10), is wel twee agtereenvolgende jare tot volkstribuun verkies (123 en 122 v.C.). Hy wou sy broer se agrariese wette van

133 v.C. uitvoer om sodoende ekonomiese en sosiale voordele aan die arm volksmassa te laat toeval. Sy strewe is deur die senaat as revolusionêr beskou en ten gevolge daarvan is hy en 'n groot aantal van sy "agrariese party" in 121 v.C. deur die konsul Opimius gedood.

12. Lucius Appuleius Saturninus was 'n revolusionêre volkstribuun. Sy vriend Gaius Servilius Glaucia was in 100 v.C. as praetor onwettig 'n kandidaat vir die konsulskap. Sy teenstander Gaius Memmius is in 'n oproer vermoor. Ten gevolge daarvan het die senaat die konsul Marius opdrag gegee om die wet en orde te herstel, en in die proses is sowel Glaucia as Saturninus gedood. Vgl. ook nota 10 by Die eerste redevoering teen Catilina.
13. 'n Dankfees (*supplicatio*) is gewoonlik deur die owerhede in Rome afgekondig by geleentheid van 'n groot militêre oorwinning of sukses. Deur aan die volk toegang te verleen tot die standbeelde van die gode, is daar geleentheid geskep vir algemene godeverering. Dit is *supplicatio* genoem omdat die aanbidders hulleself ôf neergevly, ôf gekniel het voor die beelde.
14. Die name van die nege persone wat deur die senaat vir bewaking gegee is, word in *In Catilinam* III.6.14 vermeld. Vier van hulle, t.w. Cassius, Furius, Anniius Chilo en Umbrenus het egter gevlug, en gevolglik kon die senaat se bevel teen hulle nie uitgevoer word nie. Sallustius (*Cat.* 47) vermeld ook die name van die persone aan wie die vyf gevangenes vir bewaking gegee is: Lentulus aan P. Lenutlus Spinther, Cethegus aan Q. Cornificius, Statilius aan C. Caesar, Gabinius aan M. Crassus, Caeparius aan Cn. Terentius.
15. 'n Senaatsbesluit moes voor sonder geneem word om van krag te wees.
16. Hy was aangewese (*designatus*) konsul vir 62 v.C., en volgens gebruik is hy eerste deur die voorsittende konsul gevra om sy opinie (*sententia*) te lug.
17. C. Julius Caesar.
18. Dit sou die vrystede met 'n onbillike las belaaï indien hulle beveel sou word om die gevangenes lewenslank te bewaak; aan die ander kant sou die senaat in verleentheid kom as die vrystede versoek word om die taak te verrig en nie een van hulle is gewillig om dit te doen nie.
19. Dit wil sê by wyse van ôf 'n senaatsbesluit (*senatus consultum*) ôf 'n wet (*lex*) wat deur die volksvergadering in die *comitia* uitgevaardig word.
20. Wanneer hulle om die lewe gebring word.
21. Hier beteken *popularis* "van die volk" of "volks", in teenstelling met die outokrasie. Die *populares* in die Romeinse politieke bestel was die "volksparty" wat ook verkeerdelik die "demokrate" genoem word. Baie van die *populares*, veral hulle leiers, was allermins demokrate in die moderne sin van die woord. Weens gebrek aan 'n woord in Afrikaans wat *populares* suiwer as 'n politieke begrip weergee, gebruik ek die Latynse woord in die vertaling. (Vgl. ook notas 3 en 4 by afdeling 10.1: Inleiding.)
22. Julius Caesar het daarmee gespog dat hy 'n afstammeling was van Iulus, die seun van Aeneas. Daar laasgenoemde die seun van die godin Venus was, kon Caesar dus ook daarmee spog dat hy van gode afgestam het.
23. Toe Caesar voorgestel het dat die senaat die middeweg tussen alte groot wreedheid en oormatige sagsinnigheid moet bewandel.
24. Vgl. nota 31 by Die eerste redevoering teen Catilina.

25. C. Julius Caesar.
26. *Purpuratus* was eintlik 'n titel wat aan Macedoniese en Asiatiese howe aan die koning se mees vertroude minister gegee is.
27. Lucius Caesar was konsul in 64 v.C. Sy suster Julia was met die samesweerder Lentulus getroud.
28. M. Fulvius Flaccus, konsul in 125 v.C., wat saam met sy seuns in 121 v.C. deur die konsul L. Opimius om die lewe gebring is omdat hulle ondersteuners van C. Gracchus was.) Vgl. nota 11 hierbo.) L. Caesar se moeder, Livia, was 'n dogter van M. Fulvius Flaccus.
29. Om bloedvergieting te probeer voorkom, het Fulvius sy jongste seun na Opimius gestuur met voorwaardes vir versoening tussen die senaat en die aanhangers van C. Gracchus.
30. Dit verwys na C. Gracchus se wet waarkragtens goedkoop koring aan die armer deel van die bevolking verskaf is.
31. P. Cornelius Lentulus (konsul in 162 v.C.) was ten tye van C. Gracchus se dood (121 v.C.) *princeps senatus*.
32. Die onenigheid tussen die senaat en die ridderorde is meegebring deur die *Lex Acilia* van 122 v.C. wat die alleenreg van senatore om in juries te dien, na die ridderorde oorgeplaas het.
33. Die senatorestand, dit wil sê die senaat.
34. Die vennootskap en eensgesindheid tussen senaat en ridderstand is teweeggebring deur die *Lex Aurelia* (deurgevoer deur die praetor Lucius Aurelius Cotta) van 70 v.C., wat bepaal het dat juries in die vervolg saamgestel sou word uit senatore, ridders en *tribuni aerarii*. (Vgl. nota 35 hieronder.)
35. Die betaalmeesters (*tribuni aerarii*) was plebejiese amptenare wat aan die quaestors toegewys is om geld wat uit die skatkis (*aerarium*) ontvang is, volgens voorgeskrewe reëls uit te betaal, bv. soldy aan soldate.
36. Die klerke (*scribae*) van die senaat of ander owerheidspersone, het 'n gesiene stand in Rome gevorm. Hulle is op 5 Desember (die dag waarop Cicero hierdie rede lewer) jaarliks deur die lot aan die quaestors toegewys by die *aerarium* in die tempel van Saturnus in die forum. Hierdie tempel was binne sig van Cicero waar hy in die tempel van Concordia besig was om te praat.
37. Die skatkis (*aerarium*) was 'n deel van die tempel van Saturnus (vgl. vorige nota).
38. Cicero wys waarskynlik na die forum waar talle winkels en stalletjies opgerig was.
39. In tye van onrus en oorlog was die winkeliers gedwing om hulle winkels toe te maak.
40. Die *Capitolium* was die hooftempel van Jupiter op die Capitolyne heuwel, en direk teenoor die tempel was Rome se oorspronklike vesting of burg geleë.
41. Die *penates* was die huisgode of beskermgode van sowel die individuele familie as die staat.
42. Die godin van die huislike haard en die haardvuur, asook van die eendrag en veiligheid in die staat. In haar ronde tempel aan die voet van die Palatynse heuwel is haar heilige vuur deur die Vestaalse maagde aan die gang gehou. Slegs eenkeer per jaar, naamlik op 1 Maart, kon dit doodgaan en opnuut gemaak word. As die vuur andersins sou doodgaan, is dit as 'n slegte voorteken beskou, en daarvoor is die verantwoordelike Vestaalse maagd deur die hoëpriester (*pontifex maximus*) met géseling gestraf. Vgl. ook nota 4 hierbo.

43. Waarskynlik die nag toe die Allobroge gearresteer is (vgl. die Agtergrond tot hierdie rede). As die staat daardie nag nie die getuienis by hulle gekry het, wat gelei het tot die inhegtenisname van die samesweerders nie, kon dit rampspoedig geëindig het vir die Romeinse staat.
44. Scipio Africanus Maior wat Hannibal by Zama in 202 v.C. verslaan het.
45. Publius Cornelius Scipio Aemilianus Africanus Minor, seun van L. Aemilius Paullus en aangenome kleinseun van Scipio Africanus Major.
46. Lucius Aemilius Paullus, wat vir Perseus, die koning van Macedonië in 168 v.C. by Pydna verslaan het.
47. Cicero se stellings is verkeerd bewys, want spoedig hierna het die twis tussen die senaat en die ridderorde opnuut opgevlam.
48. Vgl. Agtergrond by Die eerste redevoering teen Catilina (p. 214).

4. Pleitrede vir die digter Archias

1. Die geskrewe toespraak wat ons vandag besit, is nie die oorspronklike rede wat Cicero mondeling tydens die verhoor van Archias gelewer het nie, maar 'n hersiene, verbeterde weergawe wat eers jare na die verhoor gepubliseer is. 'n Aantal Duitse klassici was van oortuiging dat die rede nie deur Cicero geskryf is nie, omdat die taal na hul mening alte geswolle en bombasties is, en omdat 'n aantal *hâpaks legômena* wat nie elders in Cicero voorkom nie, daarin verskyn. Hul argumente is na my mening voldoende weerlê deur James S. Reid, *M. Tulli Ciceronis pro A. Licinio Archia Poeta Oratio ad iudices*, Cambridge Univ. Press, 1951, pp. 18–19.
2. Gaius Marius (die beroemde generaal) en Quintus Lutatius Catulus, die konsuls in 102 v.C.
3. Marius was veral beroemd om sy oorwinnings oor Jugurtha (107–105 v.C.), die Teutone (102 v.C.) en in samewerking met Catulus, die Cimbriërs (101 v.C.). Daarbenewens was Catulus self 'n skrywer.
4. Quintus Caecilius Metellus Numidicus, konsul in 109 v.C., het Jugurtha van Numidië op sy knieë gedwing, maar moes later sy bevel afstaan aan Marius.
5. Marcus Aemilius Scaurus was die groot staatsman tydens die oorlog teen Jugurtha.
6. Die beroemde redenaar.
7. Vgl. Agtergrond by hierdie rede.
8. Die aristokratiese demagoog; tribuun in 91 v.C.
9. Hoofsaaklik Gnaeus Octavius, konsul saam met Cinna in 87 v.C.
10. Waarskynlik Lucius Porcius Cato, tribuun in 100 v.C. en konsul in 89 v.C.
11. Vir die *Lex Plautia Papiria*, vgl. Agtergrond by hierdie rede.
12. Appius Claudius Pulcher, konsul in 79 v.C.
13. Publius Gabinius Capito, praetor 89 v.C., is na sy goewerneurskap in Achaia vir afer-sing aangekla en skuldig bevind. Sy gevoeligste verlies was die verlies van sy burgerregte.
14. Van Lucius Cornelius Lentulus is niks verder bekend as dat hy in die jaar 80 v.C. praetor was nie. Hy was die voorsittende regter by die hof waar Metellus, die man wat die

- naam gedra het wat op die lys verander is, aangekla het weens usurpasie van burgerskap.
15. Dit wil sê Suid-Italië wat vanweë die talle aldaar gestigte Griekse kolonies hierdie naam verkry het.
 16. *Tempestivus* beteken letterlik "wat vroeg begin". Die Romeine se gasmale het normaalweg teen drie-uur nm. begin, en dan voortgeduur tot diep in die nag. As die gasmaal dan "vroeg begin", dit wil sê voor die normale tyd, beteken dit dat die maaltyd "uitgegrek" word.
 17. Die aanslae op hom nadat hy die Catilinarie se sameswering onderdruk het.
 18. Publius Cornelius Scipio Aemilianus Africanus Numantinus (185/4–129 v.C.) die veroweraar van Karthago in 146 v.C., en die sentrale figuur in die "Kring van Scipio", 'n filosofies-literêre groep wat veel gedoen het ter bevordering van die Griekse kultuur in Rome gedurende die laaste helfte van die tweede eeu v.C. Hy was konsul in 147 en 134 v.C., en goed bevriend met die Griekse filosoof Panaitios en die geskiedskrywer Polybios.
 19. Gaius Laelius Minor, 'n groot vriend van Scipio (nota 18) en 'n hoogs gekultiveerde, toonaangewende lid van die "Kring van Scipio". Hy was konsul in 140 v.C.
 20. Lucius Furius Philus, konsul 136 v.C., ook 'n groot vriend van Scipio en 'n prominente lid van die "Kring van Scipio".
 21. Marcus Porcius Cato Censorius (234–149 v.C.), konsul in 195, sensor in 184 v.C. (sy bynaam is aan sy streng sensorskap te danke), teenstander van Griekse invloed in Rome en, volgens bewering, skepper van die leuse "Karthago moet verdelg word". Hy was die vestiger van die Latynse prosastyl met sy geskiedwerk *Origines* en sy werk oor landbou *De agricultura*.
 22. Quintus Roscius Gallus, die beroemde veelsydige en begaafde akteur.
 23. Byvoorbeeld Demokritos en Plato.
 24. Quintus Ennius (239–169 v.C.) die belangrikste voor-klassieke Romeinse digter. Slegs fragmente van sy werke het behoue gebly.
 25. Volgens oorlewering het sewe Griekse stede getwis om die eer van Homeros se geboorteplek te wees: Smyrna, Rhodos, Kolophon, Salamis, Chios, Argos en Athene.
 26. Staatsman en generaal tydens die Persiese oorloë. In 'n seeslag by Salamis het hy saam met die Spartaanse bevelvoerder Eurybiades in 480 v.C. die Persiese vloot onder Xerxes verslaan.
 27. Lucius Plotius Gallus, een van die eerste retoriekonderwysers in die Latynse taal.
 28. Vgl. Ter ondersteuning van Manilius se Wet.
 29. Dit is onwaarskynlik dat Archias die hele Mithridatiese oorlog beskryf het tot by die beëindiging daarvan deur Pompeius wat vir Lucullus as opperbevelhebber opgevolg het.
 30. Die inskripsies op hierdie beroemde graftombe is gedeeltelik vroeg in die 17e eeu, en weer aan die einde van die 18e eeu teruggevind, en is tans in die Vatikaan. Dit was 'n algemene gewoonte van die Romeine om vir vriende plek te maak in die familiegraf.
 31. Deur die digter Ennius. Cato die sensor (vgl. nota 21 hierbo) het vir Ennius (vgl. nota 24) in 203–202 v.C. uit Sardinië na Rome gebring.
 32. In Cicero se tyd het dit bestaan uit slegs Rome, Latium en die Romeinse kolonies.
 33. 'n Voorgebergte voor Troje. Dit vorm een kant van die toegang tot die Hellespont. Volgens tradisie lê vier helde van die *Iljas* hier begrawe: Achilles, Patroklos, Antilochos, Ajax.

34. Politieke raadgewer en historiograaf van Pompeius. Hy het Pompeius vergesel op sy kampanjes in die derde Mithridatiese oorlog (66–63 v.C.).
35. Dit was dus 'n swak epigram; slegs na vorm, naamlik die effens langer alternatiewe verse, was dit 'n epigram, maar na inhoud het dit niks beteken nie.
36. Sulla het self die reëling beheer waarop die besittinge van die voëlvryverklaardes verkoop is. Vgl. Ter verdediging van Sextus Roscius.
37. Tans Cordoba; dit was die hoofstad van die Romeinse provinsie Hispania Ulterior, en het reeds vroeg die Romeinse kultuur aangeneem. Latynse skrywers soos die twee Senecas en Lucanus het ook daarvandaan gekom.
38. Decimus Iunius Brutus, konsul 139 v.C.
39. Lucius Accius (ca. 170–86 v.C.), die tragediedigter en geleerde. Slegs klein brokkies van sy werke het oorgebly.
40. Marcus Fulvius Nobilior het die Aetoliërs in 189 v.C. (die jaar toe hy konsul was) verower, en daarna 'n tempel tot eer van Herkules en die Muses laat bou. Hierdie tempel het hy versier met die buit wat hy gemaak het in Ambracia (in Epirus), een van die belangrikste stede van die Aetoliese Bond.
41. Dit wil sê geklee in die *toga* die normale drag van 'n Romeinse burger in vredestyl.
42. Ek lees *adhortatus sum* in plaas van *adornavi*.
43. Dit wil sê wanneer ons te sterwe kom.
44. Ek lees *ingentiis* in plaas van *iudiciis*.
45. Vgl. § 7.
46. Vgl. § 8.
47. Vgl. § 9.
48. Quintus Cicero, die redenaar se broer, was die voorsittende regter. Quintus was self 'n digter en 'n bewonderaar van die Griekse geleerdheid.

5. Ter ondersteuning van Manilius se Wet

1. Daar bestaan onsekerheid oor die oorspronklike titel van hierdie toespraak. Dit staan bekend as *Pro lege Manilia* of as *De imperio Cn. Pompei*. Cicero self verwys egter na hierdie rede in sy *Orator*, 101, waar hy sê: *Fuit ornandus in Manilia lege Pompeius*. Hierdie woorde bevestig skynbaar die eersgenoemde titel, maar omdat *pro* normaalweg in Cicero se redes 'ter verdediging van' 'n kliënt in die hof beteken, en nie van 'n maat-reël nie, was die oorspronklike titel moontlik *De lege Manilia*.
2. Die 'plek' is die *rostra* in die forum, 'n verhoog vanwaar die volk toegesprek is. Dit is so genoeg omdat dit versier was met die *rostra* (skeepssnebbe, of ysterpunte aan die voorstewens van oorlogskepe) wat in 338 v.C. van die buitgemaakte skepe van die seerowervesting Antium verwyder is.
3. Die Romeinse kieserskorps was verdeel in 193 senturieë of afdelings, wat saam die volksvergadering bekend as die *comitia centuriata* gevorm het. Hierdie volksvergadering het die hoër amptenare, dit wil sê amptenare *cum imperio* (soos onder andere praetors en konsuls) verkies. In Cicero se geval is die verkiesing waarskynlik twee keer deur politieke boewery ontwig.

4. Dit wil sê eerste van die agt praetors wat verkies moes word.
5. Ongewoon omdat dit sy eerste toespraak vanaf die *rostra* aan die volk is. Voorheen het hy slegs toesprake in die hof gelever.
6. Pompeius se *virtus* is binne hierdie konteks nie soseer sy "dapperheid" of "deugdelikheid" nie, maar eerder sy "bekwaamheid", en meer bepaald sy "militêre bekwaamheid".
7. Mithridates VI, koning van Pontus, en Tigranes I, koning van Armenië.
8. Cicero was 'n lid van die ridderorde (*equites*). Die belastinggaarders (*publicani*) was ook almal *equites*.
9. Geleë in N-W. Klein-Asië.
10. Koning van Cappadocië.
11. Konsul van 74 v.C. Sedert 73 was hy in bevel van die Romeinse magte in Asia en Cili-cië, met die spesifieke opdrag om die oorlog teen Mithridates af te handel. Hy het Pontus verower en vir Mithridates gedwing om na Tigranes in Armenië te vlug. In 69 val hy Armenië binne en oorwin vir Tigranes. Omdat hy egter ongewild was by sowel sy soldate as kollegas en die meerderheid van die senaat, kon hy nie die nodige hulp kry om sy taak te voltooi nie, en moes hy hom in 67 onttrek en toekyk hoe Mithridates en Tigranes weer eens Romeinse belange bedreig.
12. Die Romeine het nie soos ons vandag die staat beskou as 'n abstrakte, onpersoonlike mag aan wie se goedkeuring die individu se handeling onderhewig was nie. Veel eerder het die individue, dit wil sê die burgers gesamentlik, die *populus*, die staat uitgemaak. Daarom beteken die term *res publica* eintlik *res populi*, "die aangeleenthede (of die eiendom) van die *populus*, dit wil sê van die staat". Die term het die moderne betekenis "republiek" slegs by skrywers van die Romeinse Keiserryk, as 'n kontras vir die dominasie van die keisers, en dan gebruik hulle boonop die uitdrukking *libera res publica*. Tog lê die betekenis van *res publica* by skrywers van die laat Republiek en Keiserryk dikwels baie na aan die moderne begrip van die staat. (Vgl. Wolfgang Kunkel, *An Introduction to Roman Legal and Constitutional History*², 'n Engelse vertaling van *Römische Rechtsgeschichte*, deur J.M. Kelly, p.9.) Woordeboeke gee die betekenis van *res publica* ook aan as "gemenebes". In Afrikaans beteken laasgenoemde woord: "Stategemeenskap; bond van state gevorm deur die vrywillige vereniging van die betrokke dele". Hierdie betekenis pas na my mening ook nie in die konteks nie. Daarom het ek *res publica* deurgaans vertaal met "staat" om die moderne leser nie te laat struikel oor die begrip nie.
13. Die eerste Mithridatiese oorlog wat in 88 begin het.
14. Om te bewys dat Romeinse beskerming niks werd is in Asia nie, het Mithridates in 88 opdrag gegee dat alle Italiane en Romeine op een dag in daardie provinsie vermoor moet word. Altesaam 80 000 het glo omgekom.
15. L. Cornelius Sulla het Mithridates in die eerste Mithridatiese oorlog oorwin. Daarna het hy diktator geword.
16. L. Licinius Murena, wat in 84 deur Sulla aangestel is as proprætor van Asia. Deur sy aggressie het hy doelbewus die tweede Mithridatiese oorlog veroorsaak. Hy is deur Mithridates verslaan, maar na sy terugkeer in Rome in 81, het hy 'n onverdiende triomfoptog gevier.
17. Dit wil sê vanaf Murena se vertrek in 81 tot in 67.
18. Eintlik was daar slegs een leier in Nader-Spanje teen wie Rome oorlog gevoer het, naamlik

Sertorius, wat sedert 83 aldaar 'n vesting van die Mariane teen Sulla opgebou het. Die Romeinse generaals, o.a. Pompeius in 77, wat teen hom uitgestuur was, kon Sertorius nie oorwin nie. Mithridates het in hom 'n handige bondgenoot gesien in sy stryd teen Rome.

19. Dit wil sê die westelike front.
20. Die oostelike front.
21. In 146 is die Romeinse afgesante na 'n vergadering van die Achaëiese Bond beledig.
22. In 88 is Manius Aquilius (konsul in 101), die Romeinse onderbevelhebber in Bithynië, deur Mithridates uit daardie land verdryf en gevange geneem. As straf vir die Romeinse se gierigheid het hy gesmelte goud in Aquilius se keel afgegooi en hom so om die lewe gebring.
23. Die ander een was Manius Acilius Glabrio, konsul in 67, wat in 66 deur die senaat gestuur is om bevel in Bithynië en Pontus oor te neem.
24. Dit wil sê die oorlog teen die seerowers.
25. Rome het in die jare 192–188 teen Antiochus die Grote oorlog gevoer ter beskerming van hulle bondgenote onder die Grieke van Klein-Asië.
26. Philippus V van Macedonië is in 200 deur Rome die oorlog aangesê omdat hy gehelp het met die aanval op Athene, Rome se bondgenoot.
27. Die Aetoliërs was Antiochus (n.25) se bondgenote in sy stryd teen Rome.
28. Die eerste Puniese Oorlog het uitgebreek omdat Rome in 264 hulp verleen het aan die Mamertyne, inwoners van die stad Messina in Sicilië; die tweede is veroorsaak deur Hannibal se aanval in 219 op Saguntum, Rome se bondgenoot in Spanje; die derde deur die Puniërs se aanval op Masinissa, koning van Numidië en bondgenoot van Rome.
29. Die derde Mithridatiese oorlog.
30. Lucullus sou gewis erg gegrief gevoel het as die opperbevel aan Pompeius gegee sou word; daarom gaan Cicero hier uit sy pad om Lucullus lof toe te swaai en sodoende die gramskap van Lucullus en die ander aristokrate wat die wet teenstaan, te temper.
31. Cyzicus in Bithynië.
32. Hierdie twee dorpe is geleë in die noorde van Pontus, aan die kus van die Swartsee. Sinope was Mithridates se geboorte- en hoofstad.
33. Medea was die dogter van Aeetes, die koning van Colchis. Sy het verlief geraak op Jason, die leier van die Argonoute, en hom gehelp om die legendariese goue vag te bekom. In hulle daaropvolgende vlug het sy haar broertjie Absyrtus vermoor, sy liggaam aan stukke gesny, en die stukke in die see gestrooi om haar vader deur die versameling van die stukke, in sy agtervolging te vertraag.
34. Waarskynlik 'n tempel in die omgewing van die Eufraat (die hedendaagse Luristan), wat knaend deur die Siriërs en Parthe aangeval is.
35. In 67 is C. Triarius in die Slag van Zela vernietigend verslaan; 7 000 van sy troepe is gedood, en sy kamp is ingeneem.
36. Die twee bekendstes was Cn. Naevius (c. 270–201 v.C.) wat 'n gedig met die eerste Puniese oorlog as tema geskryf het, en Q. Ennius (239–169 v.C.) wat 'n epos, die *Annales*, gedig het waarin Rome se geskiedenis tot by 171 beskryf is.
37. Vgl. nota 2 hierbo.
38. Glabrio.
39. Die Bondgenote-oorlog (91–89 v.C.)

40. Reeds op 17-jarige leeftyd dien hy in 89 as stafoffisier in sy vader se leër.
41. In 83 sluit Pompeius hom by Sulla aan, en bring drie legioene te Picenum op die been om vir Sulla by te staan.
42. Teen Cinna in Italië (83); teen Carbo in Sicilië (82); teen Lepidus in Italië (77).
43. Teen Cn. Domitius en die oorblyfsels van die Mariane, asook teen koning Jarbas (81).
44. Teen Galliese stamme in 76, toe hy op pad was na Spanje om teen Sertorius te gaan veg.
45. Teen Sertorius (76).
46. Teen Spartacus se opstandige slawe, met sy terugkeer uit Spanje in 71.
47. Teen die seerowers in 67.
48. *Lictores* was geregsdienaars wat voor amptenare *cum imperio* geloop het: 24 voor 'n diktator, 12 voor 'n konsul en 6 voor 'n praetor. Hulle het *fascēs* gedra, dit wil sê roede-bundels om 'n byl, *securis*, gegroep. Twaalf liktorsbyle beteken dus 2 praetors.
49. Vgl. die kaart vir die ligging van hierdie plekke.
50. Op die seekus van Latium.
51. 'n Stad in Campanië.
52. Hawestad aan die mond van die Tiber, ongeveer 25 km van Rome af.
53. Die Illiriese see is daardie deel van die Adriatiese see wat langs die kus van Illirië lê. Die twee seë is die TIRRHEENSE see langs die weskus, en die Adriatiese see langs die ooskus van Italië.
54. Die dag in 67 v.C. toe Pompeius buitengewone magte verkry het om teen die seerowers op te tree.
55. Vgl. § 25. Dit verwys na die groot neerlaag wat Triarius in 67 met die Slag van Zela gely het. Vgl. ook n. 35 hierbo.
56. Q. Metellus Creticus (konsul 69) het Kreta wat 'n sterk seerowerbasis geword het, in 68–66 verower.
57. Pompeius was in daardie stadium in Pamphilië. Vgl. § 35.
58. In 77 is Pompeius met prokonsulêre mag na Spanje gestuur om Q. Metellus Pius, die aanvoerder van die Romeinse magte teen Sertorius te versterk. Mithridates het in 75 met Sertorius gekonkel en in 74 'n formele verdrag met hom gesluit om met verenigde kragte teen Rome te veg. Daar bestaan egter geen onafhanklike getuienis ter bevestiging van die verhaal dat Mithridates wel 'n gesant spesiaal na Pompeius, en nie na Metellus, die oorspronklike aanvoerder in Spanje, gestuur het om oor vrede te onderhandel nie. Dit was Pompeius se weergawe van die gebeure, terwyl Metellus volgehou het dat die gesant bloot 'n spioen was.
59. Quintus Fabius Maximus Cunctator wat vir Hannibal in die tweede Puniese oorlog (218–201) in toom gehou het met sy agtervolging- en ontwykingstrategie. M. Claudius Marcellus was 'n ander suksesvolle Romeinse aanvoerder teen Hannibal in die tweede Puniese oorlog.
P. Scipio Aemilianus die Jongere wat Karthago aan die einde van die derde Puniese oorlog in 146 verwoes, en Numantia in Spanje in 133 verower het.
Gaius Marius wat Jugurtha, die koning van Numidië, in 105 oorwin het, en die Teutone en Cimbriërs in 102 en 101 respektiewelik.
60. Q. Lutatius Catulus het as konsul sy kollega, Lepidus, se opstand in 78 met Pompeius se hulp onderdruk. Polities was hy tans die leier van die konserwatiewe element in die senaat, en sterk gekant teen die wette van Gabinius en Manilius.

61. Quintus Hortensius Hortalus, Cicero se hoofmededinger in die geregshowe; ook hy was gekant teen genoemde wette wat buitengewone magte aan Pompeius verleen het.
62. Hierdie menings het presies die teenoorgestelde van Catulus en Hortensius se siening behels. Wie hierdie menings gehuldig het, lees ons eers in § 68.
63. Aulus Gabinius, die tribuun wat in 67 die *Lex Gabinia de piratis persequendis* voorgestel het, waardeur Pompeius die buitengewone magte verkry het om teen die seerowers op te tree.
64. Na die dood van Alexander die Grote en die verdeling van sy ryk, het Rhodos een van die belangrikste seemoondhede in die oostelike Middellandse See-gebied geword. Gedurende die tweede eeu v.C. het sy mag ter see egter gekwyn, 'n faktor wat grootliks bygedra het tot die opkoms van seerowery in daardie gebied.
65. Antiochus III (die "Grote") van Sirië wie se vloot in 191 en 190 deur die Romeine verslaan is.
66. Perseus was die koning van Macedonië (179–168), en Rome se vyand in die derde Macedoniese oorlog (171–168). Sy vloot het sonder slag of stoot aan die Romeine oorgegeë.
67. Gedurende die eerste Puniese oorlog (264–241).
68. Delos het vanweë sy ligging floreer as private pakhuis vir die handel tussen Oos en Wes.
69. Een van Rome se belangrikste hoofpaaie. Appius Claudius die sensor van 312, het dit begin bou; dit loop van Rome na Capua vanwaar dit ooswaarts oor Italië na die hawestad Brundisium lei.
70. Vgl. nota 2 hierbo.
71. Niks verder is bekend oor die manne wat Cicero hier as voorbeeld noem nie.
72. Die reg en voorreg wat die volk aan Pompeius toegestaan het om sy eie onderbevelhebber te kies.
73. Hier = die oorlog teen Numantia. Owerigens = die oorlog teen Sertorius.
74. Publius Cornelius Scipio Aemilianus het Karthago in 146, en Numantia in 133 verower en vernietig. Vgl. ook nota 59 hierbo.
75. Gaius Marius: vgl. nota 56 hierbo.
76. Vgl. nota 41 hierbo.
77. Sulla het bepaal dat 'n *quaestor* outomaties 'n lid van die senaat word, en dat niemand onder die ouderdom van dertig jaar tot *quaestor* verkies mag word nie. Pompeius was egter slegs 24 jaar oud toe Sulla hom in 82 *cum imperio* na Sicilië gestuur het – sonder dat hy ooit 'n *quaestor* geword het.
78. 'n Triomfoptog is slegs aan bevelvoerders *cum imperio* toegestaan. Pompeius se *imperium* was egter erg onreëlmatig omdat hy nog steeds 'n ridder (*eques*) was en nie 'n senator nie.
79. Pompeius is in 76 met prokonsulêre mag (dit wil sê in die plek, en met die magte van 'n konsul) na Spanje gestuur teen Sertorius, hoewel hy maar 'n ridder was en die twee konsuls van 77 (Mam. Aemilius Lepidus en D. Junius Brutus) beskikbaar was om volgens normale prosedure gestuur te word.
80. L. Philippus (konsul 91, sensor 86) was in 76 die mees junior aktiewe politikus met konsulêre rang.
81. Pompeius het in 70 konsul geword, ses jaar te vroeg om aan die wettige vereiste te voldoen. Op hierdie tydstip kon niemand wettig voor die ouderdom van 42 jaar tot konsul verkies word nie. Vergelyk hiermee egter ook nota 82.

82. Dit is nie duidelik wat Cicero met "enige ander amp" bedoel nie. Waarskynlik dink hy net aan die kurule ampte, t.w. *aedilis*, *quaestor*, *praetor*, *consul*. Die wette wat bepaal het hoe oud 'n kandidaat moes wees voordat hy 'n spesifieke amp kon beklee, het as *leges annales* bekend gestaan. Die oudste *lex annalis*, in 180 v.C. uitgevaardig, het bepaal dat 'n quaestor 31, 'n aedilis 37, 'n praetor 40, en 'n konsul 43 jaar oud moes wees. Dit los egter nog nie die probleem op nie.
83. In 71 vir sy dienste as bevelvoerder teen Sertorius.
84. Romeinse aanvoerders is baie maklik verlei om hulleself te verryk met die rykdomme van die oostelike provinsies.
85. P. Servilius Vatia Isauricus, konsul in 79, prokonsul in Asia van 78 tot 74, het suksesvol teen die seerowers oorlog gevoer, en hulle bergvesting te Isauria (vandaar sy bynaam Isauricus) in Pamphylië verower.
86. C. Scribonius Curio, konsul in 76, prokonsul van Macedonië van 75 tot 72.
87. Cn. Lentulus Clodianus, konsul in 72, sensor in 70 en onderbevelhebber van Pompeius in die seeroweroorlog.
88. C. Cassius Longinus, konsul in 73.
89. Dit wil sê Cicero se moeilike professie as geregsredenaar.

6. Die tweede redevoering teen Antonius

1. Die Latynse titel van die 14 redes wat Cicero teen Antonius gelewer het, is *Orationes Philippicae*, wat letterlik beteken "redevoerings teen Philippos". Die benaming *Philippicae* is oorspronklik gegee aan sekere toesprake waarin die beroemde Atheense redenaar, Demosthenes, vir koning Philippos II van Macedonië tussen die jare 351–341 v.C. aangeval het. Hierdie benaming is op Cicero se redes teen Antonius oorgedra, nie soseer vanweë 'n ooreenkoms in die toon of felheid van die twee stelle toesprake nie, maar eerder vanweë die ooreenkoms in die politieke stryd wat die twee redenaars moes voer: net soos Demosthenes teen koning Philippos gestry het om die vryheid van Athene, so het Cicero teen die dreigende militêre despotisme van Antonius gestry om die vryheid van die Romeinse Republiek.
Klaarblyklik het Cicero self hierdie benaming vir sy redes teen Antonius voorgestel. Ons lees immers in 'n brief van Marcus Iunius Brutus (een van die Caesar-moordenaars) aan Cicero, *Iam concedo ut vel Philippici (sc. libelli in Antonium) vocentur, quod tu quadam epistula iocans scripsisti*: "Ek gee nou verlof dat hulle (dit wil sê twee toesprake teen Antonius wat in boek- of pamfletvorm uitgegee is) Philippici genoem word, soos jy grappenderwys in 'n brief van jou geskryf het" (*Ad Brutum* 11.3.4). Daarop antwoord Cicero, *Video te delectari Philippicis nostris*: "Ek sien jy skep behae in my *Philippicae*" (*Ad Brutum* 11.4.2).
Die Afrikaanse woord "filippika" waarmee 'n ongebreidelde, opswepende smaadrede bedoel word, is nie geskep na aanleiding van Demosthenes se *Philippicae* nie, maar wel na aanleiding van Cicero s'n, veral die *Philippica ii*.
2. Publius Clodius. Vgl. Inleiding, pp. 7 en 8.

3. Niks is met volle sekerheid bekend in verband met hierdie saak nie. Skynbaar was die "vriend en verwant" van Cicero die aanklaer wat 'n saak gemaak het teen 'n beskermeling van Antonius wat in hierdie stadium groot aansien geniet het vanweë sy jeug en persoonlike charisma. Toe dit blyk dat die aangeklaagde skuldig bevind sou word, het Antonius 'n tribuun oorgehaal om die verdere verloop van die hofsitting te veto. Vgl. ook nota 6 hieronder.
4. Rome se wette was in dié stadium nog nie in 'n kode vasgelê nie. Die praetoriese wet (*praetorium ius*), was die aanvaarde normale wet van Rome. Hierdie wet was eintlik 'n versameling edikte wat praetors (Rome se "hoofregters") gewoonlik elke jaar met die aanvaarding van hul amp as die grondbeginsels van hul jurisdiksie uitgevaardig het.
5. Die vrygelatenes (*libertini* of *liberti*). Hulle was slawe wat hul vryheid van hulle base verkry het. Hulle is deur die rasegte Romeinse burgers verag, en 'n huwelik met vrygelatenes is as ontwaarding beskou.
6. Hy was die vader van Fadia, Antonius se eerste vrou. Geleerdes vermoed Q. Fadius was die verweerder vir wie Antonius beskerm het teen Cicero wat sy vriend Sicca in die geding bygestaan het. Toe dit blyk dat Fadius veroordeel gaan word, het Antonius 'n tribuun omgekonkel om die hofverrigtinge stop te sit met sy veto.
7. C. Scribonius Curio, 'n jong vriend van Antonius en Clodius. As volkstribuun het hy in 50 v.C. na Caesar oorgeloop en in 49 as 'n offisier in Caesar se magte in Africa gesneuwel.
8. Die augurs was 'n priesterskollege van voëlwiggelaars wat uit die vlug, geskree, getal, ens. van sekere soorte voëls voortekens in verband met militêre en politieke aangeleenthede afgelei het (sien ook nota 118 hieronder).
9. Quintus Hortensius Hortalus, die redenaar. Cicero het in 53 v.C. augur geword in die plek van Crassus, die triumvir, wat in daardie jaar dood is.
10. In 50 v.C., in die plek van Q. Hortensius, en met sterk steun van die Caesariëne.
11. Na die slag van Pharsalus is Cicero deur Caesar begenadig, en moes hy in Brundisium wag (Oktober 48–September 47) op Caesar se terugkoms. Gedurende genoemde jaar het Caesar vir Antonius met die grootste deel van sy leër teruggestuur na Italië waar hy by Brundisium geland het. Antonius het dus 'n goeie geleentheid gehad om Cicero om die lewe te bring.
12. Die eerste *Philippica* gehou op 2 Septembaer 43 v.C.
13. Naamlik die rang van oud-konsul en *pater patriae*, en ook van leier van die republikeine in die senaat (altans vir alle praktiese doeleindes).
14. Dit verwys na die beweerde verkoop van ampte, kwytskeldings en toegewings deur Antonius, wat hy beweer het deur Caesar se testament en ander voorskrifte bepaal is.
15. Volgens wet moes enige nuwe wetsvoorstel ten minste 17 dae (*tres nundinae*) voordat daarvoor gestem word, gepromulgeer word, dit wil sê onder die volk se aandag gebring word by wyse van afkondiging en/of kennisgewing. Antonius het blykbaar die wet verontagsaam.
16. Manne in Antonius se gevolg.
17. Dit was onwettig om gewapen in die teenwoordigheid van die senaat te wees.
18. Cicero verwys na die verdenking dat Antonius verskeie dokumente vervals het, en voorgegee het dat hulle in Caesar se handskrif geskryf was. Daarmee sou hy dan baie geld gemaak het. Vgl. § 35.

19. Sextus Clodius, Antonius se leermeester in welsprekendheid, aan wie laasgenoemde 2 000 *iugera* (= ± 500 hektaar) grond gegee het as beloning vir sy onderrig.
20. 'n Ander Sextus Clodius (nie die retonikus van nota 19 hierbo nie), en 'n handlanger van die bekende Publius Clodius. Hierdie Sextus is juis in 52 v.C. (die jaar waarin Publius dood is) verban op aanklag van geweldpleging tydens die straatgevegte tussen Publius Clodius en Milo.
21. Antonius is direk deur Caesar as sy kollega in die konsulsamp vir 44 v.C. aangestel. Antonius is dus nie wettig volgens die normale prosedure genomineer of verkies nie.
22. Cicero verwys na Fulvia wat in hierdie stadium met Antonius as haar derde man getroud was. Voorheen was sy getroud, eers met Clodius en daarna met Curio. Cicero skimp dat sy onheil bring vir haar mans, want sowel Clodius as Curio het 'n gewelddadige dood gesterf.
23. In 63 v.C., Cicero se konsulaatsjaar.
24. Marcus Porcius Cato Uticensis het na die slag van Thapsus (46 v.C.) selfmoord gepleeg om nie in Caesar se hande te val nie.
25. In 62 v.C. na die beëindiging van die derde Mithridatiese oorlog en Pompeius se skiking in die Ooste.
26. Dit verwys na die titel *Pater Patriae* waarmee die senaat vir Cicero begroet het na die teregstelling van die Catilinarie se samesweerders op 5 Desember, 63 v.C.
27. Sedert Sulla se wetgewing in 81 v.C. het konsuls nie meer die Romeinse leërs aangevoer nie. Daarom het hulle die siviele *toga* en nie langer die multiëre *paludamentum* (die veldheer se mantel) gedra nie. Gewoonlik is dankfeeste net ter ere van seëvierende generaals verorden. Die dankfees ter ere van Cicero was dus 'n besondere erkenning vir 'n buitengewone prestasie – die onderdrukking van die Catilinarie se same-swering.
28. Na die dood van Antonius se vader is P. Lentulus Sura, een van die verhoorde samesweerders, met Antonius se moeder, Julia, getroud. Lentulus was dus Antonius se stiefvader.
29. Dit wil sê na die forum toe. Die forum was op laagliggende terrein geleë waar die *curia*, die senaatshuis, gestaan het. Die woonhuise was op hoër terrein geleë.
30. Dit is die name van drie bekende tafelskuimers of opskeploers (mense wat graag op iemand anders se onkoste 'n maaltyd nuttig) uit Latynse komedies. Phormio verskyn in Terentius se *Phormio*, Gnatho in Terentius se *Eunuchus*, en Ballio, 'n nog swakker karakter, in Plautus se *Pseudolus*. Cicero suggereer dus dat Antonius se gaste tafelskuimers is.
31. Die Catilinarie se samesweerders. Vgl. Inleiding, pp. 6–7.
32. "Die man" is Cicero, en "hulle" is die senaat.
33. Die senaat.
34. 'n Arabiese volk wat in die gebied tussen die oostelike grens van Romeinse Palestina en die Arabiese woestyn gewoon het. Hulle was beroemde boogskutters. 'n Aantal van hulle is waarskynlik na Italië gebring deur of Pompeius wat Palestina in 63 v.C. verower het, of Antonius self.
35. In sy toespraak teen Cicero in die senaat.
36. Hierdie aanhaling vorm deel van die eerste vers van 'n gedig (*De consulatu suo*) wat Cicero self in 60 v.C. geskryf het oor sy prestasies gedurende sy konsulaat. Hy het

dit self geskryf omdat die erkende digters nie die taak wou onderneem nie. Omdat Cicero se gedig deurspek was van verwaandheid en ydelheid, het Antonius die gek daarmee geskeer.

37. In 59 v.C. toe hy Julius Caesar se kollega in die konsulsamp was.
38. In 55 v.C. gedurende Pompeius en Crassus se konsulaat is Caesar se opperbevel in Gallië kragtens die *lex Vatinia* verleng.
39. In 52 v.C. is 'n wet met goedkeuring van Pompeius deurgevoer, wat aan Caesar die reg verleen het om in 49 in sy afwesigheid om die konsulsamp te ding.
40. Marcus en Decimus wat albei deel gehad het aan die moord op Caesar. Dit was vir die voorstanders van die moord op Caesar voordelig om die leuen te verkondig dat Marcus en Decimus afstammelinge was van Lucius Junius Brutus wat in 510 v.C. die verdrywing van die Romeinse koningshuis, die Tarquiniï, gelei het. Lucius was egter 'n patrisiër, terwyl Marcus en Decimus van plebejiese afstamming was. Bowendien het Lucius die voortplanting van sy naam beëindig deurdat hy sy eie twee seuns ter dood veroordeel het omdat hulle met die uitgedryfde Tarquiniï sou geheul het.
41. Marcus Brutus, wie se moeder 'n afstammeling was van die beroemde C. Servilius Ahala. Vgl. nota 5 by Die eerste redevering teen Catilina.
42. Nog een van die Caesarmoordenaars. Die meerderheid van die manne direk hierna deur Cicero genoem, was Caesarmoordenaars.
43. Die moord op Caesar. Caesar was in 47 v.C. by Tarsus, die hoofstad van Cilicië, maar niks is verder bekend oor hierdie komplot nie.
44. Gnaeus Domitius Ahenobarbus (konsul in 32 v.C.) is in 43 veroordeel vir medepligtigheid aan die moord op Caesar. Sy vader Lucius Domitius Ahenobarbus was getroud met M. Porcius Cato Uticensis se suster, en het in die slag van Pharsalus waar hy teen Caesar geveg het, gesneuwel. Sy oom Cato het na Caesar se oorwinning by Thapsus in 46, selfmoord gepleeg. (Vgl. nota 24 hierbo.)
45. M. Brutus was *praetor urbanus* in 44 v.C. Volgens wet mog hy in hierdie amp nie langer as tien dae uit die stad afwesig wees nie.
46. Die *ludi Apollinares*, openbare spele ter ere van Apollo, het 'n week lank geduur (die tweede week in Julie), en is gereël en beheer deur die *praetor urbanus*. Die amptenaar in beheer van openbare spele het gewoonlik gepoog om gewildheid, en gevolglik groter politieke steun by die volk te verwerf, deur groot somme geld kwistig te bestee aan buitengewone skouspele e.d.m.
47. Om vir M. Brutus en Cassius uit die pad te kry, het Antonius voorgestel dat eersgenoemde goewerneur word van Kreta, en laasgenoemde goewerneur van Cyrenaica sodat hulle daar kon toesig hou oor die graantoevoer na Rome. Dit was minderwaardige poste vergeleke by die goewerneurskappe van Macedonië en Sirië wat die republikeine vir M. Brutus en Cassius onderskeidelik beoog het. Hulle het egter nie Antonius se aanbod aanvaar nie, maar Rome verlaat om via ander provinsies uiteindelik beheer oor Macedonië en Sirië oor te neem.
48. Gewoonlik is daar slegs een quaestor aan 'n goewerneur toegesê. Die aantal quaestors en *legati* (onderbevelhebbers) in sy gevolg, het die aansien van 'n goewerneur bepaal. Antonius wou egter in M. Brutus en Cassius se geval, die minderwaardigheid van die aangebode poste verdoesel deur die getal quaestors en *legati* te verhoog.
49. Naamlik, dat hy geen aandeel in die moord op Caesar gehad het nie.

50. M. Brutus en Cassius. Cicero impliseer dat die aangebode goewerneurskappe van Kreta en Cyrenaica (n. 47 hierbo) deur Antonius as versluierde ballingskap beskou is.
51. Cicero bedoel hy sou vir Antonius ook doodgemaak het.
52. Hawestad van die provinsie *Gallia Narbonensis*, wat na Narbo (huidig Narbonne) ver-
noem is. Cicero se beskuldiging hier is vals. Trebonius het Antonius in 45 v.C. te Narbo
gepols in verband met die moord op Caesar, maar hy wou niks daarmee te doen gehad
het nie. Tydens sy oponthoud in Narbo het Antonius uiters uitspattig gelewe. Vgl. § 76.
53. Lucius Cassius Longinus Ravilla (konsul 127 v.C.). Vgl. nota 34 by Pleitrede vir Sex-
tus Roscius.
54. Die godin *Ops*. Haar tempel was na aan die tempel van *Concordia* (Eendrag) geleë,
en het die Romeinse skatkis gehuisves. Kort na Caesar se dood het Antonius beslag
gelê op al die geld in die skatkis: 700,000,000 *sestertii* = ongeveer 30,000,000 Ame-
rikaanse dollar. (Vanweë die fluktuierende waarde van ons geldeenheid is dit tans nie
gerade om die randwaarde van laasgenoemde bedrag te probeer bereken nie.)
55. Vgl. Inleiding, p. 12.
56. 'n Stad op Ciprus, waar die oudste en beroemdste tempel van Venus gestaan het. Op
sy vlug van Pharsalus af, het Pompeius daar aangedoen.
57. Die bemaking van erflatings was in Rome 'n gewilde manier om jou waardering vir
'n persoon (veral 'n hoogaangeskrewe persoon wat nie 'n familielid is nie) te kenne
te gee.
58. Dit is feitlik onmoontlik om hierdie bedrag na 'n moderne geldeenheid om te reken.
59. Vgl. §§ 62 en 74. Owerigens is L. Rubrius onbekend. Cicero insinuer dat Antonius
die man se testament vervals het om besit te kom van sy eiendom.
60. Owerigens onbekend. Nog 'n insinuasie van testamentvervalsing.
61. Dit het behoort aan Q. Metellus Scipio, skoonvader van Pompeius.
62. Sextus Clodius. Vgl. nota 19 hierbo.
63. Marcus Antonius, die beroemde redenaar is in 87 v.C. op bevel van Marius vermoor.
64. 'n Stad op die ooskus van Sicilië. Hierdie grond het nie aan Antonius behoort nie —
dit was staatsgrond (soos ook die “Campaanse gebied” in Middel-Italië, wat in § 101
vermeld word).
65. Die *ager publicus* was wettig onderhewig aan 'n belasting van 'n tiende (*decumae*).
66. Vgl. § 101.
67. Lett.: “toe jy nog die *toga praetexta* gedra het”. Vrygebore seuns het hierdie beson-
dere toga met 'n breë purper soom gedra tot hul mondigwording op ongeveer sestion-
jarige ouderdom. Daarna het hulle die *toga virilis* (manstoga) begin dra.
68. Die *lex Roscia* is in 67 v.C. deur die tribuun Lucius Roscius Otho uitgevaardig. Daar-
volgens is die eerste veertien rye sitplekke in die teater (direk agter die *orchestra* waar
die senatore en amptenare gesit het) vir die uitsluitlike gebruik van die *equites*
gereserveer.
69. Vgl. nota 7 hierbo.
70. Vgl. nota 58 hierbo.
71. Vgl. nota 2 hierbo.
72. 'n Intrige met Clodius se vrou, Fulvia, met wie Antonius later getroud is.
73. Aulus Gabinius was in 56 v.C. die goewerneur van Sirië vanwaar hy Egipte binnege-
val het om Ptolemaeus Auletes weer op sy troon te plaas nadat hy in 58 deur sy on-

- derdane afgesit is. Die senaat was teen enige ingryping ten behoewe van Ptolemaeus gekant, en het hulle beslissing gegrond op 'n uitspraak in die Sibillynse boeke. Antonius was Gabinus se *legatus*.
74. Na sy vertrek uit Egipte het Antonius in 54 v.C. 'n besoek gebring aan Caesar in Gallië, waarskynlik om te reël vir sy verkiesing tot *quaestor*.
 75. In die dae voor die burgeroorlog en verbeurdverklaring van eiendom, waardeur Antonius in besit gekom het van villas.
 76. Op hierdie voorgebergte in die baai van Napels het Antonius 'n aandeel in 'n villa besit. Vgl. ook § 73.
 77. 'n Stad in *Hispania Baetica*, waar daar 'n vermiljoenmyn was waarin Antonius 'n aandeel besit het.
 78. Antonius was 'n handlangster van Clodius (Cicero se aartsvyand) en vanselfsprekend was sy verhouding met Cicero gespanne.
 79. Vgl. Inleiding, p. 10.
 80. In 52 v.C.
 81. Die drie wettige maniere waarop 'n verkose *quaestor* sy bepaalde taak of werkkring (*provincia*) gekry het. Meestal is die *quaestor* se werkkring deur die lot bepaal (*sorte*), maar buitengewone (*extra ordinem*) opdragte kon òf deur 'n senaatsbesluit (*senatus consultum*) òf 'n wet (*lex*) van die volk gegee word. Antonius het hom na sy verkiesing as *quaestor* in 52 v.C. nie hieraan gesteur nie, en sy eie *provincia* gekies deur hom by Caesar te gaan aansluit in Gallië, waar hy sy *quaestorskap* in 51 uitgedien het.
 82. In 49 v.C., met ampstoetreding op 10 Desember, 50 v.C.
 83. Curio die jongere (vgl. nota 7 hierbo, en ook §§ 44–46) wat die vorige jaar (50 v.C.) tribuun was. Hy en Antonius was met hulle ongebreidelde ondersteuning vir Caesar in 'n baie groot mate verantwoordelik vir die finale breuk tussen Caesar en Pompeius.
 84. 49 v.C. Op 1 Januarie het Antonius en Quintus Cassius Longinus die senaat se ultimatum aan Caesar, naamlik dat hy sy leër moes ontbind, geveto. Dit is hierdie veto wat Cicero 'n misdaad noem.
 85. Die *Senatus Consultum Ultimum*, wat neerkom op 'n oorlogsverklaring.
 86. Gaius Antonius Hybrida, Cicero se ampsgenoot in die konsulaat (63 v.C.).
 87. Onbekend.
 88. Cicero insinueer dat Antonius vir Lenticula die bedrag van sy dubbelskuld aan hom laat betaal het, om sy terugroeping uit ballingskap te bewerkstellig.
 89. In Mei 49 v.C., om Pompeius se leërs onder Afranius en Petreius uit die weg te ruim.
 90. Cicero was in, of in die buurt van Pompeius se kamp by Dyrrhachium in Illirië.
 91. Die liktore was geregsdienaars wat die roedebundels met 'n byl in die middel (*fascēs*), die simbool van die mag om lyfstraf toe te dien of om iemand die lewe te ontnem, voor die hoër amptenare uit gedra het. Antonius was wettig slegs 'n volkstribuun, en dus nie geregtig op liktore nie. Bowendien het loutieromkranste roedebundels aangedui dat die begeleide amptenaar 'n oorwinning oor 'n buitelandse vyand behaal het – iets waarmee Antonius ook nie kon spog nie.
 92. Haar verhoognaam was Cytheris.
 93. 'n Prefektuur was 'n stad in Italië wat deur 'n *praefectus* uit Rome bestuur is.
 94. 'n Bekende akteur in Rome. Die naam Hippias hou verband met die Griekse woord *hippos* (= perd). As versamelnaam kan *hippos* ook "ruitery" beteken. Die woordspe-

ling op die naam van die akteur en Antonius se nuwe titel (Bevelvoerder oor die ruitery) bevat dus 'n lelike angel.

95. Die Romeinse staat moes betaal vir die renperde wat in die *circus* aan wedstryde deelgeneem het. Vir hierdie doel het hulle 'n belasting (*vectigal*) gehef op die amptenare wat die spele aangebied het. Kontrakteurs het dan die reg om die perde te voorsien, van die staat gekoop – vandaar die term ‘kontrakperde’. Slegs senatore kon wettig as kontrakteurs optree. Antonius het dus onwettig opgetree deur die akteur Sergius as 'n kontrakteur toe te laat.
96. Pompeius se huis in die spogbuurt van Rome, naamlik in die Carinae teen die hang van die Esquilynse heuwel. Na Pompeius se dood het Antonius dit gekonfiskeer en self daarin gaan woon. Hy behou dit tans met moeite omdat Pompeius se jongste seun, Sextus, dit as wettige erfgenaam terugeis. Voorheen het Antonius in 'n ander gekonfiskeerde huis gewoon, naamlik die van die oud-konsul Marcus Pupius Piso.
97. Vgl. notas 59 en 60 hierbo.
98. Die tribune (*tribunal*) was 'n halfsirkelvormige of vierkantige platform waarop amptenare, veral praetors (oorspronklik waarskynlik net *tribuni*) in Rome of die provinsies gesit het tydens amptelike funksies of regspleging. Die verhogie van grond in 'n militêre kamp, vanwaar die bevelvoerder sy soldate toegesprek of verhoor het, is ook 'n *tribunal* genoem. Antonius het in hierdie stadium die rang van praetor gehad.
99. Einde 47 v.C.
100. 'n Ingeplante spies was die simbool van die opveiling van geproskripteerde eiendom (soos in hierdie geval), of van oorlogsbuit.
101. Uit 'n drama van Gnaeus Naevius (ca. 270–200 v.C.)
102. Die mitiese vroulike seemonster wat die see se water opslurp en weer uitspu – in werklikheid die bekende draaikolk in die seestraat van Messina.
103. Die skeepssnawels wat Pompeius buitgemaak het in die seeroweroorlog in 66 v.C.
104. Die Twaalf Tafels of *Duodecim Tabulae (Legum)*, was die eerste gekodifiseerde stel wette van Rome. Dit is in 450 v.C. opgestel. Om jou vrou die huissleutels te ontnem, was een manier van egskeding kragtens hierdie wette.
105. Na die slag van Pharsalus het Antonius na Italië teruggekeer en Caesar se *magister equitum* geword. Hy het nie verder aktief aan die gevegte deelgeneem nie.
106. Vgl. nota 44 hierbo.
107. Antonius was in bevel van die linkervleuel van Caesar se linie by Pharsalus, en ook Caesar se betaalmeester in Gallië in 53 v.C.
108. Onder druk van die dreigende vervolging wou Antonius 'n deel van sy eiendomme verkoop om sy skuld vir die aankoop van Pompeius se gekonfiskeerde goedere aan Caesar te betaal.
109. In November 46 v.C., om teen Pompeius se seuns te gaan veg.
110. Die *rudis* was 'n staf waarmee 'n ontslane swaardvegter begiftig is.
111. Publius Cornelius Dolabella (vroeër Cicero se skoonseun), 'n getroue ondersteuner van Caesar tot by laasgenoemde se dood. Hier is waarskynlik 'n verwysing na Dolabella se klein postuur wat so opsigtelik was dat Cicero hom eenmaal in die openbaar gevra het wie hom so netjies aan sy swaard vasgegend het.
112. In die eerste *Philippica* (7–10), op 2 September, 43 v.C.
113. 'n Gehug op die Via Flaminia, Rome se grootpad na die Noorde, ongeveer 15 km van

- Rome af. Sy naam is ontleen aan die kleur van die rotse wat bo hom uitgetroon het.
114. Sy eie vrou, Fulvia.
 115. Antonius se skielike terugkeer na Rome het waarskynlik skrikwekkende gerugte in verband met die oorlog tussen Caesar en die Pompeiane laat ontstaan.
 116. *Catamitus* is die verlatynste vorm van die Griekse naam Ganymedes, die naam van die mooi jong seun wat as Jupiter se skinker opgetree het. Vandaar die betekenis "skandknaap/verwende liefing".
 117. Lucius Munatius Plancus was Caesar se *legatus* in Gallië, en het skynbaar in hierdie stadium (45 v.C.) dieselfde funksie vir Caesar in Rome vervul. Waarskynlik wou hy Antonius se borge vir die geld wat hy aan Caesar verskuldig was, se eiendom verkoop om genoemde skuld te delg.
 118. Vgl. nota 6 hierbo. Geen Romeinse openbare handeling kon geskied sonder dat voortekens (wat die wil van die gode weerspieël) eers vooraf waargeneem is nie. 'n Augur kon nie self die voortekens waarneem nie; hy moes dit slegs interpreteer. Net die hoër amptenare het die reg van waarneming (*spectio*) gehad, maar sedert 58 v.C. is hulle deur 'n wet van die tribuun P. Clodius verplig om die uitslag van die *spectio* deur 'n augur te laat aankondig. As die uitslag gunstig was, is dit *nuntiatio* genoem, en as dit ongunstig was, *obnuntiatio*. In laasgenoemde geval is die handeling dan uitgestel na 'n ander dag (*alio die*). Slegs 'n augur kon ook bepaal of die *spectio* glad en sonder steurnis verloop het, en as hy 'n fout of beletsel (*vitium*) daarin raaksien, is die handeling ongeldig verklaar (*vitiare*). Indien die hoër amptenaar terselfdertyd ook 'n augur was, kon hy natuurlik self die uitslag van die *spectio* aankondig. Kragtens hul priesterlike amp kon augurs dus waardevolle hulp verleen aan politieke partye, veral by verkiesings (*comitia*): hulle kon voorkom dat 'n verkiesing plaasvind (*comitia impedire*) of die uitslag daarvan ongeldig verklaar (*comitia vitiare*).
 119. Cicero was sedert 53 v.C. 'n augur.
 120. Vgl. § 83.
 121. Die dag waarop Caesar vermoor is.
 122. Caesar se draagstoel was groot genoeg om daarin te lê, met sy kop aan die agterkant. Daar het Antonius telkens sy kop ingesteek om sy versoeke te rig.
 123. Een van die 193 afdelings (*centuriae*) waarin Romeinse burgers ingedeel was om in die *comitia centuriata* o.a. konsuls te verkies. Die lot het bepaal welke senturie eerste moes stem (*centuria praerogativa*). Die uitslag van die verkiesing is in 'n groot mate bepaal deur hoe hierdie senturie gestem het.
 124. Die Romeinse voetsoldate was in vyf klasse opgedeel volgens hul besittinge. Die eerste klas was die rykste, en dus ook die invloedrykstes.
 125. In die *comitia centuriata* was daar 18 riddercenturieë, waarvan 12 geen bepaalde name gedra het nie, en wat ons dus die "gewone riddercenturieë" kan noem. Die oorblywende 6 het as die *sex suffragia* (lett. = "ses stemafdelings") bekend gestaan. Hierdie 6 senturieë het die name gedra van die drie oudste stamme (*tribus*) van die Romeinse volk, naamlik *Tities*, *Ramnes* en *Luceres*, elk met die toevoeging *priores* (= vroeëres) en *posteriores* (= lateres). Ons kan hulle dus die "ses benoemde senturieë" noem. Ons teks bevat egter nie die woord *sex* nie, slegs *suffragia* wat op sigself "stemming/die uitbring van stemme" beteken. Hierdie betekenis maak die volgorde van die stemming soos volg: gelote senturie, eerste klas, soos gewoonlik die algemene stem-

ming, die tweede klas. Dit moet foutief wees: die tweede klas kan nie na die algemene stemming opgeroep word nie. Daarom aanvaar ons Mommsen se emendasie: *deinde vi. ut adsolet, suffragia*. Die 12 gewone riddercenturieë het dan blykbaar saam met die eerste klas voetsoldate gestem, en direk daarna, maar tussen klasse 1 en 2, die *sex suffragia*.

126. Gaius Laelius (konsul 140 v.C.) die beroemde vriend van die jonger Scipio, en groot kenner van die augurale wetenskap.
127. Aan sy kollega, Caesar, wat ook sowel konsul as augur was.
128. Die kollege van augurs.
129. Die fees ter ere van die wolfgod *Lupercus*, jaarliks op 15 Februarie. Sy priesters, die *Luperci*, geklee in velle en gewapen met leerrieme, het deur die stad rondgedraf en almal wat hulle teëkom met hul rieme geslaan. Antonius self was ook 'n *Lupercus*.
130. Vgl. § 43, en nota 64.
131. Caesar.
132. Antonius het net die velstertriem van die *Luperci* aangehad.
133. Cassius, Maelius en Manlius is manne uit die vroeë Republiek; hulle is om die lewe gebring omdat hulle daarvan verdink was dat hulle na die koningskap gestreef het.
134. Ek lees die sin met weglating van *quod fas non est*.
135. Met ander woorde die moord op Caesar moet voorrang geniet bo 'n bespreking van die geldigheid van die voortekens.
136. Die Aarde as godin.
137. Cicero bedoel Antonius het aanvanklik, direk na die moord op Caesar, krediet gekry vir sy oënskynlike samewerking met die republikeine. Vanaf 1 September het sy houding egter verander, en nou is hy so ontevrede met homself oor daardie krediet dat hy alles in sy vermoë doen om dit te vernietig.
138. Die 17e Maart, die dag waarop Cicero amnestie vir die moordenaars voorgestel, en Antonius dit goedgekeur het.
139. Antonius se eie seuntjie by Fulvia, dogter van M. Fulvius Bambalio.
140. Cicero verwys na die oproer wat ontstaan het by die verbranding van Caesar se lyk in die forum.
141. 'n Senator wie se huis tydens die oproer afgebrand is.
142. In 509 v.C. is die laaste koning, en daarmee saam opperheerskappy in die hande van een man uit Rome geban. Twee konsuls met gelyke mag is verkies om die oppergesag te deel. Spoedig het hierdie verdeling van die oppergesag haas onoorkomelike probleme veroorsaak in tye van politieke en oorlogskrisisse. Daarom is die nuwe amp *dictatura* (diktatorskap) in die Romeinse konstitusie opgeneem. Die diktator was bedeel met oppergesag, dit wil sê 'n gesag hoër as die van konsuls, om krisisse die hoof te bied (*rei gerundae causa*). Die diktator is vir 'n periode van hoogstens ses maande aangestel. In 216 v.C. is die laaste diktator met die oorspronklike doel voor oë aangestel (t.w. Fabius Maximus in die oorlog teen Hannibal). Daarna het die amp in onbruik verval.

Die latere diktatorskappe van Sulla (82–79 v.C.) en Caesar het radikaal verskil van die oorspronklike amp. In hulle geval was dit blote misbruik van 'n eerbare titel om oppergesag wat onkonstitusioneel verkry is, te verdoesel. Caesar het in 48 v.C. tweemaal diktator geword, in 46 diktator vir tien jaar, en in 44 diktator lewenslank. Direk

- na die moord op Caesar het Antonius die terme *dictatura* en *dictator* met alles wat daarmee saamhang, uit die Romeinse konstitusie laat skrap.
143. Ek lees die sin: *ut eius omen omne propter proximi dictatoris metum tolleres*.
 144. Vgl. nota 54 hierbo.
 145. Die geld is bloedbevlek omdat dit verkry is uit die gekonfiskeerde eiendomme van voël-vryverklaarde aanhangers van Pompeius.
 146. Die koning van Galasië, wat in November 45 v.C. deur Cicero verdedig is teen die aanklag dat hy Caesar wou vermoor het.
 147. Die binneste deel van 'n Griekse huis, waar die vrouens gewoon het.
 148. Caesar het bepaal dat M. Brutus goewerneur van Macedonië sou word.
 149. Caesar het 'n onderskeid gemaak tussen politieke en kriminele ballinge.
 150. Antonius se oom, Gaius Antonius, is in 70 v.C. deur die sensors as burger afgegradeer. Dat so'n man hom vir die sensorskap verkiesbaar stel, is dus sowel belaglik as beledigend.
 151. Slegs by verkiesings is weerlig aan die linkerkant as 'n slegte voorteken beskou, sleg genoeg om die verkiesing af te gelas. Owerigens was weerlig aan die linkerkant 'n goeie voorteken.
 152. Die sewemanskap (*septemvirs*) was 'n raad wat uit sewe lede bestaan het om staatsgrond in Italië en Sicilië aan koloniste toe te ken. Dit was een van Antonius se eerste instellings na Caesar se dood. Sy hoofdoel daarmee was om die guns van Caesar se veterane te wen. Antonius self, en sy broer Lucius, het in hierdie raad gedien, maar sy oom is oor die hoof gesien.
 153. Hy het van sy niggie, Antonia, geskei, om met sy derde vrou, Fulvia, te trou. Vgl. nota 22 hierbo.
 154. Capua was sedert Caesar se agrariese wet van 59 v.C. 'n kolonie van sy oudgediendes. Hulle was nie gediend met Antonius se inmenging in hul sake nie, en hy moes skynbaar ten gevolge van 'n opstand, haastig vandaar die wyk neem.
 155. 'n Dorp in Noord-Campanië aan die Volturnusrivier, ongeveer 12 km noord van Capua.
 156. Kragtens die *Lex Iulia* van 59 v.C.
 157. Die stigting van 'n kolonie was oorspronklik 'n militêre maatreël, en is steeds met militêre ritueel uitgevoer. Die koloniste het met vlae na die gebied marsjeer, en 'n ploeg-voor is getrek om die omtrek van hul stadsmuur aan te dui.
 158. Die sogenaamde "geleerdste Romein", beroemd om sy kennis van oudhede en sy literêre prestasies; hy het na bewering ongeveer 500 boeke die lig laat sien. Hy is in 37 v.C. dood.
 159. Die *Via Latina*, direk van Casinum na Rome. Die dorpe wat hier genoem word het of aan die pad, of op kort afstand daarlangs gelê. Anagnia het op 'n heuwel gelê, daarom het hulle "afgekom" na die pad.
 160. Dolabella. Die grafmonument is in die forum opgerig op die plek waar Caesar se lyk verbrand is.
 161. By Dolabella. Antonius het hom waarskynlik gedreig.
 162. Dolabella het sy verhewe politieke ideale onder invloed van Antonius laat vaar.
 163. Suetonius berig (*Caesar*, 76) dat Caesar hierdie attribute van goddelikheid reeds tydens sy lewe geniet het. Hy is egter eers na sy dood (t.w. in 42 v.C.) amptelik vergoddelik. Die *pulvinar* was 'n seremoniële kultusbed of -rusbank, waar op die *simula-*

crum, dit wil sê die beeld van die god, tentoongestel is by geleentheid van sekere feeste. Die *fastigium* was die driehoekige gewel oor die front van 'n Romeinse tempel. So'n gewel was opgerig oor die huis wat Caesar as *pontifex maximus* bewoon het. Aan die meeste gode is ook 'n *flamen*, of priester toegesê om sy kultus in stand te hou en te bevorder. Antonius was die god Caesar se *flamen* nog voor Caesar se dood.

164. Die *ludi Romani* (of *magni* of *maximi*) is van 15 tot 18 September gehou – vierdaagse strydswedrenne dus. Antonius het 'n vyfde dag ter ere van Caesar bygevoeg, en van 43 v.C. af het hierdie spele vyf dae geduur. Die woord “gister” bring aan die lig dat Cicero waarskynlik beoog het om hierdie toespraak op 19 September 43 v.C. te hou, presies 'n jaar na Antonius se aanval op hom in die senaat.
165. Vgl. § 86. “Openliker” is hier 'n woordspeling, en 'n verwysing na Antonius se skamele kleding toe hy die volk tydens die *Lupercalia* toegesprek het.
166. Fulvia was die ondergang van haar vorige twee mans, naamlik Clodius en Curio. Nou eis die Romeinse volk haar derde paaiement: die ondergang van Antonius, haar derde man.
167. Vgl. § 87.